UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Tussen middernag en dagbreek

**en**

**Mini-verhandeling**

# Dwelms in/en Letterkunde: 'n Terreinverkenning en toepassing op die Suid-Afrikaanse literêre konteks.

**deur**

**J.W. Bogaards**

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

**Magister Artium in Kreatiewe Skryfkuns**

**Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns**

**Departement Afrikaans**

**Fakulteit Geesteswetenskappe**

**Universiteit van Pretoria**

Studieleier: Professor H.J. Pieterse

Augustus 2010

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vir Ma

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Bedankings

My dank aan Prof. Henning Pieterse, my studieleier vir die waardevolle raad, bystand en ondersteuning dwarsdeur kursus.

Ook aan my medestudente in die Kreatiewe Skryfkuns – klas: Dankie vir julle ondersteuning.

En aan LAPA Uitgewers wat my 'n beurs gegee het, dankie. Dit kon nie op 'n meer geleë tyd gekom het nie.

Japie Bogaards

# Tussen middernag en dagbreek

**deur**

**J.W. Bogaards**

**Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad**

**Magister Artium (Kreatiewe Skryfkuns)**

**Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns**

**Departement Afrikaans**

**Fakulteit Geesteswetenskappe**

**Universiteit van Pretoria**

Studieleier: Professor H.J. Pieterse

Augustus 2010

"I've been silent so long, now it's gonna roar out of me like floodwaters. And you think the guy telling you this is ranting and raving? My God! You think this is too horrible to really have happened, this is too awful to be the truth? But please, it's still hard for me to have a clean mind thinking about it. But it's the truth even if it didn't happen."

Ken Kesey *(One Flew over the Cuckoo's Nest)*

"One memorial of my former condition nevertheless remains: my dreams are not calm; the dread swell and agitation of the storm have not wholly subsided; the legions that encamped in them are drawing off, but not all departed; my sleep is still tumultuous, and, like the gates of Paradise to our first parents when looking back from afar, it is still (in the tremendous line of Milton)

"With dreadful faces throng'd and fiery arms."

Thomas De Quincey *(Confessions of an English Opium-Eater)*

# Proloog

In die wasigheid van my droom sien ek hom staan, oë oopgesper. Die trop varke kom in ʼn bondel waansin teen die berghang afgestorm. Dit word ʼn rotsstorting van klip en dier en doodskrete. Hulle tuimel teen die rotse af die reuse branders tegemoet: ʼn Malende massa water en bloederige skuim. Langsaam verstil die krete in die kolkende water en uiteindelik is al wat oorbly die deining van die see, skilfergoud in die aandskemer en Legio wat verwonderd na die nuwe wêreld om hom staar.

En dan weet ek: Ek was nog nooit só na aan Christus nie.

Maar soms skrik ek snags nog wakker, sit orent, natgesweet, doodsbenoud. Waar is ek? Ek kyk om my in die donker; huiwer om die lig aan te skakel, bang dat die herinneringe skielik helder in die lig sal staan: gister se doodsbeendere in vervalle murasies; gister se stemme wat aanhou lewe kry:

"Jou beurt, Marco."

Altyd die herinneringe aan daardie nag, lank gelede, eerste. Helder, asof dit net gister gebeur het.

Dit is asof ek weer in die donker langs die knetterende vuurtjie sit, die helder spreiligte op die dakke van die vliegtuigloodse van Snake Valley se lugmagbasis nog nooit weer afgeskakel is nie. Om my is die silhoeëtte van my vriende, afgeteken teen die nag. Ek sien die oë wat die vlamme van die vuur weerkaats – soos roofdieroë wat onverwags vasgevang word in die lig van ʼn skietlamp. Kinders. Soos ek.

Dogballs hou die swartgebrande bottelnek met ‘n smile na my toe uit: “Durban Poison: Two sticks for a dollar. Cool dreams. Like looking down the wrong end of a telescope. It isn’t toxic, the way alcohol is toxic. Nobody staggers or goes crazy or commits a crime because of marijuana. It’s a clean, quiet way out.

“En ek onthou dat ek dit geglo het.

Soms sal ek weer teruggly in die droomwêreld wat daardie nag geword het - die eerste tree: Ek steek my hand uit, neem die bottelnek, skroef die warm glas in die waai tussen my duim en wysvinger vas, voel my lippe wat om die lou glas sluit. Die rook skroei my longe soos ’n beskuldiging en ek blaas dit in ’n wit wasemstroom tussen die sterre in. Weer trek ek in. Die suisgeluid in my ore is driedimensioneel. Vandag nog eggo Dogballs se stem deur my lewe: “And you shall know the truth, and the truth shall set you free ...”

Net hierdie één keer, troos ek myself. Net ’n oomblik lank hierdie vreemde wêreld verken. Iemand skakel musiek aan, die elektroniese klanke van Pink Floyd sidder deur die nag;

*And if the dam breaks open many years too soon*

*And if there is no room upon the hill*

*And if your head explodes with dark forebodings too*

*I’ll see you on the dark side of the moon*

Die musiek rol soos ’n brander deur die nag, polsend soos ek dit nog nooit vantevore gehoor het nie. Elke instrument helder en duidelik gedefinieer: die bromgeluide van die baskitaar, rollende tromme word weerklanke uit die ingewande

van Afrika. In die verte skeur ŉ voorstedelike trein rasend deur die nag. Ek sien die helder verligte vensters flikker in die verte. Klik, klak; ritmies, dreigend, dringend. Ysterwiele, ysterspore, ystermonster. Dit word ‘n nag in technicolour.

En wanneer die slaap onrustig oor my toevou, trek ek telkens weer die deur na my verlede oop, wag dat my oë die donker gewoond raak. Ek wil nie terug nie, maar oor my eie drome kon ek nog nooit self besluit nie.

My driedimensionele droom, altyd in dieselfde volgorde:

Ek staan weer in die leë straat voor die bakkery. Die dag is grys en koud. Die wind vee vlae reën deur my gesig. Planke is kruis en dwars voor die vensters vasgetimmer. Hoog teen die muur sien ek nog die naam in swierige letters: Riemland Bakkery. Tyd het die skilderwerk ingehaal en verf skilfer oral af. ŉ Verrinneweerde geut hang soos ŉ gebreekte arm oor die letterwerk. Die eensaamheid dam in my op. Versigtig kyk ek deur die venster en sien die verroeste staalteëls waarop die oond gestaan het. ŉ Rot skarrel oor die vloer en verdwyn onder ŉ hoop rommel. Die stem agter uit die bakkery ruk aan my:

“Marco.”

Ek kantel my kop om beter te kan hoor: “Pa?”

Bokant my skuur die geknakte geut teen die letterwerk. “Marco” in elke teugie wind. Ek draai om en vlug deur die reën in die verlate straat af sonder om weer om te kyk.

Wentelende rooi en blou ligte bevlek die vuil-wit mure voor haar woonstel. Die ambulans blink in die gietende reën. Ambulansmanne sukkel met die draagbaar teen die trappe af. Die liggaam lê vormloos onder ‘n grys kombers.

Reën druip van die pet van die polisieman wat langs my staan. Net die wit van die man se oë glinster in die lig. "Het jy haar geken?"

"Ek het."

In die verte staan die Hillbrow-toring wasig in die nag.

"Wie wás sy?"

Die woonstelgebou lyk afgeleef en vervalle in die vlae reën. Iemand het die ligte afgeskakel.

My eie stem klink ver weg: "Ek wens ek het geweet."

Ons kyk die ambulans agterna; suile modderwater spat onder die wiele uit. Oomblikke lank vlek die rooi lig nog die mure.

En dan die laaste van die drie bedrywe.

Soms smyt ek weer die voordeur oop. My wêreld opeens gevul met ʼn kakofonie van klank en kleur. Ek sien die polisieman deur die mistigheid oor die grasperk aangestorm kom, die geweer in sy hande vasgeklem. Ek sien sy lippe ʼn uitroep vorm, maar ek kon nog nooit die woorde uitmaak nie. Die oorverdowende geklap van geweerskote sing steeds in my ore, die kruitdamp brand my longe. En die bloed teen die mure van die woonkamer vlek, soos die ambulans se noodlig in Berea, steeds deur my geheue.

*Two sticks for a dollar. Sweet dreams. It's a clean, quiet way out.* Sou dit alles gebeur het as dit nie vir daardie nag tussen die vliegtuigloodse was nie? Ek sal nooit verseker weet nie.

***

# Hoofstuk 1

“Jy het ‘n gevaar geword vir jouself en vir diegene rondom jou. Jy was al nege keer opgeneem in rehabilitasiesentrums. Ek weet nie of jy wíl herstel nie. Die staat het geen ander keuse as om jou vir ‘n tydperk van ses maande na die staatsgefundeerde sentrum, Swartfontein, te stuur nie.” Die stem van die landdros in die leë hofgebou wil nie stil word nie.

Die grys raamwerk van die geëlektrifiseerde heining loop met die kontoere van die berghelling langs, tot waar dit in die verte wegraak in die vroeë-oggendmis. Ingedagte kyk Marco deur die vensters van die rehab se groepsvertrek na buite. Berge staan wasig in die verte, die hange ingekleur met SAPPI se immergroen plantasies. Die lug is blouer as blou. ‘n Droomwêreld. Hoe jy dit sien, hang af van wat jy hier kom doen het. Die natuurskoon hoort nie in hierdie skemerwêreld nie, dink hy skielik. Daar is ‘n bitter smaak op sy tong.

Swartfontein.

ʼn Rehab vir dwelm- en alkoholverslaafdes, toegekamp in hierdie wêreld met al sy lig en helder kleure. ʼn Letsel op ʼn landskap wat dit nie verdien nie. Uit die hoek van sy oog sien hy Johan langs hom sit. Hulle slaap in dieselfde kamer. Luister na mekaar se rustige asemhaling in die nag en weet dit is soos die landskap: ʼn Vermomming wat die donker gedagtes en drome verskuil. Daar lê opgehewe, pers hale oor Johan se linkerpols. Nie een of twee nie, maar ʼn netwerk opgehewe letsels.

"Ek moes ŉ fokken grinder gebruik het, Tjom. Dan het hulle my nooit betyds gekry nie. En ná die prang met die bike kan ek nie eens meer ŉ mes of ŉ lemmetjie vashou nie." Sy hempsmou hang soos ŉ leë kussingsloop uit sy regterskouer. Sy oë is toe asof die stem van die terapeut hom aan die slaap gesus het.

Wat sou eerste gewees het, wonder Marco: Die letsels van die selfmoordpoging of verslawing? Of egskeiding?

Die time-line van verslawing.

Tog, as hy dink aan die familiefoto wat op die kissie langs Johan se bed staan, moes daar ŉ ánder tyd ook in sy lewe gewees het. ŉ Kleurvolle foto wat vertel van ŉ gelukkige gesin. ŉ Swartkop vrou wat in die kamera glimlag, Johan met ŉ blonde dogtertjie in sy arms, ŉ swart Labrador, ŉ bougainvillea met trosse pers bloeisels.

Teen ŉ kennisgewing in die groepsvertrek het iemand ŉ plakkaat met koper duimdrukkers vasgesteek: "Disciplina est Libertas", en daaronder die woorde wat in elke rehab iewers aan ŉ muur hang: "God grant me the serenity to accept the things I cannot change, the courage to change the things I can, and wisdom to know the difference." Onderaan die woorde het iemand in ŉ bewerige handskrif geskryf: "Ha, ha, ha, ha."

Skuins voor hom sit Dimitri, sy bene lank voor hom uitgestrek. Die twee en ŉ half maande wat Marco in die kliniek is, het hy die man nog nie in 'n ander denim gesien as die verslete een wat hy aan het nie. Die horisontale snitte wat aan die onderkant van die sakke gemaak is, is lomp toegewerk.

"You won't believe this one," vertel hy aan elke nuwe pasiënt. "Ek was op die suburban trein tussen Springs en Boksburg-Noord. Ek het gelê en snooze en een of

ander motherfucker het my sakke aan die onderkant oopgesny, my los cash en my treinkaartjie gesnatch. Die halwe bottel booze wat op die seat langs my gelê het, was gone. How low can you go? Moes een of ander fokken alkie gewees het. Wie anders kan so desperate wees? En die bottomline het gekom toe die kondukteur my op ʼn godforsaken stasie tussen die Oosrandse mynhope dump."

Marco se oë dwaal deur die bedompige vertrek. ʼn Ou man sit kromgetrek eenkant in ʼn stoel. Professor Keogh. ʼn Doktorsgraad in Afrikaanse letterkunde. Die dag toe hulle hom hierheen gebring het, is hy uit die kar gehelp. Hy kon nie self loop nie. Twee jongmans het weerskante van hom geloop, sy arms om hulle skouers geslaan, sy voete wat deur die stof sleep. In sy hand het hy ʻn verfrommelde vel papier vasgeklou. Sy graadsertifikaat: ʼn Verkreukelde dokument met ʼn vetkol skuins oor die seël van die universiteit wat dit aan hom uitgereik het. Hy wou die dokument nie laat los nie, dit was die enigste kontak met realiteit wat hy oorgehad het. ʼn Briljante alkoholis. Rehab meubelment.

"Die dag waarop julle uit hierdie kliniek ontslaan word, kom al nader ..." Die res kom in fragmente deur na hom toe. Hy het dit al ʻn duisend keer gehoor: "Kan nie vir julle loop nie, daar buite het niks verander nie ... drankwinkels, apteke, dwelmhandelaars, verkeerde vriende. Mense sal wag dat julle wéér faal, die stigma sal bly kleef, maar julle kan."

*Jý kan.*

Johan se oë het oopgegaan; hy krabbel iets op ʼn stukkie papier voor hom en skuif dit oor die tafel voor Marco in: "Ha, fokken, ha."

Hoeveel keer moet ek nog hierna luister? wonder Marco. Só maklik om te praat as jy nie self deel is van die prentjie wat jy skilder nie.

Hiérdie keer is die kliniek se naam Swartfontein. ʼn Nuwe naam, dieselfde mense. Weggesteek tussen die berge sestien kilometer buitekant Witrivier. Idillies mooi. Hoog teen die berg sien hy die swart vlekke van die fonteine, wat soos donker trane teen die rotse afstreep. Buite ruis die wind deur die avokadopeerbome. Hy knyp sy oë toe, sy gedagtes dryf weg. Terug na daardie dae vóór die monster. Die sonskyndae voor Jo-Marié.

Hy is die oudste kind van Hollandse ouers. Immigrante wat na die Tweede Wêreldoorlog nie kans gesien het om voor te begin in die puin waarin Hitler Europa gedompel het nie, maar besluit het: Kom ons vat ʼn kans. Afrika!

Om in Suid-Afrika groot te word as kinders van Hollanders was nooit maklik nie, veral nie in ʼn dorpie op die Vrystaatse vlaktes nie. Soos alle kleiner gemeenskappe in die wêreld het Heilbron sy klasseverskille gehad. Duskant die spruit het die vooraanstaande mense gebly. Luukse huise het langs die dorpsdam opgeskiet. Stofstrate is toegerol onder teer. Die erwe was groot en goed versorg. Grasperke, blomme, bome. Die oprit na die dubbele motorhuis was geteël. Duur motors het voor die houtdeure geblink.

Prokureurs, sakemanne, mediese dokters.

Afrikaners.

Oorkant die spruit het die minder gegoedes gewoon. Mense wat slegs ʼn tweedeklas kaartjie op die melktrein na Sasolburg kon bekostig of andersins met ʼn verroeste Volkswagen Kewer of ʼn Ford Escort met spookasem op die dash en ʼn

plastiek-lemoen aan die aerial oor die weg moes kom. Die sinkdakhuisies het in gebroke gelid teen die kliprantjie langs die spruit gelê. Die mure was gebars, die buitegeboue vervalle, garagedeure het aan verroeste skarniere gehang. Motorwrakke het tussen stokou perskebome op blokke gestaan en roes opgegaar. Basterbrakke het lui in die son op die rooi gepoleerde stoep gelê.

As jy die kind was van Hollandse ouers, was jy van *oorkant* die spruit, al het jy ʼn huis aan die duskant gehad. Jy was ʼn Kaaskop. En as jou pa ʼn bakker van beroep was, het dit nog meer kompleks geword. Destyds was die bakkersberoep gereserveer vir die gesette boeretannies van die distrik. Net húlle het *geweet* hoe om boerebeskuit, vars plaasbrood en melktert te bak en die "fokken Hollander" was ʼn bedreiging vir hulle status. Maar dit het hulle nie lank geneem om te besef dat hulle nageslag nie belang gestel het om deeg te knie, te sweet en dik arms te ontwikkel nie.

"Laat die Hollander maar brood bak."

Hy en sy oudste seun.

En die oudste seun was meer ʼn dromer as ʼn bakker. Hy kón droom: dag en nag, op skool en in die kerk. Nêrens was sy drome mooier en helderder as wanneer hy in die natuur was nie. Naweke as hy nie nodig gehad het om in die bakkery te werk nie, het hy langs die Renosterrivier uitgekamp. ʼn Donkergroen omsoomde streep vuilbruin water wat deur die Vrystaatse vlaktes gekronkel het. Hy sou sy tentjie op sy fiets vasgespe en die vyftien kilometer rivier toe aftrap. Daar gekom, sou hy sy tent onder die wilgerbome opslaan en homself verplaas na die lomerige warmte van Robinson Crusoe se eiland.

Bedags sou hy ure lank op sy rug lê en verlore raak in die blou lug. En wanneer hy lank genoeg die blou dieptes ingetuur het, was dit asof hy skielik nie meer geweet het waar hy homself bevind nie. Dan sou hy sy drome loslaat en álles sou moontlik wees. Snags sou hy langs die kampvuurtjie sit en na die weerkaatsing van die vlamme op die wateroppervlakte staar totdat sy oë toeval en hy wegraak tussen die sterre.

En wanneer die eerste sonstrale deur die takke bokant hom breek, sou hy wakker word en glo: Hierdie is die lewe. Dit gaan vir altyd aanhou.

Maar dit het nie.

Daar was soveel mooi herinneringe: Kaalvoet deur die ryp wat soos koekmeel uitgestrooi was oor die Vrystaatse wintergras. Die dorpsbiblioteek met sy rakke en rye boeke het hom gefassineer en gou was daar bitter min leesstof wat hy nie verslind het nie. Hy het alles gelees oor die Vryheidsoorloë en helde soos generaal Christiaan de Wet, skrywers soos Eugène Marais en Langenhoven. Hy was trots op die land waarin hy groot geword het, trots op die taal wat hy gepraat het en lief vir sy mense. Hy sou hierdie nasie wat so moeilik iemand met vreemde wortels aanvaar, wys dat hy een van hulle is. En dit was slegs ŉ kwessie van tyd voor hy die mantel van "outsider" afgeskud en een van hulle geword het.

Daar was sy eerste liefde: ŉ Aanvallige rooikop, Mariana, die enigste dogter van ŉ vooraanstaande beesboer. Daar was rugby en die reuk van Deep Heat en die klik-klak van rugbystewels op die sementvloer in ŉ tonnel. Daar was kwajongstreke en "ses van die bestes".

Én daar was Riemland Bakkery.

Die droom van ŉ arm immigrant. Maar een mens se droom is so dikwels ŉ ander se nagmerrie. Met hom was dit nie anders nie. Sy pa het onwrikbaar geglo dat sy droom Marco s'n sou word. Hy het hom afgesloof om ŉ empire te bou. Die verlengstuk van hierdie ideaal was dat sy oudste seun hierdie droom van hom verder sou neem, sou uitbou en weer sou oorgee aan sý nageslag om mee te woeker. Een aand nadat die bakkery gesluit was, het hy met Marco gesit en gesels, vir hom gesê: "My seun, daar is musiek in geld".

Musiek?

In geld?

Fok.

Vandat hy kan onthou, was die bakkery die monster wat altyd voorop in sy drome gestaan het. ŉ Stomende ondier wat nie die verskil tussen dag en nag geken het nie. Brood in die oggend, brood in die aand. Dag in, dag uit. Snags sou hy in sy bed lê en luister na die gedreun van die outomatiese oond se dieselbranders, daarmee aan die slaap raak en daarmee wakker word. Geleidelik sou dit alle ander drome verdryf.

Stadig maar seker het hy in opstand gekom. Stroomop beweeg. Alles wat reg was, het verkeerd geword, alles wat verkeerd was, reg. Hy kon nooit soos ander kinders speel nie. As werksmense snags nie opgedaag het nie, is hy die lokasie ingestuur. Met ŉ afgeleefde afleweringswa die swak verligte woonbuurt in. Deur strate wat na erosieslote gelyk het; die enigste teken van lewe was die olielampe wat spookagtig in die sjebiens geflikker het. ŉ Frustrerende soektog met ŉ flits deur die armoedige, met sink-en-riffelkarton-aanmekaargeflansde plakkershutte na mense wat óf te dronk was om te werk óf nie lus was daarvoor nie.

Sou ek lus gewees het om te werk as ek in ʼn hool moes grootword? het hy gedink. My kinders grootmaak en opvoed in ʼn shack sodat hulle jare later in ʼn shack drie strate verder af die siklus met hulle eie kinders kon herhaal?

Hy het dinge gesien waarvan ander kinders in daardie tyd nog nie eens gehoor het nie. Soos die nag toe hy die afleweringswa se deur agter hom toeslaan en na die gehuggie waar Stephen bly, stap. Die flitslig het ʼn geel kol teen die toe deur gegooi. Hy het geklop, die klank het hol deur die stilte weerklink. Daar was geen antwoord nie. Hy het die deur  oopgestoot. Die ligkol van sy flits het deur die eenvertrekhut gesoek. Stephen het, soos altyd, op die stapel vuil kartonne in die verste hoek gelê. Die lig van die flits het op die donker plas bloed onder hom weerkaats. In die geel skynsel het die hef van die mes laag in sy rug gesteek. Hoër op teen sy rug het die bloed uit die ander wonde alreeds droog geword. Drie pare oë het Marco wild uit ʼn ander hoek van die vertrek aangestaar. Tussen hulle het ʼn vuil kartondoos, uitgevoer met ʼn babakombers, gestaan. Hy sou nooit die doodse stilte en die reuk van verbrande hout in die vertrek vergeet nie. ‘n Baba het hartverskeurend aan die huil gegaan. Hy wou die deur agter hom toesmyt, die kinders se  oë in die lig van die flits vergeet.

Hy kon nie.

Hy het teruggehaas dorp toe. Voor die helder verligte polisiekantoor stilgehou. Hy het teen die trappe opgehardloop, die glasdeure oopgestamp. Agter die toonbank het ʼn slaperige konstabel gesit. Die woorde het oor sy lippe gestotter. Die konstabel het gesukkel om ordentlik wakker te word; hom eers geamuseerd en later verveeld aangekyk.

“Dis hoe die fokken goed leef,” het hy gesê en gegaap. “Ons sal gaan kyk wanneer dit lig is.”

“Maar die kinders? Moet ek hulle nie agter in die broodwa laai en hierheen bring nie? Hulle kan nie alleen daar bly nie. En die baba ...?”

“Agter in die bróódwa,” het die man gestik. “Wil jy hê die mense in hierdie dorp moet môre nog julle fokken brood koop?”

Hy het gesukkel om sy humeur te beteuel, wou in die man se gesig skreeu: “Jou fokken doos. Afrikaners soos jý verdien ŉ revolusie, bomme in winkelsentrums waar jou gesin inkopies doen, onluste, opstand, moord en fok weet wat nog”, maar hy het stilgebly. Huis toe gegaan.

Sonder dat hy wou, is hy ingesuig in ‘n ander se ellende. Hy moes veg om nie ŉ outsider te bly nie. Veg om aanvaar te word in ŉ land wat ook syne is. Maar oor wat hy gesien het, kon hy nie praat nie. Dit sou alles tot niet maak.

Was dít waar dit alles begin het? het hy dikwels gewonder. Is dit één van die redes hoekom ek vandag vasgekluister is in die versmorende ranke van verslawing? Miskien was ŉ lewe waarvoor ek nie kans gesien het nie en die oogklappe van die witman waar die saadjie van my ondergang geplant is. Die dreuning van die oond, rebelsheid en ŉ onbeskroomde liefde vir die lewe én vir ander wat dit nie so wel het soos ek nie – dit was soos ŉ stuk deeg wat in ŉ pan gegooi word en aanhou rys totdat dit nêrens anders heen kon nie as oor die rand.

Of is ek bloot een van daardie mense wat uiters vatbaar is vir verslawing? Iemand wat te lank na die leë, blou hemel gestaar het en skielik nie meer weet waar hy is nie?

Sy gedagtes dryf terug na die hede. Die eentonige stem van die terapeut laat hom terugdink aan die dreuning van die oond. Tog besef hy dat wat die man sê die waarheid is. Hoe dikwels het hy homself al verwyt omdat hy in hierdie slagyster getrap het. Hy kyk teen die kranse uit, sien die strepe syferwater teen die rots in die sonskyn blink en wens hy kan voor begin, waar vóór ook al mag wees.

Die terapeut praat terwyl hy sy notas bymekaarmaak. "Ek was daar waar julle nou is. Vuisvoos teen die toue. Jy verloor jou vertroue in God, maar tog is Hy al hoop wat julle het. Hy gee aan elkeen van julle ŉ doos met stukke van ŉ legkaart in en Hy sê: 'Hierdie is die stukke waaruit jou lewe bestaan. Dit is jou verantwoordelikheid om dit uit te pluis en inmekaar te pas. Maar onthou: Al die stukke is daar.'"

Diep ingedagte slenter Marco oor die grasperk in die rigting van die wooneenhede. Om hom ruis die wind deur die bome. Hy wonder of Lisa en die kinders vanaand sal bel. Hy verlang na hulle. Die laaste paar dae het hy weer begin hoop. Hierdie keer was die onttrekkings hel. Dit word elke keer erger, elke keer moeiliker om op te staan. Hy wonder of hy vir Lisa moet vertel dat hy begin het om kort stukkies te skryf. Vir die eerste keer in baie jare trots is op iets wat hy self geskep het. Iets waarmee hy ander kan help. En homself.

Die stem oor die terrein-interkom onderbreek sy gedagtes: "Marco Verkerk, sal jy asseblief by ontvangs rapporteer. Hier is ŉ besoeker vir jou. Marco."

Wie kan dit wees? wonder hy wanneer hy vassteek en regs draai na die platdakgebou by die ingangshek.

Lisa!

Sy hart klop vinniger. Gisteraand oor die telefoon het sy niks gesê nie.

Dalk die predikant? Die sedige mannetjie wat hom ŉ maand of twee terug besoek het en hom opreg beloof het om elke week te kom. Hy grynslag as hy daardie dag onthou. Die man het só ongemaklik gelyk. Oë wat net nie reguit in Marco s'n kon kyk nie. Hy het voorgelees uit Filippense 4: “Moenie bekommerd wees nie, bid en vertel God wat jy nodig het en Sy vrede sal jou rustig maak.”

Die predikant het hom gevra: “Bid jy rég, broer? Jy weet, baie mense bid en dan word hulle nie verhoor nie en dan vra hulle: Hoekom? Dit is omdat hulle dit nie reg doen nie.” Marco het hom aangekyk en gedink aan die Fariseër en die tollenaar en die gebed: “Wees my, arme sondaar, genadig”.

Hy het die opstandigheid deur hom voel stu en teruggedink aan die baksteenkerkie op die hoek van Pierce- en Heilstraat in Heilbron. Sy ouers wat hom gedwing het om twee keer elke Sondag kerk toe te gaan. Saam met mense in die kerk te sit en tot eer van God te sing terwyl daar teen die bult buite die dorp twee vierkante kilometer lokasie lê, waar mense soos diere leef. En in ŉ bank tussen die diakens sit die konstabel met sy Bybel op sy skoot en glimlag vir God.

*Wil jy hê die mense in hierdie dorp moet môre nog julle fokken brood koop?*

“Broer, onthou om rég te bid. Volgende week bring ek vir jou ŉ boekie waarin mooi uiteengesit word hoe jy moet bid. Oor vyf weke het ons Nagmaal, dan kom ek jou haal.” Hy het die man agterna gekyk – die tassie waarin sy Bybel was, styf onder sy arm vasgeknyp. Haastige kort treë om so gou moontlik by die hek te kom, terwyl hy onrustig om hom rondkyk asof een of ander waansinnige dwelmverslaafde van agter ŉ struik te voorskyn kon kom en sy heilige lewe in gevaar kan stel.

Ek bring vir jou ŉ boekie, kom haal jou vir die nagmaal – ‘n week, ŉ maand, drie maande ...

Hy druk die glasdeure na ontvangs oop en stap die koel vertrek binne, reguit na die ontvangsdame wat nuuskierig agter die rekenaarskerm uitloer. Met haar potlood beduie sy na iemand op die rusbank agter hom. ŉ Verpotte mannetjie met ŉ welige snor sukkel uit die rusbank orent. Met ŉ uitgestrekte hand loop hy Marco tegemoet.

“Muller, ek neem aan jy is meneer Verkerk?”

Marco frons: “Waarmee kan ek help?”

“Meneer Verkerk, ek is hier in opdrag van jou vrou se prokureurs, Verwey en Vennote.”

Wat de hel?

“Sy dagvaar jou vir ŉ egskeiding. Jy word aangeraai om ‘n prokureur aan te stel sodat daar so gou as moontlik met die onderhandelingsproses begin kan word.”

Muller sit ŉ dun, groen lêer op die koffietafel neer en blaai dit oop: “Teken asseblief hier en hier en parafeer onderaan elke bladsy.” Hy hou ŉ Bic-pen na Marco toe uit en as hy weifel om die pen te neem, sê hy: “Teken gerus. Die dokument is nie bindend nie. Slegs ŉ erkenning van ontvangs.”

Teen die venster wat oor die grasperk uitkyk, dreun ŉ by. Die sekretaresse se vingers op die sleutelbord het stil geword. Stomgeslaan kyk Marco na die dokumente voor hom en dan na Muller en terug na die dokumente.

“Voluit onder aan die bladsy,” kom die stem oor die ongeduldige gesoem van die by teen die glas. Hy hoor die pen wat oor die papier krap.

“Dankie meneer Verkerk.” Muller trek die lêer nader, vou dit toe. “My pen, asseblief. Dankie.” Muller haal enkele bladsye uit die lêer, vou dit toe, skuif dit oor die tafel na Marco. Hy druk die dokumente in sy aktetas, staan op, knik met sy kop in die rigting van die sekretaresse: “Lekker dag.” Die geluide van buite vul die kantoor wanneer die glasdeure oopswaai. Dit word doodstil. Die by het iewers uitgekom. Die sekretaresse staar stip na die skerm, haar hande roerloos op die sleutelbord.

Verwese staan Marco met die lêer in sy hand. Stadig tuimel die wêreld rondom hom ineen. “Lekker dag vir jou.” Net so. Drie bladsye en die swaai van ŉ pen en veertien jaar se getroude lewe word onklaar gemaak.

Hy stoot die deure oop en stap na buite. Dit is asof die stilte saamstap. En dan kom die vrae: Hoe kan sy dit doen? Wat van die tweeling? En die beskuldigings: Is dit een of ander kak grap? Noudat ek in ŉ kliniek is, besig is om te herstel. Sy kan dit nie doen nie. No fucking ways.

Hoe gaan ek óóit weer hieroor kom?

Hy kyk op: vlieswolke dryf oor die bergpieke. Die aandskemer sak langsaam in die klowe en skeure in; iewers koggel ŉ hadida. Hy hoor stemme in die verte en binne hom is iets aant sterwe: *“And you shall know the truth, and the truth shall set you free …”*

.

.

***

# Hoofstuk 2

Die swaar houtdeur kreun op sy skarniere wanneer dit traag voor Hottie oopswaai. Vir ‘n oomblik laat dit hom terugdink aan die leeftyd wat hy agter daardie deure verspil het. Jare wat voete sleep. Vandag dieselfde as gister; gister dieselfde as môre en oormôre. Jy, mens alleen met jou herinneringe.

Voor hom ruis die stadsverkeer verby.

*Ek is bang.*

Hy kyk af na die kort mannetjie wat die deur vir hom oophou. Die uniform is te groot. Sy oë sê: Ek sien jou weer hier. Binnekort. ‘n Glimlag wat by die uniform pas. Standaard, dink Hottie. ‘n Standaard glimlag, standaard uitdrukking op die verveelde gesig, soos die bos sleutels in sy hand en die knuppel wat aan sy heup swaai.

“Oukei ... Jy’s vry.” Die man het sy nommer vergeet. Dit is nie meer bokant sy hempsak op die materiaal ingeborduur nie.

Vry?

Die breedte van ‘n tronkmuur is al wat hom jare lank geskei het van vryheid. Saam met die heinings, enkele meters. In daardie koue sel tussen deure en slotte, staal en wagte en die soekligte wat snags met eentonige reëlmaat deur die sel skuif, het hy soveel tyd gehad om oor die begrip “vryheid” na te dink.

Hy sal nooit daardie eerste nag in Pretoria Sentraal Gevangenis vergeet nie. Sy hande het wit om die tralies geklem. Hy kon die selle oorkant hom sien en die groen

betonvloere wat alkant toe wegraak.‘n Gevoel van beklemming het in sy bors vasgeslaan. Benoud het hy om hom rondgekyk.

*“Jy word gevonnis tot  twintig jaar tronkstraf. Jy sal in aanmerking kom vir parool na ...”*

Daardie finale besef kom onmiddellik: Hierdie gaan van nou af die lewe wees. Elke dag. Twintig jaar lank. Ek is nie meer ‘n mens nie, maar bloot nommer 7565913. Jy het twintig jaar tyd om dit te memoriseer. En toe het hy besef: Ek het nooit geweet wat die woord “vryheid” regtig beteken nie. En jy het jare tyd om tot die besef te kom dat net die hel oorbly wanneer jou vryheid weggeneem word. Snags alleen met sy herinneringe aan Gretha.

Agter hom knars die deur op sy skarniere. Sleutels rinkel. Hy het skielik die behoefte om om te draai en vir die mannetjie met sy groot uniform te skreeu: “Wat weet jy van vryheid? Jy wat elke dag vir my kyk waar ek soos ‘n dier agter die tralies sit. Jý wat elke dag teruggaan na die mense wat jy liefhet. Soggens die deure van jou garage oopskuif wanneer die son oor die woonbuurt opkom; jou kinders sien skool toe loop. Jy sien nie meer die dou op die gras blink nie, voel nie die wind in jou gesig nie.

Wat weet jy?

Hy kyk nog een keer om asof hy verwag dat die bos sleutels weer gaan rinkel, die skarniere agter hom gaan kreun en die bewaarder se stem hom sal laat omkyk: “Jy moet terugkom! Iemand het ‘n fout gemaak.” In die straat dreun ‘n swaar vragmotor verby, forseer wolke swart rook en knalle deur sy uitlaatpyp.

‘n Knal soos dié van die rewolwer in die hande van die jong polisieman in die veld buite Primrose.

Hy draai sy gesig na die son, voel die warmte. Dieselfde son as die een in die tronkvierkant en tog nie dieselfde nie. Euforie spoel deur hom. Hoe lank het ek van hierdie oomblik gedroom? Dag en nag.

Bokant hom rafel wolke uit in die blou lug. Hy het skielik die behoefte om sy hande op te steek en te voel hoe die toiings deur sy vingers gly. Vanaand wil hy iewers in die veld gaan sit en kyk hoe die son ondergaan. Hy wil op sy rug gaan lê en die sterre tel, wag vir die maan om in die naghemel op te kruip. Hy wil kyk of die haas wat op die maan geteken is, vir hom gewag het. Hy wil lag en huil, laf wees en met homself praat.

En dan moet ek opstaan en voor begin.

Stadig kry hy koers in die rigting van Kerkplein. Modelle motors wat hy nog nooit vantevore gesien het nie, vleg deur die besige straat. In die verte bewe wolkekrabbers, wat twaalf jaar terug nog nie daar was nie, soos reuse blokkiesraaisels in die dynserigheid. Bome roer in die wind, ‘n duif fladder uit die pad van haastige voete. Hy kyk om, kan die hoë mure nie meer sien nie.

Die sypaadjie word besiger. Teen smerige winkelmure het smouse oorgeneem, hulle ware oor die loopruimte uitgestal: Lemoene, appels, neute, hardloopskoene, pette met die embleem van Kaizer Chiefs en die doodsbeendere van Pirates. In die skaduwee voor Pep Stores sit ‘n blinde man op ‘n omgekeerde vullisdrom en tokkel hartseer klanke uit sy verweerde kitaar. Hy onthou die wysie en die woorde:

*Freedom’s just another word for nothing left to lose*

*Nothing ain’t worth nothing,*

*but it’s free.*

Hy onthou Shirley se bandspelertjie op die ou spieëlkas in die hoek van die kamer in die agterplaas van die huis in Lenasia. "Hoor jy, Hottie? Kris Kristofferson." Hy glimlag.

Iemand stamp aan hom, mense maal om hom verby. Voor 'n winkelvenster gaan hy staan. Hy kyk na sy weerkaatsing in die glas tussen die winkelpoppe – ses voet lank, hare kort gesny, die tassie in sy hand met die woord, "Adidas", dof op die sykant. Ek is die pop wat nie in die vertoonvenster hoort nie, dink hy.

Skielik staan iemand langs hom. Hy kyk uit die hoek van sy oog na die man. Wag vir hom om te sê: "Hey shit, ek ken jou. Is jy nie die rower wat betrokke was in daardie bloedbad in die straat voor ABSA in Primrose nie? Hoeveel mense is daardie dag dood? Jy hoort mos nie op straat nie." Skielik is die man weg.

Die blinde musikant op Pep se voorstoep, het oorgeslaan na 'n ander melodie.

Teen 'n groen elektriese substasie het twee jong seuns hul gemaklik gemaak. Twaalf, dertien jaar oud. Kinders. Een van hulle suig aan die bek van 'n smerige plastiekbottel. Gom. Niemand steur hulle aan die kinders nie. Niemand gee 'n moer om nie. Vir 'n oomblik lank kyk hy in die seun se oë. Glasoë soos die van 'n winkelpop.

In sy gedagtes sien hy weer Gretha se lewelose liggaam in sy arms. Die beelde van die pantserkarre deur die puin en afval van Kliptown se strate dreun weer deur sy gedagtes. Monsters uit 'n oertyd wat tussen die plakkershutte deur beweeg. Kliptown: 'n Beleërde stad waar vryheid met geboorte sterf. Daardie vervalle woonbuurt waar jy nooit uit die loopgrawe ontsnap nie, selfs wanneer die nag sy sluier oor die ellende trek.

Van voor af kom ‘n jong paartjie aangestap. Hand-aan-hand. Haar blonde hare golf in die wind. Die denim pas styf om haar heupe. Voor op haar T-hemp staan die enkele woord in rooi geskryf: LOVE. Hy hoor haar lag oor die geruis van die verkeer.

‘n Koerantverkopertjie druk die *Star* onder sy neus. Die hoofopskrif skreeu: *“Al-Qaida claims responsibility for carbomb attack.*” Nuwe name, dieselfde geweld.

Voor ‘n kafee gaan staan hy. ‘n Coca-Cola-advertensiebord hang bo die deur – laggende tieners op ‘n goue strand. ‘n Amberkleurige bottel staan in die sand. Koue druppels pêrel teen die glas. Hy stap na binne. Die Griek agter die toonbank skreeu oor sy skouer: “Fish and chips. Salt, no vinegar.” Die reuk van kookolie laat hom terugdink aan Sentraal se kombuis. In die straat jaag ‘n ambulans met ‘n loeiende sirene verby.

“Next!” Die Griek slaan ongeduldig met sy plathand op die toonbank voor Hottie. Hy skuif ‘n tienrandnoot oor die toonbank: “A Coke, please.” Hy glimlag selfbewus, hy het nie ‘n benul wat ‘n koeldrank kos nie. Terug deur die glasdeure na die massas op die sypaadjie.

Waar sou Sam wees? wonder hy as hy die plastiekdoppie van die bottel afskroef.

Twee swart vroue, wat swaar dra aan Shoprite inkopiesakke, stap by hom verby. Hy kyk hulle agterna. Langs hom in die straat leun iemand op ‘n toeter. ‘n Verbleikte rooi Uno Pacer staan tussen die geel strepe van Elerines se laaisone langs hom. Wéér die toeter. Die deur aan die bestuurder se kant vlieg oop.

“Hey, Babba,” hoor hy die bekende stem oor die geraas van die verkeer. “Ek trace jou al van Sentraal se hek af en jy weet fokkol.”

"Sam!" sê hy.

Hy kyk weer na die verbleikte Uno en dan na die natgeswete gesig wat oor die dak van die voertuig vir hom glimlag. Die litteken wat soos doringdraad oor sy wang gespan is – van sy mondhoek af, tot net bokant sy regteroor. 'n Goedkoop oorbel glinster in sy linkeroor. Sy oë is bloedbelope soos die keer voordat die gevangenis-owerhede hom na Sterkfontein se inrigting vir geestesversteurdes gestuur het.

Hottie weet nie of hy bly moet wees nie.

"Spring in, Babba." Sam slaan met sy plathand op die dak van die kar. "Dit is nie die beste wat ek het nie. Dis die enigste. Moenie worry oor die kak kleur of die roeskolle nie. Nes ons gesettle is, verf ons hom 'n ander kleur. Dalk koop ons 'n spanking new one." Hy knipoog vir Hottie. "Die Ore sal nie van ons weet nie. No bloody ways."

*Die Ore sal nie van ons weet nie ...*

Vir 'n oomblik oorweeg Hottie dit om om te draai en weg te stap. Tussen die mensemassa te verdwyn asof hy Sam nog nooit vantevore gesien het nie.

"Come on, Bra. Ek wil nie 'n traffic cop op my lyf hê nie. Ek mag nie hier park nie. Sien jy die geel strepe: loading-fucking-zone? Die deur is nie lekker nie, moer hom net hard." Dan verdwyn Sam se gesig agter die kar en Hottie hoor hoe die deur met geweld toegeslaan word.

Geweld en Sam – steeds een en dieselfde ding.

Nog een keer kyk hy in die straat af. Dan ruk hy die deur oop. Vir 'n oomblik voel dit of die hele Potgieterstraat tot stilstand kom om na die geweeklaag van die

stroewe skarniere te luister. Hy val in die sitplek neer, draai om en gooi sy Adidas-tassie op die agterste sitplek. Hy slaan die deur hardhandig toe, kyk selfbewus na ‘n ou vrou met ‘n kierie wat haar kop in sy rigting draai.

Die euforie van vryheid is vir eers getemper. Tog weet hy dat hierdie dag vasgemaak was op sy kalender.’n Dag wat sou aanbreek so seker soos volgende Kersfees. Soos ander mense geluk deel, het hy en Sam swaarkry gedeel. Vir veertien jaar was Sam alles in sy lewe. Pa, vriend en dikwels ook ‘n vreemdeling. Hy kon ure lank na die swartman se stories luister. Vertellings wat dikwels, sonder waarskuwing, in ‘n waansinnige gebrabbel kon verander.

En hy het nie net geluister omdat daar niks anders was om te doen nie. Hy het geluister omdat hy Sam skuld.

“Shit, Babba, weet jy hoeveel maande wag ek al vir jou. Jy moes drie maande terug al vrygelaat gewees het. Ek het nou die dag self Sentraal toe gery om te gaan hoor wanneer kom jy uit. Nie dat ek wou nie, want die plek gee my die creeps.” Hy voel aan die litteken op sy gesig en sê: “Daar kry hulle my nooit weer in nie. Nie lewendig nie.” ‘n Frons keep die natgeswete voorkop.

“Daar was trouble, Sam. Twee manne het probeer ontsnap. ‘n Bewaarder is doodgesteek. Hulle het alle vrylatings op hold geplaas. Jy weet hoe gaan dit.”

“Moenie worry nie, Babba. Ek het daarvan geweet. Ek joke sommer.” Hy swaai die motor in die stroom verkeer in en swets wanneer ‘n taxibestuurder agter hom op sy toeter lê.

En Hottie dink: Dieselfde Sam. Meer uitbundig as toe hy nog agter tralies was. Die oë nog altyd dieselfde, die vlammetjie van waansin die enigste warmte in die

harde blik. Sam, wat sewentien jaar van ‘n lewenslange vonnis uitgedien het. Sewentien jaar vir die grusame moorde op twee ou mense op ‘n plaas naby Koster. En Sam was trots op sy bydrae tot die struggle, al was dit nie die motief vir sy dade nie. Sam wat nie in staat was om te vergeet en vergewe nie. Sam wat nie glo dat tyd wonde genees nie, dat wraak al is wat die onreg van die verlede draaglik maak.

“Check daai bumpersticker, Babba. *I’d like to see life through your perception, but I can’t get my head that far up my ass*.” Hy grinnik as hy na die twee jong witmans kyk wat deur hulle donkerbrille na die wêreld om hulle gluur. Hulle skedonk vibreer onder die aanslag van ‘n heavy metal-popgroep. Sam mompel: “Dan dink die dose hulle is beter as ons.”

En Hottie onthou die koerantuitknipsel wat Sam in die sel versteek het. ‘n Verkreukelde flenter papier wat later so dof was van al die lees en oorlees dat jy plek-plek nie meer die woorde kon uitmaak nie. ‘n Berig uit ‘n Afrikaanse dagblad wat een van Sam se vriende vir hom in die tronk ingesmokkel het.

Hoeveel keer moes ek dit lees? wonder Hottie. Soveel keer dat ek die woorde vandag nog onthou.

*BEJAARDE EGPAAR WREED VERMOOR*

*‘n Bejaarde egpaar van die plaas Opstaan in die Koster-distrik is gedurende die Paasnaweek wreed vermoor. Dit is die tweede plaasaanval in die omgewing binne die bestek van ses maande. Naasbestaandes van die egpaar was gister nog te geskok om oor die voorval te praat. Hennie van Wyk (72) en sy eggenote, Marie(65) was veertig jaar lank getroud en het al langer as dertig jaar op die plaas gewoon. ‘n Bediende*

*wat soggens die huis skoonmaak, het onraad bemerk toe sy sien 'n kombuisruit is gebreek en dat een van meneer Van Wyk se boerboele dood voor die agterdeur lê. Sy het na die bure gehardloop om alarm te maak.*

*Volgens 'n polisiewoordvoerder was die slaapkamer met bloed besmeer. Mev Van Wyk is vermoedelik verkrag en daarna met 'n stuk doringdraad verwurg. Mnr. Van Wyk is met 'n stomp voorwerp doodgeslaan. Sy gesig was onherkenbaar vermink. Behalwe twee gewere en die egpaar se bakkie, word niks uit die huis vermis nie.*

*'n Familievriend het aan verslaggewers gesê dat die Van Wyks enkele maande terug hul enigste seun aan die dood moes afstaan. Fred van Wyk het selfmoord gepleeg deur homself in 'n stoor op die plaas op te hang.*

*Polisie- en kommandolede het die omgewing gefynkam en twee vermeende aanvallers is tydens 'n skermutseling doodgeskiet. 'n Derde verdagte is enkele ure later aangekeer. Die motief agter die woord "Justice" wat in bloed teen die mure van die slaapkamer gesmeer is, word ondersoek.*

Hottie sal nooit die foto's van die moordtoneel en die twee kiste wat bo-op mekaar in die graf afsak, vergeet nie. Die Curriculum Vitae van 'n moordenaar. En soms sou die waansin in Sam se oë gloei en hy sou sê: "Moord is my trademark. Dit is waarmee ek goed is." En saggies byvoeg, terwyl hy met sy vinger na die verbleikte foto wys: "Dit is húlle skuld dat ek so geword het. They created a monster. Dit gaan hulle kos."

Die ander gevangenes was bang vir Sam. Hy was 'n alleenloper wat hom nie aan die bendes in Sentraal gesteur het nie. Sy buie kon donker en onvoorspelbaar word, en op 'n dag sou die sweer oopbars en hulle sou hom wegneem Sterkfontein toe. Maande

later sou hy terugkom en depressief deur die lewe skuifel. Die letsels altyd rou, die oë dood.

En snags sou Hottie lê en luister hoe Sam prewel: "Ek is nie 'n coward nie, Judge. Ek moes die klap van die seekoeisambok stil kry. Ek wéét hulle was weerloos. Ek ook. 'n Dier? No way. Aan jou nek sal jy hang tot jy dood is. Is daar 'n verskil tussen my revenge en joune, Judge?"

Sam vleg onverskrokke deur die oggendverkeer. 'n Polisiemotor met 'n flitsende blou lig is skielik agter hulle. Dan skiet hy verby.

"Moenie so worried lyk nie, Babba. Ek het 'n license. Fifty bucks op die swartmark." Hy grynslag.

"Waarheen is ons op pad, Sam?" Hottie se hartklop het nog nie teruggekeer na normaal nie.

"Man, hulle sê die eerste dag as jy uit die tronk uit kom, is die keuse joune. Wat wil jy doen, Bra?" Daardie onnatuurlike lig brand weer in sy oë.

Hottie ril. "Jy weet waar Kliptown is."

Sam kyk na hom sonder om 'n woord te sê. Hy hou stil by 'n verkeerslig. Wanneer die lig na groen verander, swaai Sam die voertuig in die rigting van die Oliver Tambo Lughawe.

Ingedagte tuur Hottie deur die ruit. Gedurende al die jare in die gevangenis het hy Sam goed leer ken. Maar in die eensame ure van Sentraal is haat ál wat gedy - wat anders bly daar oor van die lewe? Waar gaan jy heen as die tronkdeure eendag voor jou oopswaai en die enigste mens wat vir jou wag is Sam?

Dit was die tweede dag in die gevangenis: Soos ‘n trop wildehonde wat hulle prooi uitgesoek het, was hulle agter hom aan. In ‘n hoek langs die droogskoonmakers het hulle hom vasgekeer. Sy oranje oorpak is van hom afgeskeur. Soos ‘n vasgekeerde dier het hy gespook om weg te kom. En toe die stem, koud soos die winterwind: “Los hom, motherfuckers. Hy is myne.”

Sam.

Hy forseer sy gedagtes in ‘n ander rigting, sluit sy oë en dink aan môre se sonsopkoms, aan ‘n nag met die maan wat groot en wit aan die hemel hang. En hy weet, dit sou beter wees om daar te wees: Net hy en die haas, veilig en vry, iewers tussen die leë kraters op die oppervlakte van die maan.

***

# Hoofstuk 3

Die nota in Lisa se hand het van jare se toevou en oopvou al dun geword op die voue. Die papier is lankal nie meer spierwit nie, maar die boodskap is nog altyd dieselfde. ’n Gedig van N.P. van Wyk Louw wat Marco in haar hande gedruk het die aand toe hy haar gevra het om te trou:

*Maar dit sal een en enkeld bly,*

*en aards en diep sy laafnis kry*

*al staan dit winterkaal in my*

*Die liefde in my, die liefde in my.*

Sy sit alleen by die dam aan die onderkant van die kloof. Voor haar dryf die Waterberge op die spieëlgladde oppervlakte van die water. Maar vandag sien sy nie die rustigheid en die skoonheid van die wêreld om haar raak nie.

*al staan dit winterkaal in my ...*

Sy klem haar hande saam, frommel die dun papier op in haar handpalm. Sy voel lus om te skreeu: “Wie is jy regtig, Marco Verkerk? Laat ék jou vertel: Jy is die Casanova wat die lewe onder my uitgeloop het. Ek het jou liewer as enigiemand anders op hierdie aardbol. Maar ek kan nie vrede maak met die dwelmslaaf wat in sy plek kom staan het nie. Die vreemdeling met Marco Verkerk se gelaatstrekke, is iemand wat sy geheime vir homself hou.

“Wié was Jo-Marié, Marco? Maak sy saak?”

Sy was nog altyd ná aan die natuur. Soos Marco. Dit was iets wat hulle kon deel. Hy het haar soveel geleer van die fyner detail in die veld wat ander so dikwels miskyk: Hoe jy nader aan die wild kan kom deur die wind reg te gebruik; boomname, voëlspesies, insekte en natuurlik die steenbokspore wat kruis en dwars oor die wildspaadjies gelê het. Hy sou op sy hurke langs die spore gaan sit, ‘n frons op die bruingebrande voorkop. En sy sou wag dat hy opkyk, glimlag en sê: “Moet ek vir jou die bok se storie vertel?” Hy sou in die fynste besonderhede vir haar beskryf of hulle rustig gewei het of haastig op vlug was. Was dit ‘n ram of ‘n ooi; was dit spore van die steenbokkies wat altyd in die omgewing voorkom? En dan sou sy stem vir haar een word met die natuur rondom hulle en sy sou dink: Ek het hierdie man liewer as enige iemand anders op hierdie planeet.

Hoe is dit moontlik dat ek nooit die rooi ligte sien flits het nie? vra sy haarself al jare lank af. Alles het verander. Die natuur om haar is vandag soos die goedkoop afdrukke van landskappe in die skemerlig teen mure in die gang van ‘n afgeleefde plaasopstal. En eens op ‘n tyd was sy naïef genoeg om te glo: Liefde kan nie sterf nie. ‘n Plantjie wat een oggend deur die grond breek en in die somer welig groei, kan nie sommer doodgaan nie. Liefde is nie net ‘n illusie, soos haar kamermaat op universiteit eendag vir haar gesê het nie. Nee, liefde is ’n droom wat elke dag groter word.

Preuts en naïef.

Sy en Marco het mekaar in Potchefstroom ontmoet. Hy, ‘n honneursstudent in Bedryfsekonomie. Sy, ‘n tweedejaarstudent in Maatskaplike Werk. Sy het een aand voordeurdiens gedoen en verveeld deur ‘n tydskrif geblaai en skielik bewus geword dat iemand voor haar staan. Sy het opgekyk, reguit in twee spottende blou oë in.

Voorbarig het hy oor die toonbank geleun: “Waar het ek jou misgeloop? Hierdie soort foute maak ek nie dikwels nie.” Hy het geglimlag. “Vertel my ek is nie te laat om dit reg te stel nie.” Hy het diep in haar oë gekyk en twee weke later het hulle vas gesleep.

En sy het vas geglo dat dit nooit weer anders sou wees nie. Stories het die rondte gedoen dat Marco Verkerk deel was van ‘n groep studente wat gereeld dwelms gebruik. Dit was sover as wat sy geluister het. So verlief was sy dat sy nooit die gerugte wat op die kampus rondvertel is, ernstig opgeneem het nie. Sy het doodgewoon weggekyk, haar nooit gesteur aan die tekens wat, soos die steenbokspore in die sand, ‘n storie vertel het wanneer jy dieper kyk nie.

Marco het dan vir my. Hy het niks anders nodig nie. Ons liefde is sterker as enigiets anders. Die woord dwelms gebruik jy in dieselfde sin as junkies en slette en Seepunt. ‘n Donker wêreld van Nigeriërs met goue kettings. ‘n Skemerwêreld met sy eie taal wat woorde bevat soos LSD, Mandrax, crack, tik, cat, uppers, downers en ‘n duisend ander wat in vreemde sinne gebruik word.

Na aan die oorkantste wal staan ‘n bloureier op een been in die water. Die wind het opgekom en die voël se weerkaatsing word ‘n kol ineengevloeide kleure op die wateroppervlakte.

Hulle het ‘n punt daarvan gemaak om ten minste een keer per maand saam vir ‘n naweek weg te breek. “‘n Trip na ons Sewende Hemel,” het hulle die ekskursies genoem: Weggesteekte hotelle in die berglandskap van Mpumalanga en gastehuise teen die skilderagtige hange van die Magaliesberge. Een naweek het hulle in ‘n vakansiehuisie op die walle van die Vaalrivier gaan bly. Laataand het hulle by hulle bestemming aangekom en sonder om uit te pak in die bed geklim. Die volgende

oggend vroeg het sy stil-stil opgestaan om koffie te gaan maak. Sy koffer het op die tafel gestaan en sy het, op die ingewing van die oomblik, die knippe losgemaak. Binne sekondes het al die gerugte waar geword. Die pille en dagga was nie eens versteek nie. Eenkant het drie donkerkleurige bottels gelê. Sy het een opgetel. Die glas was koud in haar hand. Hoesmedisyne met kodeïne het in rooi letters op die etiket gestaan.

"Wat de hel doen jy?" Sy het omgekyk. Marco het in die deur gestaan. Sy oë was moeg.

Sy het nie geantwoord nie, omgedraai en na buite gevlug. Verstom en verslae. Iewers op die rivieroewer het sy gaan sit.

Dit kán nie wees nie. Nie Marco nie.

Sy het haar oë toegemaak en teruggedink aan drie weke vantevore toe hulle saam Goedgevonden toe was. Marco het rusteloos in die huis rondgedwaal. "Lisa, ek gaan gou 'n draai stap in die berg." Sy wou nog sê: "Wag bietjie, ek kom saam," maar hy was reeds weg. 'n Halfuur later was hy terug, 'n glinstering in sy oë, die rusteloosheid het verdwyn. Hy was die Marco wat sy ken en liefhet. Hy het haar in sy arms geneem en haar teen hom vasgehou.

Sy het haar verbeel sy ruik iets vreemds toe sy lippe op hare sluit.

Daar langs die rivier wat sy modderige water en opdrifsels see toe gesleur het, het sy gedink: "Ek kan nie sonder hom nie, Here, Jy moet help."

Sy skaduwee het skielik oor haar geval. Sy het omgekyk. Hy het agter haar gestaan en teen 'n boom geleun. Stil het hulle na die sterk vloeiende water van die rivier gekyk.

"Hoekom doen jy dit, Marco? Wat méér wil jy hê?"

Sy stem was sag: "Ek wens ek kon vir jou sê hoekom ek dit doen, maar ek begryp nie die ratwerk daarvan nie. Ek speel met vuur en ek geniet dit. Ek kyk na ander en sê vir myself: 'Julle het nie 'n clue wat in hierdie kop aangaan nie. Julle dink ek is 'n gewone mens, maar ek is anders. Eksoties, omdat ek die lewe in 'n dobbelspel verander. Mal is oor die adrenalien wat deur my are pomp.'"

Hy het langs haar kom sit: "Ek het twee weke terug Kundera se *The Unbearable Lightness of Being* gelees. Hy sê wanneer jy op die rand van 'n afgrond staan, word jy duiselig, nie omdat jy bang is jy val nie, maar omdat jy bevrees is dat jy dalk roekeloos genoeg sal wees om te spring. Dis hoe ek voel. Ek is bang vir myself. God het my soveel talente gegee, maar dis asof ek dit nie raaksien nie. Ek wens ek kan vrede iewers anders vind as in dwelms."

"Ek is daar om jou te help, Marco. Saam kan ons hier deur."

Hy het nie geantwoord nie, opgestaan, sy hand na haar toe uitgesteek en haar opgetrek. Saam het hulle teruggestap na die rondawel.

ʼn Maand nadat sy haar finale eksamen geskryf het, is hulle getroud. Sy kan die blydskap van daardie dag nou nog voel. Maar sy kan ook die stemmetjie van twyfel onthou wat nooit wou weggaan nie. En vandag kan sy nie anders as om te erken dat sy hom nooit kon help om die probleem die hoof te bied nie. Sy het niks van verslawing geweet nie.

Sy sak terug op die gras. Bokant haar vleg ʼn vink onderstebo aan sy nes; lente is om die draai. Maar vandag maak dit haar nie bly soos ander jare nie.

Marco het agteruitgegaan. Male sonder tal het sy op sy wegsteekplekke afgekom. Pille, dagga, LSD, kodeïne. Elke keer het dit haar opnuut geskok. Hy het teruggetrokke geraak, lusteloos, antisosiaal. Hulle vriendekring het gekrimp, hulle het nooit saans meer uitgegaan nie. Die inkomste waarvoor hulle albei hard gewerk het, het in ŉ bodemlose put verdwyn. Sy kamera het onverklaarbaar weggeraak. Die garage waar hulle al hulle ou meubels gestoor het, het vinnig leeg geraak.

"Marco, waar is die ou TV wat Ma destyds vir ons gegee het? Ek het vir die bediende gesê sy kan dit koop vir tweehonderd rand."

"Ek het nie ŉ flippen clue nie, Lisa. Die ding is maande lank al nie meer in die garage nie. Het jy dit nie verkoop en vergeet daarvan nie?"

"Marco, hier was ŉ honderd rand in my beursie?"

"For fucksake, probeer jy sê ek is ŉ skelm? Jy is die laaste tyd so deur die blare ŉ mens kan met jou toor. Jy het dit seker op kak spandeer. Waarmee het jy die ketel wat ons nie nodig gehad het nie, gekoop? Shit, Lisa."

Sy het bang geword vir haar eie man. Snags sou hy voor die TV gaan sit en die volgende oggend sou sy hom steeds in die gemakstoel voor die dooie skerm kry. Of hy sou laatnag in die bed klim, onsamehangend praat oor dorpies in Europa.

Soms wou sy skreeu: "In vadersnaam, wát steek jy weg? Hoekom praat jy nooit oor Jo-Marié nie? Ek het haar gesiggie gesien in die ou Bybel wat jy so mooi oppas. Wat jaag jou, wat pla?"

En toe op ŉ dag kom hy met sy tjekboek na haar toe: "Lisa, beheer asseblief my tjekboek. Ek gaan myself doodmaak." Net so. Oor en uit. Die naaste wat hy ooit daaraan gekom het om te erken dat sy dwelmprobleem besig was om hande uit te ruk.

Geskok het sy hom aangekyk, maar tog was dit die eerste keer in maande dat daar skielik weer ŉ sprankie hoop in haar opgeflikker het. Die lewe het weer kleur gekry. Hulle het weer begin om saans om 'n vuur te sit en braaivleis gehou, gimnasium toe gegaan en saans vroeg in die bed geklim, na mekaar toe gekom met die passie waarvan sy altyd gedroom het.

En dan op ŉ dag sou hy terugval sonder enige rede. En die bose siklus sou van vooraf begin.

Die krake het oral in hulle huwelik deurgeslaan. Sy was desperaat. ŉ Lewe sonder Marco was ondenkbaar. Weke lank het sy geloop en tob en besluit om swanger te word. Soos ŉ digter gefilosofeer:

*dit sou die half vergane skip weer vlot*

*skuur af, stop die gate toe, verf, herstel*

*dan sal ons deur die storms stuur en die golwe ry*

In die verte hoor sy die tweeling lag.

ŉ Week gelede het sy Danie by die WIMPY in die dorp raakgeloop. Jare gelede op universiteit was hy smoorverlief op haar. Maar hy was nie interessant genoeg nie. Vervelig, om die waarheid te sê. Hulle het saam gaan koffie drink. Sy het uitgepak en hy het geluister. En sy het gedink: Eintlik is hy nie onaardig nie. Trek na Marco in sekere opsigte. En sy het geskrik toe sy hom vra om die naweek een aand op Goedgevonden te kom kuier.

Daardie selfde dag het sy ŉ prokureur gaan sien. Ek sal Marco Verkerk wys ek laat my nie verneder nie, het sy gedink toe sy die afspraak maak. Maar toe sy by die prokureur se kantoor uitstap, was al die twyfel en hartseer terug.

Sy trek haar hand terug en gooi die natgeswete bondeltjie papier, in die water. Die bloureier draai sy smal kop gesteurd in haar rigting, die wye vlerkspan klap in die wind, ŉ sproeireën druppels rimpel in die water. Sy kyk die voël agterna en hoor haar eie stem: "Ek wens ek was jy wat my vlerke kon oopsprei en wegvlieg. Weg van die werklikheid van rehabilitasiesentrums en die middagbesoeke tussen mense waar ek nie tuis voel nie. Weg van sielkundiges wat alles wil weet van my man se lewe. Weg van dokters wat ewe ordentlik, pen in die hand sit en wag dat ek hulle vertel aan watter dwelms my man verslaaf is. 'Hoeveel hoesmedisyne op ŉ dag, mevrou? Seshonderd milliliter? Op ŉ dag? Fok. Verskoon my taal, mevrou. Dagga en LSD? Soveel Valium op een slag is lewensgevaarlik. Slaapterapie. Nog nooit daarvan gehoor nie?' Weg van die klop aan die voordeur in die middel van die nag en die polisieman wat met sy pet in sy hand staan: 'Jou man het lê en slaap in sy kar langs die dam. Ons het hom teruggebring. Kyk asseblief na hom.' Weg van die telefoon wat ná middernag lui en 'n stem aan die ander kant wat sê: 'Mevrou Verkerk, jou man is opgeneem in die hospitaal. Dit lyk nie goed nie. OD. Intensief.'"

OD, LSD, ECSTASY, die Morsekode van verslawing.

Sy hoor haar eie stem: "Ek wil vlug van die woedende argumente en die verwyte en die geheime van die man wat ek eens op ŉ tyd liefgehad het. Ek wil weer op my knieë gaan en glo dat alles gaan regkom in my lewe wanneer die skeisaak afgehandel is. Ek het genoeg gehad van die hel. Ek is bang."

Sy staan op en kyk nog een keer na die tak bo haar. Die vink is weg, die nessie half klaar. Môre moet sy Marco by Swartfontein gaan haal. Dan moet alles uitgepraat word. Nou sal die versteekte gesiggie in Marco se ou Bybel sý geheim bly. En sy weet dat dit nooit anders sou wees nie.

***

# Hoofstuk 4

Afgetrokke staar Hottie deur die vuilgevatte ruit van die Uno. Die paaie rondom Oliver Tambo Lughawe krioel soos ŉ oopgebreekte miernes. Modelle motors wat hy voorheen net gesien het op ‘n swart en wit televisieskerm in die tronk, flits verby. Op die teerblad voor die lughawegebou staan rye vliegtuie met stertkleure uit wêrelddele waarvan hy nog nooit gehoor het nie. Groot, blink bye wat oor die aanloopbaan storm en dan grasieus opstyg, die wiele wat nog oomblikke ongemaklik onder aan die blink lyf hang en dan verdwyn. En uiteindelik die spikkel wat wegraak in die blou.

“Kan jy nie kyk waar jy ry nie, bitch!” ontplof Sam agter die stuur. “Fokken vrouebestuurders,” mompel hy. “Check daai crowded taxi, Hottie. Hoeveel passasiers scheme jy? Ek lees in gister se *Sowetan* die spietcops het nou die dag een in Orlando van die pad afgetrek. Guess die bodycount?” Sy oë glinster onnatuurlik. “Sewe en twintig en ŉ boerbok. In ŉ fokken Hilux.”

Dit word weer stil in die kajuit. Kliptown, die graf en dan? Hy moet erken: hy het nie ŉ benul wáárheen dan nie. Terug na Kliptown is uit. Terug na die besige straathoeke om soggens die koerant voor verveelde pendelaars se neuse rond te swaai, is nie meer ŉ opsie nie. Werk? Wie gaan ŉ tronkvoël ‘n job gee?

Sam is al wat oor is.

ŉ Skollie, het die mense hom genoem van kleintyd af. Sy ma was bruin, sy pa wit. Sy het grootgeword in Eldoradopark. Hý, ŉ messelaar iewers uit die Oos-Rand. Êrens tussen die halfvoltooide mure van ŉ viervertrek huisie, wat deel gevorm het van

ŉ goedkoop-behuisingsprojek, is hy verwek. Sy pa het hy nooit geken nie, sy ma het hom grootgemaak.

Soms hoor hy nog haar stem, ver weg, vreemd: "Jy was ŉ fout, Hottie." Dan sou sy afgetrokke na die Black Label-quart in haar hand kyk. "'n Moerse mistake. Hoe moet ek jou grootmaak? Waarmee? Fok, ek het nie eens genoeg geld om vir myself te sorg nie." En sy sou haar voete met die goedkoop groen sloffies op die verweerde koffietafel swaai en diep uit haar bottel teug, dit laat sak en sug: "Ek het my eie gat toegesteek; doen dit nog steeds." En weer sou die amberkleurige bottel in die lig kantel.

Hy was altyd honger, altyd alleen, die basterbrakke van Eldoradopark was sy enigste vriende. Kos in die huis was skaars. Soggens vroeg wanneer sy ma haar roes lê en afslaap, het hy die leë Black Label-bottels in en om die huis bymekaar gemaak en vir ŉ paar sente gaan verkwansel. Daarmee sou hy brood gaan koop of ŉ gebraaide mielie by die stalletjie verder af in die straat. Ander dae sou hy minder gelukkig wees en honger gaan slaap, maar hy het oorleef.

Een skemeraand, toe hy terugkom by die huis, het ŉ vangwa voor hulle hek gestaan. Hy het tussen die nuuskierige mense rondom die voertuig deurgedruk en was net betyds om te sien hoe die liggaam van sy ma onseremonieel saam met haar vermeende moordenaar agter in die vangwa gestop word. Dit was die laaste keer dat hy haar gesien het – die deurgetrapte sole van haar groen pantoffels ŉ laaste indruk. Hy het die huis ingestap sonder om na die chaos daarbinne te kyk. In die kombuis het hy ŉ plastieksak opgeraap. In sy kamer het hy onderklere, ŉ verslete hemp en ŉ paar sokkies daarin geprop. Op pad na die buitedeur toe, het hy drie leë bierbottels opgetel.

Voor die deur op die trappie het hy gaan sit en huil. Hy was lief vir sy ma, al het sy hom ŉ *fout* genoem.

Die son het laag oor die horison gehang toe hy opstaan, die mankolieke tuinhekkie oopstoot, en ŉ ander lewe instap. Hy was op sy eie – ŉ seun van sewe, sonder familie, sonder heenkome.

Hy het geleer hoe om op die strate te oorleef totdat ŉ vrou van die welsyn hom opgemerk en in ŉ *shelter* vir hawelose kinders gehuisves het. Ten spyte van die haglike omstandighede, het hy daar tot sy reg gekom. Hy het ŉ dors na kennis gehad; alles gelees waarop hy sy hande kon lê – ou koerante, verflenterde boeke wat hy op die onmoontlikste plekke uitgekrap het, strooibiljette wat die Watchtower se mense op straathoeke uitgedeel het, enige iets waarop letters was.

In ŉ vullisdrom agter ŉ biblioteek het hy eendag op ŉ ou, verflenterde digbundel van Adam Small afgekom. ŉ Boekie wat hy vandag nog in sy tas met hom saamdra. Die digter se "Dankgabet vannie Skollie" sou vir hom ŉ lewensfilosofie word:

*Djulle stywe nekke van die galoef*

*djulle hipocrites se heilage swanks*

*thanks*

*an' de same to you*

*for de season's compliments*

Hy wou iemand word. Eendag sou hy terugkyk en met trots kan sê: Uit niks het ek iets gemaak; ŉ verslonste skollie met ŉ gelapte langbroek, ŉ kortmouhemp met

twee knope en ŉ paar deurgetrapte skoene wat hy by die welsyn gekry het. ŉ Weggooikind met guts – hy sou bo uitkom, ten spyte van die *odds*.

Bitter was hy dikwels. Alleen, altyd. Daar was nooit ŉ paar sterk arms om hom op te tel en vas te druk nie, niemand om hom te troos wanneer hy hartseer was nie; nooit ŉ stem wat sê: "Mooi so, my kind," wanneer hy, in ekstase oor klein oorwinnings, probeer het om maar net mens te wees. En aan die einde van elke dag sou hy die digbundeltjie van Adam Small tussen sy karige besittings uithaal en lees:

*So baie dankie Here*

*thanks*

*for the season's compliments.*

Saam met die hadidas en die basterbrakke het hy dag in en dag uit Eldoradopark se stortingsterrein gefynkam. Hulle op soek na iets om te vreet en hy na enigiets wat jy kon regmaak en weer gebruik. Hy het begin om draadkarre te bou. Aanvanklik eenvoudig, maar later al meer gesofistikeerd: trekkers, bakkies, bulldozers, blou, groen, groot. Jy noem dit en hy kon dit prakseer.

Met die geld wat hy verdien het met die verkoop van die eerste karre, het hy ŉ mankolieke fiets gekoop en reggemaak. Die volgende was ŉ waentjie om agter sy fiets aan te sleep. Eers het hy een wiel gekoop, later nog een en ŉ paar weke later ŉ hoop afvalyster om die raamwerk te bou. Nie lank nie en hy was sy eie baas.

In sy skik het hy naweke koers gekry na die Golden Highway. Op ŉ besige kruising het hy sy ware uitgestal en ŉ bordjie vertoon wat ewe vernaam, in groot letters, vertel het van **Hottie's Motors**. Hy was verras met die sukses van sy onderneming. Kort voor lank was dit nie meer nodig om saam met die brakke en die

hadidas deur die ashope te skrop nie. Hy kon draad en ander bykomstighede by ŉ *scrapyard* koop met geld wat hy uit sy verkope gegenereer het. Dit wat oorgebly het nadat hy die nodigste gekoop het, het hy weggesteek tussen die bladsye van Adam Small se digbundel. Eendag wou hy technikon toe gaan. Hy sou ŉ besigheidsman word. Karre verkoop. Die droom van ŉ skollie.

Een Saterdagoggend was sy ware weer langs die besige pad uitgestal. Hy het die oggend reeds twee transaksies beklink toe ŉ Blou Nissan dubbelkajuit-bakkie in ŉ stofwolk by hom stilhou. Drie jong witmans in kakie geklee het uitgeklim. Belangstellend het hulle sy handewerk deurgekyk en pryse uitgevind. Die grootste een van die drie het skielik uitgeroep: "Oukei, boys!" Enkele minute later was sy drome ŉ hoop verfrommelde draad. Die waentjie wat hy met soveel sorg gebou het, is agter op die bakkie gegooi.

Hy wou nog keer, maar die vuishou wat hom neergevel het, het hy nooit sien kom nie. Hy het duiselig in die stof gelê. Dreigend het die grootste een oor hom gestaan: "Luister mooi na my jou fokken klein Hotnot. As ons jou ooit weer langs hierdie pad sien, besig om wit kinders uit hulle spaargeld te bullshit, gaan jy nie so lucky wees soos vandag nie." Hulle is bo-oor sy fiets, laggend terug die teerpad op. ŉ Ent verder het twee polisiemanne in hul patrolliemotor die insident geamuseerd dopgehou.

"Hoekom?" het hy agter die kleiner wordende truligte aangeskree. "Hoekom my waentjie vat? Oor my fiets ry?

"Fok julle!"

Die bakkie het lankal oor die eerste bult verdwyn toe hy die naambord optel en met hangskouers en ‘n toegeswelde linkeroog koers kies terug na die shelter toe. Langs die pad het hy die bord in ’n plaat kakiebos weggeslinger.

Hy kyk na Sam. Die swartman staar stip voor hom in die pad; die groot hande rusteloos op die stuurwiel. Wat sou in sy gedagtes omgaan, wonder Hottie. Sou hy snags nog natgesweet orent sit en onsamehangend praat van sweepslae in die nag en bloed?

Hy skrik wanneer Sam skielik langs hom praat; “Kliptown. Die enigste ding wat daar groei is haat en revenge soos in elke township, squattercamp en stroois in hierdie fokken land.”

Die donker oë flits, die stem bitter: “Kliptown. Net die regte scene vir jou. Ek scheme die tronk is nog beter as daardie squattercamp. Hulle praat van ’n nuwe Suid-Afrika, maar kyk rondom jou. Sien jy waar trek die shacks al daar teen die bult uit en hulle word elke dag meer.”

Dan is dit weer stil. Net die eentonige gedreun van die motor onder die enjinkap. Die woonbuurte het plek gemaak vir uitgestrekte vlaktes. In die weste pak donker wolke op die horison saam.

Dae lank het hy doelloos deur Eldoradopark se strate rondgedwaal, gebedel vir kos. Op ’n dag het hy besluit: Ek gaan werk soek. Hy het met die bietjie geld wat hy oorgehad het ’n treinkaartjie gekoop, op ’n volgepakte trein geklim en die onbekende ingevaar. Om werk te kry was nie maklik nie. Veral nie vir ‘n verwilderde kind wat

nie eens ŉ pasboekie gehad het nie. Weke lank het hy die *Sowetan* by ŉ besige kruising in Ontdekkersweg verkoop. Snags het hy in donker stegies geslaap of onder ŉ verkeerslig by die kruising waar hy die koerant verkoop het. Een nag het drie seuns hom in ŉ stegie vasgekeer. Hulle het sy spaargeld gevat, sy skoene, selfs die koerante wat hy die middag nie verkoop kon kry nie. Hy het bygekom in ŉ plas bloed en moedeloos met sy rug teen ŉ muur gesit en gedink dat hy terug was by daardie dag toe hy deur die hekkie voor hulle huis die straat ingestap het. Daardie selfde nag het hy by ŉ ou boemelaar se vuurtjie gaan warmte soek. ‘n Ou verwaarloosde man met onversorgde hare en ŉ woeste baard. Die man het ‘n stuk brood na hom toe uitgehou. Vir die eerste keer in twee dae het hy iets gehad om te eet.

Snags het hulle op ŉ straathoek, handpalms na onder gedraai, langs ŉ rokerige konkavuur gesit. Hottie kon ure lank gefassineerd na die ou man se stories luister. Een maanlignag het die ou man hom dromerig aangekyk, na die maan gewys en gesê: “Het jy al ooit gesien dat daar ‘n haas op die maan geteken is?”

Hottie het opgekyk: “Shit, as jy ŉ bietjie imagination gebruik kan jy duidelik die buitelyne van die haas sien!” het hy gefluister. Die ou man het aangegaan: “Loop soek vir jou ŉ ander lewe. Jy het nie nodig om op hierdie verlate straathoek te sit en luister na iemand wat klaar geleef het nie. Loop,” het hy gesê en weggekyk. “En elke keer as jy na die volmaan kyk en die haas sien sit, onthou dat die lewe net één keer by jou verbykom. Moenie soos ek word nie, it’s not worth it.”

Besluitloos het Hottie hom aangestaar.

“Skoert!”

ʼn Ent verder het hy omgekyk. Die boemelaar het ineengetrek oor sy vuurtjie gehurk, soos die haas op die maan. Hy het alleen die donker ingestap.

Hy het gaan werk soek in Lenasia. Hy het deur duur winkelkomplekse en woonbuurte gestap, straat op, straat af. Uiteindelik het hy ʼn *piece job* gekry by ʼn Indiër-sakeman.

Aanvanklik moes hy die tuin versorg. Grasperke sny wat na sokkervelde gelyk het, beddings bewerk wat vir hom na onbewerkte mielielande gelyk het. Toe dit winter word het hy verwarmers herstel en yskaste, stowe en wasmasjiene. Ek het die feeling daarvoor, het hy gejuig. Ek is ʼn skollie, maar ek sal die wêreld wys ek kán.

En op ʼn dag het Shirley sy lewe binnegestap.

Sy het by die bure begin werk. Van ʼn afstand het hy haar dopgehou: klein en fyn – soos die swaeltjies wat someroggende op die wasdraad sit en wieg. Hulle sou bymekaar verbystap en hy sou ongemaklik groet. Hy wou haar beter leer ken, maar het nie ʼn benul gehad waar hy moet begin nie. Sy groot kans het gekom toe die buurman hom gevra het om na hulle stoof te kom kyk.

Sy het die kombuisdeur oopgemaak: “Kan ek help?”

“Uhhh,” het hy gestamel.

ʻn Skaam glimlag: “Ja?”

“Ek het die stoof kom regmaak, jou baas het laat weet twee van die plate word nie warm nie . . . kan ʼn fuse wees wat geblaas het, Hottie is my naam . . . en joune? Ek is goed daarmee, fuses.” Sekondes later het albei geskater van die lag.

Sy het in ŉ buitekamer agter die huis gebly. ŉ Eenvoudige vertrekkie met ŉ lendelam bed en ŉ klerekas. In die een hoek het sy ŉ kombuisie ingerig: ŉ Tweeplaatstofie op ŉ ou trommel, twee ingeduikte potte met een deksel. Alles eenvoudig, net soos sy.

Teen die muur het ŉ verbleikte prent gehang van ŉ man vasgespyker aan ŉ ruwe houtkruis. Bloeddruppels het onder ŉ doringkroon uitgesyfer. Dit was ŉ hartseer prent. Hy het haar een aand gevra na die betekenis daarvan en sy het verduidelik, entoesiasties soos net sy kon.

In die verlede het hy dikwels op Sondae verby die kerk in Eldoradopark gestap. Soms het hy onder ŉ boom gaan sit en na die orrelmusiek en gelate sang geluister. Stemme wat hom vreemd eensaam laat voel het. Later, wanneer die houtdeure oopgegaan het, sou kinders uitgelate op die grasperke speel. Die ouer mense sou onder die bome staan en gesels met ŉ koppie tee in die hand. Hy was nooit deel daarvan nie. Niemand het ooit die moeite gedoen om hom saam te nooi nie. So hoort dit maar, het hy geglo. Wie sou dan ŉ hel omgee vir ŉ weggooikind?

Shirley het hom vertel van God, van Adam en Eva en die boom, van Noag en sy houtskip en van die Man wat in die somber fakkellig aan die kruis hang. En sy het hom vertel van die liefde wat lankmoedig en vriendelik is en nooit bitter word nie en van ŉ spieël en ŉ raaisel en eendag wanneer dit nie meer nodig sou wees om te raai nie. Dan sou hy stip na haar kyk en wonder oor die veraf uitdrukking in haar oë.

Op ŉ nag het hy besluit om oor te slaap en die volgende dag permanent by haar ingetrek. Net hy en Shirley, die karige meubels en die prent van Christus teen die muur. Vier maande later het sy vreemd stil geraak.

Weke later het sy hom vertel dat sy swanger is.

Shirley het Shirley gebly – die mond, die hartseer oë, die verhale, maar tog ánders. Een nag, terwyl hulle in mekaar se arms gelê het, het sy hom vir die eerste keer vertel van die Kaapse Vlakte waar sy grootgeword het. Haar ma is tydens haar geboorte dood. Haar pa het háár daarvoor verkwalik – een nag het hy by die deur uitgestap en nie weer teruggekom nie.

"Ek is bang, Hottie. Bang vir jou en die kleintjie hier binne-in my," het sy meer as een keer gesê.

Dit was 'n koue, nag in Mei. Sy was sewe maande swanger. Elfuur daardie nag het die pyne begin. In die vroeë oggendure het hy haar baas uit die bed geklop. Deur die reën het hulle hulle na die hospitaal gehaas.

Die oggend toe die vorige nag se reëndruppels nog in die son geglinster het, is sy dood, sonder om totsiens te sê. Soos die swaeltjies wat die een dag nog op die wasgoeddraad wieg en die volgende dag nie meer daar was nie. Sy het haar lewe verruil vir die dogtertjie wat sy vir hom gegee het.

Hy moes vyf weke wag voordat hy die bondeltjie mens huis toe kon neem. In Shirley se buitekamertjie kon hulle nie langer aanbly nie en met die geld wat hy gespaar het, het hy vir hulle 'n sinkgehuggie in Kliptown aanmekaar getimmer. 'n Eenvoudige huisie tussen 'n duisend krotte in die uitgestrektheid van Kliptown se armoede.

Hy het haar op die bottel grootgemaak, haar doeke omgeruil en haar snags aan die slaap gesus. In ekstase het hy na haar eerste woorde geluister: "Pappa." Hy kon haar eerste wankelrige treetjie onthou, nooit vergeet hoe sy gehuil het toe hy haar by

die buurvrou moes los om werk te gaan soek nie. Eendag, wanneer hy dit kon bekostig, sou hy vir hom by die pandjieswinkel ŉ pak klere gaan koop en vir Gretha die mooiste wit rokkie. Hy sou Shirley se verslete swart boekie afstof en na die kerk in Eldoradopark gaan. Hy sou luister na die verhale oor die man aan die kruis en probeer om saam te sing agter die temerige orreltjie aan. Na die tyd sou Gretha vrolik saam met die ander kinders op die gras rondhardloop. En hy? Hy sou saam met die grootmense in die koelte onder die bome tee drink en lag en gesels, soos enige ander pa.

Snags wanneer hulle styf teen mekaar in die kookskerm sit en die maan groot en geel tussen die sterre hang, het hy aan haar die haas op die maan gewys. Dan het hy gewonder wat van die ou boemelaar geword het; op watter straathoek sou sy vuurtjie vannag knetter en rook? En eendag as Gretha groter was en kon verstaan, sou hy haar vertel dat die lewe net één keer by jou verbykom.

Die lewe sou nog mooi word. Mooi soos in Shirley se verhale. En hulle sou gelukkig wees in die sinkhuisie. Tot dan sal dit, saam met die driekwartbed, die paraffienstofie en die kleurvolle Christus-prent aan die muur, vir hulle huis wees. Genoeg vir eers.

*

Die wolkekrabbers het agter die horison weggeraak. Links van die Golden Highway lê Lenasia. Netnou maar die afdraai na Nancefield en dan nie meer ver na

Kliptown toe nie. Eers die graf en dan? Dan is dit hy en die bose waarmee Sam hom dag vir dag in Sentraal opgerui het.

Verder as dit weet hy nie, kan hy nie sien nie.

*So baie dankie Here*

*thanks*

*for de season's compliments.*

***

# Hoofstuk 5

Uitasem gaan hy staan. Links van hom strek die geëlektrifiseerde heining van die rehab teen die berghang uit. Ver onder hom in die leegte lê Swartfontein se vierkantige huisies, soos domino's ingeryg in die skemer. Dit laat hom dink aan ŉ konsentrasiekamp.

Sy asem jaag. Die aandwind is koel in sy gesig, skroei deur sy longe. Hy is nat gesweet; voel vasgekeer agter die heining.

Egskeiding. Die woord weerklink deur sy brein. Hulle wil my nie meer hê nie.

Hy sien die bloeddeurdrenkte karton. Groot oë, star in die dobberende ligkol van die flits. Die afleweringswa rammel deur die donker strate, deur die jare. Ver weg storm die trein nog altyd deur Snake Valley se stasie.

Hy strompel teen die skuinste uit. Agter hom word die geraas al harder. Hy struikel oor ŉ klip, gryp met sy hande deur die leë ruimte, probeer keer, voel die klip teen sy gesig; die flits wit soos weerlig. Hy hoor die wiele klikklak oor die spore. Die fluit loei oorverdowend. Voor hom lê die sparre soos ŉ leer die verskiet in. Hy hoor die monster naderstorm. Oorverdowend. Ysterwiele, ysterspore, ystermonster. Klik-klak, ritmies deur die nag.

God, hoeveel keer moet ek nog vra?

Die helse geraas is oral rondom hom. Hy sper sy oë oop, sien die treindrywer deur die blokruit oor die spoor die donker intuur.

Hy rol eenkant toe, *klik-klak*; die wind is warm in sy gesig. Helder verligte vensters swiep in wit blokke by hom verby. Vallende domino's. Hy sien mense agter die glas wat die nag instaar. Mense sonder gesigte. Hy steek sy hande uit na hulle. *Klik-klak, klik-klak*. Ritmies deur sy lewe.

Verslawing het ŉ trein geword. Sy trein. Die rehabs, stasies op die spoor na nêrens. Jy leer mense ken, maar ken hulle nie. Jy wil nie by die volgende halte kom nie. Jy is doodsbevrees om af te klim; bang vir daardie godverlate stilte wat al groter word, wanneer die trein om die eerste draai verdwyn. Jy verlang na hom, smag na sy dolle vaart, kan die rasende wiele nie uit jou gedagtes hou nie. Lank voor jy hom sien, hoor jy al sy fluit in die verte loei; sien die wit lig wat deur die duisternis tonnel. Hy kom terug! Jy is bang vir die monster, weet sy wiele gaan jou vergruis, maar jy móét terug. Jy wíl nie sonder hom nie.

Die haltes flits verby. Jy onthou die eerste een met sy doodgewone heining: rankplante en blomme wat oor die siersteenheining stoot, bougainvilleas en rose. Maar die heinings word hoër saam met die reis. Die rankplante verander in lemmetjiesdraad, word geëlektrifiseerde heinings met krag wat onheilspellend in die drade sing. Soos Swartfontein. En dikwels wonder jy: Wat van môre? Nog ŉ helder verligte venster? Of dalk ŉ gitswart tonnel wat nie einde het nie?

Die rots is koud en krapperig teen sy wang, daar is stof in sy mond. Hy sukkel orent.

Een aand het hy oor so 'n lemmetjiesdraadheining geklim. Hy kan nie onthou watter rehab dit was nie. Wat hy wel weet is dat die sleurgang van normaal wees, besig was om hom vas te keer. Hy wóú nie gehelp word nie. Hy wou net homself wees: bedwelmd. By ŉ noodapteek het hy twee bottels hoesmedisyne gekoop en

dertig van die sterkste pynpille wat jy oor die toonbank kan koop. ʼn Pompjoggie by ʼn Shell-vulstasie het aan hom ʼn vinger dagga verkoop. In ʼn verlate telefoonhokkie het hy ʼn bladsy van die telefoonboek uitgeskeur en ʼn zol gerol. Net daar in die hokkie, het hy eers die hoesmedisyne gedrink, en toe die dagga gerook, terwyl hy na die wêreld agter die glas gestaan en kyk het. Die pille het hy gehou vir die volgende oggend wanneer die *down* op hom toesak. Honderd meter verder het ʼn passasierstrein, met flitsende blokke lig, luidrugtig oor ʼn treinbrug gerammel.

Laat daardie nag het hy teruggesukkel oor die heining. Lemmetjies het sy hande en voorarms flenters gekerf. Bebloed het hy in die bed gekruip, hoog in sy bedwelmde skik. Die volgende oggend moes Lisa mooi praat, want hulle wou hom summier uit die kliniek ontslaan. Hy kon nie ʼn hel omgee nie.

*Afgeval en seergekry, opgeklim en weer gery . . .*

En vanaand soek ek weer ʼn plek om oor hierdie draad te kom. Ek is moeg van op en af teen hierdie mensgemaakte versperring, dink hy. Die derde dag, nadat hy deur die ergste onttrekkings was, het hy al na ʼn moontlike uitkomplek kom soek, net vir ingeval. Die volgende stop is die boom met die oorhangtakke in die verste hoek van die kliniek-perseel.

Iewers in die aand koer ʼn duif. Hy gaan sit regop. Bloed streep warm teen sy wang af, die pyn in sy kop voel soos ʼn oorryp migraine. Bokant die horison blink die aandster.

Egskeiding. ʻn Woord wat met ʼn handomkeer sy lewe totaal anders daar laat uitsien. En hy wonder: Wat gaan nou van my word? Lisa en die tweeling is die

enigste bestanddele in die resep van herstel wat oorgebly het. Dit stu onkeerbaar voort deur hom. Hy ken net een oplossing vir ŉ probleem soos hierdie.

Hier moet hy uit. Weg oor hierdie versperring wat ontwerp is om gevaarlike mense of mense wat ŉ gevaar vir hulle self is, binne te hou. Vanaand wanneer hulle agterkom hy is weg, is dit te laat.

Hy onthou ŉ ander nag, voordat die tweeling gebore is. Hy en Lisa was met vakansie by die kus. Een nag het hulle op die strand gesit, saam na die deining van die donker water gekyk. Later het die wolke dreigend uit die see opgekom, die sterre een vir een uitgewis. Oor die ruising van die branders kon hulle die reën hoor aankom. Hand aan hand het hulle oor die swaar sand na die kar gehardloop, laggend en deurnat in die sitplekke geval. Deur die storm het hulle teruggery na die hotel.

In die ligte van die motor was daar skielik ŉ swartman wat vooroorgebuig sy fiets in die striemende reën teen ŉ bult uitstoot. In die mandjie vooraan die fiets het die figuurtjie van ŉ kind gesit. Ineengetrek teen die koue druppels wat genadeloos uit die donker hemel stort, weerloos in die neonlig van ŉ bliksemstraal. Later in die bed het sy liggies begin ruk en hy het geweet hoekom sy huil.

In die skemerlig kan hy die silhoeët van die boom met die oorhangtakke sien.

Waar het alles begin? het hy homself al soveel keer afgevra. Hy onthou die eerste tree asof dit gister was: Jong seuns wat na die eindeksamen besluit het: Ons gaan dit vier! Getrek raak soos ketties. ŉ Kampvuur onder ŉ treurwilger langs die dorpsdam, ŉ bottel Vodka tussen sewe van hulle. Saam gelag vir die maan wat in die deining op die oppervlakte spartel, saam siek geword, saam besluit: nóóit weer nie.

Die onttrekkings hier in Swartfontein was die hewigste wat hy ooit beleef het. Dae wat agt en veertig uur lank is, maar hy het weer daardeur gekom, wankelrig opgestaan. Ek moet weer begin lees, dit is ŉ manier om te vergeet, het hy gedink. Een van die ander pasiënte het hom vertel dat daar ŉ biblioteek op die perseel is. Na ŉ soektog het hy die verwaarloosde gebou gekry. Hy het tussendeur die drie rye rakke met verflenterde boeke gestap. Elmar Steyn en Audry Blignaut, ŉ reeks boeke van Olaf die Seerower, stukkend geleesde liefdesverhale van Suid-Afrikaanse skrywers waarvan hy nog nooit gehoor het nie. Onder in ŉ rak kon hy, op die verweerde rugkant van ŉ boek, die naam Fyodor Dostoevski uitmaak. Wat sou Dostoevsky hier maak? *The Brothers Karamozov* hier tussen die kak wat verslaafdes mag lees? het hy sinies gedink. Hy het die boek oopgevou en deurgeblaai. Op ŉ bladsy was daar ŉ stukkie met potlood onderstreep: "*He sat on the floor of the sledge, his coat unfastened, and the three post-horses dragged themselves out of one dark street into another; past houses he had never seen before. It seemed to him that only travelers on a long journey ever went through such streets as these.*"

Deur hoeveel donker strate gaan hierdie lokomotief my nog sleep voordat my reis verby is? wonder hy. Op hoeveel onbekende, verlate perronne moet ek nóg afklim voordat ek kan sê: Dit is verby. Ek het genoeg hiervan beleef, genoeg gesien?

Hy voel aan die knop teen sy kop. Dit klop verbete.

Hy onthou die eerste rehab of dit gister was. Hy het per ongeluk (is dit nie altyd ŉ ongeluk nie?) ŉ oordosis Valium en speed saam met 'n bottel vodka gesluk en in ŉ hospitaal wakker geskrik. Lisa en haar pa het vir hom plek gekry in een van die beste rehabilitasie-klinieke in Pretoria. Hy was de bliksem in, wou niks daarvan weet nie.

"Probeer julle my vertel ek is ŉ fokken junkie?" het hy hulle toegesnou. Later het hulle hom omgepraat.

Dit was ŉ eersteklas kliniek, maar hy het teen alles waarvoor dit gestaan het in opstand gekom. Ek is nie soos hierdie mense nie, het hy gedink. Kyk hoe lyk hulle. Mense wat hulle lewenslus iewers verloor het en hiernatoe kom om dit terug te vind. En dan uiteindelik hier weggaan en vergeet om dit saam te vat. En die terapeute? Mense wat vier of vyf jaar aan een of ander universiteit geswot het. Hulle kennis kom uit die uiteenlopende teorieë van Freud, Jung en ŉ duisend ander. Weet hulle regtig wat verslawing is?

Tydens ŉ gesprek met 'n jong terapeut het hy sy humeur verloor: "Hoeveel kinders het jy?" het hy die niksvermoedende vrou gestoomroller.

Trots het sy geantwoord: "Drie. Twee seuns en ŉ dogter. Die jongste is elf en die oudste sewentien."

"Gebruik jou kinders dwelms en alkohol?" ŉ Onredelike woede het by hom posgevat. "Laat jy hulle toe om partytjies toe te gaan?"

"Nee, hulle gebruik nie dwelms nie en ja, ek laat hulle toe om partytjies toe te gaan, maar ons dwaal af van die onderwerp, meneer Verkerk."

Dit was die verkeerde antwoord.

"Hoe weet jy hulle gebruik nie dwelms nie?" het hy uitgebars. "Weet jy hoeveel jongmense ken ek wat dwelms gebruik? Ouers wat hulself op die bors slaan en sê: 'Ek het my kind goed en Godvresend grootgemaak.' Mense met lewensgevaarlike oogklappe aan: 'My kind? Nooit!'"

Hy het geweet hy moes nie, maar kon homself nie keer nie: "Is julle te blind om verder as die deur te sien? Verstáán julle kinders? Ruik julle nie die soet geur van dagga nie? Julle staar julle blind teen die woorde *onskuldige sokkie*; kyk 'n slag verder as die saagsels op die dansvloer en die paartjies wat op maat van die musiek dans, die vrugtebola op die tafel." Hy het opgespring, met sy hande op die tafel gedruk, sy gesig in hare: "Kyk deur die rookskerm waaragter julle leef en vra julle self af: 'Is alles met my kind rég?'"

"Asseblief, meneer Verkerk," het die terapeut probeer.

Maar sy frustrasie was in die rooi. "Jy gaan nou eers klaar na my luister. Vyf voor twaalf word die blou en geel en groen ligte gedoof en almal gaan huis toe. 'Nag my kind, ek hoop jy het die aand geniet?' 'Nag Pa, nag Ma' – mense onder dieselfde dak wat vanaf verskillende planete met mekaar kommunikeer."

Hy was spyt dat hy kwaad geword het, maar hy moes klaar praat.

"Ek het die wonderlikste ouers. Beter kon ek nie kry nie. Ek het begin eksperimenteer met dwelms, en my probleem was vier jaar oud voordat ek self besluit het om vir hulle te vertel. Hulle wou dit nie glo nie. Ek het 'n handvol *pencils* en *buttons* voor hulle op die tafel neergeplak en begin vertel van die droomwêreld waarin ek vasgevang is. Ek wens jy kon hulle gesigte sien.

"Ek het my voorgeneem om hulle nooit weer seer te maak nie. Maar dit was jare te laat. En vandag sit ek hier en probeer om die fairytales wat jy aan my opdis te begryp. Jy wat my minute vantevore probeer wysmaak het dat dit jou nie kan oorkom nie."

Hy het lus gehad om by te voeg: “Weet jy dat hier pasiënte in hierdie wonderlike fokken rehab van julle is wat elke aand dagga in hulle kamers rook en pille sluk soos ŉ hoender mieliepitte afwurg? Mense kom hier in met ŉ alkohol-probleem en as hulle die dag huis toe gaan, neem hulle ŉ dwelmprobleem saam terug na ‘n wêreld waarin hulle nie kon cope nie. En weet jy hoe ontduik hulle die urinetoets wat nou en dan gedoen word? Hulle kom met ‘n kondoom of twee hier in, kry die pis van iemand wat nie dwelms in die kliniek gebruik nie of lankal hier is. Jy versteek die kondoom iewers en kom die call: ‘urinetoets,’ toets jy negatief. Eenvoudig. Daar is nie ‘n einde aan die vindingrykheid van verslaafdes nie.” Uitasem het hy weer gaan sit.

Dieselfde middag is hy dissiplinêr verhoor en byna uit die kliniek geskop. Net omdat hy nie bang was om die waarheid te praat nie.

Ver onder hom skitter die liggies van die rehab in die laat-skemer. As hy nie geweet het dit is ŉ rehab nie, sou hy kon sê dit lyk soos ŉ Kersboom. Een sonder geskenke daaronder.

Die wind ritsel deur die blare en dit is asof hy Jo-Marié se stem op die ruising kan hoor. Jo-Marié wat hom vir die eerste keer laat besef het dat dood en dwelms net verskillend gespel word.

*

Net nadat hy sy eerste jaar deurgeskraap het, het hy sy pa gevra of hy deur Europa kan gaan toer. Hy wou Frankryk toe gaan. Op ‘n mistige vroeë oggend langs

Omaha-strand staan wanneer die branders op die kuslyn van Normandië breek. Hy wou sy oë sluit en probeer beleef hoe dit daardie oggend moes gewees het toe die Geallieerde vloot meteens die horison beset. Hy wou opkyk en homself verbeel dat hy die kanonlope van die Duitse besettingsmag deur die skietgate van die Atlantic Wall kon sien tuur.

Omaha, Sword, Utah, Juno, Gold. Rooi skuim wat oor goue sand spoel. D-dag.

"Ek was daar," wou hy eendag aan sy kinders vertel. "Daar waar duisende jong mans gesterf het. Alleen in die vreemde. Jong mans soos ek, maar hulle het nooit ŉ tweede kans gekry nie. Dáár waar duisende kruise, in perfekte gelid, op die groen heuwels in die snerpende wind staan."

Die dood het hom gefassineer.

En hy was onseker oor sy keuse van ŉ loopbaan. *Ek wil die wêreld sien en dan finaal besluit. My kop skoon kry*. Met ŉ rugsak, ŉ Eurailkaartjie en genoeg pille om ŉ klein gemeenskap uit te wis, het hy op die vliegtuig geklim. Johannesburg, Nairobi, Luxemburg. Die herinneringe aan die vlug was ŉ waas. Saam met die vliegtuig het hy in die skuimende wolke gedryf. Rocky Mountain high.

Sy het in die paadjie tussen die sitplekke afgekom, ŉ trollie met verversings voor haar uitgestoot. Haar gitswart hare was in ŉ poniestert agter haar kop vasgebind. Haar oë was die kleur van 'n koraalsee.

"Wat kan ek vir jou gee om te drink, meneer?"

"Wow," het hy geantwoord. En hulle het vir mekaar geglimlag.

Op Luxemburg het hy afgeklim. Hy moes ŉ bus na Keulen haal. Hy het rigtingloos in die lughawegebou rondgedwaal. Later agter in die ry by Luxavia-lugredery se toonbank gaan staan – probeer om na ŉ ervare reisiger te lyk. “Ek moet ŉ bus na Keulen toe vang.” Die ontvangsdame het rooi hare en sproete gehad.

“Excuse me, sir?”

Uiteindelik het hy koers gekies na ŉ busterminaal. Busse het in rye staan en wag. Hy het hom verbeel dat hy nie een keer die woord Keulen in haar verduideliking gehoor het nie, maar mense het agter hom in die ry opgedam. Hy het by groot ruite waaragter verveelde busbestuurders gesit het, langs geloop.

“Keulen?” ŉ Kopskud, negatief, almal. Is ek fokken onnosel? het hy gewonder. As ek daardie bus mis is ek in my moer in.

Terug na die rooikop met die sproete wat hom nie verstaan nie. Agter in die ry. Busse begin een vir een vertrek.

“Listen, lady, I’m from South Africa. There is no way that I can miss that bus to Keulen. I don’t want to get heavy on the bad language issue, but if I miss that bus I’m fucked. You understand the word? Ja?”

Toe die stem agter hom: “Moenie worry nie, ek gaan ook Keulen toe. I’ll help him lady. He is South African,” so asof dit ŉ grondige verskoning is om ŉ idioot te wees.

Die seegroen oë van die lugwaardin op die Luxavia-vlug het hom spottend aangekyk. “Jou bobbejaan, het jy al van Cologne gehoor? Dit is die Engelse uitspraak.” Sy het haar asem opgehou en die verte in gestaar.

"I don't want to get heavy on the bad language issue, maar in Europa sê jy nie Keulen nie, maar Köln. Anders is jy fucked." Hulle het uitgebars van die lag, kon nie einde kry nie.

Iets omtrent haar het hom vasgegryp. Groot groen oë vol van iets wat hartseer kon wees. Jare later sou hy op sy hurke in die wildspaadjie by die steenbokspore sit en opkyk na Lisa toe, maar dit sou nie Lisa se oë wees nie.

*Shit, Jo-Marié, alles kon soveel anders gewees het . . .*

Hy luister na die singgeluid van die elektrisiteit wat deur die drade stroom, soos sonbesies iewers onder 'n warm son. Moeisaam staan hy op, stof sy klere af. In die verte sien hy die groot boom met die oorhangtakke. Sy enkel swik op ŉ klip; ver weg hoor hy iemand roep.

Hulle moes agtergekom het hy is weg.

Een ding weet hy vir seker en dit is dat die bakkery die begin was van ŉ spiraal na benede. Hy moes iewers die energie kry om deur die eindelose dae en nagte te werk. Die eentonige dreuning van die oond en die stof en stoom was ŉ lewe waarvoor hy nie kans gesien het nie. Saam met dagga, Mandrax en alkohol het hy begin om kodeïne te gebruik. Dit het sy lewe ingekleur, hom die energie gegee om agtien ure ŉ dag te werk, alles wat verkeerd was, reggemaak. Aanvaarbaar totdat Lisa kom. Dán sou hy dit los, dit nie meer nodig hê nie.

Die knoetserige ou boom staan afgeteken teen die naghemel. ŉ Vergroeide tak hang oor die boonste draad van die heining. Maklik, dink hy, twee minute en ek is gone.

Oor die ruising van die wind hoor hy sy naam.

Besluitloos staan hy in die skemer. Sal ek Lisa en die tweeling terugwen as ek vannag oor hierdie draad klim?

Ligte kom teen die steilte uit. Nog een keer kyk hy in die rigting van die boom wat nou deel geword het van die nag. Ver onder in die leegte vonkel die kliniek se liggies in die donker. Dan draai hy om en loop die ligte tegemoet.

Laat daardie nag rol hy nog rond in sy bed. Vannag wil slaap hom nie wegneem na daardie wêreld waar woorde soos *egskeiding* nie seermaak nie. Uiteindelik dommel hy weg in ŉ onrustige slaap. Die stemme wat onder die waaisand uitkom, word jong gesigte in die flikkerlig van die vlamme – helderder as ooit tevore.

***

# Hoofstuk 6

Kop onderstebo, stap Hottie in die paadjie tussen die grafte deur. Die wind ruis deur die populiere, waai stof op tussen die hopies grond wat soos miershope in ŉ winterveld in eindelose rye voor hom uitstrek. Langs elke graf staan ŉ vuilwit bordjie met ŉ nommer. Naamlose mense vir wie iemand lank terug omgegee het, het deur die jare verander in net nog ŉ nommer in Kliptown se begraafplaas.

Hoeveel sand het deur die uurglas geloop vandat ek laas hier was? dink hy. Ver vorentoe sien hy die houtkruis wat skuins oor haar graf hang.

Sam het hom minute vantevore voor die hek van die kerkhof afgelaai. "Sien jou oor vyftien minute, Babba," het hy gesê en Hottie in ŉ stofwolk agtergelaat. Nog dieselfde Sam, het Hottie gedink terwyl hy die kar agternakyk. Kopskuddend het hy na die verroeste hekkie gestap en dit oopgestoot.

By die verweerde kruis gaan hy staan en sak op sy hurke. Versigtig druk hy die verrotte hout orent. Hy probeer die grond vasdruk sodat dit weer regop staan. Hy wil nie terugdink aan daardie dag nie, maar hy kan dit nie keer nie. Kan die beelde nie uitwis nie.

Uit die straat langs die begraafplaas hoor hy opgewonde kinderstemme en kaal voete wat teen ŉ plastiekbal klap. Hy draai sy kop skuins en hoor die wind deur die populiere ruis – net soos daardie nag lank gelede toe hy alleen in die koue langs die nuwe graf gesit het.

Vandag kan hy Gretha onthou soos op die dag toe die mallemeule op die stuk veld oorkant die tuckshop opgeslaan was: Die angstige gesiggie, die hande wat aan

die kleurvolle perdjie vasklou en wanneer hy haar aftel: “Weer, Pappa, weer?” Gretha op haar tone langs die roomyskarretjie, die roomys- en stofbesmeerde gesiggie wat teen sy skouer leun as hy haar huis toe dra. Herinneringe wat telkens weer by hom verbykom: soos die kleurvolle perdjies van die mallemeule, ŉ oomblik is dit weg en dan weer daar; al in die rondte.

Hy wou haar net gelukkig sien. Hy het aan haar sprokies vertel wat hy gelees het uit boekies wat hy met hom saamgedra het toe hy nog ŉ straatkind was: *Eendag lank, lank gelede . . . eers die swaarkry, want dit is hoe die lewe werk. Dan, uiteindelik, goed wat kwaad oorwin; soms . . . soos in sprokies*.

En as die nag donker was, sou hy aan haar vertel van die ou boemelaar by ŉ rokerige vuurtjie en hy sou aan haar die haas wys wat op die maan geteken was. Hulle sou die warmte in die kookskerm deel en na die laaste gloeiende kole in die as staar. Dan moes hy vertel van Shirley, die ma wat sy nooit sou ken nie. Hy sou ver die verlede in reik om haar weer voor sy geestesoog te sien. Hy sou sy hart oopmaak en vertel totdat hy haar rustige asemhaling langs hom kon hoor en verlig was omdat hy nie nodig gehad het om klaar te vertel nie.

En daardie dag? Dit was vroegoggend, jy kon die lente in die lug voel. Die vorige aand het dit gereën en die wêreld was skoon en vars. Die reuk van Kliptown se grond het vogtig in die lug gehang. Dit was asof selfs die rook wat toiingrig oor die sinkhuisies gedryf het, daardie dag witter was. Die hadidas het, soos elke dag, deur die vullishope gepik. Kort-kort sou hulle koggelend die lug inskarrel as ŉ horde steekhaarbrakke hulle onwelkome mededingers verwilder. Selfs in daardie daaglikse konfrontasie was daar ŉ uitbundigheid soos net ŉ vroeë lenteoggend kon bring.

Hand aan hand het hulle deur die nou strate gestap. Dit was ŉ vakansiedag, watter een kon hy nie eens onthou nie, maar hy het nie nodig gehad om te gaan werk nie. Gretha was uitbundig: ŉ dag saam met haar pa was altyd iets besonders – soos vir hom. ŉ Groepie kinders het ŉ verflenterde tennisbal in die stofstraat rondgeskop en gejil elke keer as die bal tussen twee stapels klippe, wat as doelpale diens gedoen het, deurspat.

"Wat is 'Laduma', Pappa?" het sy gevra en hy het geglimlag.

ŉ Gesette vrou was besig om wasgoed op te hang. Tsotsi's het, Carling Black Label in die vuis geklem, op die straathoeke staan en gesels. Die brandende kakiebosgeur van dagga het in die wind gedryf. Polsende musiek het deur die oop vensters van die sjebiens gedreun.

Vandag nog kan hy onthou waaraan hy gedink het toe hulle so deur die strate stap: Eendag wil ek haar gaan wys hoe die wêreld aan die anderkant van Kliptown se grense lyk. Wys dat elke dorp nie ŉ Shantietown is nie. Dat daar groen vlaktes is met berge in die verte. Saam sou hulle gaan kyk na die groot blou dam wat nooit tot ruste kom nie. Hy wil vir haar die luukse woonbuurte gaan wys waar die witman bly, die stede met die reuse wolkekrabbers. Eendag wil hy vir haar ŉ hondjie koop wat nie ŉ brak is nie en ŉ horlosie wat fyntjies om haar arm pas. Sodat sy kan weet dat Kliptown nie die wêreld is nie.

En dan sou hulle nooit weer terugkom nie.

En nou? Nou is sy vir altyd hier. Ingekerker in die vuil, rooi aarde van hierdie plakkerskamp. Sy sal vir altyd deel wees van Kliptown.

Vir Gretha was daar niks lekkerder as ŉ uitstappie na die iets-van-alles winkeltjie wat Joseph bedryf het nie. Dit en die mankolieke swaai op die oop stuk veld oorkant die winkel. As sy kon, sou sy ure lank op die gladgeskuurde plankie sit, oë styf toegeknyp – ver weg, iewers in kamma-kamma land. Hy sou met ŉ glimlag eenkant op die verroeste bankie sit, na die gepiep van die droë kettings luister, en haar dophou.

Maar daardie dag sou daar nie tyd wees vir die swaai of die bankie of drome nie. Toe hulle in die voetpaadjie oor die oop stuk veld na die tuckshop loop, het hulle die eerste keer die pantservoertuie in die verte gehoor. ŉ Gromgeluid soos die van 'n ondier. Hy het vir Gretha gesê: "Ons moet gou maak, Meisiekind, die soldate is al weer op pad." Hy kon so goed onthou dat sy haar koppie skeef gedraai het, opgekyk het na hom toe en gevra het: "Wat maak hulle elke dag hier, Pappa? Ek is bang vir hulle, bang vir die monsters waarin hulle ry, bang vir die skietgoed wat deur die gate vir ons loer."

Miskien sou die lewe vandag anders gelyk het as hulle daar omgedraai en teruggegaan het na die sinkplaathuisie met sy kookskerm. Dan sou die dood en die stomende somers in Sentraal se ingewande nooit deel gevorm het van die verlede nie.

*Joseph se Tuckshop,* was in groot, krom letters teen die verweerde muur aan die straatkant geverf. ŉ Verbleikte Coca-Cola reklamebord het skeef bokant die deur gehang. Joseph het soos altyd in die deur gestaan. ŉ Groot, goedige man met ŉ bles, ŉ pyp tussen sy tande vasgebyt en 'n verkreukelde gesig. Soos die lugfoto van die Grand Canyon wat ek lank terug in ŉ tydskrif gesien het, het Hottie gedink. Gretha het sy hand gelos en in die stofpaadjie opgehardloop waar Joseph haar met ŉ breë glimlag en uitgestrekte arms ingewag het. "Jy word elke dag groter en mooier, Pop,"

sou hy sê en haar in sy arms opraap en teen hom aandruk. Met haar arms styf om sy dik nek geslaan het hulle die winkel ingestap met Hottie agterna.

Die winkeltjie was altyd dieselfde. Die reuk van paraffien en kruideniersware was eie aan alle tuckshops in elke township. Sakke mieliemeel was in ŉ hoek gestapel, ŉ blou 200 literdrom met paraffien en ŉ outydse handpomp wat by die bek uithang, in ŉ ander hoek. Oor die breedte van die vertrek het ŉ verslete hout-toonbank gestaan. Agter die gekraakte glas aan die voorkant was die kruideniersware uitgestal: Frisco koffie, Five Roses, Zambuc, Borstol hoesmedisyne. Op die gladde houtoppervlakte, blink geskuur deur jare se transaksies, het blink glasbottels met Chappies, marshmallow-vissies en reënbooglekkers vir elke kind gewink. Aan die witgeverfde mure het sokkerspelers van weleer deur ŉ stoflaag geglimlag – Pelé, Doctor Khumalo en natuurlik twee spanfoto's van Kaizer Chiefs, Joseph se team.

En hoog teen die muur, tussen stof en spinnerakke, het iets gehang wat nie in ŉ tuckshop tussen sokkersterre van gister en goedkoop lekkergoed tuisgehoort het nie: ŉ rooi doek met goudgeborduurde letters:

**"Kyk, Ek maak alles nuut."**

*Openbaring 21:5*

"Vertel vir my die storie van die rooi lap, oom Joseph," het Gretha gesê nadat Joseph haar op die toonbank neergesit en ŉ handvol reënbooglekkers in haar handjie gestop het. Hy moes dit keer op keer doen: die verhaal agter die rooi doek vertel – asof sy nie genoeg daarvan kon kry nie.

Joseph het op sy mankolieke stoel gaan sit: "Pop, eendag moet ek vir jou die storie van hierdie ou stoel van my vertel . . ."

"Volgende keer, oom Joseph. Eers die lap."

"Oukei, vrouens is altyd baas. Eendag as jy groter is vertel ek jou van al die skelmpies wat ek gehad het," het hy gesê en sy pyp opgesteek. Blou rookdampe het deur die winkel gedryf.

"My boetie was die dominee van die N.G. Gemeente in hierdie wêreld. Ek en hy het nie goed klaar gekom nie, maar dit is 'n ander storie wat ek aan jou sal vertel wanneer jy groter is. Saam met die storie oor die skelmpies," Sy groot lyf het geskud soos hy lag.

"Wat is 'n skelmpie, oom Joseph?"

Joseph het vir Hottie geknipoog en begin vertel.

"Vandat ek 'n tjokkertjie was, het die doek voor die preekstoel in die kerkie gehang. As iemand dit eendag sou wegvat, sou die kerk net nie meer dieselfde wees nie. Ons het grootgeword in daardie ou sandsteenkerkie, saam met die doek. Die woorde het later vir my ironies geword toe die stadsvaders besluit die kerkie is onooglik en moet gesloop word."

"Wat beteken "ironies", oom Joseph?" haar koppie skeef gedraai.

Maar Joseph het onverstoord voortgegaan. "Eldoradopark moes uitbrei. Daar was nie 'n ordentlike biertuin of 'n tattersall hier rond nie. Die Government het geglo dat dit 'n einde sou bring aan al die onwettige sjebiens en dobbelhuise wat oral uitgedop het." Joseph het na Hottie gekyk met 'n bitter trek om sy mond. "Een oggend het die bulldozers begin dreun."

"Hoor djy die pêrepote van die bulldozers?" Joseph het die kind gemaak verbaas aangekyk. "Jy gaan slim word as jy nou al Adam Small se sêgoed onthou!"

"Oom Joseph, pappa lees vir my elke aand uit Adam Small se boekie. Elke aand," sê sy trots, en kyk op na Hottie.

"Ken jy dié een, Pop?"

Die bulldozers, hulle't gakom

romtomtom

dom

was ons mos,

stom mos

al die djare

Klaar gakom het hulle

en plat gadonner

alles hieso

alles, alles

hyse, harte

die lot

alles

God!

“Pragtige taal,” het Joseph gesug. “Vandag hoor jy dit nog net in die Kaap. Transvaal se mense worry nie meer nie. Hulle praat Engels – so asof ons taaltjie net weggooigoed is,” sê hy meer aan homself as aan Gretha en Hottie. Hy staar weemoedig na die spanfoto’s van Kaizer Chiefs aan die muur.

In die verte kon Hottie die dreuning van die patrollie-voertuie hoor en hy het ongemaklik begin rondskuif.

Joseph het voortgegaan: “Ek sal nooit die dag vergeet toe die bulldozers voor die tuckshop verbygery het nie. Ek het agter hulle aangestap. Die goed is mos nie vinnig nie. Voor die kerkie het hulle tot stilstand gekom. Ek het besluit om nog een keer deur die verwaarloosde gebou te stap. Ek was hartseer. Binne was dit doodstil. Ek het my verbeel ek kon mense hoor sing. Die banke was uitgedra, maar die preekstoel het nog net so daar gestaan. Te oud en afgeleef het die Kerkraad gereken – soos die kerk.”

“Die doek het nog altyd voor die preekstoel gehang, asof almal daarvan vergeet het. Ek het vorentoe gestap en dit het gevoel soos die dag toe ek Belydenis van Geloof afgelê het. Ek het die doek afgehaal en opgevou en besluit om dit hier in die tuckshop te kom ophang, sodat almal wat hier inkom dit kan sien.”

“Vandag glo ek nog dat onse Here alles nuut maak. Dat hierdie land eendag tot ruste sal kom en ons almal in vrede met mekaar sal leef.”

Die gromgeluide van die pantservoertuie het harder geword. Hottie en Joseph het mekaar aangekyk. “Al weer,” het Joseph gesug terwyl Hottie vir Gretha van die toonbank afgelig en met haar na die deur gestap het. Op die trappie het hy haar

neergesit en sy het haar hand met die reënbooglekkers omhoog gehou en gesê: “Hoor djy die pêrepote van die bulldozers? Tatta, oom Joseph.”

“Vandag het ons te lank gedraai, Meisiekind,” het Hottie aan haar gesê, terwyl hulle vinnig in die voetpaadjie oor die oop stuk veld gestap het. Die Casspirs en Buffels het meteens in die smal straatjie tussen die huisies tevoorskyn gekom: mosterdkleurige reptiele wat grommend tussen die plakkershutte deurbeweeg. Die hitte uit die warm enjins het in loperige lugspieëlings teen die agtergrond van die blou lug gebewe. Die sokkerveld was verlate, die stapel klippe wat minute vantevore doelpale was, het skuins in die middel van die straat gestaan. Die flenter-tennisbal het eenkant in ’n sloot gelê.

“Pappa, sal die liewe Here Kliptown ook eendag nuut maak?” Sy het opgekyk, haar vinger in haar mond. “Nuut, soos Hy op die rooi lap beloof?”

Hottie het nie geweet wat om vir haar op daardie oomblik te sê nie, anders as: “Ja, natuurlik my kind.” Hy weet nie eens of sy hom deur die rumoer gehoor het nie.

Dit was die laaste keer dat hy haar stem gehoor het.

Gefassineerd het hulle die konvooi dopgehou. Die eerste Casspir het stadig verbybeweeg. Die son het blink op geweerlope geglinster. ’n Volgende voertuig het dertig treë verder deur die stof nadergekom.

Alles het so vinnig gebeur dat die herinneringe vandag nog net ’n waas van stof en rook en vlamme in ‘n dansende lugspieëling is. Uit ‘n huis langs die straat het ’n figuur in swart geklee, ’n balaklawa oor sy kop getrek, te voorskyn gekom. Die geel vlammetjie het helder bokant die bottel in sy hand geflikker.

Die man het tot langs die eerste Casspir gehardloop, sy arm teruggetrek en die petrolbom het deur die lug gekantel. Die glas het teen die gepantserde staal versplinter en die vloeistof het soos ŉ skaduwee oor die metaal uitgeslaan en met ŉ heldergeel flits ontvlam. Uit ŉ huis aan die oorkant van die straat het nog twee figure deur die stofwolke nadergestorm; nog petrolbomme het deur die lug getol. Een het voor die derde pantservoertuig in die stof gebreek en ŉ streep geel vlam het uit die stof opgeslaan. Nog een het teen die koeëlvaste ruit van ŉ Buffel aan skerwe gespat sonder om te ontbrand.

ŉ Lenteoggend het plotseling verander in ŉ inferno van vuur en rook en gillende mense wat inderhaas uit die chaos probeer vlug. In die rook het ŉ outomatiese wapen gestotter. Een van die vlugtende bomgooiers se liggaam het in die hardloop geruk; vir ŉ breukdeel van ŉ sekonde het hy op sy linkerknie neergesak, weer orent gesukkel en drie of vier treë verder in die stof inmekaargesak.

Skote het oral geklap en die eggo's het saam met die stroom mense en basterbrakke in die nou strate afgevlug. Die hadidas het uit die ashope opgevlieg en met ŉ hees gekrys in die grou lug verdwyn. ŉ Swart man met ŉ kaal bolyf en bloed wat oor sy gesig stroom, het met ŉ swaaiende panga die rookskemer ingestorm. Iewers in die rook het ŉ vrou histeries gegil.

Soldate het by die luikdeur van die brandende Casspir uitgepeul. Donker rookwolke het voor die son gehang. Iewers het ŉ R1 in kort sarsies geblaf. Nog ŉ petrolbom het aapstert deur die lug gemaak en met ŉ plofgeluid op die enjinkap van ŉ Jeep in die konvooi gebreek en petrolvlamme het wild in die lug gedans.

Alles het in enkele sekondes gebeur. Hulle het verstar in die pandemonium gestaan. Hottie het nie geweet waarheen om in die malende mensemassa te vlug nie.

Hy het skielik ŉ dowwe klapgeluid gehoor; Gretha se hand is uit syne geruk. Paniekbevange het hy omgedraai. Sy kind het skuins agter hom in die stof gelê, haar linkerarm onder haar ingevou. Haar oë was oop, maar ver weg. Die handjie waarin die reënbooglekkers was, het krampagtig oop en toe geklem. Op sy knieë het hy langs haar neergesak, haar mond het geluidloos die woord "Pappa" gevorm. Een of twee keer het haar oë oop en toe geflikker.

Met ŉ kreet het hy orent gekom, haar slap liggaam in sy arms opgeraap. Op haar bors het ŉ rooi kol groter en groter uitgekring. Hy het haar styf teen hom aangedruk, bloed het tussen die vingers van die hand waarmee hy haar rug gestut het, deurgesypel. Joseph se reënbooglekkers het soos weggooigoed in die rooi stof van ŉ straat in Kliptown bly lê. Om hom het die wêreld stil geword.

Die woorde op die doek in die tuckshop het deur sy gedagtes geflits. *As dit is hoe nuut daar uitsien, wil ek dit nie hê nie. Nee dankie, Here, wie jy ook al mag wees. Gee dit maar aan iemand anders. Die honger en die koue swart nagte is oukei. Ek wil nét my kind hê.*

Deur die rook en die byt van die traangas wat sy longe geskroei het, het hy met die kind in sy arms na die tuckshop gestrompel. Terug oor die oop stuk veld met die uitgetrapte voetpaadjie langs, verby die swaai wat liggies in die wind gewieg het; verby die verroeste bankie wat leeg in die veld gestaan het. Deur die skemerlig het Joseph na hom toe aangesukkel gekom, sy gesig ŉ masker van plooie. Sonder ŉ woord het hy Gretha se lewelose liggaam uit Hottie se arms geneem en omgedraai winkel toe.

ŉ Dag later, met reënwolke wat dreigend oor Kliptown saamgepak het, het hulle haar begrawe. Saam het hulle ŉ goedkoop houtkruis prakseer. Nie een van hulle kon

aan ŉ bewoording daarop dink nie. Woorde sou goedkoop geklink het. Toe die son agter die populierbome wegsak, het Joseph huis toe gegaan. Maar Hottie kon dit nie oor sy hart kry om haar alleen daar te los nie. Hy het die hele nag daar gesit, alleen, met net die populierbome wat in die wind buig. Alleen onder ŉ uitgewaste sekelmaan.

Snags agter die tralies en die slotte van sy sel sou Gretha sy drome binnesypel. Dan sou hulle styf teen mekaar in die kookskerm sit en na die sterwende kole staar. Dan sou hy weer vertel van Shirley en, anders as vroeër, klaar vertel. Hy kon nog altyd haar liefde voel; die tralies kon dit nooit keer nie. Anders as die haat wat hierbinne hom vasgevang was en aanhou groei het. In sy drome het dit ŉ bose ondier geword met gepantserde skubbe en koue, swart oë.

Moeisaam staan hy op, kyk nog een keer na die kruis, wonder of hy ooit weer sal terugkom. Dan draai hy om en stap stadig met die grondpaadjie tussen die grafte af, terug na die verroeste hek, terug na wat daar oor was van die lewe.

Terug na Sam.

***

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Hoofstuk 7

“Sal die beskuldigde opstaan asseblief.” Die stem van die hofordonnans weerklink tussen die eikehoutpanele van die volgepakte hofsaal. Dit het doodstil geword, net die stadsgeluide ruis in die verte. Die swartman kom stadig orent, sy mondhoeke gebuig in ŉ grynslag.

Andries Schutte skuif die dokumente voor hom reg en kyk af op die beskuldigde: “Ek het nagte lank wakker gelê en tob oor hoe ek vandag se uitspraak moet verwoord. Hoe moet ek reg laat geskied teenoor ŉ gemeenskap wat geskud is deur ŉ afgryslike en sinnelose daad?” Hy bly ŉ oomblik stil: “Jare gelede, terwyl ek studeer het, het ek op ŉ aanhaling afgekom in ‘The visits and visitations of Arthur Apple’ - ‘n in-diepte ondersoek na die bedrywighede van die Ierse Republiekynse Leër. Ek gaan my uitspraak daarmee begin:

“‘ . . . and so young men are taught to kill and told that it is a noble and honorable exercise. They take it upon themselves to dispend a wicked verdict and absolve themselves by calling it justice.’” Hy kyk na die mense in die galery. Hy hoef nie weer na sy aantekeninge te kyk nie. Hy ken die woorde. “‘Alas, the folly of this is only made clear to them when in turn the executioner inevitably comes to them, and their pleas for pity are ignored and their young lives are wiped away by others seeking the insane power that the infliction of death seams to imbue.’

“In die Bybel staan geskryf: die Here sal vergeld. Ek laat my vandag lei deur die Suid-Afrikaanse Regstelsel wat aan my voorskryf. Jy het die reg om te kies tussen lewe en dood in jou eie hande geneem. Jy het gegaan en met die bloed van jou

slagoffers die woord: 'Justice', teen die mure geskryf. Die soort 'justice' waarna in die aanhaling verwys word.

"Jy het twee hulpelose oumense vermoor. Mense wat in die afgelope jaar die trauma moes verwerk om ŉ kind aan die dood af te staan. Jy het besluit om self te oordeel, op ŉ wyse wat die gemeenskap met afgryse vervul het. Vandag het 'justice' jou ingehaal."

En soms sou die film van herinneringe uit sy verlede ŉ oomblik lank vries: "Until we meet again, Judge."

ŉ Stelling.

Vir die eerste keer in sy lewe was hy nie seker nie. Die feite voor hom was verdoemend. Elke mens wat hy ter dood veroordeel het, het letsels op hom gelaat, maar hierdie een wou nie heel nie.

Die stamp wat Annette hom gee, skok hom terug na die werklikheid. Die geruis deur die onthaalsaal herinner hom aan die geruis van sonbesies op ŉ lomerige dag teen die hange van die Waterberge. Soos dikwels vantevore is hy vanaand weer die middelpunt van belangstelling. Hierdie keer is anders.

Vanaand het die laaste fase van sy loopbaan aangebreek. As hy terugkyk op die verlede, kan hy nie anders as om te glo dat God vir hom goed was nie. Vroeër die week moes hy sy kantoor ontruim. ŉ Eikehoutvesting van papier, lêers en regshandboeke; sertifikate teen die mure, foto's van gradeplegtighede, sy jare as kaptein van die PUK se eerste rugbyspan. Geraamde koerantuitknipsels van die moeilike jare as lid van die Amnestiekomitee van die WVK – jare waartydens hy dikwels met afgryse moes luister na waartoe die mens werklik in staat is. Alles

afgehaal en weggepak. Kartondose volgepak met loopbaan en verlede, oorwinnings en nederlae. Nou sal die wêreld van hom vergeet. Môre is hy gewoon Andries Schutte.

Sy oë dwaal deur die saal. Kerse flikker op gedekte tafels. Mense lag en gesels, skink wyn in kristalglase en spekuleer waarskynlik oor sy opvolger. Die meeste van diegene wat vanaand hier by sy afskeidsgeselligheid is, het nie die vaagste benul van die eise wat sukses aan hom gestel het nie. Ja, sy sukses het gekom teen ŉ prys. Jy luister nie na die grusame detail van plaasmoorde, gesinsmoorde, kapings en verkragtings en kom ongeskonde daarvan af nie. Mense wat ander soos diere martel om die stemme van een of ander verdraaide ideologie stil te maak. Bloeddeurdrenkte detail wat jou stom laat. En dikwels wonder hy: Wanneer gaan die spook van apartheid finaal tot ruste kom?  Hy dwaal rusteloos van plaas tot plaas. Sluip van huis tot huis, van plakkerskamp tot stat, bedags, snags, altyd, oral. Die media gee hom ŉ tweede lewe wat hy nie verdien nie. Sy moorde is sinneloos en kru. Hy grynslag in die nag. Hy lééf.

Hy en Annette se gunsteling vakansieplek was die Kruger Wildtuin. Ure lank kon hulle by ŉ suipplek staan en daardie klein stukkie kosmos dophou: rooibokke wat met kroes velle na die water stap, blouwildebeeste, snorkend en baldadig, ŉ koedoebul wat sku uit die struikgewas te voorskyn kom.

Jare gelede het hulle een oggend by so ‘n suipplek gestaan en wag. Ure lank was daar geen wild nie, maar die rustigheid en die voëls wat oral in die struikgewas kwetter was vir hulle genoeg. Hulle wou aanstaltes maak om te ry, toe ŉ familie springhase bonsend koers kies na die waterkant. Die diertjies was skaars onder die beskutting van die kreupelhout uit toe ŉ arend loodreg uit die lug val en een van die

kleintjies in sy kloue opraap. Met enkele hale van die reuse vlerkspan het dit weer die lug ingeskiet. Vlerke wyd gesprei het die roofvoël hoër en hoër gesirkel en toe die diertjie uit sy kloue laat val. Met ŉ plof het die haas in die stof langs die suipplek geval. Vandag nog kan Andries Schutte die geel, uitdrukkinglose oë en die gekromde snawel van die arend in sy gedagtes sien. Vir wat na ŉ ewigheid gevoel het, het die roofvoël met sy prooi gespeel. Die springhaas, sy pels oortrek van stof en bloed, het tevergeefs probeer wegkom van dit wat besig was om die son uit te doof. Kat en muis. Oorlewing van die sterkste.

Die polemiek rondom die doodstraf het hom in twee geskeur. Het die mens die reg om die keuse te maak tussen lewe en dood? Die doodstraf is primitief en Middeleeus; gesetel in die Ou Testamentiese beginsel van ‘n oog vir ‘n oog, glo baie. Een nag het hy wakker geword, sy bedlamp aangeskakel en die Bybel oopgeslaan by die verhaal van Kain en Abel. Later het hy in die donker gelê en homself afgevra: Hoekom het God, die Hoogste Regter, nie vir Kain ter dood veroordeel nie? ŉ Moord gebore uit iets so afstootlik soos afguns.

*They take it upon themselves to dispend a wicked verdict and absolve themselves by calling it justice.*

Maar daar is altyd ŉ ander kant ook: Die mense aan die ontvangkant van hierdie bose dade, mense wat nie begryp nie, nie kan vergeet en vergewe nie. Hy het soveel mense gesien, verblind deur ŉ hartseer wat te omvangryk geword het, wat nie berusting kan vind nie.

En plaasaanvalle? Hoekom soveel van hierdie sake na hom verwys is, weet hy nie. Dit het hom oud gemaak voor sy tyd. Jare lank het hy daarteen opgesien om af te tree, bloot ŉ passasier te word van die samelewing. Maar die laaste jare het hy daarna

begin uitsien om weg te kom van mense wat oortuig is daarvan dat onreg net reggestel kan word met vergelding.

Hy tob al so lank oor plaasmoorde, luister al soveel jare na die beskuldigings wat heen en weer geslinger word: Blanke boere wat glo dat plaasaanvalle Suid-Afrika se weergawe van ethnic cleansing is; swart werkers op plase wat soos slawe behandel word. Mense wat bymekaar verbyleef.

En hoeveel keer het hy dit nie al gewaag in die verborge denke van ’n moordenaar nie. Wat dryf ’n mens, gebore met al die eienskappe van sy naaste, tot moord? Hy sien weer die bewysstukke voor hom lê: ’n bloedbevlekte pyp, ’n swart en wit foto van ’n muur op die misdaadtoneel: *Justice.*

Het ek nie iets misgekyk nie?

Langs hom fluister Annette: “Andries, hierdie aand is vir jou gereël.”

Hy glimlag as hy na haar kyk: as dit nie was vir hierdie vrou nie. Die enigste mens wat hom werklik begryp. Laat snags wanneer hy swoeg met ’n saak, sou sy meteens in die deur van die studeerkamer staan met ’n beker koffie en ’n warm glimlag. Die hofsake het hy nooit met haar bespreek nie.

Soms sou sy laatnag in die deur verskyn, sonder die glimlag. Dan sou sy by hom kom sit en hy sou wag tot sy sê: “Andries, Marco het weer ’n terugval gehad. Lisa het gebel.”

Nooit in sy wildste drome sou hy kon dink dat ’n dwelmprobleem deel sou word van sy dag-tot-dag-bestaan nie; dat hy eendag na die handboek sou gryp om na te slaan waar so ’n probleem sy ontstaan het, hoe jy dit moet hanteer. *Nee, dit gebeur net*

*met ander* . . . totdat die probleem aan jou deur kom klop, jou oë oopgaan, jy die berigte in die koerante begin raaksien.

Marco, die seun wat hy en Annette nooit self kon hê nie. Saam het hulle gaan rugby kyk, saam gaan jag. Om die kampvuur kon hulle ure lank gesels. Marco was vir hom ŉ mens met onpeilbare diepte, iemand wat jou nie sonder meer in sy verskanste wêreld toelaat nie. Een nag by ŉ kampvuur het Marco hom álles vertel.

Die doodstraf in ŉ ander gedaante, het hy later gedink.

Hy het vir Marco afsprake gereël by van die beste sielkundiges wat hy ken, psigiaters en kenners op die gebied van gewoontevormende middels. Maar in die laaste tyd het hy hoop verloor: Marco was besig om, soos ŉ skip sonder roer, op die rotse af te stuur. En wat van Lisa en die tweeling? ŉ Week terug het Lisa by hom in die studeerkamer kom sit. "Pappa, ek sien nie meer kans vir Marco se probleem nie. Ek kry swaar."

"Ek weet nie meer wat om vir jou te sê nie my kind," en hy het sy kop geskud.

"Ek het aansoek gedoen om ŉ egskeiding. Ek en die kinders moet weg van Marco. Ons moet iewers opnuut begin."

"En wat van Marco?"

"Ek weet nie, Pa."

En hy het gehoop hy sou kon aftree en die laaste jare van sy lewe sorgeloos geniet.

Die gedruis van handeklap bring hom terug na die werklikheid. Hy en Annette staan op. Hy lig sy hand om die applous te erken. Die geleentheid is verby. Hand-aan-hand stap hy en Annette tussen die tafels deur.

Naby die deur flits die eerste kameras. Hy het geweet die pers sal hom vir oulaas met vrae peper. Hy lig sy hand en dit word stil: “Vanaand wil ek nie vrae beantwoord nie. Tog wil ek graag ŉ laaste boodskap by julle laat. Die nuwe Suid-Afrika beur vorentoe in kinderskoene wat druk en skaaf. Probleme is legio, maar ons moet aanhou hoop en glo. Die pers het ŉ belangrike rol te speel in die proses wat voorlê.”

ŉ Sirene loei in die verte.

“Die misdaadsyfer is ontstellend hoog. ŉ Kollega het onlangs teenoor my opgemerk dat rehabilitasie in ons stampvol tronke ŉ opiumdroom is. Dit is duidelik dat selfs bewaarders gerehabiliteer moet word. Die nadeel van dit alles is dat talle gevaarlike misdadigers nog op straat is. Ek kan nie anders as om te sê dat die stygende kurwe in plaasaanvalle my ontstel nie. Ons lewe in die *nuwe* Suid-Afrika, maar het dit nie tyd geword dat ons begin streef na ŉ *beter* Suid-Afrika nie?”

En hy kan nie anders as om te wonder: Waaraan dink julle wanneer die nag se ure aanstap en julle voor die sleutelbord van julle woordverwerkers sit en worstel met berigte van moord en verkragting, motorkapings en plaasaanvalle en kindermolestering? Dink vir ŉ slag aan die nag daarbuite waar more se berigte alreeds geskryf word in die bloed van onskuldiges.

Vrae kom van alle kante, kameras flits uit die donker. Hy neem Annette aan haar arm en stap haastig na sy wagtende motor. ŉ Lastige joernalis beweeg voor hom in: “Is u nie bang vir vergelding van misdadigers wat voel dat u hulle te na gekom het

met ʼn uitspraak nie?” Hy kyk in die straat af; ‘n donker figuur leun ineengetrek teen die sterk wind, lamppale staan verlate in poele lig. In die verte ruis die stadsverkeer oor die M1. Hy buk om die deur oop te maak, kyk nog een keer na die joernalis sonder om die vraag te beantwoord.

Hy voel skielik oud en moeg.

***

# Hoofstuk 8

"Jy lyk sad, Babba," sê Sam wanneer Hottie die deur agter hom toeslaan en teruglê in die verbleikte sitplek van die Uno. ŉ Oomblik kyk hy na Hottie en dit is asof sy oë sê: *ek verstaan*, en dan draai hy die sleutel. In stilte vleg hulle deur die stofstrate van Kliptown. Hy oorweeg dit om vir Sam te vra om by Joseph se tuckshop verby te ry, maar besluit daarteen. Hoekom krap in dit wat net verder gaan seermaak?

Hulle ry oor 'n brug, die rivier 'n stilvloeiende stroom vullis. ŉ Uitgevrete vark skommel voor die kar uit en verdwyn tussen die onkruid en rommel langs die pad.

Hottie skrik wanneer Sam langs hom praat, sy stem smalend: "Het Sentraal die seer weggevat, Babba? Nee, dit het nie. Daardie soort seer gaan nooit weer weg nie. Dit steek vas soos die rubbish in die gutters en die pype onderdeur daardie brug waar ons nou net oor is. For fucksake, Babba, jou kind is dood. Jy kan ŉ honderd keer teruggaan na daardie graf toe en dit sal net ŉ hoop grond bly. Sy was ŉ victim van apartheid. Soos ek en jy." Sam draai sy kop en Hottie skrik as hy die swartman se oë sien. "Ons het daarmee grootgeword en nou moet ons sommerso vergeet." Sy hande klem om die stuurwiel, hy skud sy kop. "Kyk hoe lyk dit om jou. Wýs my die nuwe Suid-Afrika, ek wil dit ook sien." Hy lag. Meteens onthou Hottie 'n nag, lank gelede; Sam wat in die hoek van die sel ingedruk sit, sy oë wild, skuim wat om sy mond blink. In sy hand het hy 'n lepel, die steelkant vlymskerp geslyp. Die bewaarders staan 'n halfmaan om hom, knuppels in die hand. Twee van hulle aan die flanke is gewapen met R4 aanvalsgewere.

Op die sypaadjie speel kinders in die stof.

"Wat het regtig verander vandat Nelson Mandela deur die hekke van Victor Verster gestap het, hê? ŉ Fucked-up gedenkteken vir Hector Petersen. ŉ Monument vir Steve Biko, regstellende aksie, swart bemagtiging wat soos my gat werk. En verder? Fokkol. Op die plase gaan dit nog soos voor die eerste Kaffer-oorlog. Daar bly jy ŉ Hotnot en ek ŉ Kaffer. En die Boere sal, Bybel in die hand, sweer dat jy ŉ dier is: '*Kyk maar, hier staan dit – Hoofstuk 6 vers 14, jy's nie mens nie*.' Jy is gelys in hulle eiendomsregister – tussen die nommers van hulle beeste en skape en varke . . . kompleet met ŉ groen tag aan die oor."

Hottie het teen die tralies aan die anderkant van die sel gestaan. Doodsbevrees. Die bewaarders het gestorm, hy kon die houe hoor val, been wat kraak en Sam wat soos 'n vasgekeerde dier terugveg en skreeu. 'n Bewaarder het sy knuppel in die chaos laat val, sy hande oor sy gesig gevou, bloed het tussen sy vingers deurgestroom. En Sam het soos iets uit die hel gelag. Die houe het aanhou val lank nadat daar geen geluid meer uit die hoek gekom het nie.

ŉ Wit BMW met ŉ swartman agter die stuur jaag in ŉ stofwolk verby. ŉ Jong vrou met ŉ bont kopdoek waai vir hulle deur die agterste ruit.

Hulle het Sam aan sy voete by die sel uitgesleep. Bloed het uit wonde aan sy kop gestroom. Die litteken op sy wang was oopgekloof. Sewe maande later het die bewaarders weer die seldeur vir hom oopgesluit. Dieselfde Sam, behalwe vir die oë.

ŉ Dwaalkoeël. Dit was die bevinding van die geregtelike ondersoek na Gretha se dood. In sy opsomming van die saak het die landdros gesê: "Dit was gewoon ŉ ongeluk en niemand kan vir haar dood verantwoordelik gehou word nie. Tog kan ek

nie anders as om organisasies soos die ANC te verkwalik nie. Met ondeurdagte optredes versteur hulle die rus en vrede in die townships. Met sinnelose dade van aggressie stel hulle daagliks die lewens van die Veiligheidsmagte in gevaar." Die landdros het sy kop geskud, terwyl sy oë deur die leë hofsaal gedwaal het.

En wat kan ek sê, het Hottie gedink, waar hy alleen op 'n bankie in Hof 2c van die landdroshof in Lenasia gesit het, die seer binne hom 'n rou wond. Die lewe van 'n kind was verby. Sý kind.

Hy sal nooit daardie eerste dae na haar dood vergeet nie. Daardie allesoorheersende gevoel van verlies wat soos 'n vakuum in sy binneste kom lê het. Sy sou nooit weer op die veelkleurige perdjie van die mallemeule voor hom verbykom nie, nooit weer met ondeunde ogies op die kreunende swaai in die stuk veld oorkant Joseph se tuckshop wieg nie.

Hottie onthou die koerantberigte die dag ná die insident: *Twee lede van die weermag is lig beseer en een is behandel vir rookinaseming in nóg 'n terroristeaanval.* Nie 'n enkele woord oor Gretha nie. Nie eens deel van die statistiek nie. "Nie mens nie, maar dier," hoor hy weer Sam se kwetsende woorde.

Hy het opgespring en na buite gestorm. Dae lank het hy deur die strate gedwaal. Een donker nag het hy weer by die huis gekom. Die deur het geluidloos oopgeswaai. Hy het 'n kers opgesteek. Sy was oral. Sy het haar voete geswaai waar sy op die rand van die bed gesit het, geglimlag. Die inkleurboek was oop voor haar op die tafel, die vetkryt in haar hand was rooi. Haar lag was helder, haar asemhaling rustig op die bed langs hom. Bliksemstrale het agter die ruit geflikker; die gesig van Christus was vertrek van pyn. Die dak het gekraak in die wind, 'n donderslag het deur die nag gesweepslag.

Laatnag het hy wakkergeskrik. Die reën het verwoed op die sinkdak getimmer. Saggies het hy na haar geroep. Daar was geen antwoord nie; daar sou nóóit weer ‘n antwoord wees nie. Hy het opgestaan, ŉ kers opgesteek, want slaap sou hy nie weer nie. Nie dáárdie nag nie. In die flikkerlig van die kers het hy na die Christus-prent teen die muur gestaar. Woedend het hy dit van die muur afgeruk; die raam op die tafelblad stukkend geslaan, die prent aan stukke geskeur. Hy het op die bed neergesak, sy kop tussen sy hande laat sak. Net hy en die nag met sy storm daarbuite en die flenters papier met verbleikte bloedspatsels in die flikkerlig van die kers.

En terwyl hy in sy gedagtes weer terug is by daardie nag, hoor hy Sam se stem uit ŉ nag in die sel. Sam wat woorde gebruik soos ŉ kranksinnige profeet uit die Bybel: “Wat help dit jou om met jou hande na die Hemel te staan? Wat dink jy gaan daar uitkom, Hottie? Gretha? Dink jy dat veertien jaar in die tronk meteens opgeskort sal word? No bloody ways, Babba. Daardie dae is wasted for ever. Maar iemand moet daarvoor betaal, anders was dit alles verniet.” Hy het die verslete Bybel in hulle sel teen die tralies geslinger asof alles God se skuld was. “En dit is pre-fokken-sies wat ons gaan doen as ons die dag hier uitkom. Iemand gaan betaal vir dit wat ek en jy verloor het. Dit is al wat help, Babba,” het hy afgemete gesê. “Trust me, ek weet.”

ŉ Week ná die geregtelike ondersoek het hy hom aangesluit by die groep wat onregstreeks verantwoordelik was vir die chaos waarin Gretha dood is. APLA. ŉ Vertakking van die militêre vleuel van die PAC wat hulle beywer het vir die omverwerping van die *ruggraatlose wit regime*. Hulle het geld nodig gehad vir wapens, semtex, ontstekers, ammunisie, Kommunistiese propaganda, opleiding en God weet wat nog. Apartheid lééf, het hulle gepropageer. Kan dit sommer net sterf wanneer die tronkdeure voor Mandela oopswaai? Sal die grafte oopgaan, sy dooies terugbring?

Hy het nie onvoorwaardelik in hulle ideologie geglo nie, maar hy moes ʼn uitlaat kry vir dit wat besig was om hom van binne te vernietig. Hy moes die stemme uit die dood stilmaak: sy ma, Shirley, Gretha, Hottie's Motors . . . wat anders?

So het dit gekom dat hy en twee trawante hulle op ʼn reënerige dag voor die Absa Bank se tak in Primrose bevind. Weke lank het hulle die roof beplan. Hy het ʼn crashcourse gekry hoe om so vinnig as moontlik van 'n misdaadtoneel af weg te jaag. Hulle het diagramme van die straatuitleg om die bank bestudeer, alternatiewe ontsnaproetes beplan. ʼn Kar is in Durban gekaap. Die eienaar, ʼn jong vroue-student, is rondom middernag by ʼn verkeerslig uit die voertuig geruk. Onder ʼn straatlamp het sy haar doodgebloei.

Hy sou die *getaway-kar* bestuur. Dit het natuurlik ʼn gedaanteverwisseling ondergaan: vals nommerplate, ʼn ander kleur. Ivan, ʼn uitgeweke Suid-Afrikaner en Norman, ʼn boorling uit Soweto, elkeen met ʼn CV wat van shoplifting tot moord gestrek het, sou die rooftog uitvoer. Hy moes net sorg dat hulle so gou as moontlik wegkom. Eenvoudig.

Hy onthou goed hoe kriewelrig hy dae voor die tyd was. Doen ek die regte ding? Sê nou . . . Maar telkens wanneer hy sy oë toemaak, sou hy weer Gretha se lewelose liggaam in sy arms sien, die reënbooglekkers in die stof, die verbleikte maan aan die donker hemel bokant Kliptown se begraafplaas.

Waar hy langs Sam sit, kan hy nog daardie dag onthou asof dit gister was: Norman en Ivan wat vooroorgebuk teen die striemende reën na die wenteldeure stap, wapens versteek onder swaar jasse. Die motor wat luier, die reënveërs wat die water heen en weer oor die voorruit skuif. Minute wat voete sleep en later na ure begin voel, die spanning wat knaag en dan, pandemonium. Twee figure wat meteens deur die

wenteldeure storm, mense wat in alle rigtings spat. ŉ Wit vrou se mond vertrek in ŉ stom gil, die reën wat soos met die Sondvloed uit die hemel stort. Skote wat gedemp klap. ŉ Swart vrou met ŉ kind op haar rug slaan neer in ŉ plas modderwater en probeer om haarself teen ŉ lamppaal op te trek, terwyl die kind, in ŉ kombers toegedraai, in die plas water bly lê.

Gefassineerd het Hottie na die skoppende bondeltjie in die water gekyk, en vir die eerste keer het hy besef wat die omvang was van dit waarmee hy besig was. Hy wou die kar in rat stamp, die petrolpedaal wegtrap en deur die vlae reën om die eerste hoek verdwyn, maar dit was te laat.

Norman het die deur aan die passasierskant oopgeruk en saam met die stortreën die kajuit ingeval met Ivan sekondes later by die agterdeur. Twee sekuriteitswagte met pomp-aksie haelgewere het uit die reën te voorskyn gekom. Hy het met skreeuende bande weggetrek en ŉ verbygaande taxi rakelings gemis. ŉ Skoot het geklap. Die agterruit van die kar het in skerwe gespat en plotseling was die kajuit ŉ orgie van wind, glas en bloed. ŉ Kreet het halfpad in Ivan se keel vasgesteek en hy het soos ŉ lappop teen die deur geval. In die truspieëltjie kon Hottie sien hoe hy stadig teen die sitplek afgly, die linkerkant van sy kop verpulp tot ŉ massa bloed, hare en beensplinters.

Ivan se bloed het aan die agterkant van Hottie se nek afgeloop. Bloedspatsels en krummels been het teen die voorruit gekleef – asof hy deur ŉ swerm insekte gejaag het. Adrenalien het deur sy are gedruis. Norman het oor die voorste sitplek gehang en waansinnig gepoog om Ivan se bloeding te stop – asof hy geglo het dat hy sy makker uit die dood kon opwek. Toe het hy besef: die dood is in die kajuit, net soos daardie dag in die skemerlig van Kliptown se stofstrate.

Hy het die verkeerslig by die eerste kruising, wat soos ŉ waansinnige rooi oog in sy donker holte gegloei het, geïgnoreer en met skreeuende bande links gedraai. Minute later was hulle op die N12 in die rigting van Witbank. Sy hart het suiwer adrenalien gepomp.

Minute later het hulle by die Jetpark-afrit afgejaag. Links van hulle het die eerste industriële geboue opgeduik. Vier blokke verder het hulle vroeër die dag ŉ tweede ontvlugtingsmotor parkeer.

"O shit, die Ore is agter ons!" Norman se stem was paniekbevange. In die truspieël kon Hottie meteens die blou ligte van ŉ polisievoertuig deur die mistigheid sien swaai. Een blok voordat hulle by die ander motor kon kom, het ŉ polisievangwa uit ŉ systraat voor hulle ingeswaai. ŉ Boog modderwater het, soos deur ŉ oop sluis, onder die wiele uitgespat.

"Nou's daar heavy shit," het Norman geskreeu. "Stop langs daardie oop stuk veld – dan is dit elkeen vir homself!"

Langs hom hoor Hottie Sam se stem: "Die een plek waar die wit nasie vulnerable is, is op die plase. As die boere moed opgee, is alles verby. Ek het oral met comrades gepraat en elkeen van hulle is vuur en vlam – Zimbabwe to be continued. En luister vir my, Babba, ons gaan niemand spaar nie. Nie die vroue nie, nie die kinders nie. Hulle is soft targets. Die witman in hierdie land gee nie ŉ moer om vir ons vrouens en kinders nie. Revenge is the cure."

Soos ŉ besetene het Hottie probeer wegkom van die swaaiende blou ligte wat meedoënloos nadergeskuif het. Met skreeuende bande het hy langs die oop stuk veld tot stilstand gekom. Norman het die deur oopgesmyt en Ivan se .38 in Hottie se skoot gegooi. Paniekbevange het Hottie die deur aan sy kant oopgepluk, die wapen die veld ingeslinger. Norman het voor hom uit deur die droë gras in die rigting van ŉ populierbos gehardloop.

Daardie laaste minute kan hy so goed onthou: motordeure wat iewers agter hom toeslaan, mense wat waarskuwend skreeu, reëndruppels in sy gesig; ŉ skoot wat klap en Norman wat struikel en val, orent sukkel, nog ŉ skoot wat klap. Norman wat val en omdraai, sy oë wawyd oop en leweloos en die bloed wat soos roesvlekke op die gras uitslaan.

Sy longe was in vlamme, sy bene lood; alles was verby. Hy het gaan staan en sy hande in die lug opgesteek; stadig omgedraai en vlugtig gewonder hoe dit voel wanneer ŉ koeël vuurwarm deur jou vel breek.

Die polisieman wat op hom afgestap het, was jonk soos hy. Hy het sy dienspistool senuweeagtig in albei hande vasgeklem. Vrees het diep lyne in die jeugdige gelaatstrekke gekerf, sy vinger het senuweeagtig om die sneller gekrul.

Die laaste wat hy onthou, was dat hy met ‘n skok besef het dat hy nie só wil sterf nie; geweet het dat hy nie gereed was om in die veld langs ŉ verlate pad sy lewe te verruil vir *niks* nie. En hy onthou die skoot wat geklap het en Gretha wat op die perdjie van die mallemeule by hom verbykom, en met daardie veraf glimlag om die draai in die donker verdwyn.

Dae later het hy in die Baragwanath Hospitaal wakker geword. Die koeël het sy hart met ŉ millimeter gemis – vir een keer in sy lewe was die geluk aan sy kant. Hy was aan die bed vasgeboei. In ŉ hoek van die vertrek het ŉ polisieman hom verveeld dopgehou terwyl hy deur ŉ *Sowetan* blaai. Nog ŉ polisieman het voor die deur wag gehou – albei was swaar gewapen.

Hy was ŉ gevaarlike misdadiger, maar het steeds soos die skollie uit die townships gevoel – ŉ pa wat sy enigste kind verloor het. Al wat hy oorgehad het, was ŉ lewe wat hy nie meer wou hê nie.

Elf maande lank was hy verhoorafwagtend, in ŉ sel saam met dertig of veertig ander. Op die sewende Desember is hy gevonnis tot 18 jaar gevangenisstraf. Ooggetuies het hom bestempel as ŉ gevaarlike bankrower wat tot op die laaste weerstand gebied het. Sy wapen is langs hom in die gras opgetel waar die jong polisieman hom *moes* skiet omdat hy *geen ander keuse* gehad het nie. Niemand het vir sy verdediging getuig nie en hy kon die getuienis teen hom nie weerlê nie. Wie sou hom in elk geval glo?

In die vangwa op pad na Pretoria Sentraal kon hy vir oulaas deur ŉ ronde gat in die agterkant van die vangwa loer. Die sypaadjies was ŉ warboel van mens en kleur. Kersmusiek het deur luidsprekers gespeel, winkelvensters was opgemaak. Oor vyftien dae sou dit Kersfees wees.

Sam hou voor ŉ Indiërwinkel in Nancefield stil. Met sy arms oor die stuurwiel gevou kyk hy na Hottie: “Ek hoop nie jy het sag geword nie, Bra.” ŉ Sarkastiese glimlag vorm om sy mondhoeke, in sy donker oë is ŉ dreigende gloed.

“Nee, ek het nie sag geword nie,” sê Hottie, meteens driftig, “maar ek is uit op parool, nes jy. Hoe gaan ons dit hanteer? Ek sien, nes jy, nie weer kans vir die tronk nie.”

“Hottie, Hottie, dink jy regtig ek is ’n weghol-asshole? Die cops in hierdie land is lankal nie meer in control nie, die tronke is oorvol. Dink jy hulle kan ’n fok omgee oor iemand op parool?” Hy lag humorloos. “Onthou Babba, hier is nie werk in hierdie joint vir ex-convicts soos ons nie. Hoe gaan jy survive? Wat gaan jy eet, waar de fok gaan jy heen?”

Hottie ignoreer die vrae. “Wat maak jy as die traffic cops jou aftrek?”

Sam snork. “Ek het vals papers, Babba. Ek is lankal nie meer Sam Serathi nie. Hy is dood. Die man in sy plek is bad news. Kom, ons moet stock koop vir die dae wat voorlê.” Hy gooi die deur van die Fiat oop, klim uit en stap sonder om om te kyk die trappe op na  die winkel.

***

Hoofstuk 9

Hy sit op ‘n bankie voor die kliniek. Sy tas staan voor hom op die gras. Hy kyk ongeduldig op sy horlosie: Byna halftwaalf. Lisa het gesê halftwaalf. Sy moet net nie weer laat wees nie, dink hy.

Vier lang maande in die kliniek is uiteindelik verby. Swartfontein: nog ŉ obskure baken in sy geskiedenis. ŉ Donker naam vir ŉ donker plek, bevolk met mense wat weet wat dit beteken as jy praat van die donker sy van die lewe. Hy kyk op teen die berg, sien die strepe syferwater uit die fonteine wat die rotse vlek, die plantasies wat die hange van die berg donkergroen inkleur. Dis asof jy die stilte kan hoor. Hy sou lief kon word vir ŉ plek soos dié.

Onwillekeurig dwaal sy gedagtes na die ou kas in die motorhuis. Sou die *dope* nog daar wees waar ek dit weggesteek het? Hy kyk weer op sy horlosie: die noodapteek in Marlands sluit net na agt. Ek maak al klaar weer planne. Ek maak al die afgelope vier maande weer planne, dink hy. Asof hierdie tyd in die kliniek maar net ŉ vervelige interval was. En dan weer daardie ander stem: Hoe kan jy? Daar is mense wat omgee. In die verte sien hy die Honda, flikkerlig aan, by die hek indraai. Hy kyk op sy horlosie. Twintig voor twaalf. Betyds. Hy sien die geroeste kas in die lig van die enkele gloeilamp iewers in sy agterkop.

Die kar kom tot stilstand in die parkeerruimte voor die ontvangskantoor. Lisa bly agter die stuurwiel sit en laat die kar luier. Hy tel sy tas op en stap na die kar. Sy draai die venster op ŉ skrefie oop: “Die kattebak is oop.”

ʼn Oomblik lank staar hy na haar deur die glas, oorweeg dit om vir haar te vra: "Met wié praat jy?" maar hy hou sy mond. Hy loop agterom die motor. Vir hierdie rit is hy nie lus nie. Hy smyt sy tas in en slaan die klap toe. Dan loop hy na die venster aan haar kant.

Sy draai die venster verder af: "Ek sal bestuur." Hy kyk na haar terwyl sy die venster opdraai, oorweeg weer ʼn aanmerking, hou sy mond en stap om na die passasierskant. Hy maak die deur oop en plof in die sitplek neer. Moet ek haar soengroet? wonder hy.

"Hallo, Lisa"

"Hi."

"Hoe gaan dit?"

"Goed en jy?" sê sy stroef terwyl sy die rathefboom na eerste rat skuif. Stadig trek sy weg. By die grootpad draai sy regs in die rigting van Nelspruit. Agter hulle verdwyn die traanstrepe teen die rotskraag. Die atmosfeer in die kajuit is gespanne.

"Hoe gaan dit met die tweeling?"

Sy kyk vlugtig na hom voor sy antwoord.

"Goed."

"En by hulle skool?" probeer Marco gang aan die gesprek gee.

"Marco, ek het die kinders uit die skool gehaal. Hulle is nou op Warmbad in die skool."

Vir ŉ oomblik is hy sprakeloos. "Jy het die kinders uit die skool gehaal? Verskuif sonder dat ek ŉ sê gehad het?"

Stip kyk sy voor haar uit: "Ek wou jou nie ontstel terwyl jy in die kliniek was nie."

"Wat!" ontplof hy. "Jy wou my nie ontstel nie, maar jy stuur ŉ fokken dagvaardiging vir ŉ egskeiding terwyl ek veronderstel is om in ŉ rehabilitasieprogram te wees, op pad om te herstel."

"Herstel?" sê sy.

ŉ Aankomende motor flikker sy ligte en sy ry stadiger.

"Hoe kan jy die kinders doodgewoon van my af wegvat? Hulle skuif soos jy beeste skuif? Het jy enigsins ŉ idee hoe lief ek hulle het? Ek wil my nie ŉ lewe sonder hulle voorstel nie. As dit nie vir hulle was nie, was ek lankal dood."

Maar sy is voorbereid op die aanslag.

"Marco, ek kan nie meer nie. Soos dit nou gaan, kan dit nie langer aangaan nie. Jy is soos iemand wat van ŉ sinkende skip afspring en na enige-iets wat dryf, gryp om jouself te red. Soos die kinders. Jy het ons liefde stelselmatig vertrap. Ek is moeg. Ek sien nie meer kans nie." Haar laaste woorde is skaars hoorbaar. Met die agterkant van haar hand vee sy oor haar wang.

"Ek wéét die kinders is lief vir jou, dit maak my bang om daaraan te dink, maar ek kan nie toelaat dat jy langer met ons liefde dobbel nie. Dink jy regtig hulle kan trots wees op ŉ pa soos jy? Ek weet nie of hulle werklik weet wat aangaan nie, maar

hulle weet *iets* is verkeerd. Ek kan dit hoor in die vrae wat hulle vra. Ek het ŉ verantwoordelikheid teenoor hulle."

Hy probeer haar in die rede val, maar sy gaan voort.

"Hoeveel keer het ons al hierdie gesprek gehad? Die Marco wat ek liefgehad het, is nie meer hier nie. Die Marco wat ek die laaste jare leer ken het, is ŉ vreemdeling met geheime wat hy nie wil deel nie. ŉ Mens wat ek moet deel met ŉ monster waaroor nie ek of hyself enige beheer het nie."

Lisa skep skaars asem. "Ek het genoeg gehad van jou arsenaal verdedigingsmeganismes. Weet jy dat ek ook ŉ sielkundige gaan sien het, hom amper gesmeek het om te sê dat ék die skuldige is in hierdie vreeslike verhaal. Dat ek die een is wat verkeerd is."

Buitekant skuif die landskap verby: lemoenboorde wat teen die heuwels uitstrek, piesangbome met trosse vrugte wat swaar onder die breë blare hang. Langs die pad stap ŉ swart vrou met ŉ emmer op haar kop gebalanseer; twee seuntjies en ŉ hond hardloop voor haar uit. Armoedige huisies bespikkel die landskap.

"Ek kan hierdie dinge nie langer vir ander wegsteek nie, nie meer voorgee dat niks verkeerd is nie," sê sy. "Almal het moed opgegee met jou. Selfs Pa, wat altyd in jou geglo het. Die ouers van die tweeling se maatjies wil nie meer hê dat hul kinders na ons toe kom nie. Die tweeling wil nie meer hê dat iemand kom speel nie. Hulle het skaam geword vir hulle abnormale pa. Nee Marco, hierdie skip kan nie meer vlotgemaak word nie.

"Lisa, hierdie laaste vier maande in Swartfontein was anders as die vorige kere," probeer hy.

"Hoeveel keer het ek nie al daardie woorde gehoor nie? Destyds, by die Vaalrivier, voordat ons getroud was, het ek nog geglo. Stadig maar seker het jy daardie geloof doodgewurg en ek het vasgeklou aan die enigste wat daar oorgebly het: hoop. Ek was naïef."

Dit word stil in die kar. Veraf ruis die enjin terwyl die landskap en die lewe verbyskuif*: 'Welcome to Nelspruit,'* deur die buitewyke van die stad. '*Thank you for your courtesy,*' groet 'n groen bord met wit letters by die uitgang en dan is dit weer die teerpad wat soos 'n swart slang voor hulle uitkronkel.

"Lisa, 'n paar weke terug het ek op die ingewing van die oomblik begin skryf. Alles neergepen oor dit wat hier binne-in my vasgekeer is. Ek weet jy sal skepties wees daaroor, soos jy skepties is oor alles wat ek aanpak. Maar op een of ander manier sal ek die leegte hierbinne moet vul, voordat dit te laat is."

"Hoekom kon óns liefde en die tweeling dit nie vir jou vul nie?" vra sy.

Sy stem het sag geword: "Dink jy nie dat ek ook gatvol is vir alles nie? Siek vir hierdie monster wat enige tyd te voorskyn kom en doodeenvoudig vir Marco Verkerk opsy skuif en sy lewe oorneem? Ek wil nie dink wat gaan gebeur as ek die dag ophou hoop nie."

Op haar gesig is die trek van bitterheid en vreemde vasberadenheid wat hy die laaste jare ál meer gesien het.

"Marco, jy het al soveel maal gesê dat jy nou iets gekry het wat jou lewe gaan verander. Neem byvoorbeeld Hendriksdal: Jy verkoop die bakkery vir 'n helse wins. 'n Jong man wat al die geld het wat hy in die lewe kan begeer. Geld wat nie 'n einde

maak aan jou probleem nie. En wat maak jy? Jy gaan koop ŉ plaas in die Bosveld . . . *omdat dit my lewe gaan verander*, glo jy."

Dit word weer stil tussen hulle en hy kan nie anders as om terug te dink aan Hendriksdal nie: Eenduisend hektaar Bosveldparadys. Vasgevang in die kronkels van die Matlabasrivier – vir jare aaneen ŉ droë loop wat sy weg deur die dorheid van die Bosveld oopveg op pad na die Limpopo. En soms, wanneer die reëns geval het, verander die droë landskap vir ŉ rukkie in ŉ lushof.

Wanneer hy sy oë toemaak, kan hy nog die plaas voor sy geestesoog sien lê. Dit was soos ŉ reddingsgordel, uitgeslinger in die onstuimige waters waarin hy gespartel het.

Hendriksdal met sy vleie en waterpanne: ŉ oase wanneer dit gereën het. Hendriksdal met sy mapiepiebome, ineengetrek onder die skroeiende son; statige hardekoolbome en sekelbos tussen die krulgras en rosyntjiebos. Rooibokke en koedoes wat wegraak in die fluitjiesriet en bloubuffelgras. ŉ Droom wat, helaas, net dit gebly het: ŉ droom.

Maar op daardie tydstip het Hendriksdal vir hom geleentheid gespel. Uiteindelik sou hy die bakkery uit sy gestel kry. Nou sou die dreuning van die oond vir altyd stil word.

God sorg.

Dit was nie die eerste opportunistiese besluit wat hy geneem het nie. Hy het al vantevore uit goeie betrekkings bedank. *Dis wat ek nodig het. Totale verandering*. En in sy benewelde brein het hy geglo dat ŉ drastiese ommeswaai die wonderwerk sal

bewerkstellig. Ander kere het hy gewonder: Was Lisa nie ook een van daardie opportunistiese skuiwe nie? ŉ Maatreël om die leegte op te vul – een wat, soos Hendriksdal, jammerlik gefaal het.

Hendriksdal was ŉ fiasko. In daardie droë wêreld was dit nie ŉ ekonomiese eenheid nie. Hy het skuld gemaak om beeste te koop, skuld om die plaas met wildwering te omhein, skuld om voer te koop. Teen die tyd dat hy besef het dat hy so gou as moontlik moet verkoop, het terroristelandmyne twee gesinne digby Pontdrif se grenspos, veertig kilometer vanaf Hendriksdal, uitgewis. Pryse van plase in die omgewing het getuimel.

Hendriksdal was níks meer werd nie.

Stadig verskyn die buitewyke van die stad op die horison en dit is Lisa wat praat. “Ek het uit die huis getrek en die helfte van die meubels gevat. Die eetkamerstel het ek self gekoop. Dis myne. Die kinders se goed het ek álles gevat. Die meubels wat ek nie gebruik nie, stoor ek op Goedgevonden. Pa het vir my plek gemaak in die ou huis op die plaas. Hy reken dit sal veilig wees daar. Ek het iets van alles vir jou gelos: breekgoed, eetgerei, blikkieskos.”

Die finaliteit van dit alles sink ineens by hom in. Al die sarkasme en aggressie wat hy vooraf beplan het vir wanneer die onderwerp van egskeiding ter sprake kom, verdwyn.

“En Brutus?” is al waaraan hy nog kan dink.

“Die hond is ook op die plaas. Ons sal goed na hom kyk. Ek sal hom terugbring sodra ek weet jy kan hom versorg.”

Die betekenis van die woorde tref hom soos ŉ baksteen en hy wonder: is dít hoe pateties ek lyk van buite? Ek word nie eens met die hond vertrou nie! Ek het sulke wonderlike voornemens gehad in daardie dae voor die dagvaardiging: *Ek gaan die wêreld weer vierkantig in die oë kyk. Almal wat my afgeskryf het wýs dat Marco Verkerk sterker is as wat hulle dink. Die kinders se maatjies sou weer kom kuier.*

Uit die verte hoor hy Lisa se stem: "Die werk het laat weet dat hulle nie meer kans sien om die pad verder met jou te loop nie. Daar lê ŉ brief op die kombuiskas. Paul het dit self gebring toe hy die goed uit jou kantoor kom afgee het. Hy het gesê hy's jammer, maar hulle het jou al soveel kanse gegee. Jy kan hulle nie blame nie, Marco. Daardie mense het vir jou omgegee."

Die eerste huise aan die buitewyke van die stad skuif verby. Die spitsverkeer op die hoofweg is reeds aan die afneem.

Vasberade gaan sy voort: "As jy mooi daaroor nadink, het ek die broodwinner in die huis geword. Die geld wat jy verdien, verdwyn in ŉ bodemlose put, ek kan lankal nie meer daarop staatmaak nie."

Lisa kan die trane nie meer keer nie: "Jy sal nooit vir ons kan sorg nie. Ek is gatvol. Hierdie bus het by sy laaste halte gestop, ek klim af en ek neem die tweeling saam. Die kinders wil nie ŉ tramp vir ŉ pa hê nie, hulle wil iemand hê waarop hulle trots kan wees. Watter herinneringe moet hulle met hulle saamdra? Moet hulle eendag vir hulle kinders vertel: 'My pa het op ŉ godverlate straathoek of in ŉ slum gesterf aan ŉ oordosis drank en dwelms?'"

"Is jy klaar gal gebraak?" Sy stem is onredelik. "Klaar getrap? Is jy happy noudat jy my kan terugkry vir wat ek al die jare aan julle gedoen het? Geniet jou oomblik van glorie. Ek wil die dag jou gesig sien as ek herstel het."

Sy woede is soos 'n veldbrand: "Eintlik weet jy fokkol van my. Jy leef op die hallusinasie dat my lewe 'n *walk in the park* is. Jy weet niks van die nagte wat nie einde kry nie, zero van die wroeging en selfverwyt. Ek wonder elke dag van my lewe hoekom God my nie 'n normale lewe gegee het nie, soos vir die buurman of vir Paul of jou of selfs die fokken hond."

"Jou taal, Marco."

"Fok my taal! Ek smag na vrede en gemoedsrus. Maar eendag gaan jy nog voor my kom staan en sê: 'Jammer Marco, ek was verkeerd.' Eendag wanneer Christus wakker word agter in my skuit en die storm stilmaak."

"Daar gaan ons al weer, Marco. Vandat jy beheer verloor het oor hierdie probleem, probeer jy die skuld op ander pak en telkens mik jy 'n steelhoutjie in die rigting van God. Jy alleen is verantwoordelik vir hierdie morsige tragedie. Jy is die een wat wakker moet word voordat jou skuitjie omdop."

Trane vlek haar donkergroen bostuk. Sy aggressie is skielik weg. Meteens kry hy haar só jammer. Hy wens dat hy sy arms om haar kan slaan en haar teen hom kan vasdruk; vir haar vertel hoe spyt hy is. Sy het hom al so dikwels kinderlik naïef vergewe, sy leë beloftes geglo.

"Marco, hierdie keer is dit verby. Vir altyd. Soos gister en eergister. Hierdie seerkry het te groot geword vir my. Ek wil voor begin, ander mans leer ken. Ek wil

sekuriteit hê – iemand wat vir die tweeling kan sorg. Iemand wat saam met my oud kan word." Sy kyk stip in die pad voor haar. "Onthou jy vir Danie?"

Dit skud hom en al wat hy kan sê is: "So gou?" Hy lê terug in die sitplek. Dit ook nog! Hoe gaan ek dit verwerk? Danie wat ek altyd afgemaak het as te lig in die broek – dood goed en goed dood.

Om hulle lê die uitgestrekte woonbuurte van die Oos-Rand en hy is mens-alleen tussen derduisende mense. Lisa was nog altyd by as hy moes opstaan en aangaan met die lewe. Miskien is hierdie die laaste klap wat hy nodig het om tot sy sinne te kom. Dalk kan hy tog nog eendag regmaak, al behoort sy aan iemand anders.

Uiteindelik draai Lisa die kar in die oprit van hulle huis in. Sy laat die kar luier: "Ek gaan nie afklim nie. Ons het vir eers genoeg gepraat." Haar stem is beheers. "Daar is nie veel kos in die huis nie, jy moet maar vir jou ŉ pizza gaan koop. Jou karsleutels lê op die bedkassie. Ek het geld in die laai gelos. Maak daarmee wat jy wil. Ek is nie meer daar om jou probleem te beheer nie."

Hy moet mooi luister om haar volgende woorde te hoor: "Ek sal bly wees as jy hierdie week ŉ prokureur gaan sien. Moet asseblief nie die egskeiding teenstaan nie, dit gaan nie help nie. Ek slaap vanaand by André en Susan – hulle weet wat aangaan. Môre-oggend vroeg ry ek terug na Goedgevonden toe."

Skielik onthou hy. Hy draai om, trek sy handtassie wat op die agterste sitplek lê nader, rits dit oop en haal ŉ bruin koevert uit. Hy hou dit na haar toe uit: "Moenie worry nie, dit is nie ŉ betoog hoekom jy nie met die egskeiding moet voortgaan nie. Alles behalwe." Hy sit die koevert tussen hulle neer as sy dit nie wil vat nie.

Dan sak sy vooroor, leun met haar kop teen die stuurwiel en dit is of iets in haar meegee. Snikke ruk deur haar: “Hoekom, Marco? Alles kon so anders gewees het, so nice en ongekompliseerd. Ons kon so ‘n smart gesin gewees het.”

Hy kyk na haar blonde hare wat los oor die stuurwiel hang, vóél haar hartseer en besef daar is nou niks wat hy daaraan kan doen nie. Hy klim uit, loop om, maak die kattebak oop, haal sy tas uit en druk die klap toe.

Dan hoor hy die ruit afdraai: “Onthou, Marco, ten spyte van alles sal daar nooit weer iemand soos jy wees nie. En as ek dan eendag voor jou moet staan en sê: ‘Ek is jammer. Ek was verkeerd,’ sal ek die gelukkigste mens op aarde wees.”

Stadig trek sy weg.

Hy staar die truligte agterna wat helder brand in die naderende skemer. Hy wag tot die motor om die eerste hoek verdwyn, draai om en stap deur die hekkie na die huis wat in die aandskadu’s staan.

***

# Hoofstuk 10

Wat sou Sam se planne wees? wonder Hottie terwyl die swartman in die bosse verdwyn. Hy staan langs die Uno op die verwaarloosde werf. ʼn Swerm muisvoëls rumoer van boom tot boom. Die kattebak swaai oop. Hy haal sy tassie uit en sit dit langs hom in die stof neer. Hy buk en tel die sakkie mieliemeel en die kartondoos met blikkieskos wat hulle by die Indiërwinkel in Nancefield gekoop het op, en dra dit na die skaduwee onder ʼn boekenhoutboom.

"Hel, maar die plek is eensaam," sê hy saggies aan homself, net om iets anders te hoor as die gesuis van die sonbesies in die laaste hitte van die agtermiddag.

Die lang dag het hom uitgeput. Die laaste weke in die tronk kon hy nie slaap nie. Hy was doodsbenoud om vrygelaat te word. So dikwels het hy manne gesien wat jare lank gedroom het van vryheid en dan maande later weer deur die lang gang tussen die selle afgestap kom. Terug, stukkend en ontnugterd. Die wil om te leef vernietig deur ʼn samelewing waarin daar nie plek is vir gerehabiliteerde misdadigers nie.

En daar was die lang pad na hierdie verlate bestemming. ʼn Eindelose netwerk van ompaadjies deur dorpies wat hy nog nooit vantevore gesien het nie.

"Waarheen is ons op pad Sam?"

"Tjek jy die berge in die verte, Babba? Hulle noem dit die Waterberge."

"Ek wil wéét waarheen is ons op pad, Sam."

"Jy beter nie weet nie, net in case die cops ons optel."

Voor hom staan die bouval van ‘n ou plaasopstal. Die gate waar die vensterrame uitgebreek is staar soos leë oë na die berge. Hy stap in die tuinpaadjie op na die voordeur. Langs die strook gebarste sement lê en staan geroeste blikke met die stokkerige oorblyfsels van plantwortels wat oral deur die verrotte metaal steek. Om hom lê die tuin, oorgroei met onkruid, in die lang skadu's van nabome. Teenaan die gekraakte sementdam staan ʼn windpomp met enkele gebuigde vinne wat stram in die wind kreun. ʼn Geroeste pyp hang soos ʼn krom vinger in die droë sementdam. Langs die stoep stoot oranje en pers bougainvilleas teen die bleekwit mure uit.

Hoe sou hierdie plek jare terug gelyk het? wonder hy. Dit moes lank gelede vir iemand  ʼn woonplek gewees het. Wat het van die mense geword en hoekom weggaan en ʼn plek soos hierdie los om te verwaarloos?

Ai, as ek maar ʼn plekkie gehad het soos hierdie! Hy kan sien hoe hy inspring om die plek weer leefbaar te maak. Hy sou die gebreekte dakbalke met nuwes vervang, die geraamte oortrek met sink. Die mure sou hy afskuur, die barste met polyfilla opvul; die ou windpomp ordentlik staanmaak en silwer verf. Hy sien al hoe die nuwe vinne in die sonlig flits. En hy sou wag totdat die water diep agter in die pyp gorrel en helder in die dam stort.

Kinderstemme sou oor die werf weerklink.

Dan besef hy dat hy droom. Hy hoor Sam se stem: “Ons is fokken criminals, Hottie. Wie gaan ons ʼn job gee? Onthou: Niemand gee ʼn fok vir jou om nie, behalwe ek.”

Langer as sewe jaar het hulle ʼn sel gedeel. Sam, met die lewelose oë en die altyd-smeulende aggressie. “Hoor jy wat noem die motherfuckers my, Hottie? ʼn Animal, soos daardie regter wat my destyds verhoor het. Maar hulle is verkeerd. Mense máák van ander ʼn dier.” En snags wanneer die soekligte vanuit die wagtorings deur die sel flits, sou Sam sy mondfluitjie uithaal en saggies daarop begin speel. Soet en suiwer klanke. Nie die ander gevangenes óf die bewaarders sou ʼn woord daaroor rep nie. Elkeen sou luister en gesigte sien uit ʼn verlede wat lankal verby is; weggevoer word na ʼn ander tyd, waar jy die son sien opkom en voel hoe die wind deur jou hare speel.

Die melodieë sou die beknopte ruimtes vul: “Catch the wind” van Donovan, Bob Dylan wat fluister dat hy nie saamstem nie, David Kramer wat vertel van Skipskop en ʼn way of life wat vir altyd verby is.

Hy was verstom oor Sam se kennis van musiek. En toe hy Sam daaroor uitvra, het dié vertel van die jare in C-Max waar jy dag en nag net na die radio luister. “Ek het daardie songs gememorize, Babba. Protestsongs wat gaan oor freedom.”

Klanke wat vertel het van ʼn Sam wat niemand ken nie.

En wat is daar anders om te doen in ʼn tralievierkant as om te deel met die een wat dieselfde lot as jy het? Jy deel jou verlede en jou gewaande onskuld, jou liefde en jou haat, hoop en bitterheid. Jy deel met mense wat moed opgegee het, soos jyself.

In daardie lang, leë dae en nagte het hy ure lank na Sam geluister; ʼn ander wêreld leer ken: lewe op ʼn plaas in Afrika. Nie die lewe gestut deur ʼn stewige bankrekening nie, nie die alledaagse van noodsaaklike geriewe nie. Hy het geleer van die lewe van die swartman in Suid-Afrika.

Sam is gebore op ʼn plaas naby Koster. ʼn Tengerige klonkie wat met ʼn verflenterde kortbroek en ʼn hemp wat hy by sy broer geërf het, die ysige winters met die vlaktes moes deel. Hy kon ure lank vertel oor ʼn lewe waarin die luuksheid van kindwees net enkele jare duur. Lewe in ʼn stroois met twee vertrekke, elkeen met ʼn luggat as venster Sewe kinders wat snags lepel gelê het, in die rook gevulde vertrek. In die lente sou hy sy ouma help om die mure met modder oor te smeer, verf te meng en vrolike kleure oor die rooibruin besmeerde mure te skilder. ʼn Vrolike krot van buite – ʼn grot van binne.

Hy sou vertel van ʼn dag toe daar ʼn blink kar in ʼn stofwolk voor die stroois stilgehou het. Mense wat ʼn vreemde taal praat het met kameras om die huisie geloop. ʼn Jong vrou in ʼn veelkleurige uitrusting het sy ouma gevra of sy die huisie van binne mag bekyk. Saam is hulle die skemer in. Oomblikke later het die vrou weer in die deur verskyn, duidelik ontsteld. Sy het in die kar geklim, iets in haar vreemde tongval aan haar reisgenote geskreeu. Minute later is hulle weg. Die stof wat op die vaal struike neergesif het, was die enigste teken dat iets anders as die normale gebeur het. Hy het ingenome na sy ouma gekyk en opgemerk dat iets pla.

"Hoekom is Ouma nie trots nie?"

"Jy sal nog groot word, Sam." Sy het omgedraai en die veld ingestap.

Hulle speelgoed was eenvoudig: ʼn verslete buiteband wat hulle teen die skuinste voor die huisie afgerol het, waar dit tussen die bankrotbossies deurgehobbel het, totdat dit ver ondertoe in ʼn erosiesloot gaan lê het. En dan terug teen die skuinste uit, tussen die bankrotbossies deur na bo om voor te begin.

Soms sou sy pa saamspeel en Sam sou opgewonde na hom opkyk. Sy pa sou met sy pyp in die mond die buiteband vat en dit ‘n harde stamp gee. Stomgeslaan sou Sam kyk hoe die band tussen die bossies deurspring, vinniger en vinniger, stof opskop, twee of drie keer grondvat in die sloot, teen die anderkantse wal uit, voordat dit meters verder in die veld gaan lê. En wanneer Sam omkyk, sou die ouman met sy vuis gebal in die lug staan, die pypsteel in sy glimlag vasgebyt. En hy het gedroom dat hy dit ook eendag gaan regkry: Onder toe, vinniger en vinniger teen die skuinste af, deur die droë sloot, anderkant uit.

Net soos sy pa.

Sy susters het ŉ eenbeenpop gedeel. Die eenvoudige wiegie het sy pa van tamatiekisplankies aanmekaargetimmer en uitgevoer met beddegoed van oranje baaltou. Dit is hoe hulle geleef het. Kinders van die veld.

En Sam se stem sou bitter word en Hottie sou in die donker sel sit en kyk hoe die soekligte uit die wagtorings in geel vlekke op die betonvloere uitslaan.

Hy het vertel van kinders wat mieliepitte in die gestroopte mielielande optel vir die hoenders wat op hulle werf rondgeskrop het; van ŉ baas wat met sy bakkie in ŉ stofwolk stilhou, met sy groot lyf by die deur uitsukkel en hulle met ŉ bulderende stem naderroep: “Wie het julle kaffertjies toestemming gegee om hier op my lande rond te fok en my mielies te steel?” Hy sou vertel van ŉ boorgat wat opgedroog het, *omdat kaffers nie ŉ idee het hoe om spaarsamig met water om te gaan nie.* Daagliks moes hulle drie kilometer ver onder die skroeiende son of in die stortreën stap om water in ŉ plastiekdrom uit ŉ kuil in die spruit te skep, in die skraal wintermaande ŉ modderige poel en in die somer tussen die beeste, wat pensdiep in die louwarm water staan en herkou.

As hy oor sy pa begin vertel, sou sy stem sagter word en die bitterheid ŉ ander dimensie aanneem. Hy was lief vir sy pa. Vir hom was dit die man wat soggens voor sonsopkoms opgestaan en na buite gegaan het. Wanneer die sterre aan die hemel blink sou hy weer soos ŉ skadu uit die nag te voorskyn kom. Sonder ŉ woord sou hy aansit en die pap wat vroeër die middag gemaak is uitskep in sy bord en eet. Sam sou onder sy kombers uitkruip en die plastiekkan, waarin hulle water gaan skep, nadersleep en by hom gaan sit. Opgewonde sou hy vertel wat hulle alles die dag aangevang het, totdat ŉ ruwe hand oor syne vou. Hy kon die eelte en die swaarkry voel. In stilte sou hulle aan tafel sit, totdat hy die drukkie voel en hy geweet het dat dit tyd was om te gaan slaap. Laatnag sou hy nog wakker lê en wag totdat die bittersoet melodieë van die mondfluitjie hom wegvat na ŉ wêreld sonder swaarkry. En ‘n tyre wat teen die skuinste afjaag, twee of drie keer grondvat in die sloot, anderkant uit.

“Ons was arm, Babba. Ons het fokkol gehad, maar ons was happy, omdat ons nie van beter geweet het nie. ‘n Oukersaand het alles gechange. En eendag vertel ek jou álles. Dan kan jy self judge.”

Hy skrik as ŉ uitgeteerde kat voor hom uit ŉ vertrek skarrel en deur die gat van ŉ venster in die bos in verdwyn. Die murasie lê besaai met bourommel, glasskerwe en houtsplinters. Hy stap by ŉ vertrek in en kyk deur ŉ venster na buite. Op die vensterbank lê ŉ dooie blouspreeu – die vlerke uitgesprei asof dit nog êrens hoog en vry in die blou lug dryf. Die vlerke het hulle glans verloor, die oogkaste is leeg.

In die hoek van die kombuis vlek ŉ roetkol die bleekwit mure. Rondlopers moes jare terug, miskien op ŉ koue wintersnag, vir hulle ŉ vuur gepak het. Wié sou hulle

gewees het? wonder Hottie. Waaroor sou hulle gepraat het en waaraan gedink het terwyl hulle oor die vlamme van die vuur gehurk het?

Die verlatenheid van die plek laat hom ril. Hy kyk deur die venster en sien grafstene onder ʼn reuse bloekomboom in die verste hoek van die tuin: verweerde klip wat in die laaste sonlig staan.

Hy stap teen die trappe af na buite. Die meganiese klik stuit hom in sy spore. ʼn Koue rilling gly teen sy rug af. Die swart oog van die geweerloop is in sy gesig. Om hom het die Bosveldgeluide stil geword. Hy sien die agtermiddagson op die loop weerkaats. Hy sien Gretha leweloos in sy arms, ʼn jong polisieman wat sy wapen oplig, ʼn ou man by ʼn vuurtjie op ʼn verlate straathoek. En hy sien die buitelyne van die haas wat op die volmaan hurk. Rukkerig rol dit deur sy gedagtes, soos ʼn film wat op sy spoel gly.

Ademloos wag hy vir die donderslag.

***

# Hoofstuk 11

Marco stap na die voordeur. In die verte ruis die stadsverkeer op die M12. Die son is onder en die woonbuurt is in skemer gehul. Die ou mynhoop in die verte is die kleur van aangeslaande koper. Die dag toe hulle die huis gekoop het, het hy vir Lisa gesê: "Is daardie morsige hoop grond waarop ons die volgende jare ŉ uitsig gaan hê ook by die prys ingesluit?"

"Een van die dae is dit weg, Marco. Hulle werk die reste terug in die ou skagte in, of wil jy nou net moan omdat ek die plek uitgekies het en nie jy nie?" het sy geantwoord.

Hy het gebrom: "'n Monument van die mens se ewige hunkering na rykdom. As hy dit nie op die oppervlakte kry nie, gaan krap hy daarvoor in die pens van die aarde."

"Hoekom moet jy altyd moan, Marco? Wat wil jy met ŉ uitsig maak? Ons het mos nie 'n uitsig nodig om gelukkig te wees nie. Raak die lewe gewoond, man."

By die voordeur sit hy sy tas neer en haal die deursleutel uit sy sak. Verder af in die straat hoor hy mense lag; die reuk van braaivleis dwarrel in die aandlug. Besluiteloos staan hy voor die deur. Dan druk hy die sleutel terug in sy sak en stap na die motorhuis, druk die staaldeur oop en skakel die lig aan. Die gloeilamp gooi ŉ geel skynsel deur die stowwerige vertrek. Hy sug, stap na die geroeste kas wat in die hoek staan en trek die deur oop. Die ou klok wat jare terug op die vuurherd in die sitkamer gestaan het, staan nog voor in die kas. Die wysers het vasgesteek op kwart voor een. Die laaste keer dat hy daarna gekyk het, was vyf maande terug. Net voordat hulle hom

Swartfontein toe geneem het. Hy probeer die herinneringe opsy stoot, want dit is soos ŉ vuur wat dreig om handuit te ruk. Die gebeure van daardie dag sal hom vir altyd bybly. Wie weet, miskien kom hy nog eendag so ver om alles neer te skryf, sodat almal kan weet wat verslawing met jou kan maak.

ŉ Week vantevore was alles gereël. Hy en Anton sou gaan rugby kyk. Was dit die Bulls teen die Stormers of die Bulle teen die Sharks? Hy kan nie meer onthou nie. Op daardie stadium het dit nie meer saak gemaak nie. Hy was emosioneel flenters. Dwelms het hom aan die lewe gehou soos ŉ hart-long masjien ‘n sterwende aan die lewe hou.

Hy kan die dag nog goed onthou: ŉ Koue, grys wintersdag. Sneeu het in die Oos-Kaap geval. Die Maluti-berge was toe onder ŉ wit kombers; die binneland was vasgevang in die greep van ŉ ysige kouefront. Die wind het dae lank snerpend deur die kaal jakarandas gewaai. ŉ Dag om saam met jou gesin voor ŉ warm kaggelvuur deur te bring, Monopoly en Scrabble te speel. Te lag. Maar dae saam met sy gesin het skaars geword. Vroeg daardie Saterdagoggend het hy uit die bed gekruip. Lisa het met haar rug na hom toe gelê, haar blonde hare was oor die pienk kussingsloop uitgewaaier. Hy het vinnig aangetrek, deur die kombuis na buite gestap en na sy asem gesnak toe die koue oggendlug oor hom toesak. Die vorige dag het hy by ŉ pusher in Boksburg-Noord dagga, Mandrax en die man se laaste twee acid-squares gekoop. Terwyl dit stadig lig word, het hy die Mandrax fyngedruk met ŉ teelepel en bo-op die dagga in die kortsteelpypie vasgedruk, die pypie in die waai tussen sy duim en wysvinger vasgeknyp en die rook diep in sy longe ingetrek. Hy het sy asem so lank moontlik ingehou, ŉ wit wasemwolk in die koue lug uitgeblaas en gewens dat dit nie so bewolk was nie, sodat hy kon sien hoe die son tussen die derde en die dertiende trek oor die horison ontplof.

Hy was nie lus om rugby te gaan kyk nie.

Hy weet nie eens hoe laat hy die vorige nag gaan slaap het nie. Hy het die acid vroegaand onder sy tong gesit. Wat hy met die leë vodkabottel gemaak het, weet hy nie. Miskien êrens in ‘n bedding onder los grond begrawe. Die hele erf het een groot begraafplaas geword. Hy het laatnag nog voor die TV gesit, maar kan die laaste programme waarna hy gekyk het, nie meer onthou nie, net die kleure wat soos nat ink oor die skerm gevloei het en daardie verlange na meer en meer en nog. Totdat alles weggeraak het en sy gedagtes een geword het met die nag daarbuite en die skerm van die TV vloeiende ink teen al wat glasoppervlakte was in die vertrek laat afdruip het.

Net na agt het hy Brutus aan sy leiriem gevat en na die apteek om die hoek gestap. Hy het nie nodig gehad om vir die dame agter die toonbank te vra wat hy wil hê nie. Sy het al geweet hoekom hy daar was. Hy het vir die twee pakkies met kodeïne-tablette betaal, en by die naaste vulstasie agtien daarvan in sy keel afgespoel. Hy het jare terug al verleer hoe om ŉ dag deur te bring sonder om stoned te wees.

Toe Anton se kar voor die hekkie stilhou, het hy nog ŉ handvol pille gedrink. Die euforie van die dagga en Mandrax was nog net ŉ moeë herinnering in sy agterkop. Dit gaan ŉ lang fokken dag word, het hy gedink. Maar die kodeïne het hom in neutraal gehad. Tot later wanneer hy terugkom.

Lisa het hom met ŉ afgetrokke glimlag gegroet, die tweeling wou met alle geweld saam. “Kan ek saamgaan, Pappa? Ek sal stil sit. Belowe,” het Arno opgewonde laat hoor. “Nee Seunie. Een van die dae as jy groter is,” moes hy keer. Vandag nog kan hy die teleurstelling op sy kind se gesig onthou en die twee figuurtjies op die sypaadjie wat in die koue wind die kar agterna kyk. En hy onthou die verwyt wat soos ŉ reuse brander deur hom gespoel het: *‘Sal jy óóit eendag jou*

*seun saamneem, sal daar ooit ŉ dag aanbreek dat hy nie inbreuk gaan maak op jou obskure agenda nie?'*

Skaars twee blokke van die huis af het hy begin naar word. In die verte het hy Anton hoor klets. Die gewone: rugby, die Bulle se kanse om die Supertwaalf te wen, sy werk, sy vrou wat hulle eersteling verwag; die lewe wat blink.

ŉ Stem uit die vreemde.

Naby die stadion het mense deur die strate gestroom, om knetterende braaivleisvure saamgepak. Blou vlae het in die wind gewapper. Oral was Bloubul-ondersteuners met blougeverfde gesigte soos pigmeë wat iewers tussen ŉ reënwoud en Loftus die kluts kwytgeraak het, blou T-hemde, wit glimlagte en longtom-Castles, gekromde horings en luidrugtige strydkrete onder die kaalgestroopte jakarandas in die motreën.

Hulle moes draaie ry om ŉ geskikte parkeerplek te kry; uiteindelik op ŉ rugbyveld van ŉ nabygeleë skool parkeer. Anton het ŉ Castle in sy hand gedruk en hulle het by die stroom mense ingeval wat op pad was na die stadion. Twee blokke verder het die naarheid soos ŉ klam hand oor sy gesig gevee. Hy het probeer om aan iets anders te dink, om daarvan te vergeet, te glo dat hy hom verbeel. Koue sweet het op sy gesig uitgeslaan.

Ek mag nie opgooi nie, het dit soos ŉ neon-advertensie deur sy brein geflits. Hoe gaan ek hierdie dag *handle* sonder pille? Sy maag het benoud in sy keel opgetregter. Hy het dit swaar afgesluk. Sweet en reënwater het bokant sy wenkbroue opgedam. Sy maag het weer saamgetrek en hy het skielik net een ding in gedagte gehad en dit was om van hierdie naarheid ontslae te raak.

Hy kon dit nie meer binnehou nie. Die blik bier het op die sypaadjie geval en wit skuim het oor die gras gespuit. Hy het tot by die eerste jakaranda gevorder, sy maag het geruk en hy het opgebring. ŉ Omie wat met ŉ jong seun verbygeloop het, het die kind se kop weggedraai, iemand het ŉ aanmerking geskreeu. Mense het gelag. En hy het met sy natgeswete voorkop teen die skurwe stam van die boom geleun en terselfdertyd verlig en benoud gevoel. Paniekerig het hy sy sakke deurgevoel of daar nie miskien ŉ paar verdwaalde pille oorgebly het nie. Niks. Twintig treë verder het Anton op hom gewag. Sou hy weet van my probleem? het hy gewonder, en as hy weet, wat sou hy doen? Seker vra: "Wat kan ek doen om te help, tjom? Jy weet ek ken nog iemand wat dieselfde probleem het en hy . . . onthou ek wil help. Jy moet net eerlik wees met my."

En weke later: "Hoekom hou jy aan? Ek kan dit nie verstaan nie." En uiteindelik skouers optrek, wegkyk en sê: "Wel, ek het probeer. Wat méér kan ek doen?"

Die stadion het uit die grys dag opgedoem: ŉ Betonkolos wat soos ŉ dier grom en dan weer ruis met opgewonde applous, soos ŉ rivier wat deur ŉ stroomversnelling spoel. Kaartjies koop, deur die hekke, teen die wenteltrappe agter die paviljoen uit; voetstappe wat op die skemerdonker tonnel se betonvloere klap, stemme wat hol weergalm en skielik lig en ŉ veld wat onnatuurlik groen lyk onder die swaar wolke.

Hy kon die pienk en wit pille wat in sy braaksel onder die jakaranda langs die sypaadjie lê, nie uit sy gedagtes kry nie. Rugby kon hom nie meer skeel nie; hy kon nie meer opgewonde word of saamjuig nie. Die *magic* wat sport eens op ŉ tyd vir hom ingehou het, het aan ŉ ander dag behoort.

*Ek moet die fokken pille terugkry*. Eers net ŉ gedagteflits. *Dit los nie maklik op nie*. Die idee het momentum gekry.

Om hom het die mense opgespring. Opgewonde gejuig. Hy het bly sit met die wedstryd-program opgefrommel in sy natgeswete hande.

*Herwin, fokken recycle.*

Hy het opgestaan sonder om 'n woord te sê. Op mense se tone getrap, 'n blik koeldrank omgeskop. Terug deur die skemer in die tonnel, die geklap van sy voetstappe wat hol deur die leë ruimte eggo. Af teen die wenteltrappe. Hy smyt die bondel natgeswete program wat hy nog in sy hand vasklem, in 'n plas vuil water. 'n Seun het 'n pass-out na hom toe uitgehou. Hy het nie links of regs gekyk nie.

Hy het al vinniger geloop, begin draf, sy asem wat jaag. *Sê nou dit het opgelos*? Hy moes weet, dit agter die rug kry. Daar was nie 'n ander manier om die stemme stil te kry nie. Gemoedsrus spel jy K-O-D-Ë-I-N-E. Hy het nie gesukkel om die plek te kry nie. Hygend, sy hande teen die ruwe stam van die jakaranda gestut, het hy op sy knieë in sy eie gemors neergesak, met bewende hande tussen sy oggendete rondgekrap. Party was net wit, ander net pienk. Ander wit én pienk. Hy het die oorblyfsels, een vir een, agter in sy keel gegooi.

*Waarom kom sulke dinge altyd terug?*

Die reën het harder begin val. Op sy knieë, handpalms na onder gedraai, het hy in sy eie braaksel gestaan. Agter hom het Loftus stil geword, soos die stemme in sy agterkop. Grepe uit sy verlede het voor sy oë verbygerol: Pa en Ma, hand aan hand op die perron van Heilbron se verwaarloosde stasie, die stoomtrein wat fluit; krom figure wat wegraak in die fyn roet wat deur die lug dwarrel, totdat net die buitelyne oorbly. Twee kinders, hande gelig op 'n sypaadjie in die motreën.

Hy het opgekyk, oë wat brand, reëndruppels het teen sy gesig afgestreep. ŉ Kind het in die mistigheid op die sypaadjie gestaan – ŉ programverkopertjie. Onverkoopte programme was onder sy arm vasgeknyp. ŉ Seun met verbystering en afgryse en ongeloof op sy gesig geteken. Êrens ver weg het die stroomversnelling geruis. Hy kon Arno en Charlene in sy gedagtes sien staan: sou hulle ŉ begrip hê van wie en wat hulle pa werklik is, sou hulle kon vrede maak met die beeld van hierdie subspesie wat op die sypaadjie in sy eie oggendete rondkrap?

Oomblikke lank het die kind na hom gestaar, sy mond het senuagtig getrek. Verleë, asof hy op ŉ kwajongstreek betrap was. Toe het hy omgedraai en straataf laat spaander. Die programme het een vir een onder sy arm uitgeskuif, agter hom in die plasse modderwater gaan lê. Die bladsye het oopgevlerk in die wind geroer.

Hy het afgekyk en gedink: Hierdie is hoe die lewe lyk in die kelderverdieping van die fokken aarde – ŉ mens gereduseer tot een of ander eensellige organisme. Dis jý. Marco Verkerk.

Soos ŉ ou man het hy orent gesukkel. Trane van woede en frustrasie het met die reëndruppels op sy gesig gemeng. Iewers het die kolos gegrom en binne-in hom het die rustigheid wat die pille bring, oorgeneem. Die naald van sy skommelende emosies het stadig tot ruste gekom – soos ŉ ou draadloos wat krapperig op ŉ stasie gaan staan. Hy het sy linkerhand oopgevou, twee smerige wit-pienk pille het in sy handpalm gelê. ŉ Oomblik lank het hy oorweeg om dit die veld in te slinger en toe, sonder om verder te dink, dit agter in sy keel ingeskiet.

In die verte het die stadsliggies in die skemer begin glinster. Onvas het hy in die rigting van die stad gestap. Verby die programme wat nou deurnat en roerloos in die modderwater gelê het. Op ŉ stadium het hy begin hardloop, die liggies tegemoet –

weg van die spookbeelde uit sy verlede, weg van homself af, weg na die stad se donker buurte.

Weg, na ander soos hy.

Dae later het hy in ŉ hospitaal wakker geword. Hy het nie ŉ idee gehad watter een en hoe hy daar beland het nie. ŉ Drup het bokant hom in die skemerlig geglinster. Die onttrekkings het hom deur die hel gesleep. Lisa en haar pa het hom by die polisie aangegee as vermis en hom uiteindelik drie dae later opgespoor.

Hy kom meteens agter dat hy nog altyd voor die kas staan. Sweetdruppels loop teen sy slape af en hy voel die verlange na dwelms of alkohol oral in hom prikkel. En hy wonder of daar ŉ manier is om daarvan te vergeet of dan net daardie gedagtes vir ŉ klein rukkie uit te stel; dit op *hold* te plaas tot die volgende dag of die volgende jaar of verkieslik tot die jaar 3000. Dan draai hy om, skakel die lig af en stap terug na die agterdeur.

***

# Hoofstuk 12

"Sam," probeer Hottie versigtig.

Stadig laat sak Sam die geweer. "Jissis Babba, ek sal jou in history inblaas." Die oë wat sekondes lank oor die visier gelyk het soos dié van die dooie blouspreeu, verhelder. "Jy ken 'n AK47, Babba: Waar die koeël ingaan, maak hy 'n gat so groot soos jou pinkie en waar hy uitkom, vat hy alles saam. Moenie dat ek skrik nie."

En Hottie kan aanvoel dat Sam besig is om te verander, soos 'n pofadder wat stadig uit sy vel wikkel – gereed vir sy seisoen van terreur. Hy ken Sam. Ken daardie senuweeagtige trek om die mond, die oë wat doodgaan, die hand wat onbewustelik aan die litteken op sy gesig vat en aanhou krap totdat die bloed loop, die aggressie wat onverwags momentum kry en uitbars, soos 'n damwal wat breek.

Hy wil vra: "Waarvoor die wapen, Sam?" Hy wil sê: "Sam, ek het genoeg gehad van dood. Ek wil die windpomp regmaak, sien hoe die water in die sementdam loop."

Maar hy bly stil.

"Kom Babba, ons gaan maak 'n vuur en dan vertel ek jou van 'n nag lank gelede."

Die stukkende balke wat lank gelede die dak van die opstal gestut het, gooi splinterskaduwees teen die mure rondom hom. Deur een van die vensteropenings kan Hottie die son sien wat gloeiend kop uitsteek agter die berg. Ingedagte lê hy met sy kop op die trui wat hy laasnag as kussing gebruik het.

Hy het weer gedroom van die ou boemelaar en die volmaan wat aan die hemel hang. Hy onthou die stem of dit gister was: “Ons vergeet so dikwels dat ons net één keer leef. Jy moet altyd iets in die lewe hê waaraan jy kan vashou.” En dan sou die ou man vir homself ’n zol rol met ‘n velletjie papier van die onverkoopte koerant wat Hottie vir hom eenkant gehou het. Hy sou die koerant oprol en die punt in die vuur druk, die vlamme voor die zol hou. En die reuk van Boxer sou meng met die stank van hulle plank- en plastiekvuurtjie. “Ons laat so maklik los en verloor belangstelling. Soos ek. Die pad terug word te steil en jy sien nie meer kans nie. Maar jy is nog jonk. Dit gebeur dikwels dat die stormwolke opkom, donker voor die maan verbyjaag. Jy kan die haas nie meer sien nie. Jy wonder: Is hy nog daar? Maar hy is net agter die wolke. En môrenag, wanneer die sterre wit gesaai lê, hurk hy weer daar waar jy hom kan sien.

“Die lewe kom één keer by jou verby.”

Laatnag het hy wakker geskrik. Hy het uit die bloute daaraan gedink dat hy met Sam moes gaan praat die volgende oggend. Hom vertel dat hy nie kans sien vir sy planne nie. Hy wil sy eie koers inslaan, sy paroolbeampte kontak, ’n werkie êrens losslaan: grassnyers regmaak, op ’n plaas gaan werk waar die horison nie soos ’n plakkerskamp lyk nie.

Sam sou tog verstaan?

Of het die tronk my vir altyd verander, wonder hy. Daar moes hy ophou dink. Hoop het met die tyd in ’n lugspieëling verander. Hy moes elke dag luister na mense wat spog oor hulle eie gruweldade; hoor dat moord die hoogste trappie is wat jy kan bereik op die leer van sukses. Jy leer dat dobbel en smokkel en dwelmmisbruik die enigste manier is om die ure om te kry. Hy het soveel jong mans gesien wat binne die

eerste ure agter die hoë mure verkrag en verniel word. Jy moet by bendes aansluit om aanvaar te word en jy leer dat bewaarders niks anders is as misdadigers in die uniform van die gevangenis-owerhede nie. En op ŉ dag, jare later, swaai die swaar houtdeure voor jou oop en jy staan alleen op ŉ besige sypaadjie in Potgieterstraat en besef met ŉ skok dat jy niks het nie, niemand is nie en nêrens het om heen te gaan nie.

En deur dit alles het Sam hom ondersteun en die hel leefbaar gemaak. En na wat Sam hom laasnag vertel het, voel dit of daardie band tussen hulle vir altyd daar sal wees.

Sam het ŉ vuurtjie op die vloer van die ou kombuis aangepak. Die skemer het in ŉ honderd kleure oor die berge neergesak. Vlamme het aan die roetvlek teen die muur gelek. Die AK het oor sy skoot gelê. "The best," het hy gesê asof hy net met homself praat. Hy het die patrone een vir een uit die magasyn gedop, een vir een teruggedruk. Die staalkolf teen sy wang aangedruk en die nag ingekorrel. "Ek het die piece in Diepsloot gekoop net voordat Fred dood is." Die vlamlig het op die staalgrys loop gedans en ŉ rilling het teen Hottie se rug afgegly. Agter die wind het ŉ jakkals gehuil. Sam het stip in die vuur gekyk en die geweer teen die muur geleun. Die pap het in die pot geprut.

"Ek het nog nooit die storie van daardie nag voor Kersfees aan iemand vertel nie. Ek het die anger hier binne in my opgekrop. Dit vir myself gehou, want ek het altyd die feeling gehad dat dit net myne is."

In die verte wou die jakkals nie stilbly nie.

"Ons was 'n happy gesin tot daardie nag voor Krismis. Ons het nie geld gehad nie, ook nie furniture nie, maar dit was hoe apartheid gelyk het. Daai tyd het dit my nie geworry nie. Ons het nie 'n Kersboom gehad of crackers soos die baas en Fred-hulle nie. Ons het die aand buite ons stroois gesit en kyk hoe die vuurpyle bokant die plaashuis rooi en groen en geel strepe in die nag trek. Later het my ma ons bed toe gejaag."

Sam het sy handpalms oop oor die vuur gehou.

"Ek het by my pa aan die tafel gaan sit, soos elke aand. Hy het sy pap geëet. Deur die venster het ek die bakkie se ligte sien aankom. Hulle potent skietlamp het oor die veld gespeel. Daar was skielik 'n haas vasgevang in die lig. Hy het heen en weer geswenk;  kon nie wegkom uit die wit spot nie. Die skoot uit die bakkie het hom 'n wagonwheel in die stof laat maak. Op 'n hopie het hy bly lê. Toe hulle in die tweespoorpaadjie na die stat toe opdraai, toe weet ek: hier kom kak. Die bakkie het in 'n stofwolk voor ons huis stilgehou. Die skietlamp het die wêreld in daylight verander."

"Dis die baas, Sam. Gaan lê, ek kom nou terug," het sy pa gesê.

Sam het nie eens kans gehad om tot by sy lêplek te kom nie. Die houtdeur het oopgebars. Dit was die baas en sy twintigjarige seun, Fred. Elkeen met 'n bier in die hand en die rosigheid van 'n goedkoop Kersfees op hulle gesigte.

Die witmans was de bliksem in. Die ou man het teen die kosyn gehang. Sy stem hard en onredelik: "Lekker gesuip, né Joseph? Dis mos weer Kersfees in Suid-Afrika. Kersfees hoef die hek na die lusern nie toe te wees nie. Die beeste moet ook mos iets kry vir Kersfees. Al is dit in die vorm van  'n opgeblaasde fokken pens. Dit beteken

mos vleis vir Joseph en sy family. Môre slag julle hom af, vreet en suip vir twee dae en twee nagte aanmekaar. En, by the way, vir wie het jy my nuwe *grinder* as Krimisbox gegee?"

Fred het nie op hom laat wag nie: "Die melkmasjien is soos my gat gewas. Moet ek dit deesdae self doen, Joseph? Tipies kaffer met Kersfees: Elke jaar dieselfde dronk-stront storie." Hy het 'n leë bierblik die huis ingeslinger. "Ons is te goed vir hulle, Pa. Waarvoor wag ons? Kom ons wys die doos hulle regeer nog nie hierdie land nie. Ek is lankal lus om 'n kaffer op te fok."

In die hoek van die vertrek het die kinders gelê, oë oopgesper. Die kleinste se hand het natgesweet aan Sam s'n geklou.

"My Baas . . . ," het sy pa probeer, maar nie verder gekom nie. Die mans het die vertrek binnegestorm, die tafel omgekeer, die halwe bord pap het oor die misvloer uitgespat. Sam se jongste sussie het hartverskeurend aan die huil gegaan. Fred het Joseph aan die arm beetgekry, materiaal het geskeur.

"Baas, jy moenie. Die kinders slaap." Die vertrek was opeens gevul met elektrisiteit, asof die mans net daarvoor gewag het. Fred se vuis het in die swartman se gesig ontplof. Hy het hande-viervoet op die vloer beland. Fred het hom aan sy kraag orent gepluk. Die dun materiaal het verder geskeur.

"Wa, wa, wa, wag, Fred. Kom ons vat hom skuur toe. Vader Krismis wag vir hom," het die ouer man gesê.

Hulle het sy pa by die deur uitgesleep en agter op die bakkie geslinger. Sam kon die stof op sy tong proe toe hulle wegtrek en in die rigting van die opstal jaag. Langer

kon hy nie in die stroois bly nie. Hy het opgespring en in die maanlig agter die bakkie aangehardloop. Agter hom in die donker kon hy sy ma beangs na hom hoor roep.

Verbete het hy deur die maanlignag en die lang skaduwees van die bloekombome gehardloop. Kortpad deur die graspolle en die dongas. Sy asem het deur sy longe gebrand.

Van ver af kon hy die lig in die skuur sien brand. Die swaar deure was toegeskuif en die bakkie was nêrens te sien nie. Uitasem het hy voor die skuifdeure gaan staan. Binne kon hy die eienaar en Fred hoor lag.

"Ek het die deure op ŉ skrefie oopgerem. Jy weet wat is ŉ gantry, Babba?"

Hottie het sy kop geskud.

"Party mense noem dit ŉ block and tackle. In daardie wêreld het ons dit ŉ gantry genoem. As jy ŉ kar se enjin wil uittrek, gebruik jy die ding. Of as jy bees wil slag, hys jy die karkas daarmee op."

"My pa het oopgespalk, soos ŉ beeskarkas, aan die fokken gantry gehang. Kaalgat. Die sweepslae van die seekoeisambok het geklap, skerp, soos die knal van ŉ AK. Jy hoor die voorslag fluit en skielik is daar ŉ bloedrooi streep op die vel.

"Ek het daardie helse swaar deur oopgeforce."

Sam het in die gloeiende kole gestaar. Stoom het uit die pappot gekrul. Die reuk van pap wat aangebrand het, het in die aandwind gehang.

"'Kan jy nou meer! Ons het ŉ audience gekry,' het Fred gegrynslag en die sweep op die grond neergesmyt. ''n Supporter.' Met sy massive hande het hy my aan

die kraag nadergesleep. 'Hierdie is leeuwêreld my tattatjie. Kom kyk hoe bliksem ons ŉ kaffer. Kyk en leer. Enjoy!'"

Hardhandig het hy Sam na die wrak van ŉ trekker gesleep wat eenkant in ŉ hoek gestaan het. Hy het ŉ lengte binddraad van ŉ werkbank af gegryp en Sam se polse om die vooras van die trekker vasgewoel. Met ŉ selfvoldane glimlag het die groot man teruggestap en die sambok uit die stof opgetel. Hy het na die bakkie gestap en ŉ bier uit die koelboks gehaal, dit oopgemaak en in sy keel afgegooi. Toe het hy na Sam gestap. Hy het die seekoeisambok teruggetrek, die voorslag het gefluit en in Sam se gesig gebyt. Die volgende hou het deur die dun hempie, wat nat aan sy lyf geklou het, gesny. Hy kon die warmte in sy onderlyf voel toe hy homself natpis van vrees en pyn.

"Kyk hoe bewe die klein kak!" het Fred gebulder en uitbundig gelag.

Die soutsmaak van bloed het by Sam se mondhoeke ingesyfer. Trane het in sy oë opgewel; hy het die binnekant van sy lippe stukkend gebyt. Fred het nog een keer na hom gekyk en gesê: "Daar hang jou Kerskous aan die gantry, Pekkie. Happy Christmas," en omgedraai na die blinkgeswete lyf wat onder die skerp ligte gehang het. Hy het weer uit sy bottel gedrink, skuim van sy lippe afgevee. "Kom ons begin by die grinder, Pa." Hy het sy arm teruggetrek en die sweep het soos ŉ slang gepik.

Hoe lank alles geduur het, weet hy nie. Al wat hy onthou was die ritmiese klap van die sweep. Hy kon die opgehewe hale deur sy pa se vel sien bars elke keer as die sambok genadeloos teruggetrek word, die bloed wat deur die wonde sypel en in die lusern-afval en stof en droë mis op die vloer drup. Eers het hy sy oë styf toegeknyp, maar later gefassineerd bly staar. Deur dit alles het sy pa net gekreun met elke hou wat val, nie ŉ enkele woord gesê nie.

“Hulle boerboel het my pa se bloed van die vuil vloer af opgelek. Die sny in my gesig het gebrand soos al die vure van die hel. Maar weet jy wat was die ergste van daardie nag, Babba? My pa se oë. Die oë van ʼn fokken loser. ʼn Mens wat al sy fight verloor het. Ek het dit daardie nag vir die eerste keer opgemerk. Die look van ʼn getroue hond. Jy is wit en ek is swart. Dit gee jou die rég, Baas.” Die vlamme van die vuur het in Sam se oë geflikker. “Kan ek hom blame vir wat apartheid aan hom gedoen het? Kan ek die miljoene ander blame? Dit is hoe hulle grootgeword het. Sonder om te dink, sonder ʼn wil van hulle eie. Nie mens nie. Maar ek? Kan ek forgive en forget, sommer-fokken-so?

“Hoe, Babba? Vertel my.”

Die wind het opgekom, om die hoeke van die leë murasie gehuil.

“Ek sal daardie nag nooit vergeet nie. My pa waarop ek proud was, die man waarvoor ek lief was, wat in daardie nag, nadat hulle die ligte van die stoor afgeskakel het, kerm soos ʼn hond. Ek skrik nagte wakker dan hoor ek weer die voorslag fluit, sien sy oë, hoor daardie wit mans lag. Daardie nag het ek besluit: eendag gaan ek wraak neem. Waar en hoe het ek nog nie geweet nie, maar ek sou nie weer peace hê voordat ek die smiles op daardie gesigte sien vrek het soos die dooie kole in hierdie vuur nie.”

Hottie het na Sam gekyk, kwyl het uit die swartman se mond geloop, hy het dit met sy voorarm afgevee. Dit het gelyk of die vlamme op glas in sy oogkaste weerkaats.

"Ek moes my pa self van daardie gantry afhaal nadat hulle my losgemaak het. Saam het ons huis toe gesukkel. Hy kon nie ophou sê nie: 'Jy moes dit nie gesien het nie, Sam. Jy moes nie.'"

Sy pa was nooit weer dieselfde nie. Sy liggaam het in enkele weke kromgetrek, sy oë het verdof. Sy mondfluitjie het stil geword. Een nag het Sam tevergeefs gewag dat sy pa se silhoeët in die deur moes verskyn. 'n Dag later het hulle Sam hom gekry.

"'n Hartaanval, was die diagnose van die distriksgeneesheer. Die septic snymerke wat nie wou heal nie, het die asshole *misgekyk*. Die oë van apartheid was blind, Babba. Maar ek het geweet hy was nie meer lús om te leef nie. Hulle het ons van die plaas af weggejaag soos honde en ons het in 'n fucked-up shack in Orlando gaan bly. Ek moes steel om my family aan die lewe te hou. Die cops het my gevang terwyl ek besig was om by 'n winkel in te breek. Ek het drie jaar gekry. Na twee jaar is ek release. Ek is terug Orlando toe. Daar was 'n Checkers-shoppingcentre gebou op die plek waar ons shack gestaan het. Niemand het geweet wat van my family geword het nie.

"Wáár begin jy soek in Soweto?"

Fred het vyf jaar later selfmoord gepleeg deur homself in daardie selfde stoor op te hang. Sy familie kon dit nie begryp nie. Hy was altyd opgewek en besig om 'n reuse sukses van die boerdery te maak. Die ou man het afgetree en hy en sy vrou het in 'n huis op die plaas langsaan gaan bly. Minder as 'n jaar na die dood van hulle enigste seun is hulle wreed vermoor in 'n plaasaanval. Sam is die volgende dag in hegtenis geneem.

En in die laaste flikkerende lig van die vlamme het Sam teruggesit, sy mondfluitjie uit sy bosak gehaal, geglimlag, die instrument teen sy lippe gedruk:

*Yes, and how many roads*

*must a man walk down*

*before he's allowed to be free?*

*the answer my friend*

*is blow'n in the wind*

Die reuk van aangebrande pap, saam met die melancholiese klanke van die mondfluitjie, het in die wind bly hang.

Die stemme is ver weg, sag op die ruising van die wind. Vervaard sit Hottie regop. Wie sou dit wees? Wie kN dit wees. 'n Boer, die polisie? Hy kom orent en beweeg versigtig na die agterdeur. Dit het doodstil geword, net die ou windpomp kreun in die wind. En om een of ander rede dink hy terug aan die kreunende swaai op die oop stuk veld oorkant Joseph se tuckshop.

***

# Hoofstuk 13

Marco haal die sleutel uit sy sak en pas dit in die swaar houtdeur, tel sy tas op en stap die voorportaal binne.

*Hoe sou dit voel as die tweeling nou die voorportaal binnestorm?*

Ek sal dit moet gewoond raak, soos die mynhoop. Gewoond moet raak daaraan dat hulle nie by die huis is nie. Dat hulle nie by die bure se kinders speel nie, nie terug sal wees vir aandete nie. Dit sal nie nodig wees om hulle met hulle huiswerk te help nie. Wanneer hulle hartseer is, sal hulle ma daar wees om te troos. Wanneer hulle weer eendag by my kom, sal dit op ŉ leenbasis wees: ŉ naweek hier, ŉ vakansie daar.

Hy stap na die woonkamer toe. Die eikehout-eetkamerstel staan nie meer op sy plek nie; net die afdrukke van die vier swaar pote lê nog op die liggroen mat. Fossielspore uit ŉ ander lewe. "Die eetkamerstel het ek self gekoop, dis myne," hoor hy Lisa se stem in sy agterkop. Teen die muur is ŉ wit vierkant al wat oorgebly het van die eerste skildery wat hy en Lisa saam gekoop het: drie dogters met veelkleurige rokke aan wat hand-aan-hand deur ŉ veld oortrek met blomme stap.

In die verte lui die klok van Marlands se NG Kerk. Hy tel die slae. Sewe.

Hy stap deur die kombuis. Die yskas whirr eentonig. Teen die muur tik die rooi sekondewyser van die kombuishorlosie onstuitbaar voort. Hy hoor sy gedempte voetstappe op die mat in die gang, sien sy skadu teen die muur langs hom stap. By die deur van Charlene se kamer gaan hy staan.

Dit was ŉ koue, winderige nag in Augustus toe die tweeling gebore is.

Hy word dringend wakker geskud – “Marco!” Lisa, benoud. Vervaard sit hy regop, aktiveer die liggie van sy horlosie: “Shit Lisa, dit is twintig voor een in die oggend. Die wind waai en dit kom reën.”

“Die pyne word erger, Marco. Ek is ŉ vrou. Ek wéét.”

“Oukei, pak solank in. Ek sit gou die kos uit vir die honde en maak seker die agterdeur is gesluit,” terwyl hy, steeds deur die slaap, sy voete oor die rand van die bed swaai. Hy wonder waar en wanneer hy die vorige aand opgehou het. Hy onthou die eerste *rush* van die wit pyp wat soos weerlig deur sy lyf geflits het, die kodeïne wat daardie tamheid uit sy gestel verjaag het, die gebottelde energie wat hom deur die dag gesleep het. En dofweg onthou hy die skildery van die kinders in die veld met blomme waarna hy ure lank gestaar het; hom verbeel het dat hy saam deur die veld stap, die voëls hoor sing en die skadu van die staanlamp wat soos die silhoeët van ŉ voëlverskrikker in die hoek staan.

“Marco, ek het twee weke terug al ingepak. Het jy vergeet?” En hy onthou haar oë wat alles en niks gesê het nie. En die skuldgevoel swaar in sy bors. Hy onthou hoe hy paniekerig na die kar se sleutel gesoek het; die halwe bottel met dik bruin vloeistof wat hy in sy keel afgegooi het. Brutus met sy bruin oë in die lig van die koplampe, ŉ handvol pille wat sy keel krap en Lisa se asemhaling langs hom in die sitplek. En ŉ jaagtog deur die ligbespatte en verlate strate van Germiston. Die kodeïne wat stadig maar seker lewe in sy belangstelling blaas.

En verder was dit flitse wat hy onthou: “*emergencies*” in groot rooi letters, ŉ hekwag met ŉ blou keps en ŉ *fok jou*-uitdrukking op sy gesig. ŉ Slaperige verpleegster wat aan dieselfde gesigsiekte as die hekwag ly.

“Meneer Verkerk, dokter Barnard, haar ginekoloog, is met verlof. Hy het laat weet al sy pasiënte moet na dokter Watson by Edenvale Hospitaal verwys word.”

Die emergency-bord buite ontvangs het aan en af deur sy kop geflits terwyl hy sy moer strip. “Fok suster, as jy vir een waansinnige sekonde dink ek gaan met ŉ vrou wat enige oomblik ŉ tweeling verwag in hierdie donker fokken nag na Edenvale se hospitaal soek, maak jy ŉ moerse fout.”

ŉ Kamer in skemerlig; ŉ vrou wat deur die langste nag in haar lewe swoeg. En dan die eerste skreeutjie en minute later nog een.

Verligting.

Die oggendson verkleur die horison. ŉ Seun en ŉ dogter. “Veels geluk, dis ŉ tweeling. Pragtig en gesond.”

*Life’s not fair but God is good.* Waar het ek dit gelees?

Alleen terug deur die stad se winderige strate wat begin kriewel met die lewe van ŉ nuwe dag. ŉ Dag met ŉ verskil. Hy voel laf genoeg om uit die kar te spring en vir die lang tou mense wat by met moeë gesigte by ŉ bushalte staan, te skreeu: “Glimlag! Ek het ŉ tweeling. Kyk hoe mooi is die dagbreek!”

Opeens was die huis vol. ŉ Pienk wiegie met pienk komberse; ŉ blou wiegie met blou komberse. Twee bottels, twee doeke, twee van als.

Arno en Charlene – nou sal my verslawing vanself weggaan; elke oggend gaan anders wees. Nou kan ek vrede maak met myself. Miskien sal Jo-Marie nou werklik sterf.

Hy staan nog altyd in die gang voor Charlene se kamerdeur. Eensaamheid en stilte hang in elke hoek. Hy stap haar kamer binne. Die Barbie-stel wat hy vir haar gekoop het, is weg. Die kamer leeg, asof dit nog nooit bewoon was nie. In die vensterbank lê ŉ vel papier. Hy tel dit op, herken Charlene se handskrif. Die briefie is aan hom gerig. Hy stap na die hoofslaapkamer, skakel die lig aan. Net die dubbelbed staan nog in die kamer. Hy gaan sit op die bed en stryk die bladsy glad op sy knie. ŉ Oomblik lank twyfel hy of hy dit moet lees.

Liefste Pappa

Ek skryf spesiaal hierdie brief vir Pappa en Pappa moet mooi daaroor dink (ek weet dit is moeilik, joke!). Pappa het nog altyd probeer ophou (Pappa weet met wat, pille en goed) dalk vir Mamma of Boetie of die familie of die gesin. Maar hou hierdie keer op vir my, Pappa se speciality Spokie. Dit sal my regtig die gelukkigste dogtertjie maak wat ŉ pa kan hê. Ek bid elke aand vir Pappa! Mamma sê my laas, toe ek haar vra hoekom ek nie melktert eet nie, dat toe ek klein was ek alles gedoen het wat Pappa gedoen het. Pappa was my rolmodel. Ek het altyd opgekyk na Pappa. Ek drink Rooibostee net omdat Pappa het. Ek is mal oor sop omdat Pappa is. Ek eet nie melktert nie omdat Pappa nie het nie.

Omdat ek so lief is vir Pappa, vra ek Pappa nou vandag om op te hou vir my en net my alleen. Ek vertrou Pappa en Pappa sal altyd vir my die beste pa op die wêreld wees.

Verder gaan dit nog goed.

XXX

Do it for me

Baie, baie X 10000

Liefde,

Spokie

Hy wonder of Lisa die kind gehelp het om die brief te skryf. Dan laat sak hy sy kop tussen sy hande: Is dít wat ek doen aan die mense wat my liefhet? Sleep hulle saam met my deur nege rehabs. En hy voel skielik só onseker oor wat vir hom voorlê. Hy ken net een oplossing vir situasies soos hierdie: Stap na die motorhuis; hy sien in sy gedagtes die flou lampie gloei, die geroeste deur wat half oophang, die ou klok op sy staander voor in die kas, die plastieksak met pencils en buttons, die botteltjies met kodeïne, LSD, die vodka onder die ou koerante weggesteek voordat hulle hom in die hel van Swartfontein gedump het. Hy voel die opstandigheid. Fok, ek kan maak soos ek wil. Ek is my eie baas. Baklei? Vir wie?

Die roeskolle is soos droë bloed teen die kasdeur. Sweet streep teen sy gesig af. Die skarniere kreun in die stilte. Die ou klok se wysers staan nog altyd op kwart voor een. Hy wens hy kon hulle terugdraai. Ver genoeg. Waar is die fokken sak? Paniek druk van binne na buite teen sy bors. Die plastiek is klewerig onder sy handpalm. Die daggapypie lê in sy hand. Hy sien die pitte blink in die lig. Nog net die Mandrax fynmaak, *wit stof, wit rook, helder drome* . . .

*Ek eet nie melktert nie omdat* . . . *Klik, klak, ysterwiele*.

Die vlammetjie ontplof goudgeel. Hy klem die pypie vas in sy handpalm. Klik, klak. Hy hoor die wisselaar – ŉ ander spoor. Die donderende geraas is op hom, saam met die rush van die Mandrax soos wit water in ŉ stroomversnelling.

Deur die sproeireën sien hy Charlene se gesig en ver terug Jo-Marié se blougroen oë wat intens na hom staar. Die trane streep oor Charlene se gesig, haar lippe beweeg, maar hy kan nie die woorde hoor oor die helse geraas nie.

*Pappa is my rolmodel.*

"Jy is nie veronderstel om hier te wees nie, Charlene. Hierdie is mý fokken wêreld. Myne!" hoor hy sy eie stem, hard en gevoelloos. "Hierdie is my stroomversnelling, my hel."

Ek drink lankal nie meer rooibostee nie . . . net wulpse fokken volumes kodeïne."

Dan is dit of hy wakkerskrik. Hy sit nog altyd op die rand van die bed. Sy hande saamgeklem, Charlene se briefie op die vloer ŉ saamgeperste bondeltjie.

"God?"

*"Jy moet reg bid, broer. Ek bring vir jou ŉ boekie."*

Hy spring op en stap na die hangkas. Trek dit oop. Gaan staan op sy tone en voel na die ou Bybel wat op die boonste rak gebêre is. Die Ou Vertaling. ŉ Erfstuk wat hy lank gelede by sy ma gekry het. Wanneer laas het ek uit die Bybel gelees, wonder hy. Hy vee die stof van die omslag af en blaai dit oop. Die koerantuitknipsel is nog daar. Vergeel deur die jare wat verby is. Hy het nie nodig om die berig te lees nie; hy ken elke verskriklike woord daarvan. Die jare het die foto laat dof word, maar haar gelaatstrekke is vir hom nog so duidelik asof sy lewendig voor hom staan.

Jo-Marié.

Hy hoor weer haar stem en dit is asof sy op die bed langs hom sit: "Ek staan in die middel van hierdie merry-go-round. Die ligte om my flits ŉ duisend kleure. Die musiek is cheap, die mense wat om my lag het nie gesigte nie. En soms sien ek die venstertjie midde-in al hierdie common shit. Ek stap daarheen, kyk daardeur, sien reality wat vaal aan die ander kant van die glas lê."

Selfmoord. Die gedagte walg in hom op. Hoe voel dit om jouself om die lewe te bring? Dit ruk hom. Hy spring op.

ŉ *Oplossing*.

Wat bly oor? Die kinders is weg. Lisa. Jo-Marié. ŉ Slagveld. Hy strompel deur die leë huis. Rusteloos dwaal hy van een leë kamer na die ander. Dan staan hy op die agterstoep, skakel die swembadliggie aan. Dit gloei spookagtig onder die water. Die Kreepy sluk lug.

ŉ Tou? Waar kry ek ŉ pyp wat om die exhaust pas? My geweer lê op die plaas. Hy spring weer op, terug voor die hangkas in die kamer. Hy haal sy skootrekenaar uit die kas. Terug op die bed. *'n Laaste nota. 'n Vingerwysing na fok-weet-wie. Lisa, God, myself. Die tuinslang lê in die garage . . .*

Hy druk sy hand in sy sak, voel die stukkie kladpapier tussen sy vingers. 'n Oomblik skuif Swartfontein se moeë gesigte deur sy gedagtes. Vinnig haal hy die vierkant uit sy sak, druk dit onder sy tong en lê terug in die kussings. Fok alles. LSD is nie verslawend nie. Hy glimlag. Ontspan . . . Wag dat die dwelm hom saamneem na daardie wêreld met sy vrolike merry-go-round, flitsende ligte en cheap musiek.

Dit word ŉ nag van warrelwind-emosies. Stoftregters wat hier opstaan, daar gaan lê; skielik weer stowwerig lewe kry. Herinneringe; klik, klak oor gister se

wisselaars. Die ruising word ’n donderende geraas; die verligte vensters stippel leeg by hom verby.

Do it for me!

***

# Hoofstuk 14

Annette is onrustig: Wat sou van die rewolwer geword het? Sy onthou die dag toe Andries die kamer binnegestap het en die wapen in haar hand gedruk het. Koud en onheilspellend swaar het dit in haar hand gelê.

"En nou, Andries?"

"Het jy gister se koerant gesien? Jy moet ŉ wapen hê. Bêre dit op ŉ veilige plek."

"Andries, ek weet nie eens hoe werk die ding nie."

Hy het haar aangestaar: "Ek het met sersant Cloete gereël om vir jou en Lisa skietlesse te gee. Donderdagmiddag vat ek julle skietbaan toe."

Alles in hierdie mooi land het verander. Ook op Goedgevonden.

Waar sy voor die venster staan, hoor sy hoe Fish met die melkemmers werskaf. In die gang dreun ŉ stofsuier. Sy hoor Andries voor die agterdeur werkopdragte uitdeel. Net soos altyd, maar tog nie meer dieselfde nie.

Eers was dit die spreiligte op die hoë maste wat die tuin en bos snags in ŉ sprokieswêreld verander het. Sekuriteit het Andries dit genoem. Toe het die hoë heining gekom, die krulle lemmetjiesdraad. Twee maande gelede die alarmstelsel wat verbind is met die polisiestasie by Rankinspas. Alles in die naam van sekuriteit. Ja, dink sy, ons is krygsgevangenes op ons eie werf en plaasaanvalle en vrees het deel geword van die lewe. Soos die sonsopkoms oor die berg.

En nou ŉ rewolwer.

"Bêre dit op ŉ veilige plek waar Arno dit nie kan uitkrap nie, maar tog gerieflik genoeg dat jy dit gou kan bykom wanneer die nood druk. Sorg dat dit altyd gelaai is. Mens weet nooit nie."

Wat sou van die ding geword het? krap dit aan haar al die afgelope twee dae. Wie sou die ding tog vat? Sy is te bang om Andries te vra of dit hy was. Hy het genoeg probleme. Daar is gerugte van grondeise op ŉ blok plase in hierdie deel van die Waterberge. Daar is Marco en Lisa se egskeiding. En daar is die vrees wanneer jy opkyk van die koerant wat jy lees. Die berigte van wreedheid wat jou stom laat.

Sy trek die gordyne voor die venster opsy en sonlig stort deur die glas. Voor haar lê die tuin, uitgestrek en vaal. Sy sien hoe Lisa die tuinhekkie vir die tweeling oophou en kan nie anders as om te glimlag nie.

Sy sien Arno in sirkels oor die geel gras agter Brutus aanhardloop; Charlene met die katjie wat hulle by die bure gekry het in haar arms. Sou hulle besef dat die lewe ook vir hulle besig is om te verander? Dat hulle binnekort saamgesleep gaan word deur die trauma van ŉ egskeiding? Sy is lief vir Marco, al het hy hulle al deur die hel en terug gesleep met sy probleem. Laasnag het sy nog aan Andries gesê dat alles soveel anders kon gewees het as hulle net meer geweet het oor verslawing.

Sy sien Fish oor die grasperk stap in die rigting van die heining. Hy gooi ŉ ou geel tennisbal in Brutus se rigting en sy sien die logge hond agter die bal aanhardloop.

Sy kan steeds nie glo dat Marco soveel jare die probleem vir hulle kon wegsteek nie. Sy onthou nou nog die eerste keer dat Lisa in die vroeë oggendure gebel het om te sê dat Marco ŉ oordosis dwelms gebruik het. Dit moet 'n reuse-misverstand wees, het sy gedink. Hulle het deurgejaag na die kliniek toe. Lisa het langs Marco se bed in

intensief gesit, haar kop tussen haar hande. Helder pypies was in sy mond, die hartmonitor het onheilspellend gepiep. Andries was dadelik by Lisa. Hy het sy hand op haar skouer gerus.

“Wanneer het hy weer daarmee begin?” het hy sag gevra.

Lisa het met ’n betraande gesig na Andries opgekyk: “Hy het nog nooit daarmee opgehou nie, Pa.”

En vir die eerste keer het alles vir Annette duidelik geword. Daar was so baie tekens: Gedempte gesprekke tussen Lisa en haar pa, Marco se wispelturigheid, skielike aggressie oor kleinighede. Hulle was nie voorbereid op so iets nie. Andries het vir Marco afsprake gereël by sielkundiges en psigiaters. Die een terugval na die ander het gevolg. En iewers langs hierdie pad sou die dood wag. Sy wéét. Hoeveel keer het sy nie al op Marco se wegsteekplekke afgekom nie. Pille van alle kleure en groottes, leë medisynebottels by die dosyne, alkohol, dagga. Sy het nooit gedink dat hierdie situasie so ‘n omvang kon aanneem nie. Dat ’n intelligente mens homself so metodies en roekeloos oor ’n afgrond kon lanseer nie. Dat bedwelming soveel gesigte kon hê nie. En dan sou sy Marco dophou, verder kyk as die glimlag en wonder: Kan hy óóit die probleem oorkom?

Die tweeling is op pad na die agterdeur toe en sy weet hulle is honger. Sy draai weg van die venster, raap haar japon van die bed af op en trek dit oor haar smal skouers. Die mat in die gang is sag onder haar kaal voete. In die skemerlig kan sy haar en Andries se troufoto sien hang. Byna veertig jaar gelede. Is dit moontlik dat tyd so vinnig kan stap? Verder af sien sy die lugfoto van Goedgevonden. Dan die staanhorlosie wat onverstoord deur die ure tik-tak. Alles dinge wat jy deur die jare nie

meer raaksien nie en nie meer hoor nie, totdat jy op ŉ dag besef dat dit nie vir altyd daar is nie.

Voor die deur van die woonstel gaan sy ŉ oomblik staan. Net nadat die tweeling gebore is, het Andries die woonstel laat aanbou. Nie dat dit regtig nodig was nie. Goedgevonden se huis het alreeds vier slaapkamers gehad, maar Andries het vir haar geknipoog en gesê: "Wanneer ons aftree, gaan bly ons in die woonstel. Dan is ons nie in die kinders se pad nie."

Sy hoor die kombuisdeur klap, hoor die uitbundige stemme. Geen kommer in die wêreld nie. Toe sy die woonkamer binnestap kom die tweeling ingestorm, gesigte blosend, Charlene met die piepklein kat in haar arms. Brutus met sy logge lyf agterna. Toe die hond haar sien, steek hy vas, ŉ skuldige uitdrukking in die bruin oë. Hy weet goed dat die woonkamer vir hom verbode terrein is. Die woonkamer is dié vertrek in die huis wat hare is. Sy het dit ingerig soos sy van jongs af aan gedroom het haar huis se woonkamer eendag moet lyk. Die Delftsblou-ornamente het sy en Andries uit Holland saamgebring – vreemd uit plek in die vertrek wat sy verder ingeklee het met ŉ Afrika-motief. Houtsneewerk uit die Krugerwildtuin, ŉ sebravel op die vloer, ŉ trom uit Kenia, skilderye met bosveldtonele, handgemaakte rottangstoele oorgetrek in herfskleure. En natuurlik die trofee van die koedoebul wat Marco drie jaar terug in die berg geskiet het; die horings blink geskuur deur jare in die bos. Nie dat sy die manjifieke kop graag teen die muur wou gehad het nie. Nee, die onnatuurlike glasoë het haar laat ril. Die dier hoort in die bos en nie teen die muur van ŉ woonkamer nie. En dan is daar die groot staanhorlosie met die koperpendulum agter die glas.

“Ek is vrek honger, Ouma! Krummelpap, asseblief?” Arno loer na die horlosie op sy staander. Sy glimlag. Hy kan nooit ophou om die pendulum dop te hou nie. Hy is net so rusteloos soos die koperbol, dink sy en vryf haar hand deur sy hare.

“Brutus, buite!” roep Charlene. Sy het die kat op die vloer neergesit, rem tevergeefs aan die groot dier se halsband. “As Pappa hier was het jy moeilikheid gehad! Ouma, Brutus wil nie luister nie.”

Annette kyk na Lisa. *As Pappa hier was* . . .

Sy neem die kinders albei aan ŉ hand en stap die kombuis in. Die geur van varsgekookte krummelpap en gebakte wors dryf in die lug. ŉ Trekker dreun oor die werf en sy hoor Andries se stem by die agterdeur. Iemand lag, in die wildevy waarsku ŉ kwêvoël. Alledaagse geluide wat sy vir die eerste keer in jare weer hoor.

En dan wonder sy weer waar sy die rewolwer weggesteek het. Laas was dit bo in die hangkas. Hemel tog.

***

# Hoofstuk 15

*Hy sukkel om die plastiekpyp om die uitlaatpyp te pas. Met sy voorarm vee hy koue sweetdruppels van sy voorkop af. In die verte woel die stadsverkeer deur die nag. Die wind stoot liggies deur die populierbome om hom. Dan is alles gereed. Hy kom orent, maak die deur aan die bestuurderkant oop. Nog ŉ oomblik staan hy in die wind, trek die koel lug diep in sy longe in. Dan klim hy agter die stuurwiel in. Die CD-speler se klanke vloei suiwer deur die luidsprekers:*

*Ek wens ek kon ŉ stukkie saam met my vat,*

*van hierdie wêreld sonder ŉ afdraaipad . . .*

*Hy vou die skootrekenaar op die sitplek langs hom oop, druk die Vodafone Mobile modem in die USB port. Dan is die verbinding met die Internet voltooi. Hy het nie lig nodig om die regte sleutels te vind nie.*

Lisa,

Wanneer jy hierdie e-pos kry, het ons lewens totaal en onomkeerbaar verander. Snaaks, wie van ons wil nie altyd die laaste sê hê nie? Die een wat die laaste sê het, het mos gewen, dan nie? Miskien gaan dit om bieg. ŉ Laaste skulderkenning. Of net om te sê: Ek is jammer, maar dis te laat om my te antwoord.

Vanaand het ek die laaste sê. Of het ek . . .?

Ek sal nie vanaand betyds wees vir jou sosiale funksie nie. Ek is tot die dood toe moeg vir jou fokken funksies. Moeg vir die mense wat jou lewe bevolk. Eens op ŉ tyd was jy hierdie sosiale vlinder. ŉ Sosiale vlinder wat met verloop van tyd in ŉ fladderende sosiale vlermuis verander het.

'Daar gaan ons al weer, Marco. Wat is dit hierdie keer? Pille, dagga, alkohol? LSD of dan acid soos jy dit noem. Acid klink mos minder gevaarlik? Hoeveel bottels hoesstroop was dit hierdie keer? Die gewone resep of dalk iets nuuts waarvan ek die simptome nog nie ken nie? Jy is ŉ swakkeling, Marco. Hoekom staan jy nie op nie? Wees sterk soos dié en dié. Ek wil trots wees op jou. Die kinders wil nie ŉ swakkeling vir ŉ pa hê nie. Hoeveel keer moet ek nóg hierdie dinge sê, Marco? hoor ek jou in my gedagtes sê soos soveel keer vantevore.

Dit het ŉ refrein geword. Dit spook by my omdat ek dag en nag myself dieselfde afvra: Hoekom ek?

In elkeen van ons se lewe kom daar ŉ oomblik wat jy moet besluit: Waarheen nou? Waarheen nog? Ek het besluit om die donker pad te kies. Ek het jou en die kinders genoeg verneder. My lewe het ŉ battlefield geword. Dit moet einde kry. Vannag. Dood is nie meer ŉ afskrikmiddel nie, dit het ŉ antwoord geword. Ook vir julle.

Tog kan ek nie anders wees as hartseer nie, Jo-Marié. Alles kon sóveel anders gewees het. Onthou jy nog daardie nag in jou woonstel? Net ek en jy. Ek en jy wat in die kerslig dans, skaars beweeg. En Gert Vlok Nel wat iewers droom:

*In my boyhood het ek ŉ meisie gehad,*

*Sy was beautiful, beyond Afrikaans,*

*en sy kon heelnag my so hartseer dans*

*en sy was somehow Gert se laaste stance . . .*

Die reuk van wierook het in die vertrek gehang en dit was Oujaarsaand terwyl die kers homself verspil het in sy eie vlam, so het ons ons liggame in mekaar verspil en het ons later uitgebrand in mekaar se arms gelê. Gelukkig en tevrede. En skielik was dit Nuwejaar en agter die gordyn het vuurwerke in wasige kleure tussen die sterre ontplof. Ons was só gelukkig en ons het vas geglo: dit gaan nooit weer ophou nie.

Nooit nie.

Maar dit het.

Onthou jy Peter Sarstedt en "Frozen Orange Juice," die son wat die hange van die heuwels duskant Madrid inkleur? Onthou jy die eerste fliek wat ons saam gesien het: *On a clear day you can see forever*? En toe die fliek verby was en almal lankal uitgeloop het, het ek en jy in die skemer van die dofrooi uitgangligte bly sit en jy het saggies gesê: "Only on a clear day."

*Onthou jy, Jo-Marié?*

Wie verdien ʼn loose cannon soos ek, Lisa? Jy weet nooit of hy lewendige ammunisie of *blanks* skiet nie. Miskien het ek nog al die jare lewendige *blanks* gevuur. Soos ʼn verbale masjiengeweer beledigings en verkleinerende aanmerkings lukraak op jou afgevuur. Het jy nog nie opgemerk hoe steier my selfbeeld deur die donker strate van my lewe nie?

Dwelms het soos ʼn slagyster in my lewe vasgeslaan. Tevergeefs het ek gespook om daarvan ontslae te raak; dit saamgesleep met die pyn, totdat dit te swaar

geword het. Stelselmatig het ek swakker geword. Soms, soos ŉ stomme fokken dier, het ek aan die gewig geskud, baklei, moed opgegee. Doodgebloei. ŉ Skaap wat in die slagyster getrap het wat vir ‘n roofdier gestel was.

Miskien was die laaste gewiggie wat die skaal laat kantel het die strokie wat ek vanoggend in ons posbus gekry het. Posstempel van Kaapstad. Jy weet nie eens van my drome om te begin skryf oor dwelms nie. Ek wou so graag vir die wêreld vertel wat ŉ enkele verkeerde besluit aan jou lewe kan doen; wat dit kan doen aan diegene wat vir jou lief is. “Lees onderhoudend, ŉ aangename leserservaring, maar nie regdeur sterk genoeg nie!  Die mense wil nie ŉ bóódskap hê nie, hulle soek ŉ storie!”

Fok!

Wat wil hulle werklik hê? Sal my verhaal eers goed genoeg wees as ek sensasioneel sterf?

*Hy draai die sleutel, die skootrekenaar op die sitplek langs hom gooi ŉ spookagtige lig in die leë ruimte rondom hom. Die enjin vat dadelik. Die lug in die kajuit word stadig warm, bedompig, soos die warm, giftige asem van die dood. Die ruite wasem toe.*

*Daar is nog tyd om om te draai.*

*Dan hoor hy die klop van benerige kneukels teen die ruit. Die figuur is ŉ kort en bonkige silhoeët, afgeteken tussen die populiere voor die stadsliggies. Die slaprandhoed is laag afgetrek oor sy voorkop. Die liggies van die stad wat in sy oë flikker is die sterre in die hemelruim.*

*“Jy!”*

Hy kyk terug na die sleutelbord.

Lisa, ek wou die wêreld vertel van swaarkry en seerkry, maar dis asof niemand wil luister nie. Ek wou hulle vertel van *hom*. Hy staan weer hier langs my. Ek kan die wit van sy oë sien. Hy klop teen my ruit soos ŉ duisend keer vantevore. Nooi my weer saam na sy kleurvolle mallemeule. Ek het geweet hy sal my nie los nie. Hy kom altyd terug in my drome, maar vannag droom ek nie.

Miskien het dit tyd geword dat jý vertel, Lisa. Nie ŉ boodskap nie, maar ŉ storie.

Myne.

Vertel die storie van Mandrax wat fyngedruk word, dagga, liggroen in ŉ handpalm, ŉ witpyp en ŉ rush wat deur jou are bruis, die strooitjie en die fyn wit lyn op die glas, die mickey mouse acid-cube met die skop van ŉ muil, ŉ naald wat saggies deur die vel in ŉ aar ingly. Vertel van vreemde afwagting vir die onbekende, euforie en ŉ vrolike mallemeule wat ure later moeg tot stilstand kreun. Benerige vingers wat wink en klop.

Vertel van die hel en sy natuurskoon.

Vertel vir die wêreld my *storie*.

Ek is so oneindig moeg. Moeg van val en opstaan en val en sukkelend orent kom. Twintig jaar het verbygeskuifel sonder dat ek daarvan bewus was. My kinders het groot geword, ek en jy het oud geword en ek het nie eens daarvan geweet nie.

En as jy die dag daarin slaag om my verhaal klaar te vertel aan diegene wat nie na my wou luister nie, dan sal jy weet jy het gewen. Dan het jy gewen vir my. Gewen

vir ander wat so swaar kry soos ek en jy en die kinders. Dan sal dit vir ‘n laaste keer Oujaarsaand word, die kers sal laag brand en Gert Vlok Nel sal sing van die meisie in sy boyhood. En skielik sal dit Nuwejaar wees en die vuurwerke sal tussen die sterre ontplof en jy sal wéét dit het tyd geword om my te vergeet.

*Hy kyk op van die skerm af. Iewers skeur ‘n trein deur die nag. Die klop teen die ruit is ongeduldig. Hy vee ŉ kol in die wasem, herken skaars sy eie stem:*

*“Ek het geweet jy gaan hier wees in my laaste oomblikke. Ek hoor jou voetstappe weerklink uit die leë strate waardeur ek al jare lank swerf. Ek hoor jou stem in die nag. Maar ek is nie meer bang vir jou nie. Vannag herken ek jou vir wat jy is. Jy is maar nes ek: Iemand wat heen en weer oor die grens van twee lewens beweeg. Mens en tog nie mens nie. Klop maar teen my ruit met jou benerige kneukels, wink maar met daardie uitgeteerde vinger. Trek jou slaprandhoed laer oor jou gesig. Ek ken jou nou vir wat jy werklik is.*

Ek is so lomerig, Lisa. My hande wil nie meer nie, asof ek iets optel wat te swaar geword het. Onthou jy die kers wat homself in sy eie vlam verspil, Jo-Marié? Die eerste tree in ‘n nuwe jaar?

Ek wíl leef, Lisa, maar ek wil liewer vry wees. Ek sal nie vanaand jou funksie kan bywoon nie. Ek het ŉ afspraak om na te kom. ŉ Afspraak wat ek meer as twintig jaar terug gemaak het.

Onthou om my te vergeet, ek was net ŉ droom.

“Ek wil lééf,” flits dit deur hom. Hy wil die deur oopruk, die vars lug diep in sy longe intrek. Hy hoor Jo-Marié fluister: “Nie só nie, Marco.”

Dan is hy wakker. Die skootrekenaar lê op die bed langs hom, die skerm dood. Dagbreek sypel die vertrek binne. In die verte ruis die verkeer op die N12. Die rustige na-effek van die LSD hang in sy agterkop.

Dit is asof Jo-Marié se stem nog iewers tussen die vier mure weerklink. Hy sluit sy oë en skielik is hy weer op die bus in die heuwels duskant Keulen. Daar was net twee passasiers in die bus. Hy en die lugwaardin van sy Luxavia vlug. Sy op die agterste sitplek en hy een ry vorentoe. Hy het deur die ruit gesit en staar na die landskap wat hy nie ken nie. Die pille was amper uitgewerk en hy het gewonder hoe hy sy tas kon bykom om by die voorraad wat hy saamgebring het, te kom. Die ligte tik op sy skouer het hom laat omkyk. Wéér die spottende groen oë.

“Hoekom kom sit jy nie hier agter by my nie?”

“Gee my een goeie rede hoekom ek moet,” het hy gegrinnik.

“Drink jy Jack Daniel's?”

ʼn Minuut later het hy langs haar gesit. Sy het in haar tas gekrap en twee klein botteltjies whiskey uitgehaal. Een na hom toe uitgehou, die ander een se dop afgeskroef en die vloeistof in haar keel afgegooi. En hulle het begin gesels of hulle mekaar al jare ken.

Later het sy weer in haar tas gekrap. Sy het ʼn lang, smal pakkie bruin papier en ʼn silwer blikkie te voorskyn gehaal. Hy het dadelik geweet wat dit was. Sy het die dagga in haar handpalm fyngedruk, die blikkie oopgevou, ʼn rizla uit ʼn oranje pakkie getrek en in die groen velling van die blikkie laat pas, die dagga uit haar handpalm geskud, gelyk gemaak en die dekseltjie behendig toegedruk. Die sigaret het aan die bokant uitgedop.

Sy het geglimlag, die sigaret tussen haar lippe gedruk en dit aangesteek.

Die reuk van dagga het deur die bus gedryf. Hy het benoud rondgekyk toe sy die sigaret na hom toe uithou. Haar lag was helder, die oë ondeund: "Moenie worry nie, hierdie is Europa, hier gee niemand om as jy dagga rook nie." Sy het haar asem opgehou en die verte ingestaar.

"*Jou beurt, Marco". het hy die stem onder die ligte van Snake Valley onthou, drie keer diep getrek en die sigaret teruggegee.

Sy het die sigaret geneem en gesê: "Hoe is dit dat mense soos ons mekaar altyd oral raakloop?" Sy het haar asem opgehou en deur die ruit na buite gestaar. En hy het gedink dat dit seker ŉ gewoonte is van haar. 'n Bekoorlike een. Dit sou maklik wees om op haar verlief te raak.

"My naam is Jo-Marié," het sy gesê en ŉ fyn handjie na hom uitgesteek.

"Marco," het hy gesê en haar hand was warm in syne. "En wie is Jo-Marié regtig?"

"My pa en ma is Sewedaagse Adventiste. Mense wat hulle geloof op hulle enigste kind afgedwing het. Ek kon nie vrede maak daarmee nie," het sy gesê terwyl sy na die landskap wat verbyskuif, kyk.

"Marco . . . Jy het gesê jou naam is Marco, né?" en verleë geglimlag. "Hulle godsdiens is so styf. My God lyk nie só nie. Myne is vol liefde." Sy het haar asem ingetrek. Daardie gewoonte wat hy vandag nog nie kon vergeet nie. "Maar as ek dit vir hulle sou sê, sou hulle my met bomskok-oë aankyk: as jy anders as ons dink, sál jy hel toe gaan. Hulle het my lewe vir my gereël en bestuur wanneer hulle by die huis

was, en dit was byna nooit nie. Ek het so," en sy het haar wysvinger voor haar gesig gehou, "grootgeword."

Sy het die sigaret aan hom gegee. "En dit sal nooit verander nie. Never." Hy kon nie van die gesiggie, die fyn hande, die Jack Daniel's en die dagga ʼn sinvolle prentjie vorm nie.

"Hulle het my nooit van drugs vertel nie. Hulle God sou my beskerm dat ek nie my voet teen ʼn klip stamp nie. Hulle wou hê dat ek een of ander pastorale kursus moes loop. Toe ek weier, het hulle gesê ek moet gaan swot. Ek het gesê: 'no way'. Nie omdat ek regtig nie wou nie, maar omdat hulle my geforce het."

En hy kon nie anders as om sy pa deur die stof en stoom van ʼn winteroggend in die bakkery te sien stap nie. Sy oë wat glinster van trots elke keer as hy na sy oudste seun kyk.  Watter drome bly daar oor as jy jou lewe lank bou en skuur en poleer aan die een droom wat saak maak: jou seun wat in jou voetspore gaan volg? En die pilaar waarop die droom steun, knak dan onder die gewig? Vir die soveelste keer swiep die verwyte deur die oorblyfsels van gister. En hy sit vandag nog met die wete dat alles onvoltooid geëindig het.

"Ek het aansoek gedoen by die SAL om ʼn lugwaardin te word. Hulle het my afgekeur. Ek kan nie eens onthou hoekom nie. Toe doen ek aansoek by Luxavia. En hier sit ek. High and dry." Hy sien haar glimlag in die glas weerkaats. "My dad het natuurlik ʼn fit gekry, maar hy het survive."

"En wanneer het jy hiermee begin?" het hy gevra, terwyl hy die sigaret na haar toe uithou.

“Op skool al. In matriek het my ouers agtergekom dat iets fout was. Jy weet mos, eers score jy 80% en dan word dit 60% en 40% en op ʼn dag pluk jy. Jy hou op eet en lag en wanneer jy heeltemal hooked is kom hulle op ‘n dag met ʼn *bang* agter: My dogtertjie is ‘n drug addict.” Sy het bitter geglimlag. “Hulle het my natuurlik dadelik in rehab ingebondel. Die beste en die duurste wat daar was. Daar het ek geleer dat Mandrax en speed en acid nog baie meer fun is as dagga en Valium en dop. So much for rehab,” en sy het die stompie deur die venster geskiet, haar asem opgehou.

En hy het teruggesit, sy oë toegemaak en gedink aan ‘n loopbaan wat hy verpes het, in ʼn plattelandse dorpie wat hy gehaat het.

“Haai,” het sy geroep en in die verte gewys. “Sien jy daardie twee torings tussen die geboue uitsteek? Dit is die Domkatedraal in Keulen. Of Köln.” Sy het na hom gekyk en gegrinnik. “Dit het die Duitsers twee of drie eeue gevat om die torings te bou en die Allies se bomme het dit in ʼn paar minute verwoes.”

Sy het sonder ophou geklets:

“Europa het die mooiste kerkies. Oral weggesteek in die Alpe. Eendag wil ek in een van daardie kerkies trou.” Sy het na buite gekyk. “Dit moet net ek en die pastoor en die man wees waarvoor ek lief is. Dit moet buite liggies sneeu en koperkandelare met kerse moet in die skemer flikker. Ek het eendag ʼn gedig gelees en op dáárdie dag wil ek hê die pastoor moet dit voorlees. Een van die strofes gaan so:

*I think of me and you and when I do*

*The world assumes a glow – enchanting bright –*

*Like crystal in the candlelight; or like*

*The luminescent snow, that whispers – soft*

*As thistle-down  - through leagues of night,*

*To dance at last triumphant in the night.*

"Mooi né? Ek weet nie eens wie dit geskryf het nie."

Iets omtrent haar het hom vasgegryp en tot vandag nog nie laat los nie. Groen, hartseer oë onder ŉ rooi bandana.

In Keulen by die busstop het hulle afgeklim. Hy moes ŉ bus na Amsterdam toe haal. "Waar bly jy in Suid-Afrika?" het hy gevra. Sy het ŉ pen en ŉ stukkie papier uit haar handsak gehaal, ŉ adres en telefoonnommer neergeskryf en dit in sy hand gedruk. "Ons moenie, Marco. Dit gaan nie werk nie."

Hy het haar agternagekyk terwyl sy wegstap: "Ek wil die res van daardie gedig hoor," het hy agter haar aangeroep. Sy het omgekyk, geglimlag en tussen die mense verdwyn. Hy het na die nota in sy hand gekyk, dit opgevou en in sy beursie gedruk.

Die telefoon wat ver weg lui, ruk hom uit sy drome. Moet ek of moet ek nie? wonder hy. Traag kom hy orent en stap na die woonkamer.

Die eetkamerstel se spore lê nog net so diep in die mat as die vorige aand.

Hy tel die instrument op: "Hallo, Marco hier."

"Hallo, Pappa." Die stemmetjie onseker.

"My Spokie," sê hy sag.

"Hoe gaan dit met my pappatjie? Ek verlang my dood. Wanneer kom Pappa kuier?"

*Kuier by my eie kind.*

"Jong, so gou ek kan. Waar is julle?"

"Ons is hier op Goedgevonden, Pappa. Ek wens Pappa was hier. Dit is die mooiste dag. Oupa sê ons gaan ŉ bietjie later in die berg stap."

Die stemmetjie klink ver weg. Onseker hoe sy die situasie moet hanteer. Dan praat sy: "Mamma sê julle gaan skei. Sy sê dit is al wat Pappa nog aarde toe kan bring, maar Pappa gaan nooit weer heeltemal regkom nie." Hy hoor ŉ kar voor die huis verbyry. "Hoekom moet dit so wees? Is julle dan nie lief vir ons nie? Ons slaap nie eens meer in die woonstel nie. Mamma ook nie. Almal op die plaas is stil."

Dit word stil aan die anderkant van die lyn. "Ons is lief vir Pappa; ek en Boetie en ek dink Mamma ook. Mamma lag nie meer nie." Dan is die lyn dood. Oomblikke lank staan hy en luister na die gesuis oor die langafstandlyn. Hy oorweeg dit om terug te bel, maar hang dan die gehoorstuk terug aan die mikkie.

Mamma lag nie meer nie, weerklink dit nog in sy ore. Êrens in sy agterkop hoor hy weer die kneukels teen die toegewasemde ruit klop. Fok, hoekom probeer ek nog? Dit gaan makliker wees om alles net te laat gaan. Ek het al ŉ duisend keer gesê: Nou hou ek op. En ek het al 'n duisend keer weer teruggeval. Ek hét dit nie.

In sy gedagtes sien hy die kasdeur wawyd oophang.

***

# Hoofstuk 16

Paniekerig staan Hottie op en struikel deur die rommel na die naaste vensteropening. Hy struikel oor ŉ baksteen, probeer sy val stuit deur met sy regterarm teen die muur te stut. ŉ Steekpyn skiet deur sy elmboog. Die stemme klink naby. Verdroogde onkruid knars onder sy skoensole. Sy hart stamp in sy borskas.

Die gedagte dat hy nóú moet vlug flits deur sy brein, soos die ligte snags vanuit die wagtoring bokant sy sel in Sentraal. Wie kan dit wees? Die polisie wat inligting gekry het? ŉ Boer wat iets verdag opgemerk het? Hy sien weer sy hande wat daardie eerste nag in die tronk om die koue tralies klou.

"Hottie!" Sam se stem klink klein in die groot, leë ruimte rondom hulle. "Hottie!"

Hottie kyk om na die venster van die slaapkamer. Die digte bos begin teenaan die agterkant van die huis en honderd meter verder loop die berghang steil na bo en dan dood teen 'n loodregte krans. Hy kan nêrens heen nie. In die vensterbank roer die vere van die dooie blouspreeu in die wind.

"Hottie!" Sam se stem word dringender, ongeduldig.

Hy kyk versigtig deur die opening in die kombuismuur oor die werf uit. Onder die wildevy staan Sam en gesels met ŉ kort, skraal swartman. Traag stap hy teen die trappe af, oor die strook sement van die voetpaadjie, na die mans toe.

Sam se arms is om die man se skouers geslaan: “Laat ek jou introduce, Babba. Hierdie is my broer, Fish.” Hy druk met sy plathand op Fish se skouer en dié begin hewig te hoes.

“Shit Sam, jy het my nog nooit vertel dat jy een van jou broers gekry het nie?” is al waaraan hy kan dink as hy die seun se hand skud. Hy merk die droë bloed in Fish se mondhoeke op.

Sam knipoog vir Hottie: “Babba, jy weet mos ons is almal broers in hierdie land. Comrades. Ons vreet almal saam dieselfde kak op. Kom ons gaan sit.”

Bokant hulle dryf windswaels in die grou lug.

Wanneer gaan ek nou die kans kry om met Sam te praat? wonder Hottie.

Hy kyk onderlangs na die seun wat langs hom stap. Kort, vyf voet vier, vyf. Sy onderhemp hang los oor die verbleikte blou broek van ŉ oorpak. Nie veel ouer as sestien of sewentien nie en sy gesig is gitswart onder ŉ swart pet met die embleem van die Orlando Pirates sokkerklub op. Die oë is diep in sy oogkasse. In sy linkerhand dra hy ŉ swart vullissak.

By die vuurmaakplek leun Fish die swart sak teen die muur aan. Sam staan op sy knieë langs die vuur, gooi takkies op die dooie kole en blaas in die as. Die takkies vat vlam en Hottie wonder of Sam nie bang is dat iemand die rook van die vuurtjie sal opmerk nie. Met sy hande plat in die as draai hy sy kop en kyk na Hottie: “Sit, Babba.” Sy glimlag is koud.

“Fish is ons inside connection op die plaas waar ons vanaand gaan strike.” Hy staan op en klap sy hande om die as af te skud.

*Hy werk op die plaas waar ons gaan strike.*

Fish krap in die swart sak en haal ŉ vuurhoutjiedosie te voorskyn. Uit die sak van sy oorpakbroek haal hy ŉ pakkie Boxer tabak. Hy skuif die dosie oop en skud dagga uit in sy handpalm. Dan ŉ paar stringetjies tabak. Uit dieselfde pakkie trek hy ŉ stukkie opgevoude koerantpapier. Behendig rol hy ŉ zol, neem ŉ brandende takkie uit die vuur en steek die zol op. Die brandreuk van dagga hang in die lug.

In die verte dreun ŉ trekker.

"Fish ken die setup en weet hoe die huis binne lyk," sê Sam. "Hy weet waar elke kamer is en ook waar die alarm is. Hy was by die dag toe hulle dit install het, nè Fish? Hoe fokken dom kan 'n boer wees? By alles nog 'n afgetrede judge ook," sê hy meer aan homself as aan iemand anders. Hy skud sy kop en snork verontwaardig. "Ek sal later vanaand presies explain hoe ons die hele storie gaan handle. Julle gaan in elk geval net skep. After all is die paartie myne. Ek wag al jare lank hiervoor." Hy kyk Hottie reguit in die oë.

"Vannag sal jy voel hoe revenge jou skoonmaak hier binne. Jy sal at last kan vrede maak met Gretha se dood."

Fish, wat sukkel om stil te sit, het 'n vuilgevatte karton Thlokwe uit die swart sak gehaal. Hy vou die karton oop, neem 'n groot sluk, vee sy mond af en hou dit uit na Sam. Die daggazol hou hy uit na Hottie wat sy kop skud.

Hoog bo hulle krys ŉ hadida en as Hottie opkyk, merk hy weer die dynserigheid en die vuil kleur van die lug op, en hy onthou die wasige kring om gisteraand se maan. Fish kyk na hom: "Die bos het eergister begin brand. Ons het die hele dag voorbrand gemaak en vuur geslaan. Dis elke jaar se ding."

Die mannetjie se goeie Afrikaans verbaas Hottie en dit is asof Fish die vraag in sy oë lees. “Baas Andries het ons uit die skool gehaal om te help vuur slaan.” Hy trek diep aan dit wat oor is van die stompie voordat hy dit in die vuur inskiet. “Hy’s ŉ smart baas. Hy het vir ons ŉ skool op die plaas laat bou en ŉ ou vrou gekry wat ŉ onderwyser was om vir ons te leer.” Hy haal die vuurhoutjiedosie met dagga uit, rol nog ‘n zol.

“Daar is nie iets soos ŉ goeie witmens nie,” sê Sam, maar sy oë is op Hottie. “Jy is stil Babba, ek like dit nie.” ‘n Vlaag wind waai deur die vuurtjie. Fish steek die zol op.

“Sam, jy kry fucked-up blacks ook. My eie pa het my laat staan soos ‘n weggooihond.” Fish draai die karton bier senuweeagtig in sy hande rond en vertel: “Ek het in Mosambiek grootgeword. My pa het ‘n vissersboot gehad. Soms het hy my uitgevat op die see. Later het die kinders my Fish genoem. Dit was ‘n nice lewe, maar alles het verander toe die oorlog begin. ‘n Bende mans met AK’s het een nag deur die rietafskorting om ons kraal gebreek.”

Hy trek diep aan die zol, blaas die rook deur sy neus uit.

“Swartmans, bra Sam. Killers. Dit was in hulle oë.” Hy bars in ‘n hewige hoesbui uit, sukkel om asem te kry.

“Ek het gehardloop. Die berge in. Op ‘n rots teen ‘n krans het ek gesit en kyk hoe hulle ons honde aan die agterpote gryp en teen die klippe doodslaan. In die hut kon ek my ma hoor skreeu. Later my susters. My babasussie was drie jaar oud. Ek het haar hoor huil. Ek het geweet waarmee hulle besig was. Ek het afgehardloop onder toe. Myself fucked-up geval, maar ek moes haar gaan help. Ek het ons hut

binnegestorm. Die grootste een het bo-op haar gesit. Haar oë was toe, haar gesig stukkend, die mondjie skeefgetrek. Ek dink sy was dood. Ek het op die man se rug gespring, getjank soos ‘n mal hond. Hom geslaan, gekrap en gebyt.”

Hottie staar die verte in, sy gesig vertrek in afgryse. Die res van Fish se verhaal kom tussen slukke Thlokwe deur uit. Hy wil nie luister nie, maar hy kan homself nie afsluit nie. Sy gedagtes is vasgevang in die draaikolk van geweld. Fish se ma kaal in die plas bloed op die misvloer, haar dooie oë oop. “Haar bene was oopgespalk.” *Hy voel hoe Gretha se hand uit syne geruk word,* sien hoe die groot mans Fish laggend teen die misvloer vasdruk, sy klere van hom afskeur. “Dit was of hulle pale in my gat ingestamp het. Ek het gekerm.” *Sam hardloop in die maanskyn agter die bakkie se ligte aan.* “Ek het gedink hulle hou nooit weer op nie.” *Hy tel Gretha uit die stof op, haar bloed is warm en nat deur sy hemp*. Hy sien Fish wat verwilderd die berge in vlug. Weke later, stap hy agter ‘n groep vlugtelinge aan deur die Kruger Wildtuin. “Ek was skytbang. Dit het daardie jaar heavy gesous en as die veld so oorgroei was, het die leeus gesukkel om wild te vang. Ons mense het ‘n easy meal gemaak. Snags het ons soos ape in die bome geslaap, aan die takke vasgeklou, terwyl die leeus wag vir halfdooie mense om uit die boom te val.” Hottie sien mense wat sleepvoet deur die warm sand stap, in ‘n desperate soektog na ‘n ander lewe. *Hy hoor ‘n sweep klap, geweerskote wat deur Kliptown se strate rol. Sterk kake wat bene breek.* En in die stilte wonder hy of die nag wat voorlê hierdie herinneringe sal laat verdwyn? En of daar dan uiteindelik iets oor sal bly wat die moeite werd is om te onthou.

Fish skiet wat oor is van die zol in die as in. “Wanneer ek die as van die uitgebrande vuur sien, onthou ek daardie trip deur die jungle. Daar was ‘n jong meisie saam met ons. Sy het net een hand gehad. Sy het elke dag langs my gestap, my support. In die nag het ons styf teen mekaar gelê vir warmte. Elke dag het sy swakker

geword, voete gesleep in die stof, agtergeraak. Dit was my beurt om haar te help, maar ek was self op. Een warm agtermiddag het sy teen ‘n boom gaan sit. Ons het haar net daar gelos. Ons het teen ‘n berghang opgestap en ek het nog een keer omgekyk. Van bo-af kon ek haar sien sit, haar kop op haar arms. Twee hiënas het lui in die voetpaadjie afgestap. Die kwyl onder aan hulle bekke het in die middagson geblink. Ek glo nie sy kon hulle al sien nie. Sy het nie eens geskreeu nie.”

In die verte tregter aasvoëls spikkels teen die ligblou horison.

“Ek het kaalpoot deur daardie jungle gevlug. Ons het verdwaal. ‘n Paar keer op mense se kopbene afgekom. Ons is teen ‘n berghang uit. Toe ons bo kom, het ek omgekyk. Ek kon die kopbeen in die stof sien lê. Miskien was dit dié van die meisie met die een hand. Ek weet nie, maar die hiënas was lankal weg. Ons het gevrek van die honger. Enige kak geëet. Rotte, krieke, sprinkane, eendag ‘n dooie hiëna. Die meeste vroue en kinders het dit nooit gemaak nie. Een-een iewers in die bos gaan lê.”

Buite rumoer ‘n swerm muisvoëls in die bome.

Op ‘n sonnige dag het hulle iewers onder die grensdraad deurgekruip. Hulle het by ‘n teerpad gekom, verwonderd na die landskap om hulle gekyk. Die meeste van hulle het nie tyd gehad om weg te hardloop toe die polisiepatrollie se sirene agter hulle loei nie. Fish het die veld ingehardloop.

Fish sit die karton Thlokwe langs hom neer: “Ek het weer gevrek van die honger, gekak van die koue.” Hy begin skielik onbedaarlik hoes. Uiteindelik het hy sy asem terug. “Ek het baie aande êrens onder ‘n karton gelê en terugverlang na die vrot vleis van die hiëna.” Hy maak sy keel skoon en spoeg in die as. “Andries Schutte het my ‘n job gegee en ‘n plekkie om te bly. Die judge, noem die mense hom hier rond.”

“En die judge het die grootste fout in sy important lewe gemaak,”sê Sam en glimlag.

Meteens is alles vir Hottie klinkklaar helder. Hy hoor weer Sam se stem in die donker wanneer die ligte van die wagtorings deur die sel flits: “Eendag, Babba, eendag gaan ek wraak neem. Dit gaan sugarsweet wees. Ek gaan my tyd vat en jy moet by wees dat jy die taste daarvan kan kry.”

Hottie wonder hoe Sam en Fish bymekaar uitgekom het. Hy kan hom goed voorstel hoe Sam vrae in die omgewing vra, een aand in die ligkring van Fish se vuur en sy lewe instap – inzero op die onskuldige kontak wat hy nodig gehad het om sy planne momentum te gee. Wie sou beter in sy *plot* pas as ‘n onskuldige kind wat nog nooit enige goed in die lewe ervaar het nie, nie van beter geweet het nie? Iemand wat aan Sam se lippe sou hang.

Vannag moet ek weg. Vlug na waar daar iets soos hoop bestaan. Na die eerste, beste polisiekantoor toe as dit moet, maal dit deur sy gedagtes. Eendag ontmoet ek dalk weer ‘n Shirley.

Die skadu’s om hulle begin langer rek; die muisvoëls word stil. Hy skrik wakker uit sy gedagtes as hy sien hoe Fish ‘n rewolwer uit sy swart sak haal. “Baas Andries se vrou het hierdie laat rondlê. Sy is deur die kak. Ek glo nie sy weet meer waar sy die ding weggesteek het nie.”

Met ‘n grynslag neem Sam die wapen by Fish, weeg dit in sy handpalm. Hy laat val die magasyn oop en die loodpunte van die koeëls klik teenmekaar in sy handpalm. Een vir een druk hy hulle terug en hou die wapen aan sy loop uit na Hottie: “Joune,” sê hy sag. “’n .38 Special. Spesiaal vir jou.”

Met ‘n sinkende gevoel in sy binneste neem hy die wapen en in sy gedagte sien hy ‘n jong konstabel wat ‘n .38 bewend in twee hande vasklem, die loop soos die oog van ‘n slang.

Skemer kruip stadig tussen die mure van die bouval in. Op die horison pak die wolke saam en in die tuin sug die windpomp in die wind. Fish se skraal liggaam ruk onder die aanslag van ‘n hoesbui en Hottie sien die helder bloedspatsels wat op sy voorarm agterbly.

En meteens is sy twyfel weg: ek moet verdwyn. Vannag. Doodgewoon in die bos wegraak. Wanneer Sam laataand opstaan om sy planne aan die rol te sit, moet ek al ver genoeg weg wees. Hy draai sy kop na die skemer toe en glimlag in die wind.

Sam se stem hoor hy in die verte: “Laat ek explain wat vannag gaan gebeur.”

***

# Hoofstuk 17

Marco stap kombuis toe, skakel die ketel aan. Hy kan nie anders as om terug te dink aan die dag toe Lisa met die ketel by die huis aangekom het nie. Sy het dit ewe trots uitgepak. Hy het na haar staan en kyk asof sy een of ander monument onthul.

"Lisa, Lisa, wat se kak het jy nou weer gekoop?"

"Die ding het sewentig rand gekos, Marco." Sy het na hom gekyk met haar groen oë. "Hoekom?"

"Die ding sit nie self af nie. Dit is een van daardie goed wat voortkook totdat jy nie meer die stoof en dan die kombuishorlosie en later nie meer die buitedeur kan sien nie. Dit kook soos Old Faithful in Yellowstone Park. Vir altyd. Totdat net die elemente oor is en nie meer dieselfde lyk as op daardie boks in jou hande nie. Dit kook suurstof, totdat dit ons krag trip, die bure s'n en laaste sal die voorstad se fokken substasie in rook en vlamme opgaan."

"Marco, kan jy nie meer 'n gesprek voer sonder om sarkasties te wees én te vloek nie?"

Daardie eerste aand al het hy die kombuis in 'n sauna verander en eers onthou van die ketel se "probleem" toe stoom lui deur die woonkamer dryf. Die vólgende dag het Lisa 'n ander ketel gaan koop. Hierdie een iewers in 'n kas gaan bêre. En nou het sy dit aan hom nagelaat. Hy maak die ketel vol, skakel dit aan en stap na buite.

Dit het 'n pragtige oggend geword. 'n Pers skynsel hang in die jakaranda teen die tuinmuur. Iewers lag 'n kind. 'n Garagedeur word oopgeskuif. Hy gaan sit op die rand

van die swembad. Hou die Kreepy dop wat, soos altyd, op presies dieselfde plek in die swembad vasgesteek het. Hy het nie die behoefte om die stotterende apparaat uit sy ellende te verlos nie. Doen hy die moeite, steek die ding in elk geval weer op dieselfde plek vas terwyl hy koffie skink. Hy onthou skielik die ketel en storm terug die kombuis in. Stoom krul deur die tuit – Old fucking Faithful. Hy skud sy kop, maak die kombuiskas oop. Die beker wat voorin staan is die één wat hy nie wou gesien het nie*: I love my DAD,* is in die handskrif van ՚n kind teen die kant geskilder. Hy wens hy kon sy kinders buite in die swembad hoor speel. Hy gooi koffie en suiker in die beker en wens hy kon na buite gaan, die krieketkolf en Brutus se bekwylde tennisbal optel, die bal hoog die lug inslaan en vir die kinders skreeu: "Die een wat hom vang, kry tien sent, twintig, een rand!" Saam skater van die lag as Arno oor die hond struikel en Charlene die bal misvang.

En hy wat Marco is sou skreeu: "Butterfingers!" en hulle sou almal op die gras gaan lê en krul van die lag.

Hy weet dat hy besig moet raak; iets anders moet doen as om aan dinge te dink wat nooit weer terugkom nie. Die gedagte ruk aan hom: Nooit weer nie. Hy moet homself forseer om nie aan die garagedeur te dink nie. Só maklik. Vier of vyf groot slukke van die dik vloeistof, vinnig ՚n pyp stop. Daar moet nog ՚n acidcube wees. Enkele minute wag en dan: Bingo!

Hy dwaal deur die huis, loop deur Arno se kamer. ‘n Wit boksie lê op die vloer. Hy buk en tel dit op. Ritalin. Hy vou dit oop. Leeg. Die kind was van die begin af anders as Charlene of sy maatjies. Hiperaktief. Uitputtend om die minste daarvan te sê. Lisa het hom na ՚n sielkundige toe gevat toe sy iewers van ‘Tourette Sindroom’

gehoor het. Met ŉ glimlag en ŉ dosie Ritalin het sy by die huis gekom. Hy was de bliksem in.

"Weet jy wat Ritalin is, mevrou Verkerk? Dis ŉ sentrale senuweestelsel-stimulant, ŉ upper soos kokaïne en ecstacy. Skedule 7-medisyne." Hy het wrang geglimlag toe hy daaraan dink dat hy soos ŉ dwelmekspert klink.

"Meneer Verkerk, onthou jy jou ketel wat 'voortkook' totdat jy nie meer die kombuishorlosie kan sien nie? Die elemente skeef trek en die buurt se substasie trip? Dit is waarheen ek én hierdie kind op pad is as ons nie iets met sy hiperaktiwiteit doen nie." Eintlik was Lisa reg. Dit was net nie nodig om Old Faithful in die argument te betrek nie.

Soos ŉ gees dwaal hy van kamer tot kamer, verby die bleek afdrukke van die eetkamertafel op die mat na buite. Dan werskaf hy met die swembadborsel, oorweeg dit om na die predikant skuins oorkant die straat te stap vir geselskap, maar bedink hom. Vir ŉ gewyde gesprek het hy nie nou aptyt nie.

*Ek bring vir jou ŉ boekie*.

ŉ Fokken boekie, wanneer jy veel meer nodig het.

Verby die waenhuisdeur. Sweet streep teen sy slape af, hy ruik die soet reuk van dagga in die wind. En hy wonder of daar nie ander maniere is om goed te voel, anders as om een of ander chemiese middel deur jou neus, jou keel, jou longe, of jou gat, of binneaars, in jou liggaam in te forseer nie.

Ek word sinies, dink hy. Ek moet met iemand praat. 'n Stem hoor. Al is dit my eie.

Dan staan hy voor die spieël in die badkamer, sien sy gesig in die glas en dink daaraan dat hy iewers gelees het dat jy jouself moet leer ken voordat jy jou lewe kan regruk. “Lisa, hiérdie keer is ánders, ek wil begin skryf oor verslawing. Ander help,” hoor hy homself. Hy sien hoe sy hom skepties aankyk, hoor die woorde wat sy nie sê nie: “Marco, wat het jy al alles probeer? Ek weet nie meer of jy kan nie.” Die frustrasie bou in hom op, dit kriewel rusteloos binne hom. Hy wil die kar uit die garage trek en na die pusher by die Shell-garage in Atlasweg ry.  Hy slaan met die rugkant van sy gebalde vuis na sy beeld in die spieël. ’n Skerp pyn skiet deur sy gewrig.

“Fuck you,” sê hy vir homself. “Hoekom het jy toegelaat dat hierdie helse ding jou lewe verrinneweer?”

Die liggie wat iewers in sy gedagte opgaan, is flou.

Skielik staan hy voor die geroeste kas. Spinnerakke hang in die hoeke. Hy draai om en vlug na buite. Hy vee sweet van sy voorkop af. Daar is trane in sy oë. Hy weet nie of dit woede of hartseer of frustrasie is nie. Die Kreepy het weer in die hoek van die swembad vasgesteek.

*Fok die mense wat nie in my glo nie. Ek sal hulle wys*.

Jy kan nie ...

Iemand lag hard. Hy kyk om hom rond, daar is niemand nie.

Dan sit hy voor sy skootrekenaar, skakel dit aan, leun terug, dink aan die laaste reël van Hunter S. Thompson se selfmoordnota: “Football Season is over: Relax – This won’t hurt.” Hy glimlag.

Wáár begin ek soek?

Ek soek al twintig jaar.

Nie by die stof en stoom van ŉ bakkery wat iewers, jare terug, nog deur die verlede dreun nie. Nie by Jo-Marié nie. Ek moet by myself begin soek. God vind.

Hy weet meteens waar om te begin, en besef dat hy lankal geweet het, maar telkens weggeskram het. Dit is nie maklik om die fout by jouself te soek nie.

Ek wás al by myself. Hoe vertel jy hierdie kak vir iemand anders?

Hy buig oor die sleutelbord.

*Aan: My Ander Ek,*

Football season is over, dink hy. Relax – This won't hurt.

*Vanoggend toe ek in die spieël kyk, het ek met ŉ skok besef dat dit die eerste keer in jare is dat ek jou weer sien. Jy het oud geword. En grys. Die lyne in jou gesig het kepe geword. Kepe wat die swaarkry oorbeklemtoon. Dieselfde swaarkry wat oor my eie pad gekom het. In jou oë kon ek die letsels sien lê, soos die hale oor ŉ pols van iemand wat in radeloosheid sy hand aan sy eie lewe wou slaan. Jy dra dit saam met jou. Van buite het dit genees, maar onder die merke lê dit rou.*

*Jy gaan sekerlik verbaas wees wanneer jy hierdie brief lees. Normale mense doen tog nie sulke dinge nie, hoor ek jou al sê. Natúúrlik gaan dit jou pla; geeneen van ons hou tog daarvan wanneer sy ware identiteit ontbloot word nie. Tog weet ek dat jy hierdie dag sien kom het.*

*Niemand sal ooit besef hoe na aan mekaar ons geleef het nie. Jare lank het ons ŉ bed gedeel, deur die lewe gereis in een liggaam. Dieselfde wêreld deur ŉ*

*dwelmroes aanskou. Saam deur die uitsiglose dae en eensame nagte geswoeg. Saam het ons gelag, saam gehuil, saam gefaal.*

*Onthou jy die nag toe ons ontmoet het? Die nag toe jy my gewys het dat daar ŉ ánder wêreld ook bestaan. ŉ Skemerwêreld soos jy ervaar wanneer jy onder die vuil rook van ŉ veldbrand loop. Ek onthou die bleek lig van die sekelmaan, sterre wat ver weg skitter. Ag, maak die detail saak? Ek weet nie meer wat dit is om te lag nie.*

*Wat het jy in my lewe kom soek? Die lewe was so spesiaal. Die jare voordat jy jou nagemaakte reënboog oor my horison kom span het. Voordat elke dag koud en grys geword het, en ek na my polse begin kyk het vir ŉ oplossing.*

*Miskien wou jy ook rus en vrede hê, mense om jou soek waarvoor jy lief is Ek sal nooit weet nie. Maar dan verstaan ek jou so min as wat ek myself verstaan. Jý, wat goed weet dat verslawing ver oor die grense van die liefde heen strek.*

*Maar laat ons eerlik wees: In al jou sluwe planne het jy nooit rekening gehou met God nie. Vir sommige mense gee Hy ŉ reddingsboot wanneer hulle in die onstuimige branders van die lewe veg om te oorleef, aan andere ŉ reddingsboei. Jy het nooit die houtsplinter gesien wat Hy na my toe uitgeslinger het waar ek in die deining van verslawing geveg het om voortbestaan nie. Soos ŉ albatros hang hy in die grou lug bokant my, beskerm my sodat die branders my nie op die rotse breek nie.*

*O ja, jy sal seker maak dat ek jou nie vergeet nie. Jou gesig sal oral opduik soos die dag toe Lisa in die kerk ingestap het. Ek het geglo: Sy gaan my uit hierdie gemors help. Jy het oor haar skouer gesmile. Jy was dáár toe die kinders gebore is. Jy het gegrynslag asof jy wou sê: "Jy hoop tevergeefs vir iemand of iets wat mý plek kan volstaan."*

*Ek wil nie teruggaan na jou wêreld met sy valse voorwendsels nie. Ek weet dit gaan nie maklik wees nie, maar kyk bokant my in die lug: Sien jy die Albatros? Vandag glo ek dat Hy my sal laat wen as ek régtig wil. Dan sal 'n nuwe lewe voor my uitgestrek lê. En ek sal uiteindelik vry wees.*

*Maar na alles wat ons saam deurgemaak het, gaan ek jou tóg mis. Jy was die enigste een wat áltyd daar was vir my, die enigste wat nooit weggekyk het waar ek voor die poorte van die dood in die stof gelê het nie. My skaars glimlag het aan jou behoort. Ek sal jou roekelose avontuurlus nooit vergeet nie, jou uitgestrekte hand wanneer eensaamheid my binne-in myself vaskeer.*

*In rehab sê hulle: Herstel is ŉ proses. Ek sien kans daarvoor. Hier voor my rekenaar sien ek kans. En môre? hoor ek jou vra. Môre moet ek weer die stryd van nuuts af aanknoop.*

*Wie weet, eendag praat ons weer. Eendag wanneer die twyfel in my lewe geil staan, die nag te lank duur. Tog kan ek nie anders as om te erken dat ek deur die jare vir jou lief geword het nie, want in wese is jy tog maar ek.*

*Tot weersiens?*

*Ek.*

Hy staan op en stap na buite. Op die rand van die swembad gaan hy staan. Die Kreepy het losgebreek, werskaf oor die bodem, die water blou. Hy wonder: sal ek oor my probleem kan skryf, dit lewensgetrou op papier neerpen? In sy gedagtes sien hy ŉ loodgieter met ŉ skalpel in sy hand. Hoor ŉ stem: "Hierdie pasiënt se blindederm moet verwyder word, anders gaan hy sterf." Hy sien sy glimlag op die

wateroppervlakte, voel die euforie deur hom stu en hy wonder hoekom hy nie altyd so goed kan voel nie.

Die loodgieter kan net sy bes probeer.

Diep in gedagte sit hy op die rand van die swembad. As hy begin skryf, sal hy moet vertel van Jo-Marié. En ligjare weg beleef hy weer die oomblik toe Adjudant Krynauw se stem hom in die deur laat vassteek: “Ek wil dit nie vir jou vertel nie, meneer Verkerk, maar ek het nie ’n keuse nie,” en daardie lang stap deur die donker gang van die polisiekantoor, na buite.

***

# Hoofstuk 18

Die swaar donderslae het bedaar. Weerlig teken die saagtandsilhoeët van die berg af teen die horison. Bo die geritsel van die reën in die plantegroei klink die melodieë van Sam se mondfluitjie melancholies deur die nag. Hottie vryf ingedagte aan die vratagtige litteken laag in sy nek. Sy gedagtes dryf weg.

Die vlymskerp punt van die stuk bloudraad prik teen die sagte nekvel.

"Op jou knieë, Bra. Moet ons nie kak gee nie, anders vrek jy," hoor hy weer Rudi se stem agter hom, ruik die dagga op die bendeleier se asem: "Jy het ŉ choice, pielvel: Down your  throat or up your ass. Watter een eerste?" Die dagga-asem is steeds in sy nek. ŉ Droë, humorlose laggie en 'n koor in die agtergrond wat saamlag.

Hy voel hoe sy oorpak met geweld van hom afgeskeur word. Die punt van die bloudraad glip deur die vel net agter sy oor. Die brandpyn is die pik van ŉ slang.

"Hierdie gaan gou wees, Bra. Dan is jy een van die manne."

Rudi giggel soos ŉ jagse hiëna.

*Een van die manne*.

Sy natgeswete gesig plak taai teen die gladde sementvloer. Die skerp reuk van Sunbeam vloerpolitoer slaan in sy neus op.  Hy hoor die stoomklep van die boiler agter Sentraal se droogskoonmaker stoom afblaas soos ŉ warm sug. Paniekerig wonder hy waar die bewaarders is. Hy kan nie sy mond toemaak nie, voel sy tande knars teen die koue beton. Sy bene word so wyd oopgeforseer. Dis asof sy lieste van

die been geskeur word. Die ritssluiter van Rudi se oorpak gly oop. Hy knyp sy oë toe. In die verte loei ʼn sirene.

"Moenie roer nie, asshole. Ek is een senuweeagtige fokker."

ʼn Vegvliegtuig suis oor die stad in die rigting van Waterkloof. Die wêreld het gaan staan.

Hy kan nou nog die koorsige oë sien gloei. Al wat oorgebly het, is die drange van ʼn dier; orgasme ʼn enigste hoogtepunt in ʼn dooie bestaan. Hy hoor hoe hulle argumenteer wie volgende aan die beurt is.

"Stop dit motherfuckers. Hy's myne." Hoeveel nagte het hy nie van daardie oomblik gedroom nie? Die stem van 'n robot: *The number you've dialed does not exist.*

Sam.

Die kru doodsinstrument in sy nek huiwer nog ʼn oomblik en is skielik weg. Die straaltjie bloed teen sy nek is louwarm.

Hottie draai op sy rug en probeer die oranje oorpak weer bymekaarkry. Sam se hand is uitgesteek na Rudi toe. Die bendeleier se gesig is ʼn mengsel van vrees en haat.

"Gee." Weer die robotstem.

"Shit, Sam. Hierdie het fokkol met jou uit te waai." Rudi se kraalogies flits.

"Gee."

Rudi trek die ritssluiter van sy oorpak toe, hou die bloudraad uit na Sam toe. Sweetdruppels pêrel teen sy voorkop.

“Ek stuur vir jou die invoice, fucknut,” sê Sam. Hy ruk die bloudraad uit Rudi se hand, draai om, stap weg.

Rudi kyk Sam agterna, vee sweet met sy voorarm van sy voorkop af. Die ander manne het om die hoek van die droogskoonmakers verdwyn. Die stoomklep blaas.

En Hottie het al soveel keer gewonder: Hoekom het Sam my gehelp? Hy het my niks geskuld nie.

Hottie staan op. Die wind ruis deur die bome. Hy stap na sy bondeltjie wat in die hoek van die vertrek lê. As ek daardie dag kon vergeet, sou ek lankal in die nag verdwyn het, dink hy. Dit sou alles so maklik gemaak het

Drie dae later, terwyl die gevangenes na hulle selle teruggedrentel het, het Rudi in die noordelike hoek van die tronkvierkant bly lê. Op sy rug in die skroeiende son. ʼn Dun straaltjie bloed het uit die wond in sy nek gesyfer. Die bopunt van die stuk bloudraad het halfpad, soos ʼn antenna, by sy gulp uitgesteek. Vrees was al wat in dooie, oopgesperde oë agtergebly het.

Hottie ruk as ‘n oorverdowende donderslag agter die berg klap. Agter die geruis van die reën het die mondfluitjie stil geword.  Senuweeagtig tel hy die plastieksak met sy aardse besittings in op.

Hy rol die rewolwer toe in sy trui, haal dit weer uit. Reënwater loop teen sy gesig af. Besluitloos staan hy met die wapen in sy hand. Hy stap na die venster. ‘n Weerligstraal verlig die wêreld rondom hom. In die wit lig sien hy die dooie blouspreeu in die vensterbank lê. Die verbleikte vlerke deurdrenk met water, hol oogkasse soos die negatief van ‘n ou foto. Hy slinger die rewolwer die nag in, tel die

plastieksak op en stap versigtig na die voordeur. Nog ‘n weerligstraal slaan nydig oor die berg uit, die ou windpomp is ‘n oomblik lank helder afgeteken in die nag.

Hy voel die knaagdier aan hom vreet.

Voel-voel loop hy teen die trappies af.

Die stem agter hom stuit hom in sy spore: “Waarheen is ons op pad, Babba?”

*The number you have dialed does not exist*.

*

Ineengetrek sit Fish onder die sinkplaat wat hy skuins teen die muur geleun het. Hy voel die koue reënwater onder hom insyfer. Vyf minute vantevore het hy die oorblyfsels van sy laaste daggazol van hom af weggeskiet. Gefassineerd staar hy nog na die muur waarteen die stompie in ‘n vonkereën uitmekaargespat het. Hy hoor sy asem roggel, wag vir die volgende hoesbui. Hy is bang daarvoor. Bang vir die pyn wat daarmee saamkom. En die bloed.

Vandat hy op Goedgevonden aangekom het, was elke geleentheid Bela-Bela toe saam met die baas vir hom *legend.* Hy onthou nog daardie eerste payday. Andries Schutte het hom in die hoofstraat afgelaai.

“Hang around for a while, Fish, but don’t get lost. I will leave the bakkie here. Four-a-clock I’ll be back.” Andries het vier vingers in die lug gehou en na sy horlosie gewys: “You understand?”

En Fish het sy kop geknik.

Hy het oor die straat geloop en byna onder een van Meadows se voertenkers beland. Hy het omgekyk en kon Andries op die sypaadjie sien kopskud, sy hande in sy sye.

Skielik het hy voor Solly se fietswinkel gestaan. Hy het met sy neus teen die glas gaan staan. Die rooi fiets het sy aandag vasgevang. Minute later het hy voor twee vroue ingedruk en met ‘n glimlag op die verslete houttoonbank geleun en vir Solly beduie hy wil die fiets hê. Selfvoldaan het hy sy loon oor die toonbank geskuif. Solly het na die karige paar note en die enkele silwerstukke gekyk, geglimlag en sy kop geskud. “Not even enough for the wheelpump, mister,” en die geld teruggeskuif. Hy kon seker die teleurstelling op die skraal swartman se gesig lees en het twee chappies uit ‘n glasbottel gehaal en tussen die hopie kleingeld ingeskuif.

Maar vannag is sy gróót nag. Môreoggend stap hy by Solly se fietswinkel langs die Bosveldslaghuis in, skuif die note een vir een oor die houttoonbank. In sy gedagtes hoor hy hoe Solly die sleutels op sy outydse kasregister inslaan, die laai oopklingel. En dan is dit daardie rooi droom met die drophandels en hy en die wind.

Hy skud die karton Thlokwe, keer dit om in sy mond en smyt die leë houer weg. Hy rol op sy sy en leun sy kop teen die swart sak aan. Goedgevonden gaan hom na vannag nooit weer sien nie. Sam het gepraat van werk op die myne naby Rustenburg. Sy oë val toe. Minute later is hy vas aan die slaap, nie eens bewus daarvan dat die staalkop van die vierpondhamer ongemaklik in sy nek druk nie.

*

Hottie staan roerloos op die trappie voor die agterdeur. Die Checkerssak klapper in die wind. Druppels reënwater gly teen sy gesig af. Ademloos wag hy vir ‘n koeël om deur die nag te skeur. Niemand sal eens die skoot hoor nie. Hulle sê op ‘n kort afstand hoor jy eers die skoot klap as jy al klaar in die hel is. Hy draai stadig om. Die skerp lig van Sam se penligflitsie is verblindend in sy oë. Hy kan Sam se gelaatstrekke nie sien nie, dis net die glinstering van die liggie wat op die vuurwapen se loop weerkaats.

Sam se stem is kouer as die wind: “Hoekom drop jy my?”

“Ek wil vry wees, Sam. Ek is sat vir violence. Wil jý die res van jou lewe ‘n criminal wees? Elke nag onder ‘n ander dak. Altyd omkyk. Bang wees dat die polisie jou weer gaan optel; in die nagte wakker skrik wanneer C-MAX se gesigte nie wil weggaan nie. Wag dat die ligte op die wagtoring deur die sel flits – elke een minuut en vier en vyftig sekondes. Ek wil nie meer hardloop nie, ek wil leef, man. Kan jy dit nie verstaan nie?”

“Wat weet jy van lééf?” Sam se stem is driftig. Die aanvalsgeweer is horisontaal op Hottie se midderif gerig. “Jare terug sou ek nie ‘n sekonde gehesitate het om jou uit jou skoene te blaas nie. Maar ek het respect vir jou en miskien voel ek sorry vir jou. Hoeveel nagte het ek gelê en luister hoe jy met jou kind praat. Asof sy langs jou staan. Ek het gedink: hierdie outjie is van die pad af. Dan sou ek saggies jou naam sê, maar jy sou nie antwoord nie en ek het besef jy droom. Jare lank het dit so aangegaan. Ek het later vir Gretha gekén. Ek het saam met jou gevoel.”

Die ou windpomp kreun in die wind. Êrens bokant hulle ruk die wind aan ‘n los sinkplaat.

“Ek het vir myself gesê: Hier is iemand wat ek wil help. Help om iets te doen aan daardie helse *gap* wat dood in jou los. Daardie black hole wat dieper en leër word as time goes by.”

“Sam . . .”

“Wag. Laat ek klaar praat.”

Stroompies water ruis in die donker.

“Weke nadat hulle my pa so opgefok het, het hy een aand nie huis toe gekom nie. Ek het die volgende oggend vroeg na hom begin soek, kon hom nêrens kry nie.”

Sam vat aan die litteken op sy gesig. “Hierdie scar wou nie gesond word nie. Elke keer as my gesig getrek het, het dit oopgegaan. Vandag trek dit nog as ek smile of de moer in word – dit help my dat ek nooit vergeet nie.” Hy glimlag suur. “Laat my elke keer dink hoe Fred dit oopgebliksem het toe ek hom gaan vra het of hy nie weet wat van my pa geword het nie.”

Die reën het opgehou. Rondom hulle slaan die vogtigheid warm uit die aarde op.

“Die nag toe my pa nie teruggekom het huis toe nie was ek desperate. Fok, hy was my ouman. So desperate dat ek Fred gaan vra het om te help soek. Hy was my baas. Waarheen gaan jy anders op die plaas waar jy grootgeword het? Eers wou hy nie met my praat nie. Ek het al agter hom aangeloop. Toe strip hy sy moer.

“My kaffertjie, die fokker het weggeloop. Gedros, kaksleg. Dit is hoe julle almal word wanneer julle ouer word. Kry jou ry voordat ek jou bliksem.”

"'Baas Fred,' het ek probeer. Ek het die vuishou nie eens sien kom nie. Ek het op my knieë gesak en hy het my met daardie groot skoene in my gesig geskop. Ek het gevoel hoe die scar aan my gesig oopgaan. Toe ek weer my oë oopmaak, was my gesig sentimeters van sy skoene af. Die rowe en bloed het aan die punt van sy skoen gesit. Ek het my lippe stukkend gebyt om nie te huil nie, met my gesig in die stof bly lê sodat hy nie die trane sou sien nie. Ek wou opspring en hom om sy keel gryp, elke stukkie lewe uit sy wit, fokken keel wurg. Daardie dag toe ek die stuk bloudraad in Rudi se knaters geplant het, het ek dieselfde gevoel. Ek het in sy oë gekyk, hy was nog nie dood nie, sy gesig het al witter geword."

'n Jakkals huil lank en uitgerek in die berghang agter die huis.

"Ek het opgestaan  en weer gaan soek. Laatmiddag het ek spore buite 'n koringland gekry. Twee stelle spore en sleepmerke tussenin. Hy het in die middel van die land gelê – soos 'n voëlverskrikker wat deur die wind omgewaai is. Brommers het op die droë bloed in sy gesig gepak. Ek het langs hom gaan sit. Ure lank het ek gesit en luister hoe die voorslag van die sambok deur sy vel sny. Iewers, ver weg, kon ek die lonely klanke van sy mondfluitjie hoor.

"Die son was besig om onder te gaan toe ek opstaan en na die opstal loop. Fred en sy pa was besig om vleis te braai.

"Oubaas, baas, my pa is dood."

"Fred het in die vuur gespoeg, die prop van 'n bottel Klipdrift afgeskroef, 'n moerse dop geskink, sy glas gelig en gesê: 'Cheers.'"

"Hulle het die voorman gestuur om sy lyk te gaan haal. Ek het jou al vertel wat die distriksgeneesheer gesê het."

In die lig sien Hottie druppels teen Sam se gesig afloop. Die AK onder sy regterarm vasgeknyp, sy vinger op die sneller.

"Moet my nie vertel daar is iets verkeerd met revenge nie, Babba. Die witman het baie ways van revenge. Driehonderd rand en ‘n sak mieliemeel ‘n maand, en as jy nie happy is daarmee nie, jaag hy jou weg van die plaas af. Toe hulle Mandela deur die hekke van die Victor Verster sien stap, het hulle besluit: daar is ander maniere van revenge. Dink jy vir een sekonde daar bestaan iets soos justice in hierdie fokken land? Apartheid sal nooit weggaan nie. Die scars sal nooit heal nie. Kyk maar na die newspapers: Rape, moord, highjackings, poverty, you name it. Dis deel van lewe in dié land soos daardie berg agter jou."

"Sam, ek hoor wat jy sê, maar ek wil voor begin. Ek wil try."

Maar Sam gee hom nie ‘n kans om verder te praat nie. Sy stem is sag: "Onthou jy daardie eerste dae in die tronk toe hulle jou soos honde deur die gange gejag het? As ek hulle gelos het, was jy nou wasted. ‘n Aids-infested geraamte. Jou longe sou geklink het soos dit wat oor is van Fish s'n. Sou jy dán voor kon begin?"

"Sam, gee my ‘n break."

Sam word driftig: "Nee, jy het ‘n debt om te repay, Babba, en jy gáán. Ek weet. My pa se liggaam aan daai gantry wil nie weggaan nie. Dit hou aan om terug te kom, soos Gretha. Revenge is nie negotiatable nie. Dit vat nie die scars weg nie, maar dit is al wat dit acceptable maak.

"Wie weet, miskien maak vannag ons altwee vry."

Sam laat sak die loop. Hy lig met die flitsie in die rigting van die vuurmaakplek: "Gaan maak vir Fish wakker. Dis tyd dat ons waai. Ek het gesien hoe jy die gun wegsmyt. Ek gaan dit haal."

Hottie draai om en stap weg.

"En Babba.' Hottie steek vas. Fyn reëndruppels sif weer uit die wolke neer. "Moenie weer try om my te befok nie. Ná vanaand sal jy vir my kom sê: 'Thanks Sam,  jy was reg.' Die scars moet heal, Babba, daar is net één manier."

"Ek wil jou nog een ding vra, Sam." Hy soek na die woorde. "Hoekom het jy my daardie dag gehelp?"

"As hierdie nag verby is vertel ek jou, Babba. Onthou net een ding: Nie een van ons twee sal ooit weer teruggaan tronk toe nie."

***

# Hoofstuk 19

Ingedagte sit Marco op die rand van die swembad, voete in die yskoue water. In die verte staan die mynhoop soos ‘n koperhomp in die skemer. Hy kyk na die huis se vensters, glasoë waarin die son ondergaan. In die verte rammel ‘n voorstedelike trein deur Marlands-stasie se verlate perronne, die fluit loei deur die stilte.

*Klik-klak, klik-klak* oor die dwarslêers.

As hy eendag begin skryf, sal hy moet vertel van Jo-Marié, van lente in die winter en ‘n lang, donker tonnel wat nie einde het nie. Soms is daar dinge waaroor jy nie kan stilbly nie, al wil jy.

Sy het iewers in sy kop vasgesteek. Hy het die flenter papier waarop sy haar adres en telefoonnommer neergeskryf het, oral deur Europa met hom saamgedra. Homself kort-kort betrap dat hy in sy beursie kyk of dit nog daar is. Soms het hy lag gekry vir homself, haar doodgewoon uit sy gedagtes probeer skuif. En dan op ‘n dag op die perron van ‘n besige stasie, sien hy ‘n rooi bandana, of ‘n skaam glimlag tussen die tulpe van Keukenhof, groen oë agter die ruit van ‘n passasierswa wat met ‘n ruk vertrek, tussen ‘n massa mense in ‘n besige arkade; telkens iets wat die onthou van vooraf laat begin.

Die eerste week terug op universiteit het hy een aand probeer bel. Daar was nie antwoord nie. Die volgende oggend het hy ‘n klas gebank en gebel; die telefoon het aanhou lui. Die aand het hy weer probeer, en die volgende dag en die dag daarna. Later het hy moed opgegee, besluit om haar te vergeet. Dit was nie so maklik nie, maar dit was jool en rugby en eksamen. En daar is mos duisende girls op kampus.

Shit, hoe moeilik kan dit wees om te vergeet?

Dit was net voor die April-vakansie en hy was besig om sy laaie op te ruim. Die flenter papier het onder in ‘n laai gelê. Op die ingewing van die oomblik het hy na die telefoonhokkie aan die einde van die gang geloop, haar nommer geskakel. Sy het met die eerste lui opgetel: “Hallo, Jo-Marié hier.” Sy het meteens lewensgroot in sy lewe gestaan.

“Ek droom snags van kerkies in die Alpe en kerse wat in koperstaanders flikker, Jo-Marié.” Fok, ek klink soos iets uit ‘n hygroman, het hy gedink.

“Marco,” het sy gesê.

Vier ure later het hy deur die vroegaandverkeer in Berea gevleg. Voor ‘n doodgewone blok woonstelle, oorkant ‘n skool, het hy parkeer. Hy het uitgeklim, die kar gesluit en die trappe na die tweede verdieping opgeklim. Voor die deur van ‘n woonstel met ‘n koper nommer vier wat skeef teen die deur gehang het, het hy gaan staan. Hy het geklop en sy het oopgemaak, dit was kompleet of die bus hulle nooit in Keulen afgelaai het nie.

Hy het sy arms oopgemaak en sy het na hom toe gekom asof hulle mekaar al jare lank ken. Haar liggaam was louwarm deur die dun rooi T-hemp en verbleikte blou denim wat sy aangehad het. Skielik het sy haar losgemaak uit sy arms. “Nie hier nie.” Sy het hom in die woonstel ingetrek en die deur agter hom gesluit.

“Ek was beangs dat ek jou nooit weer gaan sien nie en nog banger dat ek jou weer gaan sien,” het sy gesê. Die reuk van dagga en wierook het in die vertrek gehang. Sy het haar silwer blikkie uitgehaal en hulle het vir mekaar geglimlag.

Laatnag het hy wakker geskrik. Die kers langs die bed was byna uitgebrand. Wat oor was van die vlam het in die halwe bottel Jack Daniel's gedryf en in haar oop oë geflikker. "Marco, ons moet nie iets begin wat ons nie kan klaarmaak nie."

"Sjuut," het hy gesê, "ons kan môreoggend daaroor praat."

Sy het onverstoord voortgegaan: "Ek was weer in rehab. Hierdie keer vir drie maande en die eerste dag wat ek uitgekom het, het ek teruggeval. Soms dink ek ek gaan nooit weer heeltemal regkom nie. Ek wil dit nie gebruik nie, maar dit het my in 'n grip wat ek nie kan afskud nie. Vanaand as ek vol is daarvan, belowe ek myself: Môre hou ek op, maar kom môre, is gisteraand se Jo-Marié en die volgende oggend s'n nie dieselfde nie. Ek kan niks meer enjoy daarsonder nie."

Hy het regop teen die bed se kopstuk gaan sit, sy vinger voor sy mond gehou.

"Nee, Marco, ons moet daaroor praat voordat ons seerkry. Ek is bang ons kan mekaar later nie meer geniet daarsonder nie, mekaar nie beter leer ken nie. Hulle sê as jy op 'n dag 'n lewensmaat kies, moet julle mekaar aanvul. Ek en jy is gevaarlik baie dieselfde."

En die studente-kranksinnigheid van jooltyd het deur sy gedagtes geskuif; gebeure wat hy skaars kon onthou deur die roes waarin dit afgespeel het. Rugby en die Elgro Hotel, visvangtrips en die bottelstoor op die Bult. Intervarsity en die brandewyntrein na Bloemfontein, krieket op die Wanderers en die sekuriteitspersoneel van die stadion wat tevergeefs probeer om hom en sy vriende uit die maste van die spreiligte te hou. Paartie was die naam van die *game*. Snags het groot vure langs Potch se dam gebrand, en jongmense het in 'n sirkel om die vlamme

gesit – die pyp en die bottel wat die rondte doen; die geur van dagga wat deurnag in die lug dryf. En natuurlik kodeïne om die dag te rek.

Maar verslaaf raak? No fucking ways.

En môre? Môre is dit die vakansie wat vir hom alles behalwe vakansie beteken het. Dan is dit die stoom van vars brood, die gedreun van die oond en die rebelsheid wat daardeur aangewakker word. Dan moet hy dagga rook om net "Marco" te wees en dwelms gebruik om vrede te maak met die toekoms wat sy pa vir hom *geplot* het, nog voordat hy gebore was. Sonder dwelms was 'n dag in die bakkery 'n ewigheid lank.

"Marco, jy luister nie na my nie. Ek gaan my werk verloor. Ek is op 'n last warning. Snags as ek in die bed lê, kom die verwyte. Ek staan in my eie self-aanmekaar-getimmerde beskuldigdebank en ek het al die antwoorde verkeerd. Die rollercoaster ride word al hoe vinniger en ek kry nie die skakelaar wat dit moet afskakel sodat ek vrede kan maak en huis toe gaan nie."

Hy het haar nader getrek en sy was sag in sy arms. "Hoekom probeer ons nie saam om dit te los nie?"

Sy het haar kop ongeduldig geskud: "Ek glo nie ons kan die daad by die woord voeg nie. Ek is bang."

Drie dae later het hy by haar woonstel uitgestap. Dit was 'n koue, onplesierige dag. Op die skoolgrond oorkant haar woonstel het kinders gelag en op die rugbyveld gespeel. Hy het sy kar oopgesluit, opgekyk na die woonstelvenster op die tweede verdieping. Al wat hy kon sien, was die wolke wat in die weerkaatsing van die woonstelvenster dryf. Hy het geglimlag en gewaai, agter die stuurwiel ingeskuif en gery.

By die eerste apteek het hy verbygery, by die tweede een stadiger en by die derde een gestop. Hy het tussen die rakke deurgestap na die toonbank by die voorskrifte-medisyne.

"Twee bottels hoesstroop met kodeïne, asseblief."

Vierhonderd mil. Sy pa en ma sou hulle gemeenskaplike top blaas as hulle weet hulle oudste drink sommige dae amper 'n liter daarvan, het hy gedink.

Die apteker het 'n lêer nader getrek: "Jou naam en adres meneer."

Hy het gefrons: "Dis 'n nuwe een?"

"Skedule twee-medisyne, meneer. Ons moet rekord hou daarvan. Kodeïne is 'n opiaat en gevaarlik. Saam met dagga en ander dwelms is dit gif. 'n Vriend van my se seun is verslaaf daaraan. Dis 'n helse lewe."

*Thanks for the useless information. As jy dit nie wil gee nie, ry ek twee kilometer verder en kry kodeïne in 'n suiwer vorm by 'n pusher, meneer know-it-fucking-all.*

"Het jy al iemand gesien wat deur onttrekkings gaan? Jy wil nie. Glo my. Jou naam en adres asseblief."

*Wat weet jy van onttrekkingsimptome af ...?*

Voor die apteek, agter die stuurwiel, het hy die dop van die eerste bottel afgeskroef en driekwart van die inhoud in sy keel afgegooi. Buite die stad het 'n behaaglike golf deur hom gespoel. Jo-Marié was oral in sy gedagtes. Hy het skielik nie eens omgegee om huis toe te gaan en die bakkery weer te sien nie.

Sy pa en ma sou bly wees om hom te sien.

Hy skrik. Die ou kas voor hom se deur hang wawyd oop. Hoe de hel het ek hier gekom? wonder hy. Ek is soos die mot om ‘n kers. Ek is nie bang vir die vlam nie. Daar is sweet teen sy voorkop, sy hande bewe.

Jo-Marié het ‘n instelling geword. Hy het een naweek by haar gekuier. Hulle het saam op die sitkamermat gesit, albei Rocky Mountain high, toe daar aan die deur geklop word. Sy het deur toe gestap.

“Pa, Ma, dis ‘n verrassing!” het hy haar stem gehoor. ‘n Fake Jo-Marié.

Inderhaas het hy op sy knieë gaan staan en die dagga onder die sofa ingeskuif. Die Jack Daniel's volgende; die bottel het omgeval. Hy het sy kop laat sak en onder die sofa ingekyk. Twee spuite, een met ‘n naald in, het langs die bottel gelê. Hy het opgespring toe hy die voordeur hoor toegaan.

“Marco, laat ek julle voorstel, my pa en ma.”

Die spuitnaald het in sy gedagtes geblink.

Stroef. Dit is omtrent al wat hy van daardie ontmoeting onthou. Haar ma het hom aangekyk of  hy uit ‘n boom geval het en het amper niks gesê nie. Haar pa het beïndruk gelyk met die woord “universiteit”.

Hy sou hulle nog een keer weer sien.

Maar as hy aan daardie dag terugdink, kom daar ‘n stroom ander herinneringe deur. Vroegaand, jare terug, wanneer hy op sy bed in die buitekamer agter die bakkery probeer om te slaap – die gesuis van die oond se dieselbranders wat aangeskakel word en hom uit sy half-slaap wakker skud, die diesel wat met ‘n plof ontbrand. Heeltemal wakker. Die hoëspoed-deegmenger, drie sakke meel, drie maal

vyf en sestig kilogram, yswater, premix, driefasekrag wat inskop, fanbelts wat vir 'n breukdeel van 'n sekonde om die pully's gly, die buurt se ligte wat 'n oomblik lank uitdoof, vier minute mengtyd, driehonderd en vyftien brode. Skaalmasjien, moulder, oiler, panne, ryskaste, oond. Die travelling oven – sy pa se monster - negehonderd brode 'n uur; elke negentien sekondes die slag op die staaltafel. Een pan, vier gaar brode. Broodrakke se wiele kierrr oor die staalvloer.

Volmaan.

Halfmaan.

Sekelmaan.

Donkermaan.

Elke nag.

Die kooltjie in die daggapyp wat die prente teen die mure van sy kamer met 'n rooi skynsel inkleur.

Drie uur in die oggend: Afleweringswaens word opgestart, gelaai, vertrek, petroldampe, stemme, rumoer. Brood na elke godverlate plekkie in die omgewing. Edenville, Oranjeville, Deneysville. One-horse-towns soos dobbelstene wat deur 'n suinige hand uitgeslinger is oor die plat, verlate landkaart van die Noordoos Fokken Vrystaat.

Hy sien sy pa met 'n glimlag agter die lessenaar in die kantoor in die bakkery sit, sien die meel en deeg wat droog geword het op sy voorskoot; hoor die veraf dreuning van die oond en die massiewe deegmenger wat met 400 kilogram deeg

baklei. Gesigte wat nooit weer opgehou het om oor sy skouer te kyk nie; klanke en stemme wat nog nooit weer stil geword het nie.

Die stank van vars brood.

"Pa, ek sien nie meer kans vir die bakkery nie. Dit was die verkeerde keuse. Ek is jammer," is wat hy gesê het. Wat hy eintlik wou sê is: "Jý het my in hierdie strontspul laat beland. Jy het my in die verkeerde keuse ingedwing. Ek wou nie, ek is nie gelukkig nie, kan jy dit nie sien nie? Daar is nie musiek in geld nie, ek druk my oor teen die grond, luister al vyftien jaar. Kon dit nog nooit hoor nie. Musiek is in geluk."

Snags skrik hy nog wakker van die skok in die oë van iemand wat sy sukses gemeet het aan dit waarmee hy sy oudste kind die lewe in kan stuur.

"Maar my seun, alles wat jy om jou sien het ek vir jou gedoen – die uitbreidings, die outomatiese oond, die nuwe afleweringswaens. Ek het van Holland af gekom. Van die skip afgeklim met 'n koffertjie klere; 'n arm man, hard gewerk en êrens gekom. Êrens gekom in 'n land wat my nie wou hê nie. En nou ..." Sy hande met die eelte en lewervlekke wat wring. Die ongeloof in sy oë.

*Dwelms maak musiek, Pa.*

Hulle het die gesprek nooit afgehandel nie. Dae lank het hy loop en tob. Vier dae later het hy, hoogs-bedwelmd om hom moed te gee, sy ouers vertel: "Pa, Ma, ek het 'n probleem. Ek gebruik drugs. Al langer as vier jaar. Dagga, Mandrax, kodeïne, pynstillers, eksperimenteer met LSD. Enige ding wat na 'n pil lyk, sluk ek. Ek is verslaaf."

Dit in een slag op hulle lewens omgekeer.

*Dit maak jou dans al is daar nie musiek nie ...*

Hy sien sy pa en ma styf teen mekaar by die eetkamertafel sit. Verbysterd. Hy het hulle so grensloos jammer gekry, want hy het geweet dat hulle die verwyte vir altyd met hulle gaan saamdra. Hy het gewens hy kon sy arms om hulle slaan en vir hulle sê: “Moenie worry nie. Dit is nie julle skuld nie en beteken nie dat ek julle nie liefhet nie. Alles gaan regkom,” maar hy het geweet dat woorde, op ‘n tyd soos daardie, niks beteken nie.

Sy pa het sy kop tussen sy hande laat sak. Dit was of hy in sekondes oud en grys geword het: “Here seun, ons het jou opgevoed met die Woord van God. Hy was nog altyd net goed vir jou gewees.”

*Die hand wat Hy my gedeel het, is net Jokers, Pa.*

“Jy het alles wat jou hart kan begeer. Hoekom doen jy dit?”

En hy het probeer om iets te verduidelik wat hy self nie verstaan het nie: “Vandag se ouers weet nie waarvoor om te kyk nie.” Hy het sy skouers moedeloos opgehaal en weer probeer: “Julle sien nie die tekens nie; die moodswings is puberteit. Mý kind? Dwelms gebruik? Never. Ek het hom goed en Godvresend grootgemaak,” het hy sy pa se woorde herhaal. “Ouers kan hulle nie indink in daardie wêreld waarin hulle kinders soos ontdekkingsreisigers wil gaan rondkyk nie. Ek wou weet hoe dit voel. Almal wil weet. Jy koop dit op enige straathoek. Op ‘n dag begin jou kind ‘n dubbele lewe lei. Twee agendas langs mekaar. All of a sudden slaan die deur van die vanghok agter jou toe.” Hy het sy kop geskud want hy het geweet hulle verstaan nie.

Hy trek die kasdeur oop. Ou speelgoed, spinnerakke, stof, boute, moere, sewe soorte ander kak. Hy weet presies waar die plastieksak is en wat daarin is: Dagga,

buttons, acid cubes, twee botteltjies hoesstroop en God-weet-wat-nog. Die inkopielys van 'n verslaafde. Hy grynslag, neem die sak, draai om en stap na buite. Dit het donker geword.

In 'n flits sien hy weer die dokter wat vieruur die oggend tussendeur die stoom en stof en stapels broodkratte aangestap kom. Hy hoor die woorde of dit gister was: "Jammer, Marco. Dit was só skielik. Met die laaste ondersoek was daar niks met sy hart verkeerd nie."

Hy het sy kop na bo gedraai. Geprewel: "Here ek het hom twee dae terug beloof ek gaan ophou. En nou deel Jy my hierdie Joker."

Op daardie oomblik het hy besef daar sal nóóit weer 'n geleentheid wees om te sê: "Ek is jammer. Pa," Dat hy nooit die kans gaan hê om aan hom te wys dat hy kan ophou nie. Die speelveld het plotseling verander en hy sou nooit weet of die bakkery, sonder dwelms, dalk tog die regte keuse was nie.

Hy stap die kombuis in, smyt die plastieksak langs Old Faithful neer. Rusteloos dwaal hy van die een leë vertrek na die ander. Dit is asof hy verwag dat daar skielik lewe in die dooie huis sal kom, dat die eetkamertafel weer solied in sy afdrukke sal staan. Hy verloor begrip van tyd.

*Ek wil musiek hoor, God weet.*

Dan hoor hy die stemme van die tweeling buite op die stoep. Opgewonde stap hy voordeur toe, ruk dit oop, kan die blydskap skaars onderdruk. Op die stoep steek hy vas. Voor in die straat stap 'n gesin verby. Drie kinders hardloop uitbundig van een poel lig onder die straatlampe na die volgende. 'n Man en vrou, elkeen met 'n hond

aan ‘n leiriem, stap agterna. Teleurgesteld druk hy die deur toe, leun met sy kop teen die hout totdat die stemme wegraak in die aand.

Dan besluit hy: Hier kan ek nie langer bly nie. Ek moet weg uit hierdie leë dop wat nie meer ‘n huis is nie. Ek gaan kop verloor. Overdose.

Ek moet proaktief wees. Momentum skep. Dood is ‘n realiteit. ‘n Laaste Joker. Ek moet my probleme stormloop, klein oorwinnings behaal.

Ek gaan plaas toe, ek wil die kinders sien. Die egskeiding uitsorteer.

Haastig stap hy na die hoofslaapkamer toe, ruk ‘n kasdeur oop, koffer, klere in ‘n slordige bondel. In die gang haak hy die Honda se sleutel van die sleutelrakkie af. Hy stap deur die kombuis, steek vas en raap die plastieksak langs Old Faithful op. ‘n Oomblik dink hy daaraan om die ketel vir Lisa terug te vat. Dan storm hy by die deur uit.

Oomblikke later ry hy deur die ylverligte strate na die hoofweg. Uit die weste het die wind opgesteek.

***

# Hoofstuk 20

Die Uno gly-gly deur die modder in die tweespoorpaadjie. Reëndruppels sif deur die flou lig van die enkele koplamp. Die ruitveërs skuif die water van een kant na die ander – net soos daardie dag voor ABSA. En Hottie kan nie anders as om die grusame detail te onthou nie. Die agterruit wat in skerwe spat en glas en reënwater, vel en stukkies been en bloed wat taai aan sy hare kleef en nat in sy nek afloop. Hy is bang vir die nag wat voorlê.

Hy dink terug aan lang nagte in die tronk, waar jy die reën snags nie kan hoor nie, die son bedags nie sien nie. Minute wat na ure voel, ure wat langsaam dae word en weke en maande wat nie verbygaan nie.

Langs die pad staan vier gehuggies langs mekaar. Voor ‘n hoenderhok, saamgeflans uit gebuigde sinkplate en ‘n ou Coca-Cola-advertensiebord, sit ‘n langhaar basterbrak ineengetrek teen die reën. Die hond staan op, skud sy hare uit in ‘n vuil sproeireën en kyk die kar agterna.

Skielik is die veld om hulle swart en oop. Die veldbrand het in ‘n breë strook oor die pad getrek. Smeulende boomstompe gloei in die wind.

“Shit Fish, hoekom vertel jy my nie die brand het hier deurgetrek nie?” sê Sam. “Ons is sitting ducks in hierdie oopte. Elke fokken boer in die vicinity kan ons check.” Hy sit die ligte ‘n oomblik af en die kar gly byna uit die diepgetrapte trekkerspore. “Bliksem, ek kan nie eens die ligte afswitch nie. As ons uit hierdie spore gly, moet ‘n trekker ons kom uitsleep. Fokken asshole! As iemand hierdie lig sien ... ” en verder kan Hottie nie hoor waaroor hy mor nie.

Fish mompel iets onverstaanbaars, sukkel om nie weer in ‘n hewige hoesbui uit te bars nie. Dit word stil in die kajuit.

In die flou lig sien Hottie skielik ‘n ou klipkraal tussen die sekelbos en struike staan. Die mure het deur die jare inmekaar gestort. Groot klippe lê opgehoop tussen verdroogde olieboom en kakiebos. Sam stuur die Uno onder ‘n doringboom in. Takke krap teen die bakwerk. Hy doof die lig en skakel die enjin af. Skielik is dit net die reën op die bakwerk.

Sam draai om na Fish toe. “Control daai longe van jou. Gelukkig vir die onweer. Het jy die hamer? Oukei, lets go.” En sonder om te wag, stamp hy die deur oop. Die koue wind dwarrel deur die kajuit. Sekondes later staan hulle in die reën.

Agtermekaar stap hulle, Sam voor, dan Fish en Hottie kort op sy hakke, deur plasse modderwater in ‘n smal voetpaadjie af. Anderkant die ruigte hang die wasige skynsel van die spreiligte om die huis.

*

“Kom ons vra die seën,” sê Andries Schutte en oor Goedgevonden stort die reën neer. Sy gebed is skaars hoorbaar oor die donderslae wat van die berg se hange afrol. Vir Annette voel dit asof die wind en weer die huis aan sy hoeke beet het en alles uitmekaar wil ruk.

Lisa loer onderlangs na die tweeling. Charlene se ogies is styf toegeknyp, die kat op haar skoot. Arno staar vakerig na iets teen die oorkantste muur. Sy glimlag en voel

die deernis vir haar kinders warm oor haar toevou. As dit nie vir hulle was nie, weet sy nie wat van haar sou geword het nie. Vir ‘n oomblik wonder sy waar in hierdie stormnag Marco is, wat sou hy doen? ‘n Boek lees, rugby kyk of dalk deurmekaar in sy eie wêreld ronddwaal soos so dikwels vóórdat hy Swartfontein toe is?

Sê nou net hy kom hierdie keer reg? Word die Marco van ouds? byt die twyfel toe sy Brutus agter die onweer hoor blaf.

“ ... behoed en bewaar ons deur hierdie nag, Amen.”

Sekondes later het Arno al ‘n stuk wors uit die bak gelig waarvan net die helfte by sy bord uitkom.

“Ouma, die kind het nie maniere nie,” protesteer Charlene.

“Ag los hom, hy is honger,” sê Annette.

Danie vra: “Moet ek nie gaan kyk hoekom die hond so blaf nie, oom Andries?”

“Hy mis vir Pappa,” sê Charlene. “Nes ek en Arno.”

“Los maar, Danie.”

Dan word dit stil om die tafel. Daar is slegs die klik van die eetgerei en die reën wat teen die vensters ruis. ‘n Oomblik gaan die krag uit en dit is pikdonker. Dan is die ligte terug. Almal kyk na mekaar, niemand sê ‘n woord nie.

*

Die ruising van die wiele op die teer laat Marco terugdink aan die oomblik toe die vliegtuig se wiele grondvat op die aanloopbaan van Luxemburg se lughawe. Jo-

Marié het ‘n instelling geword. Maar hy het haar met niemand gedeel nie. Sy ouers en vriende het van haar geweet, maar bitter min. Hy het nooit met Lisa daardie herinneringe gedeel nie. Jo-Marié was sýne.

Soms het hy gewens hy kon haar doodgewoon vergeet. Homself afsluit. Haar stem het by hom bly spook: “Sien jy daardie twee torings wat bo die ander geboue uitsteek? Dis die Domkatedraal in Keulen.” Die lewe was húlle reis. Niemand anders s’n nie. Kerkies weggesteek in die berge, kandelare met dik, wit kerse wat in die vlamlig staan.

*I think of you and me and when I do*

*The world assumes a glow – enchanting bright*

En hy onthou die argumente. Vuurwarm woede. Ongevraag en onredelik. Altyd dwelms die sondaar. Soos ‘n vuur wat geblus word, maar telkens weer vlamvat in die wind.

“Waar kom die merke in die waai van jou arm vandaan, Jo?”

“Dis nog al die jare daar. Wat gaan ons vanmiddag doen?”

“Jo-Marié, moet nie elke keer my vrae wat saakmaak ontwyk nie.”

“Ek wil nie daaroor praat nie ...”

“Vanaand,” het hy driftig gesê. “Nou! Weet jy, ons het die wonderlikste tyd saam. Ons enjoy mekaar. Ek wens ek kon dag en nag by jou wees.” Hy het sy handpalms om haar gesig gevou, diep in haar oë gekyk. “Môreoggend het ons vannag se passion vergeet. Ons verspil hierdie liefde van ons. Al die mooi. Want dit is wat verslaafdes doen. Ons freak uit op  dwelms en drank en intussen is ons besig om ons

siele te smous, want dit is wat verslawing doen." Hy sug. "Soms weet ek nie meer of ons nog binne hoorafstand van die samelewing is nie."

"Asseblief Marco. Nie nou nie."

" Shit, dit is wat ons elke dag vir mekaar sê: Later, môre, volgende week, ná die vakansie. Kom Oujaarsaand is dit ons grootste Nuwejaarsvoorneme – 'ons gaan minder dagga rook, net so once in a while vir die fun.' Ons gaan nie weer op skielike acid-trips nie, hierdie is die laaste keer dat ons kodeïne gebruik om nie te crash nie; skytbang vir die depressie wat saam met die low kom." Hy trek haar gesig tot teenaan syne, kyk in haar oë: "Kom Nuwejaar, lê die acidcubes soos comicstrips bo in die laai en die reuk van dagga hang soos 'n bad memory in die lug rondom ons. Ons vergryp ons aan mekaar en dan aan dwelms en dan weer aan mekaar. Die volgende oggend word ons wakker in mekaar se arms en begin rondkyk. Soek na die oorblyfsels van gisteraand se high, wonder wie de hel die vreemdeling langs jou in die bed is.

"Is dít hoe liefde lyk?"

"Marco."

"Luister! Ek lees nou die dag iets wat Stephen King oor sy verslawing geskryf het, oor die *slagspreuk* van dwelmverslaafdes: 'Môre hou ek op. Môre.' Hy vertel: Dit is soos 'n man wat op die dak van 'n brandende gebou staan. Die vlamme warm soos die hel, die doodse vrees wat hom vasvang. En dan deur die lawaai van mure wat intuimel, hoor hy die geklapper van 'n helikopter se rotorlemme. Bokant die verstikkende rook *hover* die chopper. 'n Gesig verskyn in die skuifdeur en 'n tou met 'n reddingsgordel kronkel deur die hitte en die rook: 'Gryp die tou. Gespe die gordel

vas,' sien hy die woorde op die man se lippe vorm. En dan? Dan skreeu die man op die dak terug: 'Gee my kans tot môre om daaroor na te dink!'"

Sy het uit die vertrek gestorm en hy het agterna geskreeu: "Dit is presies wat ons doen: Môre, oormôre, ná die vakansie, Oujaarsaand, Nuwejaarsdag, fokken nooit!"

En later het hy by haar op die bed gelê en hulle het aan mekaar vasgeklou of die dae wat voorlê al hoe minder raak.

"Weet jy hoe lief het ek daardie meisie wat tussen die rye in die vliegtuig deur my lewe binnegestap het? Miskien is ek sentimenteel, noem dit wat jy wil. Maar ek weet nie of daar plek is vir twee liefdes in 'n mens se lewe nie."

Sy lê stil in sy arms.

Hy skud sy kop. "Ek glo nie, Jo. Dit werk nie so nie. Miskien moet ons wegbreek, saam op vakansie gaan. Suidkus toe. Noordkus. Enige fokken plek op aarde waar 'weg' is. Dalk help dit ons om 'n keuse te maak."

En dit was wat hulle gedoen het.

*

Met die rugkant van haar hand vryf Lisa die druppels wat die stomende badwater teen die badkamerspieël gelaat het, af. Traag vee sy die grimering van haar gesig af. Sy kyk na haar gelaatstrekke in die weerkaatsing: "Verbeel ek myself, Lisa Verkerk, of het die lyne in jou gesig dieper gesny?" hoor sy haarself fluister. "Waar gaan die lewe met jou heen? Hoe gaan môreaand hierdie tyd daar uitsien?"

Sy is verlig die aand is verby. Marco? Danie? Jy kan nie A en B vergelyk nie, al is hulle in dieselfde alfabet. Sy hoor weer haar eie woorde toe sy hom afsien by die voordeur: “Danie, ek is seker outyds, maar ek glo dat jy net een keer in jou lewe werklik lief het. My eerste en enigste keer was Marco. Ek kan dit nie help nie. Ek sal hom nooit vergeet nie, maak nie saak wat tussen ons gebeur het nie. As liefde tussen twee mense sterf, beteken dit nie dat dit nooit daar was nie.”

Met sy rustige bruin oë het hy na haar gekyk: “Ek besef dit Lisa. Ek is ook outyds wat dit betref, maar ek is bereid om te wag. Ek is ‘n outydse, sentimentele nerd, maar ek kan jou en die tweeling die sekuriteit gee wat julle op hierdie punt in julle lewe nodig het. Jy weet dit. ”

Sy het hom agterna gekyk. Gebukkend het hy teen die reën in na die bakkie gehardloop, die deur oopgeruk, omgekyk en sy hand gelig. Sy het die deur toegedruk en in die lang gang af na haar kamer gestap.

*

Langs die pad sien hy die helder ligte van die vulstasie buite Hammanskraal. Hy draai van die hoofweg af en hou in die parkeerruimte stil. Teen ‘n muur sit ‘n verslonste man en vrou op ‘n koffer. Hulle staar stip in sy rigting, maar hy maak of hy hulle nie raaksien nie. In die ruskamer spoel hy sy gesig af met yskoue water. In die kafee koop hy ‘n koerant en ‘n koppie swart koffie. Hy stap terug na die kar. Die koppie koffie pas hy in die houer langs die asbak in, loer vlugtig na die voorblad van die *Beeld* en gooi dit dan op die sitplek langs hom neer.

Skielik word hy bewus van iemand wat langs die kar staan. Dis of die nag om hom plotseling yskoud word. Hy kyk deur die ruit. Die verslonste man staan agter die glas, hou sy hand op. Hy het net drie vingers. Die pinkie en die middelvinger is net stompies.

Haastig skakel hy die kar aan, kyk nog een keer na die aknee-geskende gesig agter die glas. Die lippe vorm 'fuck you'. Teen die muur lê die vrou met haar kop op haar arms. Haastig trek hy weg; die paneelkissie val oop, hy stamp dit toe. Honderd meter verder kom hy agter hy dat hy nog altyd in eerste rat ry. Hy sien die verminkte hand in sy gedagtes en wonder: Shit. Was dit vir real?

In sy verbeelding sien hy die plastieksak opgebondel in die paneelkissie lê.

*

Meters van die gat wat Fish twee dae terug in die draad geknip en tydelik toegevou het, lê Hottie en Sam op die nat gras onder 'n boekenhoutboom. Hulle sien hoe Fish die vleis, met gif gemeng, in die rigting van die Rottweiler slinger. Dit breek in stukke op die gras. Die hond storm dreigend in die rigting van die heining, blaf, steek vas, dan is dit asof hy Fish herken, stadig omdraai en oor die vleis gaan staan. Kwyl hang onder aan sy bek. Hy knor onseker, loer onderlangs na die heining, buk af en verorber die vleis. Nog een keer kyk hy na die heining, grom en loop weg.

Skielik sak die reën weer uit, dig soos 'n gordyn wat oor die wêreld neerkom.

# Hoofstuk 21

Andries Schutte stap op die voorstoep uit. Agter hom klap die voordeur in die rukwind toe. Die misreën wat onder die stoepdak instuif, is koud in sy gesig. Anderkant die ligkring lê die nag, swart soos die pad wat die brand agtergelaat het. Die wind pluk aan die kamerjapon wat hy los oor sy skouers gegooi het. "Ek gaan gou die voordeur sluit en kyk waar die hond is," het hy ʼn paar minute vantevore aan Annette gesê.

Die reuk van halfgebluste vure hang in die lug. Dit is asof die veldbrande elke jaar hewiger word, dink hy; soos misdaadstatistiek in hierdie land waarvoor hy só lief is. Telkens dink hy: Nóú gaan dinge verander. Maar dan vlam dit skielik weer op met ʼn nuwe skandaal, sinnelose moorde, meer bedrog.

En wanneer gaan die dag aanbreek wanneer ʼn swart familie op Goedgevonden se voorstoep staan en sê: "Ons voorgeslagte het hierdie plaas besit. Ons is jare terug onregmatig van die grond afgesit. Het jy die grafte gesien waar die kloof in die vlakte uitloop? Goedgevonden is nie joune nie." Onsekerheid en twyfel. Wat van al die harde werk die afgelope vyftien jaar? dink hy. Naweke, vakansies, elke reses gedurende hofsake. Goedgevonden was vir hom ʼn droom wat waar geword het. En noudat hy oud is, is dit te laat om van vooraf te begin.

Die wind het ʼn week vantevore opgesteek. Eers net ʼn onrustige roering wat die laaste droë blare van die doringbome afgeskud het. Geleidelik het dit stof opgetel en in vuilbruin wolke teen die hellings van die Waterberg uitgewaai.

Die boere onder die berg weet in Augustus het die Westewind alleenreg op die uitgestrektheid van die Springbokvlakte. Die somer was geil en groen en die winter dor en bitter koud. Waar die brand sy oorsprong gehad het, kon niemand sê nie, daarvoor was die wind te wispelturig. ʼn Verwoestende veldbrand wat alles in sy pad vernietig het. Formasies hadidas het koggelend voor die vlamme uitgevlug. Hoog in die lug, waar die rook uitgetorring het, het aasvoëls gesirkel – eers een, later meer; groot swart vlekke in ʼn rustelose tregter in die grys lug bokant die vlamme.

Boere en hulle werkers met brandbestrydings-apparaat het inderhaas voorbrande gemaak, vuur geslaan en water aangery. Maar wanneer die Augustus-wind so meedoënloos oor die vlakte jaag, keer jy die vlamme nie voor dit self moeg word nie. Meters hoë vlamme het oor die voetheuwels geswiep en stadig teen die berghange opgekruip, waar die brandlyne snags, soos stringe oranje krale om die hals van ʼn vrou, in die donker gegloei het. Agter die wind het donker wolke op die horison saamgepak. Die eerste lentereëns was op pad.

Hy wonder waar Brutus is, sukkel om Marco se fluit na te boots, maar besef dan dat die klank nie ver genoeg dra in die storm nie. Die hond sal vir homself sorg, besluit hy. Hy draai om, trek die voordeur agter hom toe. Eers druk hy die skuifslot in plek, dan die Yaleslot en laaste die sleutel in die slot. Uit gewoonte draai hy een keer aan die deurknop om seker te maak dat die deur gesluit is en stap dan in die gang af na sy kamer. Bokant hom ritsel ‘n rot oor die plafon.

*

Soos elke nag sit die uil op die rekstok langs die swembad. Andries Schutte het die apparaat ’n jaar gelede prakseer. Annette het een aand in die bed vir hom gesê: “Ons moet iets anders kry as Ritalin om die seun se energievlakke te beheer, Andries. Hulle sê in laas week se *Huisgenoot* dat daardie soort medikasie gevaarlik is vir kinders.” En Andries het gate laat grawe, pale in die grond geplant en ’n dwarsbalk vasgesweis. Die swembad en die trampolien, saam met die rekstok, was nie die totale oplossing nie, “maar,” het Andries opgemerk, “dis ’n positiewe alternatief op ‘n dwelm wat te maklik uitgedeel word.”

Maar wanneer die nag in die skeure en klowe opdam en dit stil raak op die werf, behoort die rekstok aan die uil. Roerloos sit die roofvoël in die geel skynsel van die ligte, soos ’n seerower in sy uitkykpos bokant die takelwerk van sy skip. Net die geveerde kop beweeg rukkerig heen en weer. As die kop in die rigting van die huis draai, weerkaats die spreiligte in die geel oë; wanneer die kop berg se kant toe draai, gloei die oranje brandlyne teen die kruin in die blink glans van die koue oë.

Net buite die ligkring van die spreiligte lê drie figure roerloos in die donker. Drie pare oë is stip gevestig op die huis. Telkens wanneer een van posisie verander, is dit asof die uil op sy hurke sak, gereed maak om die geveerde liggaam die nag in te projekteer. En dan is dit asof hy ontspan, nog ’n oomblik langer wil wag.

Die Rottweiler kom wankelrig oor die grasperk aangesukkel. Onnatuurlik wieg die groot dier op sy bene. Hy skud sy donker kop, probeer om te braak, lig sy kop op en kyk stip na die heining. Hy grom. Dan gaan sit hy teësinnig. Sukkel-sukkel kom hy weer orent, waggel oor die gras in die rigting van die heining, steek vas en staan onvas in die wind. Dan sak die swaar agterlyf ineen en hy kantel om. Die skuim om sy bek glinster in die lig. ’n Agterbeen stuiptrek sekondes lank; dan lê hy stil.

ŉ Enkele lig brand in ŉ kamer aan die sykant van die huis. In die beskutting van die braaivleisplek gloei die laaste kole in die wind. ŉ Deurgebrande stomp stort op die oorblyfsels ineen. Ver op in die kloof roep ŉ jakkals na sy maat.

Die uil klap sy vlerke, twee, drie maal en styg in die naglug op. Die silhoeët hang ŉ oomblik lank swart afgeteken teen die gloeiende oorblyfsels van die brand en verdwyn geruisloos in die nag.

***

# Hoofstuk 22

Lisa het pas die hoofligte in die slaapkamer afgeskakel, die duvet oopgevou en onder die warmte ingeskuif. Die bedlamp langs haar op die kassie gooi geblomde skadu’s teen haar slaapkamermuur. ŉ Harde donderslag skud die huis. Die lig gaan skielik uit, maar flikker sekondes later weer aan. Dis asof die duvet haar nie warm maak vannag nie.

Langs haar lê die koevert wat Marco aan haar gegee het toe sy hom by die huis afgelaai het. Sy kon nog nie die moed bymekaarskraap om dit oop te maak en te lees nie. Dis asof sy bang is vir wat dit gaan sê. Sy sien hom weer kleiner word in die truspieël, tas in die hand, alleen in die skemer voor die hek van die huis.

Hoeveel keer het ek al daardie prentjie vanaand in my gedagtes gesien staan? Sê nou net hy herstel hierdie keer? Hoeveel keer die afgelope weke het ek myself al daardie vraag afgevra? wonder sy.

Vannag is dit asof die werklikheid van die egskeiding haar met al sy geweld tref. Toe sy vir haar pa vertel het Danie kom kuier, het hy niks gesê nie, haar net aangestaar. Maar dit kon nie anders nie. Hoe gouer almal besef alles tussen haar en Marco is verby, hoe beter.

Vannag besef sy: Om van rigting te verander in die lewe is vir ŉ mens nie so eenvoudig soos dit vir die wind is nie. Jy bou steen vir steen aan ŉ lewe en ŉ loopbaan en slaan alles nie net in een dag plat nie. Die aand saam met Danie was net nie dieselfde as ŉ aand saam met Marco nie. Die tweeling was afsydig teenoor hom,

veral Charlene. Annette was nie haarself nie. Sy het sonder ophou geklets, gewerskaf en georganiseer: “Hoekom swem julle nie? Dit is so ‘n lekker aand.”

*Het sy dan vergeet dit is nog nie eens behoorlik lente nie? En die swart wolke wat oor die bergpieke maal?*

“Danie, sal jy die vleis vir ons braai?”

*Dít moet ek sien. Elkeen in hierdie gesin eet sy vleis op ŉ ander manier gaargemaak.*

Dit was asof sy gedurig vergelykings wou tref; haarself telkens wou afvra: “Hoe sou Marco dit gedoen het?”

Haar pa het die verte ingestaar, ingedagte met Brutus se ore gesit en speel. Vreemd stil en afgetrokke. Marco was in baie opsigte die seun wat hy self nooit gehad het nie. Hulle kon oor álles saamgesels: rugby, die weer, politiek en selfs oor Marco se probleem. Dit kon haar so moerig maak. Dikwels wou sy skreeu: Hoekom praat jy nie met my ook daaroor nie? Ek het die rég om te weet. Ek wil help, want ek het jou lief. Deel jou geheime met my. Deel daardie verbleikte gesiggie in jou versteekte Bybel met my. Ek weet daarvan. Miskien is dit die sleutel tot ons toekoms.

Wié was Jo-Marié?

Sy wens sy kon die lig afskakel, op haar sy draai, haar oë toemaak en wegraak in die nag. Afskakel soos die bedlamp langs haar, die gloeidraad nog ŉ oomblik helder in haar gedagtes en dan net die ondeursigtige swart wat oorbly.

Sê nou net hy kom hierdie keer reg?

Sy sug, trek die koevert nader, skeur dit versigtig oop en trek die bladsye uit. Sy laat sak die velle papier op haar bors. Marco kon altyd sulke gevoelvolle briewe skryf. Elke brief het sy sorgvuldig in ŉ skoendoos bewaar. Soms lag gekry vir haarself – soos ŉ graad 10-dogter wat vir die eerste keer in haar lewe verlief is.

En wat maak ek nóú met daardie skoendoos vol sentiment? Maak asof dit nooit gesê is nie? Sy foto staan steeds op die bedkassie, daar is ŉ leë ruimte langs haar in die bed, sy boeke en tydskrifte lê die wêreld vol, daar is Charlene se ligblou oë, Arno se glimlag.

Sy kantel die bladsye na die lig.

*Hi Lisa,*

Nie meer "Liefste Lisa" nie.

*Ek het vandag die dagvaardiging gekry. Wat kan ek sê? Ek kon die finaliteit daarvan uit die regsterme aflei. Ons droom is verby. Dit voel nie vreemd nie. Drome het ŉ rakleeftyd. Tog is dit ŉ skok om wakker te skrik en te wonder: waaroor het die droom uiteindelik gegaan en waar is dit heen?*

*Ek skryf hierdie brief nie op my knieë nie. Dis vanselfsprekend dat ek alleen vorentoe moet op hierdie pad. Vannag, hier in Swartfontein, is ek verward en sentimenteel. Ek kon nie beter gehad het as jy en die tweeling nie. Beter skoonouers kon ek nie gehad het nie. My ouers was die beste, Hendriksdal kon nie mooier gewees het nie. God het my álles gegee, het ek geglo. Totdat die rehabs, soos die mislukkings wat dit versinnebeeld, een vir een ŉ afstootlike herinnering in my verlede geword het.*

*Vergewe my dat ek emosioneel is, Lisa. Ek weet nie of ek altyd so was nie, miskien het die dwelms my verander. In elkeen van ons se lewe kom daar ŉ dag wat jy*

*jouself afvra: Wát het van my droom geword? Ek moes dit verwag het. Jy kom in 'n plek soos Swartfontein aan, swoeg deur die onttrekkings, en op 'n dag kom die wêreld weer in fokus. Jy kyk om jou heen en sien die mense wat so 'n kliniek bevolk. Jy luister na hulle ligsinnige praatjies, sien hoe dwelms op enige denkbare manier ingesmokkel word – die wil om gesond te word, het lankal gesterf. Jy kyk na hulle en sien jouself. En jy voel lus om te kots.*

*Vanaand lê die melancholiese my vol en ek moet net met iemand praat en ongelukkig is jý die een wat moet luister. 'n Laaste keer. Net nadat ek die dagvaardiging gekry het, het ek die veld ingestorm. Ek moes wegkom. Ek kon myself nie 'n lewe sonder jou en die kinders voorstel nie. Toe onthou ek vir Johnny en ek dink aan 'n skoon vel papier wat moet begin praat. En ek het myself voorgeneem: Jy het lank genoeg gevlug, Marco Verkerk. Wat máák jy met jou herinneringe; wat is hulle werd as jy hulle vir jouself hou?*

Reëndruppels spat teen die ruit. Dit voel asof sy buite staan, sien hoe die lig van haar slaapkamer saam met die reënwater in strepe teen die glas afloop.

*Luister jy nog Lisa? Hóór jy my stem op die papier? Daar is nie veel oor om te vertel nie. Nog net Johnny.*

*Ek onthou Johnny se storie in fragmente. Ek was in die laaste stuiptrekkinge van die onttrekkings. Weet nie eens meer watter rehab dit was nie. Maak nie saak nie. Johnny: 'n enigste kind wat sy pa verloor net voor hy sewe jaar oud word. Johnny, lief vir lees, talentvol, hoofprefek, universiteit, verkeerde vriende, verkeerde besluite. Dwelms wat 'n nasty habit word.*

*Blinde Johnny.*

*Soms hoor ek nog sy stem: "Ek wou van jongs af 'n skrywer word en nadat ek matriek geskryf het, is ek Stellenbosch toe. My hoofvak was Afrikaanse Letterkunde. Toe begin ek dwelms doen. Jare lank het ek 'n dubbele lewe gelei. Ek was mal oor gholf; van 'n ses-voorgee af gespeel. Later kon ek net 'n ordentlike dryfhou speel wanneer ek pille gesluk het."*

*Sy ma is alles in sy lewe. Hy is alles in haar lewe. Val, opstaan, val. Bloedneus. Sy en hulle pastoor oortuig hom om in 'n rehab opgeneem te word. Hy is woedend, ontken, erken, rehab. Die steil pad terug na 'n normale lewe.*

*Kersaand op pad terug van die kerk af. Hy en sy ma. Reëndruppels wat teen die voorruit spat. Die bestuurder van die vragmotor wat half op die skouer van die pad gestaan het, het nie waarskuwingsdriehoeke uitgesit nie.*

*Lisa, dit is asof ek daardie dokter se stem in intensief kan hoor: "Johnny, jy moet sterk wees. Ons het alles in ons vermoë gedoen om haar te red." Die verbande oor sy oë wat sy trane absorbeer. "Johnny, jy het permanente skade opgedoen aan die deel van jou brein wat jou sig beheer.*

*"Jy moet sterk wees."*

*Fok.*

*Sterk?*

*Waar gaan jy heen met jou lewe as jy nie meer kan sien nie? Die enigste pad uit die donker uit is LSD. Daardie lig op kladpapier wat lewe kry onder jou tong. 'n Lens waarmee jy verby jou lewelose oë kan kyk. Johnny is terug rehab toe, hy het fokkol oorgehad. Weke later sou hy ontslaan word en nog altyd in die donker wees, steeds fokkol hê. Sy pusher sou voor die hek vir hom staan en wag.*

*Daardie nag het ek in opstand gekom teen God. As ek kon, sou ek opgeklim het na Sy koninkryk, deure oopgegooi en agter my toegeslaan het. Ek wou voor Hom gaan staan en in Sy oë kyk. Skreeu: "Hoekom? Wat van genade? Ek is moeg vir halwe drome!"Dit is wat dwelmverslawing met jou doen, dit laat jou besef hierdie soort dinge gebeur nie net in goedkoop romans of in die stapels tydskrifte wat op die rak van die kafee om die hoek lê nie. Dit gebeur met óns.*

*Wat kan ek vanaand méér aan jou sê, Lisa? Ek het al 'n duisend keer belowe dat dit nóóit weer sal gebeur nie. Tog glo ek dat God my nog 'n kans gaan gee. Shit, ek moet. Wat anders bly daar vir my oor?*

*Ek gaan die egskeiding nie teenstaan nie. Jy en die kinders verdien beter. En soos hulle in daardie romans en tydskrifte by die kafee sê: Ek gun julle julle vryheid.*

*Gee die kinders 'n drukkie.*

*Marco.*

Sy vou die bladsye op, druk hulle onder die bedlamp se staander in, skakel die lig af en lê in die donker terug teen die kussings. Reën ruis onophoudelik teen die ruit. Vir die eerste keer in jare is sy bang om alleen te slaap.

***

# Hoofstuk 23

ʼn Uur later verdwyn Pretoria se liggies agter Marco in die donker. Plaas toe, dink hy. In daardie eensame huis met al sy herinneringe wil ek nie langer vasgekeer wees nie. Veral nie vannag nie. Môre wil ek met my skoonouers en Lisa gaan gesels. Sake moet op die spits gedryf word. Ek moet hulle gaan vertel ek stem saam: egskeiding is die enigste oplossing. Dan is dit ek alleen. Maar ek kan nie weer ʼn keer voortgaan asof daar niks verkeerd is nie en toelaat dat almal wat vir my lief is, glo: Hierdie keer gaan ánders wees. Lyk Marco nie vir julle goed nie?

Hy steek ʼn swaar vragmotor verby, weerlig flits teen die horison en sy gedagtes dryf weg.

Dit was Oukersaand en hy het die deur na haar woonstel oopgestoot. Sy het met gekruiste bene op die mat in die sitkamer gesit. Die bandana wat om haar kop vasgewoel was, was die kleur van haar oë. Sy het stip na die stafie wierook in haar hand gekyk, die rook daarvan het lui in die vertrek gedryf. *Catch the wind* van Donovan het deur die luidsprekers van die klankstelsel gestroom:

*"In the chilly hours and minutes of uncertainty ..."*

Hy het tot agter haar gestap, op sy knieë gesak, haar oë toegedruk en gesê: "Meanwhile, in another room across town, there was a distinct smell of marijuana smoke. Not new, but of many months' standing. It had seeped into the walls and the curtains and the bed and hung over the room like a muted memory of sin."

Sy het uitgebars van die lag. "Hallo, James Hadley Chase. Jy sal maak dat ek my deur die weer skrik."

Hy het haar kop na hom toe gedraai en in haar oë gekyk wat nie wou saamlag nie.

“Ek het eers na “Stille Nag” geluister, maar dit was te hartseer. Toe sit ek Black Sabbath op en dink: Nee, dit pas nie by Kersfees nie. Nou maak Donovan my hartseer.” Sy het haar asem opgehou en die verte ingestaar. “Ek het vroeër vanaand huis toe gebel, maar niemand tel die foon op nie.

“Ek haat dit om so sentimenteel te raak.”

“Jo . . .”

Sy het haar wysvinger voor haar lippe gehou. “Ons het nooit ŉ Kersboom by die huis gehad nie. Nie Kersmusiek nie, nie Stille Nag nie. Kan jy dit glo, Marco?” Daar was ‘n frons op haar voorkop. “Kersfees was vir my nooit ŉ Kersboom met gekleurde liggies in die hoek van die sitkamer nie. Kersoggend het daar nooit ŉ kerskous met ŉ geskenk in ŉ boom in ons sitkamer gehang nie.

“Fokkol!”

Hy het geskrik, terselfdertyd skuldig gevoel omdat hy nie eens vir haar ŉ geskenk gebring het nie.

“Ek het vanoggend die stad ingevaar,” het sy gesê, “Eastgate toe gegaan. Kersfees was oral. In die blombakke, in die winkelvensters, op mense se gesigte. Mense het deur die arkades gestroom, almal gelukkig, elkeen met ŉ glimlag. Oral was luidsprekers en waar ek gestap het, was Kersliedjies in die atmosfeer.”

"Jo-Marié," het hy gesê en haar in sy arms opgeraap. Sy is so lig soos ŉ veertjie, het hy gedink en haar na die slaapkamer toe gedra. Hy het haar op die bed neergesit, sy lippe teen hare gedruk.

"Ons sal nooit werklik happy wees nie, Marco. Ons kleur ons lewe in met drugs. Goedkoop geluk, soos ŉ take-away." Hy het sy arms om haar geslaan en haar teen hom aangetrek, maar sy het hom saggies weggestoot.

"Nee, ons sal nooit regtig weet wat happiness is nie."

Sy het regop gaan sit: "Weet jy, die laaste keer toe ek by rehab uitgestap het, het ek soveel hoop gehad. My ideale was weer 'n slag afgestof en blink gevryf. Jy stap deur die strate en jy smile vir die bekendes. Hulle glimlag terug . . . met hulle monde, maar hulle oë vertel jou dat jy minderwaardig is, 'n drug addict. Dit is ál wat ander raaksien."

"Jo-Marié, jy het vir my. Dinge gaan oukei wees."

Sy het haar kop geskud, weggekyk. In die sitkamer het Donovan stil geword.

"Nee Marco, ons twee is presies dieselfde. Ons sal nooit quit nie." Sy het teen die kussings gaan lê, na die plafon gestaar. "Om stoned te wees het reality geword en *sober* 'n plek waarheen ons nie wil gaan nie. Die normale lewe het vir ons ŉ trip op die melktrein geword en ons gebruik drugs om daarvan ŉ expresstrain te maak."

Hy het nie meer probeer om haar stil te maak nie, teruggesit teen die bed se kopstut.

"Ons jaag van die een pusher na die volgende, van die apteek om die hoek na die een in die suburbs. Valued customers of intoxication. Fokkit! Ons maak ons oë

oop as ander mense saam met hulle kinders om die ontbyttafel sit en wonder of hulle weet-bix of corn flakes moet eet; óns wonder: apteek? pusher? het ek genoeg acid oor om die dag te survive? En in jou agterkop nail jy jou jouself omdat jy toelaat dat hierdie swakheid jou lewe control."

By Walmannsthal draai hy van die N1 af en ry met die kronkelpaadjie tot by die ou Warmbadpad. Hy sien nie kans vir die swaar verkeer en die helder verligte tolhekke op die N1 nie. Hy draai regs na Bela-Bela, om hom is die wêreld swart en verlate. Net hier en daar flikker die liggies van 'n afgeleë plaashuis in die nag.

Hy sukkel om uit die paneelkissie te bly.

Hy forseer sy gedagtes in ŉ ander rigting. Sien weer die afgeleë liggies in die donker landskap en die foto op die voorblad van die *Beeld* wat hy by die Quickshop gekoop het. ŉ Bebloede liggaam onder ŉ grys kombers op ŉ sypaadjie. Die hoofberig in vet, swart letters: *Motorskaking loop skeef. Jong sakeman én skaker sterf*.

Waarheen sou die bestuurder op pad gewees het? In sy gedagtes sien hy ŉ vrou wat haar hande aan haar voorskoot afvee voor die stoof. Twee kinders in ŉ sandbak maak paadjies en tonnels en bou huisies in die sand. ŉ Boerboel lê voor die hek en wag, terwyl die skemer oor die woonbuurt neersak. ŉ Familie gaan hulle gang; weet nog nie dat daar ŉ polisieman of ŉ predikant op pad is met die nuus wat hulle lewens vir altyd gaan verander nie.

Hy knyp sy oë toe.

Gesinsmoorde, plaasmoorde, ŉ muti-moord. Transitorooftogte, verkragting. Vigs wat soos ŉ veldbrand deur Afrika versprei. Hoe moet dit voel as een van daardie tragedies op jou strand uitspoel?

En dan is daar mense, soos ek, wat telkens deur die agterdeur in die nag verdwyn, gefassineerd na die gloeiende kooltjie aan die stopkant van die witpyp kyk, my kop na die skitterende sterre in die hemel draai en dink: Hiér is waar ek wil wees. High, tussen die sterre. Vir altyd een van hulle. En dan terloops omkyk na die lig wat agter die woonkamervenster brand, iewers die kinders hoor lag. Sonder om 'n moer om te gee, willens en wetens met jou gesin se geluk te dobbel.

Dit is tyd dat alles afgehandel word. Al die logistiek rondom die egskeidingsproses. Wie kry wat*? Jy kry die eetkamerstel, ek die sitkamerstel*. Hoe dikwels mag ek die tweeling sien? *Één keer 'n maand? Jy kan dit mos nie aan my doen nie* ... Onderhoud én skoolfonds én klere. *Waar de fok kry ek soveel geld? Ek het nie eens werk nie.* Shit, ek kan dit nie handle nie. Daar is makliker maniere om stress te verwerk. Kodeïne noem hulle dit – vat die pyn weg: van kopseer én hartseer.

En as die egskeiding verby is?  Waarheen dan, Marco Verkerk? Sonder ŉ gesin, sonder vriende en sonder werk. Vanaand is jy vol guts, maar hoe gaan die wêreld môre lyk? Môreoggend wanneer die spore nog steeds in die liggroen mat lê, die Kreepy Krauly tevergeefs sidder en die stemme op die sypaadjie jou na buite laat hardloop. As jy môreoggend jou oë oopmaak soos Rip van Winkel, die spinnerakke van lank gelede van jou gesig afvee, sal die Loftus-kolos nog altyd in jou lewe staan.

Die stem binne-in hom raak opruiend.

God is ŉ illusie.

Geluk is ‘n fokken illusie.

Jy kan vir altyd voor jou rekenaar gaan sit en emosionele kak oor jouself kwytraak, maar dit help nie. Nege keer deur rehab as jy nie die twee keer wat jy weggeloop het, bytel nie. Sielkundiges, psigiaters, vriende, Rema en ŉ gesin kon nie die verandering bring nie.

*Jy moet reg bid, broer. Ek bring vir jou ŉ boekie.*

Aan sy regterkant skuif die helder liggies van die Carroussel Casino verby. Op universiteit het hy en sy pelle ‘n naweek na die Suidkus se casino gegaan vir ‘n “golfvakansie”. Hy onthou niks van die trip nie, behalwe die one-arm-bandits. Verslawing in ŉ ander gewaad, het hy gefassineerd gedink. Mense wat op kroegstoele voor suinige masjiene sit. Muntstukke word in ŉ gleuf gestort, ŉ hefboom getrek. Oë weerkaats veelkleurige liggies en die ikone van die geluksgodin. Hoop, verwagting, teleurstelling.

Hy ry deur ‘n slaggat en skrik as die paneelkissie oopval. Sonder om te kyk, stamp hy dit toe. Sweet slaan op sy voorkop uit.

Eendag gaan ek vir die mense van jóú vertel, Jo-Marié. Dit is of hy ŉ wit, leë vel papier voor hom sien lê. Hulle moet dit lees, anders verstaan hulle nie.

Wanneer het ek die eerste keer die prikmerke in die waai van jou arm opgemerk? Ek weet nie meer nie. Miskien wóú ek dit nie sien nie, omdat ek so lief vir jou was. Miskien het dwelms my afgestomp, want mý lewe het nie veel beter daar uitgesien nie. Al wat ek weet, is dat ek jou in die steek gelaat het toe jy my só nodig gehad het.

Onthou jy daardie nag op die strand, Jo?

Ander mense dink ek is sentimenteel oor daardie nag, maar fok hulle, hulle nagte bestaan net uit die ses ure tussen middernag en dagbreek. Myne se son wil nie weer opkom nie. Dit is seker maar omdat alles by daardie enkele nag begin het. En daar geëindig het.

Ons het saam gaan vakansie hou aan die Suidkus. Onthou jy hoe jou pa en ma gepanic het totdat ons vir hulle vertel het ons gaan twéé kamers bespreek by die Crayfish Inn? Een vir jou, een vir my.

Die Volkswagen kewer het deur die Oliviershoekpas gekreun. Dit was soos daardie busrit van ons deur die Alpe. Soos vannag, was daar acid vir die trip, dagga vir die cruise en kodeïne vir die noodlanding in die paneelkissie. Lock, stock and fucking barrel, het ons gereken en gesukkel om die cubbyhole se deurtjie toe te kry. In jou handsak was daar botteltjies Jack Daniel's.

Onthou jy, Jo?

Soggens het ons op die strand gelê en peperment-magnums geëet; smiddags in die wind gaan stap en gekyk hoe die Indiërs visvang. Met sonsondergang op die rotse gesit en kyk na die skepe wat op die horison dryf. Styf het ons teen mekaar gesit en die gesigseinder dopgehou waar môre lê en wag.

En daar was daardie nag toe ons besluit het om op die strand te gaan slaap.

Was dit gister?

Voel so.

Ons het die komberse op die sand oopgegooi en warm in mekaar se arms gelê. Skuins bokant ons het die volmaan tussen die sterre gedryf. Tussen die duine het dit kompleet geklink of die branders óór ons breek. Jy het op jou knieë voor my gaan

staan en ek kon die maan in jou oë sien. Ons het mekaar uitgetrek. Versigtig. Stadig, sodat tyd moet watertrap. Jou liggaam was oortrek met geheimsinnige skaduwees. Die maan was ŉ stippellyn in die deining.

“Ek het jou oneindig lief,” het jy gesê.

“Sê dit weer.”

“Ek het jou lief ...”

“Dit is die eerste keer dat jy dit vir my sê. Hoekom vannag?”

En skielik het jy jou bandana losgemaak en jou hare het los oor jou skouers geval.

“Hoe kry jy dit reg om my so gelukkig te maak?” het ek gevra.

“Shutup Marco,” het jy gesê en geglimlag. “Kom hier.”

Skielik was ons in mekaar se arms en jou warmte was oral om my. Jou asem was warm en vogtig in my nek totdat ons lippe op mekaar gesluit het. Saam met die ritme van die deining het ons mekaar tegemoet gekom. Later het ons in mekaar se arms gelê. Die koelte van die nag kon nie tussen ons inkom nie.

Ek kon nie verstaan hoekom jy huil nie.

Weet jy hoe wens ek jy kon nou hier langs my in die sitplek gesit het en vir my gesê het: “Hoe kan ek dit óóit vergeet, Marco. Dit was ŉ droom.” Ek wens ek kon jou saggies antwoord: “Jo, ons gaan dit nog duisende kere beter doen. Is jy lus vir ‘n peperment-magnum?”

Onthou jy, Jo-Marié?

Vir ‘n week lank het ons nie dagga gerook nie, nie kodeïne gesluk nie of desperaat na ‘n pusher gesoek nie. Dit was net ek en jy en die see. En ek het geweet: ons liefde gaan die ding doen.

Die aand voordat ons sou terugry, het ek in ons badkamer ingestap. Jy het op die vloer gesit met jou kop tussen jou hande. Jy het net ‘n sweetpakbroek aangehad. Die spuit wat los tussen jou wys- en middelvinger gehang het, was leeg. Ek het op my knieë voor jou gaan staan. Jy het opgekyk en jou kop het stadig heen en weer gewieg.

“For fuck sake, Jo-Marié. Hoekom nou?” Jou oë was die van ‘n Barbie-pop. Harde woorde het geval. Ek het opgestaan en buitentoe gegaan. Ek het deurtjie van die Kewer se paneelkissie oopgelos nadat ek die dagga en die hoesmedisyne uitgehaal het. Ek het alleen op die rotse gaan sit en oor die swart see uitgekyk en gedink aan ‘n ander nag, lank gelede: Bloed op ‘n vuil karton, verwilderde oë in die skerp lig van die flits en weer die woorde gehoor: “Wil jy hê die mense in hierdie dorp moet môre nog julle fokken brood koop?”

In die ry kyk Marco na sy horlosie, die fosforsyfers gloei op pad na middernag. Die Kings Hotel in Bela-Bela sal nog oop wees, dink hy. Ek kan daar inboek tot môreoggend. Tot ek weer oukei is. Hoeveel keer het ek al in die vroeë oggendure daar ingeboek, wanneer ek besef het dat ek nie in my moer in stoned by Lisa en die tweeling mag aankom nie?

Sy hande sweet op die stuurwiel. ’n Kopseer steek verblindend agter sy oë vas.

Hy kners op sy tande. Koppelaar, remme, stuurwiel, die gruis op die skouer van die pad knars onder die Honda se wiele. Handrem. Hy sluit die kar af. In die hoofligte

glim ʼn naambord. ʼn Oomblik lank sit hy doodstil. Dan staan hy in die wind. In die verte vonkel Bela-Bela se liggies in die nag. Hy stap om na die passasierskant, buk vooroor. Dan, sonder om verder te dink, knip hy die paneelkissie oop en trek die plastieksak uit. Dit bol ʼn oomblik in die wind, soos ʼn valskerm wat skielik oopmaak. Sy hande bewe. Met sy voorarm vee hy sweet van sy voorkop af.

In die verte staan die buitelyne van die Waterberge op die horison. En dan merk hy die oranje stringe op wat in die swart silhoeët lê. Veldbrande. Nawinter, vroeglente is daardie tyd in die berg wanneer veldbrande die hange van laas jaar se fynbos en wildeprotea stroop. En die gloed daarvan hang nagte lank aan die gesigseinder.

Sy hand soek senuweeagtig deur die sak. Waarmee begin ek?

Acid vir die launch.

Dagga vir die cruise.

Kodeïne sodat jy nie ‘n crashlanding hoef te maak nie.

Hy skud sy kop, asof die versengende hoofpyn sommer net sal afval.

Die vooruitsig en die afwagting maak hom opgewonde. Die adrenalienpomp tel spoed op. Sy hand sluit om koue glas.

***

# Hoofstuk 24

Die vierpondhamer se steel moes eens op ŉ tyd langer gewees het. Dit is vier of vyf duim lank en is skuins afgebreek asof iemand op ŉ dag die verkeerde kant met geweld gebruik het. Die kort steel is blink gevat, die loodswaar kop het groen spikkels op wat na ou verf lyk. Fish klem dit vas waar die steel in die kop ingaan. Onrustig vervat hy aan die swaar instrument.

"Jy maak séker daai fokken hond is dood. Jy het 'n hamer." Die gloed van die spreiligte blink in Sam se oë.

"Sam, die boere maak hiënas dood met daai gif. Daai hond is so dood soos gister."

"Fok jou. Maak soos ek sê."

Hy buig die draadheining oop, wurm deur die nou opening wat hy twee dae vantevore in die heining geknip het. Aan die anderkant kom hy regop, knyp die hamersteel onder sy arm vas, vryf die modder aan sy hande teen sy oorpak se broek af en hardloop reguit na die Rottweiler wat soos 'n skadukol in die lig op die grasperk lê. Hy gaan staan op sy knieë langs die dier en lig die hamer bokant sy skouer op. Hy bring hy die stomp instrument met geweld neer. Een keer, twee keer, ses keer.

Dan, na wat vir Hottie na ŉ ewigheid voel, leun Fish vooroor en vee die stomp kop af op die gras. Hy kom orent, kyk ŉ oomblik in Sam se rigting asof hy wil vra: "Happy?" Dan hardloop hy oor die grasperk en verdwyn soos ŉ skaduwee om die hoek van die huis.

Uitasem druk hy homself teen die muur onder die badkamervenster aan; bloedspatsels plak klewerig aan sy voorarms en hande. Hy onderdruk die behoefte om te hoes met moeite. Môre Net môre! skiet dit deur sy gedagtes. Hy knyp sy oë toe, sien hoe hy sy wiele deur Solly se fietswinkel se glasdeure na buite stoot. Hy swaai sy been oor die sitplek, soek met sy regtervoet na die pedale. Buk oor die drophandels en voel hoe die wind in sy ore fluit.

Sam het gepromise.

*

Hottie voel hoe die reënwater onder hom insyfer. Hy laat sak sy kop op sy hande. Wat maak ek in hierdie modder en koue? wonder hy. Môreoggend vat ek pad. Na vannag skuld ek Sam niks meer nie. En daardie bekende stemmetjie wat iewers aan sy deur klop: Hoekom het jy dit so ver laat gaan?

In die verte blaf ʼn hond.

Koorsige oë gluur hom aan.

"Op jou knieë, Bra. Netnou is jy een van ons." Hy ruik weer die dagga op Rudi se asem.

Reën stuif deur die bane lig en die takke van die wildevy buig en kraak in die wind.

"Stop dit, motherfuckers."

Groot druppels val uit die digte plantegroei bokant hom. Hy weet nie of hy al ooit in sy lewe so koud en nat was nie.

*"Wie weet Babba, miskien maak vannag ons altwee vry."*

Voor hom lê die huis in die helder lig. "Huis," speel hy met die woord in sy gedagtes. 'n Woord wat laas vir hom betekenis gehad het toe Gretha nog by die tafel in die plakkershut, vetkryt in die hand, oor haar inkleurboek gesit het. Daar is mense in die huis voor hom. Kinders soos Gretha. Salig onbewus dat die volgende paar ure hulle lewens vir altyd gaan verander.

Die hond by die statte het stil geword. Hoog in die berg, agter die huis, gloei die oorblyfsels van die brande in die nag. Iewers in sy verlede hoor hy die geweerskote deur Kliptown se strate rol.

*"Pappa, sal die Here Kliptown ook weer eendag nuut maak?"*

*

Sam sien homself weer aan die sykant van die Hooggeregshof uit die vangwa sukkel. Die voetboeie stewig om sy enkels gesluit. Die kettings slof op die beton. The jailhouse shuffle. Hoog bokant hom op die dak van die sandsteengebou sien hy weer die rye duiwe sit. Swaar gewapende bewaarders beur 'n pad oop tussen die persfotograwe deur. Hy glimlag minagtend vir die flitsende wit ligte. Die litteken op sy gesig brand.

Ses dae. Dit was hoe lank die hofsaak geduur het. Hy hoor die stem van die Staatsaanklaer iewers tussen sy herinneringe: "U Edele, soos ons almal weet is hierdie in vele opsigte ŉ modelsaak. Plaasaanvalle was enkele jare terug bloot net nog 'n vorm van misdaad."

Hy lê terug in die beskuldigdebank. Sy oë dwaal oor die volgepakte hofsaal.

"Is dit nie besig om ŉ polities-gemotiveerde aanslag op ons boeregemeenskap te word nie? ŉ Duistere komplot om ons boere van hulle plase te verdryf? Of was hierdie afgryslike daad bloot roof; en moord die instrument wat stilswye moes waarborg?"

Hy kyk na die familie van die oorledenes. Glimlag.

"Sinneloos."

Hy spoeg op die houtvloer langs hom.

"Wreed. Die handewerk van ŉ kranksinnige."

Waar hy op die nat grond lê, grynslag hy soos daardie dag. Hy onthou die verbysterde trekke in die ou mense se oë toe hy die lig in die vertrek aanskakel. Verbystering wat plotseling plek maak vir afgryse. Hy hoor nog die ou vrou se vreesbevange gille deur die nag weerklink. Hy sien die donker bloeddruppels wat in alle rigtings spat, telkens as hy die staalpyp met geweld afbring, die verrimpelde hande met die lewervlekke, wat desperaat, maar tevergeefs probeer keer. Hoor homself lag, totdat die liggaam onder hom lankal nie meer reageer op die mokerhoue nie; totdat die sweepslae stil geword het en hy besef het dat die kermgeluide van sy pa aan die *gantry* weggesyfer het in die nag. En hy het afgekyk: die gebreekte tande het

uit die bebloede pulp onder hom gegrynslag. Hy was ewe skielik teleurgesteld dat dít, waarvoor hy soveel jare gewag het, so vinnig verby was.

Die oë van die naasbestaandes staar hom nog altyd aan. Snags skrik hy wakker, natgesweet, hoor sy eie stem deur sy lewe weerklink: "Sien julle hierdie fokken scar in my gesig? Begryp julle die woordjie, *justice*? Realize julle, dat julle hierdie monster create het, soos God die aarde gemaak het?"

*In turn the executioner comes to call on them and their pleas for pity are ignored*. Onthou jy, Schutte: *and their young lives are wiped away by others seeking the insane power that the infliction of death seams to imbue?* Ek het die aanhaling gaan naslaan. Hierdie keer is ék die judge."

Ek is amper daar. Op die borders van jou fokken existence.

Ses jaar lank het hy in die dodesel gelê en wag op die voetstappe van die laksman. Ses jaar lank gewonder hoe dit moet voel as die valluik onder jou oopmaak. Waaraan dink jy as jy deur daardie laaste meters na jou dood toe val?

Hy kon die geknars van stewels op die staalvloere van ver af hoor. Buite die sel het die voetstappe stil geword. Iemand het die skuif voor die loergat weggetrek. Sleutels het gerinkel, gedempte stemme het opgeklink. Die soliede deur het oopgeswaai. Daar was agt van hulle – swaar gewapen.

"Kom."

Hulle het hom op sy voete getrek en sy hande geboei.

Die pad deur die doolhof gange en deure was 'n ewigheid lank. Voor die hoofbewaarder se kantoordeur het hulle gaan staan. Een van die bewaarders het

geklop. ʼn Stem agter die deur het beveel: "Kom in." Die Hoofbewaarder het agter 'n groot lessenaar gesit. Voor hom het ʼn offisier en ʼn kort man met ʼn swart pak aan gesit en gesels.  Met sy hande agter sy rug vasgeboei, het hulle hom voor die lessenaar laat staan.

Nie een het hom gegroet nie.

Die bewaarder het sy sigaret in 'n asbak doodgedruk: "Sam Serathi, die regering gaan binnekort ʼn moratorium op die doodstraf plaas. Dit beteken ..."

"Spaar my die detail. Ek weet wat ʼn fokken moratorium is."

Die hoofbewaarder het hom vervies, die offisier het rooi geword in sy gesig en die man in die swart pak het ongemaklik keel skoongemaak.

"Dit beteken dat jou vonnis verander gaan word. ʼn Onafhanklike regbank sal oor ʼn alternatiewe vonnis besluit. Meneer Cohen, hier links van my, sal jou vrae beantwoord as jy enigiets wil weet."

Bo hom teen die dak het ʼn waaier eentonig gegons.

"Ek sit al ses jaar in daardie dodesel."

"Dit sal in berekening gebring word wanneer jy in aanmerking kom vir parool," het Cohen met ʼn swaar Engelse aksent gesê.

"Thanks for fuckall," het Sam gefluister.

"Het jy enige vrae?"

"Justice," het Sam gemompel en opgekyk na die waaier wat soos die skroef van ŉ boot deur die bedompige lug gevlinder het. Hy het gewens sy hande was los sodat hy sy vuiste in die lug kon steek, triomfantlik kon skreeu: Yes! Yes . . .

"Is daar nog iets?"

Hy het sy kop geskud. Verligting het soos 'n vars stroom water deur sy gedagtes gespoel. Sy kans sou kom. Wraak was weer deel van sy vooruitsigte. Hy moes net sy kaarte reg speel. 'n Bewaarder het 'n knuppel in sy rug gedruk. Agter hom het die deur toegegaan. Hulle voetstappe het op die staalvloere weerklink en hy het begin lag. Uitbundig, soos daardie nag toe die mens onder hom niks anders meer was as ŉ patetiese bondel pulp nie.

ŉ Glimlag plooi om sy lippe, hy voel nie meer die koue nie. Hy sien vet letters op die voorblad van ŉ dagblad en ŉ nuusleser wat stroef in die lens van ŉ kamera kyk: "Die volgende beeldmateriaal mag sensitiewe kykers ontstel."

Hy hoef nie op die goedkoop horlosie aan sy arm te kyk nie. Hy wéét: dit was so pas middernag.

*

In die verlate polisiestasie op Rankinspas rek konstabel André Vosser homself uit en gaap sonder om sy hand voor sy mond te hou. Sy oë val op die muurhorlosie – net minder as twee ure, dan word hy afgelos. Verveeld kyk hy na die voorvalleregister

wat oop voor hom op die lessenaar lê. Die inskrywings beslaan meer as ŉ halwe bladsy:

10:55 ŉ Mevrou Roodtman se kar, ŉ Audi 500, het gaan staan. Plus/minus 2 km. van die Kralingen plaaswinkel af. (CYY 662 GP) Brandstof?

11:44 Oom Jos de Beer – Daar was laasnag lig by die ou opstal van Leliefontein. (Sal ondersoek instel – Rondloperswartes gebruik soms die optal vir skuiling)

"Optal," sê hy hard vir homself. "ŉ Sersant wat nie kan spel nie." Hy druk ŉ "s" tussen die "op" en die "tal" in en grinnik.

Buite mor die donderweer in die berg.

12:05 Mev. Roodtman het gebel. ŉ Boer wat langs gekom het, het haar gehelp.

14:09 Jan de Villiers van Ysterfontein: ŉ Kar vol vreemde kaffers staan al ure lank by sy statte. Tweede keer hierdie week. Gaan die polisie kom ondersoek instel of moet hy self met sy haelgeweer onder die fokkers begin skiet? *(What's new?)*

Hy skuif die voorvalleregister van hom af weg. Hy glimlag afgetrokke en wonder of hy die boere regtig daarvoor kan verkwalik dat hulle gatvol word. Telkens maar as die telefoon lui, is dit ŉ bekommerde boer: "My grensdraad is laasnag geknip, vreemde swartes loop erosieslote oor my grond. Daar staan nou al twee dae lank ŉ kar met ŉ Gauteng registrasie by my statte; my stoor se deur is oopgebreek en die trekker se battery is weg. Iemand het my boerboel vergiftig. Wat is die volgende teiken? My huis, my gesin?" Gisteroggend het hy nog na ŉ gesprek tussen ŉ groep boere by die koöperasie op Bela-Bela geluister: plaasaanvalle, onteiening, grondeise, mieliepryse

wat nie herstel nie, brandstofpryse, ŉ swart Minister van Landbou wat fokkol van boerdery weet.

Wie op dees aarde kan nog aptyt hê om te wil boer?

ŉ Week of wat terug is hy uitgeroep na ŉ plaas toe. Die wildwering op die plaas is geknip en agt melkbeeste is deur die opening gejaag. Langs ŉ verlate plaaspad is die diere geslag. Al wat oor was, was drie bebloede velle. Twee ander beeste was halfpad afgeslag. Die ander drie het nog geleef. Hulle hakskeensenings was gesny. Hy kon die gebulk van die verminkte diere wat tevergeefs probeer om op te staan, dae later nog in sy gedagtes hoor.

En dan was daar Rietfontein ...

Die detail van daardie oggend het hy nie eens aan sy jong vrou beskryf nie. As sy dit hoor, pak sy haar goed en trek terug stad toe. Met of sonder hom. Terug na die motorkapings en transitorooftogte toe, eerder as om hier te bly.

Hy gaap, trek weer die voorvalleregister nader.

14:20 Twee swart werkers in die omgewing van Goedgevonden het brandwonde opgedoen in ŉ wegholveldbrand. Albei is by die kliniek op Alma behandel.

15:05  Oom Jos de Beer bel om te hoor of ons al ondersoek gaan instel het na die oorsaak van die lig by Leliefontein (Laasnag).

Buite fluit die wind deur die skeure in die kloof. Hy kyk na die skerm van die rekenaar voor hom op die lessenaar. ŉ Nuutjie in hierdie wêreld. Moderne tegnologie in ŉ Derdewêreldland. Sou ŉ alarm op een van die plase wat daarmee gekoppel is geaktiveer word, verskyn ŉ noodsein op die skerm wat presies aandui waar die

probleem hom voordoen. Vir André Vosser is dié arm van moderne tegnologie ŉ beslommernis. Twee weke gelede het die rooi ligte oor die skerm geflikker. Hy was alleen op diens en het verwilderd opgespring, tien minute na die stasie se brandkluis-sleutel gesoek; die bos sleutels uiteindelik op die voorste sitplek in die vangwa gekry. Hy het die deur van die kluis oopgestamp, ŉ Mossberg haelgeweer uit die rak gegryp, 'n handvol bokhaelpatrone in sy sak gestop. Inderhaas het hy na die plaas gejaag waar die alarm afgegaan het. ŉ Kilometer van die opstal af het hy stilgehou en soos ŉ recce deur die digte struikgewas gekruip. En toe hy met sy haelgeweer die huis bestorm, het hy byna een van die plaaseienaar se jong seuns en ŉ vriendin agter ŉ sementdam die verlede in geblaas. Sy vrou moes ure lank, met haar leesbril op, fyn dorings uit sensitiewe plekke trek. ŉ Huiskat het al die alarm laat afgaan. Dit het al 'n slag of wat vir hoegenaamd fokkol afgegaan. Vandat die stelsel in gebruik geneem is, is daar nog nooit ŉ plaasaanvaller met die tegnologie aangekeer nie.

Dit was ook geïnstalleer in die plaasopstal van Rietfontein.

Hy rek homself uit en gaap. Eendag wil hy terug na die stad met sy lewe en sy liggies en plesier. Weg van hierdie berg met sy ewige droogtes en sy vernietigende veldbrande, weg van die eensame wind wat snags deur die klowe fluit. Hy voel die rustigheid wat oor hom neersak, leun sy kop agteroor teen die hout van die stoel se rugleuning.

Die skerm van die monitor kry skielik lewe. Die waarskuwing wat in rooi letters oor die skerm skuif, is nie deel van André Vosser se droom nie.

***

# Hoofstuk 25

"Welkom in Bela-Bela," weerkaats die letters op die naambord. Marco stuur die Honda deur die verlate strate. Links van hom staan die hutte van die dorp se Waterfront op houtpale in vuilbruin water. Weerlig flikker op die wateroppervlakte en die laning palmbome langs die straat buig in die wind.

By die Total-garage draai hy in en hou stil. 'n Slaperige pompjoggie skuifel onder die helder ligte van die verlate pompstasie deur in sy rigting. Marco draai die ruit af en hou die sleutel van die petroltenk na buite.

"Lekker gereën, my Baas?" probeer die man 'n gesprek aanknoop.

"Maak vol, asseblief. Unleaded." Hy leun met sy voorkop teen die koue leer van die stuurwieloortreksel. Gesels is die laaste ding waarvoor hy nou lus het.

Hy sien homself weer kilometers terug in die wind en reën langs die pad staan. En hy beleef weer daardie oomblikke toe hy die plastieksak die veld ingeslinger het. Ervaar weer daardie selfverwyt wat hom beetgepak het nog voordat die sak grondgevat het.

"Fok, fok, fok!" Hy het sy eie stem nie herken nie. Hy het hom verbeel dat hy die bottels iewers in die nag kon hoor breek, die dik vloeistof oor die dagga en die laaste acidsquare kon sien uitloop.

"Hoekom doen Jy dit aan my, God?" het hy sy vraag deur die stilte rondom hom geskreeu. "Hoe dink Jy gaan ek cope?" En hy het geweet dat daardie oomblik

telkens weer gaan terugkom. Soos ŉ eggo - oor vyf minute, later vannag, môre, oormôre.

Minute lank het hy gewag vir daardie rustigheid waarvan ŉ sielkundige hom jare gelede vertel het. Daardie euforie wat deur jou gestel stroom omdat jy weet jy het gewen.

Die wind het deur sy hare gewaai, iewers in die verte het honde geblaf.

Wag vir die fokken reïnkarnasie van Marco Verkerk, het die stemmetjie met hom gespot.

Hy het rondom hom gekyk, skielik besef: Niks het verander nie. Sy laaste kans om te vlug, lê in ‘n plastieksak in die nag.

Blindelings het hy deur die nat gras gestrompel, deur ŉ doringdraadheining geklim en verder die donker in gestruikel. Hy het op sy knieë neergesak en tussen die bossies en polle rooigras rondgesoek. Hy het ŉ verroeste blik raakgevat en dit verder die veld ingeslinger, hande vol klam grond in sy vuiste gebal. Al wat oorgebly het van die  berg se silhoeët, was die gloed van die brandlyne. Iewers in die nag kon hy die swaar wiele oor die wisselaars hoor.

Later het hy opgestaan en teruggeklim deur die draad. Op die skouer van die pad het hy gaan staan en om hom rondgekyk. Links van hom het ŉ paal windskeef in die grond gestaan. Die naambord het in die wind geswaai, die Honda se koplampe het op die verweerde metaal weerkaats. *“Voorspoed"* heet die stuk grond. Radeloos het hy sy kop geskud: Ek kyk rond vir bakens om die plek te merk, net vir ingeval ek tien kilometer verder aan besef ek kan nie sonder daardie fokken plastieksak nie. Hy het

sy kop laat sak, omgestap, ingeklim en die deur agter hom toegeslaan. Nog een keer het hy na die naambord gekyk en weggetrek.

*Voorspoed.*

Hy skud sy kop. Dit kon gewees het: "*Groenmielies te koop. 200 meter*." Enigiets anders, net nie fokken *Voorspoed* nie.

Die petroljoggie tik teen die ruit. Marco lig sy kop, haal sy beursie uit sy sak en hou ŉ tweehonderdrandnoot deur die venster.

"Hou die change."

Die joggie glimlag breed. Spierwit tande. Lig sy keps.

"Dis jou lucky night," sê Marco, en glimlag.

Hy hoor die stem van ŉ sielkundige, iewers agter ŉ duur lessenaar, tussen mure behang met kwalifikasies: "As jy op ŉ dag die dwelms kan weggooi, in ŉ stadium wat jy voel 'ek kan nooit weer daarsonder nie,' dáárdie dag het jy die eerste reusetree gegee op die pad na herstel."

Disciplina est Libertas. Ha, ha, ha.

Môreoggend moet ek Lisa en die tweeling in die oë kyk. En wát kan ek sê? "Ek het julle liefde misbruik. Julle in die steek gelaat."

Soos vir Jo-Marié.

En dit is asof hy die vlamme onder hom hoor knetter soos ŉ lewendige ding. Hoog bo-oor hom, hoor hy die rotorlemme klap. Die touleer peul soos ŉ naelstring uit die buik van die helikopter. Die stem bo die helse geraas is helder: "Klim op!"

Jo-Marié?

Die tou swaai los in die wind. Daar is nog tyd.

Môre ...?

Hy skrik as die pompjoggie weer teen die ruit tik: "Is daar iets verkeerd, Baas?" Hy skud sy kop, draai die sleutel, lig sy hand. ʼn Oomblik lank oorweeg hy dit om die man te vra of daar iewers nog ʼn kroeg oop is, maar bedink hom.

Minute later ry hy deur Bela-Bela se verlate strate. ʼn Verslonsde man hang halflyf in ʼn vullisdrom. Hy skuif die rathefboom na vierde rat, kyk in die truspieël. Die man het homself uit die drom gewurm en staar die kar agterna, die gesig ʼn donker vlek.

Dan is hy buite die dorp. Sewe kilometer verder begin die grondpad. ʼn Roesbruin streep wat deur die struikgewas kronkel. By die T-aansluiting draai hy links na Rankinspas. ʼn Haas word vasgevang in die verblindende ligte, swenk links, dan regs en verdwyn in die ruigte langs die pad. ʼn Dwarswind ruk aan die kar en reën giet skielik uit die hemel neer. Hy sit die ruitveërs aan en druk ʼn CD in die speler. Die elektroniese klanke van Pink Floyd weerklink deur die kajuit:

*And if the cloud bursts thunder in your ear*

*You shout and no one seems to hear.*

*And if the band you're in starts playing different tunes*

*I'll see you on the dark side of the moon.*

Dit was nag toe hy en Jo-Marié deur Hillbrow se woelige strate teruggery het na haar woonstel. Hulle vakansie aan die Suidkus was verby. Tussen Johannesburg se wolkekrabbers het die Hillbrowtoring soos 'n beskuldigende vinger in die nag gestaan. Dit was asof hy vir die eerste keer met oop oë deur Johannesburg se nagbuurte ry. Teen 'n verweerde muur het 'n helder neonlig die woorde *Live Entertainment* uitgespel. Straatvroue het in geel poele lig teen lamppale aangeleun. Op 'n straathoek het 'n figuur oor 'n vuurtjie gehurk, sy skadu wat dans in die vlamlig teen die baksteenmuur.

"Jo-Marié, jy kan mos nie hier bly nie."

"Hoekom nie?"

Hy hou stil by 'n verkeerslig. 'n Swart meisie kom staan bakhand langs die venster. 'n Kind. Kaalvoet in die koue.

"Kyk hoe lyk die plek. Dis 'n fokken slum. Al wat hier kan survive is pushers en junkies, pimps en prostitute en straatkinders."

Hy moes mooi luister om haar antwoord te hoor. "Ons is beter, nè Marco? Ons is junkies met besittings. Die mense kyk na Hillbrow en Danville en Seepunt; hulle soek Nigeriërs met goue kettings om hulle nekke en polse. Hulle is op die uitkyk vir straatvroue wat by 'n robot langs jou venster vir jou knipoog of vuil straatkinders wat bakhand in jou lig kom staan. As daardie elemente nie daar is nie, is daar nie drugs nie. No bloody way."

Sy het vorentoe gaan sit op die sitplek, haar kop na hom gedraai, hom reguit in die oë gekyk.

"Jo ..."

Maar sy het meedoënloos voortgegaan: "Moet ŉ hoer iemand wees wat met hoëhakskoene teen ŉ lamppaal in Hillbrow leun? Nee, Marco! Vandag kan dit die vrou wees wat jou bed met jou deel. Mense glo mos jy kan die slegte sién. En as die tekens nie Hillbrow of Nigeriërs is nie, is daar nie gevaar nie."

ŉ Swaar stilte het in die kajuit bly hang.

Te gou het hulle voor haar woonstel stilgehou. Daar was so baie wat hy nog wou sê, maar dit was asof iets tussen hulle ingeskuif het. Haar hand was leweloos in syne toe hulle teen die trappe uitstap na haar woonstel toe. Sy het die sleutel uit haar handsak gehaal en oopgesluit.

"Wag hier, Marco," het sy gesê en deur die voorportaal verdwyn. Hy het die tas neergesit en haar verdwaas agterna gekyk.

Wag hier ... ?

Oomblikke later was sy terug. Sy het nie in sy oë gekyk nie; ŉ blou koevert in sy hand gedruk.

"Dit is ŉ gedig wat ek geskryf het toe ek die laaste keer uit rehab ontslaan is. Lees dit wanneer jy by die huis kom." Haar oë in die lig van die elektriese gloeilamp was ŉ skakering groen wat hy nog nooit vantevore opgemerk het nie. Sy het by hom verbygekyk, haar asem ingehou.

"Ek wil met jou praat, Jo-Marié, daar is soveel om ..."  Sy het haar wysvinger voor haar mond gehou.

Hy het nog getalm: "Onthou een ding, Marco: Wát ook al gebeur, ek het jou lief," het sy gesê en met die rugkant van haar hand oor haar wang gevee, haar tas

opgetel, omgedraai en die deur agter haar toegetrek. Oomblikke lank het hy na die nommer vier gekyk wat skeef teen die deur hang, omgedraai en die trappe afgestap.

Minute later het hy langs die kar gestaan. Die wind was koud en die nag het oral in die stegies opgedam. Hy het op en af deur die strate gery, stadiger voor elke apteek, al het hy geweet hy sal nie twaalfuur in die nag ŉ noodapteek kry wat oop is nie. Die figuur op die sypaadjie het nog altyd oor sy rokerige vuurtjie gehurk. Die straatvroue onder die lamppale het minder geword. In die swart lug bokant die stad het die rooi lig bo-op die Hillbrowtoring rusteloos geflikker. Op die sypaadjie langs ŉ verkeerslig het twee voete onder ŉ koerant uitgesteek – rooi, geel en groen skakerings op die papier onder die wisselende ligte.

Langs hom het die brief gelê wat hy nie wou oopmaak nie.

Hillbrow se toring het lankal uit sy truspieël verdwyn, voordat hy by ŉ vulstasie afgedraai het. Onder die helder ligte het hy na die koevert langs hom op die sitplek gekyk. By die winkeltjie het hy uitgeklim, drie pakkies pynpille gekoop en alles by die wasbak in die ruskamer afgesluk. Hy het met sy hande op die wasbak gedruk, sy gesig teenaan die spieël: "Dít is hoe ons verslaafdes dit doen, nie waar nie, fucknut? Môre hou ons mos op. Môre."

Terug in die kar het hy die koevert oopgeskeur en die twee bladsye oopgevou:

*Marco,*

*Ek het hierdie brief geskryf voordat ons met vakansie gegaan het. Ek was bang dat ek nie die guts sou hê om dit na die tyd te doen nie. Om te praat terwyl jy in my oë kyk, sou onmoontlik wees. Ek gaan nie eens probeer om te vertel hoe lief ek jou het nie. Pen en papier sou dit ŉ onreg aandoen.*

*Ek is hooked op heroïne. Jy weet dit. Dit het prioriteit nommer een geword. Die geklapper van die helikopter se rotorlemme hang nie meer in die lug bo my nie. Daar ís nie 'n môre nie. Eens op 'n tyd het ek geglo: Ons liefde gáán die ding doen. Dit het nie.*

*Ek het die hoop wat ek gehad het, te ver gerek. Vergewe my.*

*Die vorige keer toe ek uit rehab gekom het, is ek reguit terug na my pusher toe. Ek het op my bed in die woonstel gaan sit, gesukkel om 'n aar in my arm te kry. Sukkel is nie die woord nie, omdat die are platgeval het van al die vlymskerp punte wat die volgende uur of twee se liquid happiness in my bloedstroom dump. Die hoop wat ek in die weke se terapie opgebou het, het voor die plunger verdwyn. Ek het skielik besef: Dit is hoe iemand moet voel wat terminaal siek is. Jy is besig om dood te gaan en niks, nie eens God, gaan jou help nie. Toe het ek gaan sit en hierdie gedig geskryf. Dit is sentimenteel en emosioneel, geskryf terwyl ek teen die rugkant van die eerste wave afgly. Dit is méér as 'n gedig, dit is die Curriculum Vitae van 'n verslaafde:*

> *Ek reis weer deur die lewe,*
>
> *die fasade is hernu.*
>
> *Die gesig en oë, 'n dekor nuut;*
>
> *groet, gesels, glimlag, werk, ontspan.*
>
> *Maar agter die fasade, is dit nog altyd springgety*
>
> *Maal en kolk en suig die branders,*
>
> *tas die koue water skuim en sand,*
>
> *onrustig soos my lewe*

*Deur die plooie en die letsels in die rotse*

*Soekend, saam met die gety.*

*My hoop het verander in wanhoop, Marco. Jy is lief vir 'n fasade. Een ding weet ek vir seker: Ek het jou te lief om aan te gaan met ons verhouding. As jy my liefhet, sal jy die dwelms laat staan.*

*Daar is so baie wat ek nog wil sê, soveel wat ek nog wil vra, maar die antwoorde is op. Onthou net: eendag, wanneer jou wêreld nie meer na die verkeerde kant toe draai nie, sal jy die dwelms van jou af wegslinger. Dáárdie dag moet jy gaan sit en die wêreld van óns vertel.*

*Jo-Marié.*

Hy het haar van die eerste telefoonhokkie by 'n verlate pompstasie gebel. Hy het nie verwag sy sou antwoord nie. Sy het nie. Haar woorde het deur sy kop gemaal:

*Jy is lief vir 'n fasade.*

Iets moet gebeur. Hy het dit geweet, maar sou nooit kon droom dat die noodlot so vinnig 'n antwoord gereed sou hê nie.

Natúúrlik het hy weer gebel. Hy kon nie anders nie. Hy was lief vir haar. En deur dit alles het die verwyte opgestapel: Hoekom het jy nie dadelik teruggery nie? Hoekom het jy nie gepraat oor die prikmerke en die spuite nie? En elke vraag het dieselfde antwoord gehad: 'Want dis hoe verslaafdes dit doen. Hulle vlug ...'

Maar hy het tyd nodig gehad om oor alles na te dink en daar was die eksamen wat hy agter die rug moes kry. Hoe hy deur die onrus en bekommernis heen kon swot,

weet hy tot vandag nog nie, maar hy het vasgebyt. Vir die eerste keer in ŉ lang tyd het hy vir twee weke nie dwelms gebruik nie. Daarsonder gebly asof dit nie bestaan nie. Hy het homself beloof: As ek kan volhou, die eksamen slaag, skoon anderkant uitkom, gaan ek terug na Jo-Marié toe. Dan gaan ons sáám voor begin en leef soos nog nooit vantevore nie.

Tyd is aan ons kant.

Saans het hy, vir die eerste keer in jare, weer op sy knieë langs sy bed gaan staan, Sy naam aangeroep en geweet: Alles gaan regkom.

Álles.

Snags wanneer hy sy oë toemaak, het sy op haar knieë oorkant hom op die kombers kom staan. Hy kon haar warmte oral om hom voel. In die verte het die branders ritmies teen die rotse gebreek. En soms, net soms, kon hy weer die Hillbrowtoring bokant die wolkekrabbers sien staan met sy rooi oog wat onrustig knipoog, asof dié iets weet wat hý nie weet nie.

Net nadat hy sy laaste vak geskryf het, het hy hom na die koshuis toe gehaas. Hy was besig om sy klere in te pak, toe iemand uit die gang hom roep dat daar telefoon is.

Hy het gewéét dis Jo-Marié.

Dit was nie.

“Marco, dis Jo-Marié se ma hier,” hoor hy weer haar stem. “Ons kry haar nie in die woonstel nie. Vreemde mense antwoord die telefoon.” En ŉ onredelike woede het hom beetgepak. Hy wou op haar skreeu: “Van wanneer af maak dit vir jou saak waar

sy is? Jare lank het julle nie ŉ moer omgegee nie en nou skarrel julle rond. Julle het nie meer ŉ dogter nie, het nog nooit een gehad nie." Maar hy het stilgebly.

"Marco, jy móét haar kry, sy is ons lieflingskind."

Hy wou nie verder na haar luister nie. Hy wou haar vernietig: "Uit watter goedkoop fokken tydskrif haal jy daardie sentimentele stront aan, mevrou?" maar hy het net die telefoon teruggehang aan die mikkie. Hy het lank met sy kop teen die koue glas in die deur gestaan. Skielik het hy weer van die wêreld om hom bewus geword. Hy het na sy kamer toe gehardloop en die res van sy goed in die tas gesmyt. Op pad na die deur toe het hy die kewer se sleutels van sy lessenaar af opgeraap.

"En nou, Tjom?" het sy kamermaat agter hom aangeroep.

Marco het hom nie geantwoord nie.

Minute later was hy op die pad na Johannesburg toe.

Hy het deur die middestad se laatnagverkeer gevleg. Emmersvol water het uit die hemel gestort. Uiteindelik het hy voor haar woonstel stilgehou. Onder ŉ lamppaal het hy uitgeklim en opgekyk. ŉ Lig het agter haar venster gebrand en hy sal nóóit vergeet hoe die verligting deur hom gespoel het nie. Hy het die deur agter hom toegeklap en deur die reën na die ingang van die woonstel gehardloop. So vinnig as wat hy kon teen die trappe op. Sekondes later het hy voor die deur gestaan. Die nommer vier het nie meer skeef teen die hout gehang nie, maar was waterpas vasgeslaan.

Hy het saggies geklop. In die woonstel kon hy musiek hoor. Sou sy gaste hê? het hy gewonder. Iemand het uitbundig gelag. Die eerste skrefie bekommernis het deurgefilter. Weer het hy geklop, harder. Gedempte voetstappe het na die deur toe gekom. Die slot aan die binnekant is afgeskuif en die deur het oopgegaan. Die vrou wat agter die veiligheidshek uitgeloer het, het ŉ bont kopdoek aangehad.

"Can I help you, sir?" Engels met ŉ vreemde aksent. Portugees?

"Ja, I'm looking for Jo-Marié," en buite het die wind deur die strate gejaag.

"She moved out two weeks ago. Wait a minute, she left an adress. Asked me to pass on her mail."

ŉ Minuut later was sy terug met ŉ bruin koevert. "I wrote her adress on the back of the envelope. It's not far from here. Three or four blocks down the road." Sy het hom skielik reguit in die oë gekyk. "She should get some attention. She's not well."

Hy het na die adres op die koevert gestaar.

She's not well.

"Is something wrong, sir?"

Hy het sy kop geskud en toe hy opkyk was die deur toe. Die nommer vier was ooghoogte voor hom.

Waterpas.

Hy het die trappe vinniger afgestorm as wat hy na bo gekom het. Teen die wind en reën in het hy straataf gestap. Die skrefie bekommernis het wawyd oopgeswaai. "Asseblief God," het hy met elke tweede tree gefluister. "Asseblief God," teen die wind en die koue en die reën in. Die koevert in sy hand was druipnat. Reëndruppels

het deur die lig van die straatlampe gesif. Voor ŉ armoedige blok woonstelle het hy gaan staan. “Villa Rosa,” was in maroen letters oor die ingang geskilder. Hy het na die koevert in sy hand gekyk:

Villa Rosa 211.

Is dit móóntlik? Hierdie krot met so ‘n verhewe naam. Oor die stad het ŉ weerligstraal teen die naghemel gegloei. Hy het teen die trappe opgestap. Halfpad het ŉ verslonste man in die skemerlig teen die muur gelê. In sy hand het hy ŉ bottel rooiwyn vasgeklem asof dit die laaste vashouplek was wat hy het, voordat hy die vergetelheid instort. En hy kon nie anders as om te dink nie: Here, Jo-Marié, wát besiel jou om in ŉ plek soos hiérdie te kom bly? Jy kon my mos laat weet het jy trek. Jy kon mos geweet het ek sou alles in my vermoë gedoen het om te help.

Uitasem het hy voor die deur gestaan. ŉ Nommer een was met ŉ kokipen oor die verweerde hout gekrabbel. Hy het saggies aan die deur geklop. Die koerantpapier wat voor die venstertjie bokant die deur vasgeplak was, het ŉ flou skynsel lig deurgelaat. Hy het weer geklop. Op die trappe het die boemelaar geroggel. Versigtig het hy die deurknop probeer. Die deur het oopgeswaai.

Buite het ŉ kar deur die water geplas, teen die trappe het die bottel gebreek.

Hy het na binne gestap. “Jo-Marié ...?” In die sitkamer het ŉ tuinstoel gestaan met ŉ halwe kers wat in ‘n leë Cokebottel gedruk was, daarnaas. ŉ Half gebrande wierookstafie het in ŉ vuil glas gestaan. Die deur na die slaapkamer was oop en hy kon haar skuins oor die enkelbed sien lê. Hy het ingestap en gewéét. Haar oë was oopgesper asof sy hom dophou, maar die seegroen het troebel geword. Hy het op sy knieë langs die bed neergesak en met sy hand aan haar wang geraak. Haar vel was

spierwit en yskoud. Haar linkerarm het oor haar bors gevou gelê. Donker bloed het in die spuit opgestoot wat in die waai van haar arm gesteek het.

Hy kon weer die bliep oor sy radarskerm sien skuif terwyl sy tussen die rye sitplekke van Luxavia, vlug 209/99, deurstap.

“Ek wil eendag in ‘n kerkie teen die hange van die Alpe trou.”

En dit was of die geloei van die wind deur die leë strate oomblikke lank stil geword het. “Waarvoor vlug jy, Jo? Weet jy self?” het hy gefluister.

Hy het nie ’n idee hoe lank hy daar op sy knieë langs die bed gestaan het nie. Later het hy opgestaan, aan die spuit gevat en dit het uit haar arm geval. Haar bloed het oor die verkreukelde lakens gespat. Hy het die spuit opgetel. In die kombuis het hy ’n plastieksak gekry en haastig die res van die woonstel deurgesoek. Oral het leë hoesmedisyne-bottels en pilhouers rondgelê. Hy het alles in die sak geprop. ’n Nadoodse ondersoek sou uitwys dat sy aan ’n oordosis dwelms gesterf het; niemand het nodig gehad om te weet wat die detail was nie.

Vir oulaas het hy op sy knieë langs die bed neergesak, vir ’n laaste keer na haar gekyk en swaar opgestaan. Sy oë het op ‘n geraamde gedig teen die muur bokant die bed geval. Hy het dit dadelik herken. Met sy vinger het hy oor die glas gesoek, die plek gekry:

*I fly aloft; I leap the moon, and soft*

*Against my skin I feel the velvet night*

*I think this means I love you – and I do:*

*My love will be forever true; and like*

*A shining star, a panoply of light,*

*More beautiful than Venus and as bright.*

“Ek wil die res van daardie gedig hoor!” Hy sien die rooi bandana ʼn oomblik lank huiwer tussen die malende massas op die busstasie in Keulen.

Hy het haar onder die duvet toegemaak.

Die boemelaar het steeds teen die trappe gelê, sy mond wawyd oop, soos iemand wat roep om hulp, maar die enigste geluid wat hy kon hoor, was die wind wat om die hoeke van die woonstel gewaai het. Die wynbottel het aan skerwe by die onderpunt van die trappe gelê. Die plastieksak het hy in ʼn oorvol vullisdrom op ‘n straathoek geprop. Aan die oorkant van die straat het ʼn telefoonhokkie onder ʼn laag afgeskilferde verf gestaan. Die telefoonboek het aan ʼn geroeste ketting gehang. Dit het hom ʼn minuut geneem om die nooddienste se nommer op te spoor. Met die telefoon teen sy oor het hy deur die vuil, nat glas in die verlate straat afgekyk.

Die maande na daardie nag was ‘n waas. Hy kon nie sonder haar nie, en die enigste manier waarop hy die droom aan die lewe kon hou, was met drugs. Snags in sy drome was sy net ʼn silhoeët op haar knieë in die maanlig oorkant hom.

“Moet ek regtig álles vertel, Jo-Marié? Moet ek aan die mensdom vertel dat dood nie noodwendig die einde van ʼn verhaal beteken nie; dat ek nie gewoon daardie laaste hartseer bladsy uit my geskiedenisboek kan skeur, versnipper en vir die wind voer nie?”

In die helder ligte van die Honda is die uitdraaipad skielik voor hom. Hy trap hard op die rempedaal en die wiele skuif oor die gruis. Hy draai in en hou voor die hek stil. ŉ Oomblik lank bly hy agter die stuurwiel sit. As ek eers hier ingedraai het, is daar nie omdraai nie, dink hy. Wat gaan die mense sê as ek hierdie tyd van die nag hier aankom?

"Fok dit," fluister hy. Charlene het gesê hulle slaap nie meer in die woonstel nie, die sleutel is altyd onder die mat voor die deur.

Hy skakel die kajuitliggie aan en krap in die paneelkissie rond vir sy duplikaatsleutel van die hek. Môreoggend moet ek seker die sleutel teruggee. Hy glimlag suur wanneer sy vingers om die sleutelhouer sluit.

Buite lê die nag, donker om hom saamgepak. Reën spat met eentonige reëlmaat teen die ruit en die klanke van Pink Floyd dreun deur die luidsprekers.

***

# Hoofstuk 26

In die braaivleisplek, onder die afdak langs die stoep, sak ʼn laaste gloeiende stomp op die kole inmekaar. Vonke verskiet in die donker. Hoog in die wildevy skeur ʼn tak af en stort na onder.

Hottie en Sam hoor Fish in die verte fluit. Hulle spring op, kruip deur die gat in die heining en hardloop gebukkend deur die stuifreën. Hulle voetstappe klapper op die nat plaveisel. Hottie probeer om die verminkte oorblyfsels van die hond op die rand van die blombedding te ignoreer. ʼn Rilling gly teen sy ruggraat af.

Sekondes later staan al drie teen die muur aangedruk. Die stomp steel van die hamer steek by Fish se sak uit. Hy spring op die vensterbank, druk die diefwering voor die venster opsy. Die staal knars. Dit is vir Hottie asof die wêreld vir ʼn oomblik ophou draai, die loeiende wind deur die dik takke van die wildevy stil word. Hy kan die mense in die huis nie uit sy gedagtes kry nie. Kinders soos Gretha. Hy probeer haar voor sy geestesoog oproep, maar dit is asof sy weg is, nie deel wil wees van hierdie nag nie.

Sam spring op die vensterbank en klim deur die venster, geruisloos, soepel soos ʼn kat.

“Die gun, Fish,” sis hy. “Hou jou vinger weg van die trigger af.”

Fish druk die wapen deur die opening, sy vingers krom om die staal van die diefwering en hy verdwyn deur die opening met Hottie kort agter hom. Dan staan hulle in die badkamer. Agter in die huis hoes iemand, al drie bly roerloos staan.

Sam skakel sy penligflitsie aan. Drie pare oë volg die ligkol deur die donker. Die badkamerdeur staan halfpad oop. Druppels glim op die badkamerspieël. Op die wasbak staan ŉ glas met veelkleurige tandeborsels. Die ligkol gly teen die muur af, huiwer op ŉ modderbesmeerde kortbroek van ŉ seun wat onverskillig in ŉ hoek geslinger is. Diep in die huis hoes iemand en Sam skakel die liggie af.

Versigtig stoot hy die badkamerdeur oop. Dit skuur teen die vloer, word stil, en dan stoot hy dit heeltemal oop. Die gang is stikdonker. Weer gaan die liggie aan. Stadig skuifel hulle in die gang af, hulle voetstappe geluidloos op die mat. Die lig skuif teen die mure langs, weerkaats van die glas van twee pare troufoto's af en huiwer sekondes lank op ŉ foto van Andries Schutte voor die Hooggeregshof in Pretoria. Langsaan hang ŉ kleurfoto van twee kinders wat in ŉ bad water sit: ŉ Seuntjie met ŉ opgeruimde glimlag hou ŉ rooi seilboot in die lug en ŉ blonde dogtertjie kyk skamerig na die kamera.

Stadig stap hulle agter die ligkol aan. ŉ Skildery leun teen die muur, asof iemand vergeet het om dit op te hang: Drie dogters, hand aan hand in ŉ veld oortrek met blomme. Al drie gaan staan botstil wanneer die lig skerp terugkaats van ŉ spieël in ŉ houtraam aan die einde van die gang. Sam se gesig is uitdrukkingloos in die beeld vasgevang. Hottie en Fish is twee donker silhoeëtte agter hom.

In sy gedagtes sien Hottie weer die strepe en blokke wat Sam in die stof langs die uitgebrande vuur getrek het om die uitleg van die huis te verduidelik. Nou is dit nie meer net strepe in die as nie, dit het *huis* geword. Binne minute sal die inwoners nie meer net van agter glas in houtrame na hulle kyk nie.

ʼn Bed kraak en diep uit die huis kom die statiese gekrap van ʼn burgerbandradio. Skielik skril die telefoon deur die stilte. Die lig van die flits gaan onmiddellik af en dit is asof die beelde in die spieël nog oomblikke lank ingeprent staan in die glas.

*

In die beheerkamer van die polisiestasie op Rankinspas skrik André Vosser met ʼn skok wakker as die telefoon langs hom op die lessenaar lui. Verward kyk hy om hom rond en pluk dan die gehoorbuis van sy mikkie af.

"Hallo, Rankinspas-polisiekantoor hier." Sy stem formeel. "Konstabel André Vosser," terwyl hy sy kop skud om van die spinnerakke ontslae te raak.

"Ek hoop jy kan my goed genoeg hoor," kom die stem oor die gesuis van die plaaslyn. "Dit is Oom Jos de Beer hier van Nietverdiend. Ek sukkel al tien minute om deur te kom na julle toe."

Donderweer rommel deur die kloof en iewers klap ʻn sinkdeur in die wind.

"Ek het vroeër vanmiddag al geskakel om te vra of julle weet dat daar laasnag lig was by die ou plaasopstal van Leliefontein. Het julle al gaan ondersoek instel of gee julle nie om nie?"

Die konstabel laat sy kop sak terwyl hy vinnig dink om ʼn antwoord te formuleer.

"Meneer De Beer, ons patrolliemotor het ʼn meganiese probleem," is die eerste verskoning waaraan hy kan dink. "Ons het reeds ʼn mechanic gereël om môreoggend

daarna te kom kyk. Sodra die fout herstel is, gaan ons ondersoek instel,” en hy voel ’n warm gloed teen sy gesig opkruip.

Stilte, behalwe vir die reën wat op die sinkdak druis.

Fronsend luister André Vosser na die gesuis oor die lyn en dink vir ’n oomblik dat die verbinding genadiglik verbreek is.

“Konstabeltjie, ek het vroeër vanaand ook geskakel. Kyk op jou horlosie. Hoe laat is dit? Wag, laat ek jou help. Dit is ná twaalf en ek en my vrou lê wakker in die bed omdat ons te bekommerd is om te slaap.” Die ou boer se stem raak ’n oomblik weg en kom dan afgemete terug: “Vertel jy my wat van polisie-effektiwiteit in hierdie land geword het? Vanaand nog sit ek en kyk na die nuus op TV en verstom my om die nuutste misdaadsyfers te sien wat hierdie regering van jou aan my probeer verkwansel. Het jy in jou dag des lewens ’n groter klomp kak as dit gehoor? Die boere in hierdie land bevind hulle midde-in ’n beleg. Onskuldige mense word gemartel en vermoor, die kaffers *erf* ons plase en die polisie kan niks beters uitdink as ‘môreoggend’ nie.” Dan is die instrument dood.

“Whatever,” fluister Vosser en hang die telefoon terug aan die mikkie.

Sy oë val op die monitor.

Die rooi letters beweeg van links na regs oor die skerm: *Alarm activated. Unit POL5/04. Stand - Goedgevonden. Approximate time 00:12. Alarm activated ...* ’n Beskuldiging. Goedgevonden! Hoe lank het ek geslaap? Hy kyk op sy horlosie, probeer om rigting te kry. Sou dit langer as vyftien minute gewees het?

Vyftien fokken minute!

Weer lui die telefoon. Hy ruk die gehoorstuk van die haak af en druk dit dadelik weer dood. Hy wil nie na nog ʼn boer luister voordat hy sy stasiebevelvoerder geskakel het nie. Haastig skakel hy die nommer, dit word met die eerste lui opgetel: “Hallo, Mervin speaking.”

Vosser trek ‘n gesig. “Verkeerde fokken nommer, Mervin,” fluister hy. Hy plak die gehoorbuis terug op die mikkie en skakel weer. Senuweeagtig tik hy met sy pen op die lessenaar en sug verlig as hy die deur-die-slaap stem van sy bevelvoerder hoor.

“Luitenant, ek dink ons het kak op Goedgevonden.”

Hy staar na die rooi letters. Sy handpalm, wat om die gehoorbuis klem, is natgesweet. Met sy ander hand tel hy ʼn pen op en trek kruis en dwars strepe op die polisiekollege-skryfblok voor hom.

“Ja, die waarskuwing op die monitor het minute terug begin flits.” Hy knyp sy oë toe, dink terselfdertyd daaraan dat die tyd van die insident vir altyd in die rekenaar se geheue vasgevang is.

“Nee, die telefoon het net een of twee keer gelui. Niks besonders nie.”

Hy laat val die pen op die skryfblok, tel dit weer op.

“Die vangwa staan onder die afdak. Sammy het die dieselfilter vanmiddag vervang. Die enjin loop soos ʼn Seiko.”

Hy kyk op na die almanak teen die muur voor hom: twee rooibokke wat versigtig na ʼn watergat stap.

“Oukei. Ek sal Goedgevonden skakel. As daar antwoord is, bel ek jou terug. Indien nie, kom ek jou dadelik optel.”

Agter die gordyne flikker die weerlig.

"Ja, ek sal my gat roer. Bye." Hy smyt die pen op die lessenaar neer en hang die telefoon terug aan die mikkie. Haastig blaai hy deur die stasie se telefoonlys, soek ŉ minuut lank na die nommer van Goedgevonden op die met koffiebevlekte lys en sug verlig as hy dit kry. Hy pons die syfers in en skrik wanneer die skakeltoon helder oor die lyn kom. Dit lui drie keer en skielik word die verbinding verbreek. Hy frons. Skakel dadelik weer en wag, maar al wat oor die krapperige lyn kom, is die besettoon.

"Net nie weer 'n Rietfontein nie, Here," fluister hy, spring op en gooi die telefoon terug op die mikkie. Hy raap sy bos sleutels van die lessenaar af op en storm na buite. In die reën steek hy vas, draai om, en loop haastig terug na die aanklagkantoor. Binne haak hy die sleutel van die brandkluis van die sleutelhaak af. Hy pas die sleutel in die slot, stoot die swaar deur oop. Die vertrek ruik na geweerolie en ou dossiere. Hy sluit die slot aan die ketting om ŉ Mossberg haelgeweer oop en lig die wapen uit die rak. Hy ruk 'n laai oop, haal ŉ dosie bokhaelpatrone uit en stop dit in sy sak.

Oomblikke later hardloop hy teen die sterk wind en die vlae reën na die afdak waaronder die vangwa staan.

Minute later is hy op die grondpad. *Goedgevonden. Approximate time 00:12. Alarm activated ...* Die bloedrooi letters bly onophoudelik deur sy gedagtes skuif.

***

# Hoofstuk 27

Die begrafnis was op ‘n lenteoggend. Jo-Marié se pa en ma het hom skaars gegroet. Haar oë was rooi gehuil, hy, emosieloos. Die pastoor se stem het eentonig deur die oggendlug gedra: “Vandag kyk ons in ŉ spieël ...” En Marco kon nie anders as om te dink dat hy nog nooit in sy lewe so leeg gevoel het nie. Toe die kis in die graf begin afsak, het hy omgedraai en geloop.

Die polisieman het by die hek van die begraafplaas vir hom gestaan en wag. Marco het hom dadelik herken. ŉ Kar het in die straat verbygery en iemand het op die toeter gedruk. Die polisieman het sy hand opgesteek.

“Jy’s meneer Verkerk?”

Hy het geknik.

“My naam is inspekteur Krynauw.”

“Ek onthou jou.”

“Daar is die een en ander wat afgehandel moet word. Jy was die een wat haar in die slaapkamer gekry het en die polisie in kennis gestel het. Ry sommer agter my aan na die polisiekantoor toe.”

Hy onthou niks van die rit deur Germiston se besige strate nie.

Op Krynauw se lessenaar het ŉ familiefoto gestaan. ŉ Jong gesin. Die kind in die vrou se arms se blonde krulhare het in die son geblink.

Marco het stip na die foto gestaar.

“My gesin.”

“Ek lei so af. Waarmee kan ek help?”

Inspekteur Krynauw het ŉ kromsteelpyp van ŉ pyprakkie op sy lessenaar gehaal en met die pypsteel na ‘n stoel aan die oorkant van die lessenaar gewys. Hy het die pyp tydsaam gestop en in die lug gehou: “Jy gee nie om nie?” en die pyp opgesteek sonder om weer na Marco te kyk. Voor hom op die lessenaar het ŉ bruin lêer gelê. Hy het die pypsteel tussen sy tande vasgebyt en die dossier nader getrek.

“Ek het die patoloog se verslag oor die lykskouing gekry. Sy het gesterf as gevolg van ŉ oordosis morfien.” Die polisieman het opgekyk. “Ek neem aan jy het dit geweet?”

In sy gedagtes sien hy Jo-Marié sit, kop tussen haar hande op die badkamervloer van die Crayfish-Inn.

“Ek het nie geweet dit was morfien nie. Ek het geweet sy gebruik heroïne.”

“Daar was ook spore van ander dwelms in haar bloedmonster. Ons sal nooit met sekerheid kan sê of dit selfmoord of ŉ ongeluk was nie. ŉ Datum vir die geregtelike ondersoek is nog nie vasgestel nie. Haar ouers wil hê ons moet dit stilhou.”

Marco se gesig het warm geword. Hy het gesukkel om die woede uit sy stem te hou: “Fokkit man, as jy daaraan toegee, het sy tevergeefs gesterf.”

In die verte het die sirene van ‘n polisievoertuig in die oggendverkeer gehuil.

“Meneer Verkerk, dis nie waaroor dit gaan nie,” het Krynauw probeer keer, maar Marco het hom nie kans gegee nie.

Hy het opgestaan, die familiefoto omgedraai sodat Krynauw na die gesigkant kon kyk. “Kyk na daardie gesinsfoto van jou. ŉ Pragtige kind. Sy kan die volgende een wees. Dood in ŉ vreemde bed in ŉ agterlike woonbuurt. Alleen.” Sy stem het sag geword. “Miskien sal jy self langs haar sterfbed staan, jouself afvra: ‘Here, wát het ek verkeerd gedoen?’ Jy sal jou vuis woedend na die hemel bal, wens jy kon God in die oë kyk, maar jy sal nie verder sien as die plafon bokant jou nie.”

Hy het albei hande plat op die lessenaar gedruk. Die polisieman het sit en kyk na sy pyp wat doodgegaan het. “Weet jy wat is die ergste, Inspekteur Krynauw? Jy sal wag en nooit ŉ antwoord kry nie.”

Verder in die gang af het harde stemme opgeklink, ‘n deur het toegeklap.

Hy wou stilbly, maar hy kon nie. “Haar gesig sal op elke moontlike en onmoontlike tyd in jou gedagtes opkom. Sy sal langs jou kom staan as jy snags jou oë toemaak en soggens as die eerste lig breek sal sy by jou bed sit. Sy gaan nóóit weer weg nie en kom nooit weer terug nie. Ek hoop nie jy het ooit nodig om te *verstaan* wat ek vandag vir jou gesê het nie.” Hy het opgestaan en afgekyk na die polisieman. “Maar as so ‘n tragedie wel eendag jou pad kruis, wonder ek of jy gaan sê: ‘Kom ons hou dit stil.’”

Krynauw het sy pyp weer aan die brand gesteek, die lêer toegevou en van hom af weggeskuif. Die pyprook het deur die vertrek gedryf. Die bedompige lug het Marco benoud gemaak. Hy het regop gekom, een keer in die polisieman se rigting geknik en deur toe gestap.

Toe hy sy hand op die deurknop sit hoor hy weer Krynauw se stem: “Meneer Verkerk, ek wil dit nie vir jou vertel nie, maar ek het nie ŉ keuse nie.”

Die sirene het stil geword.

“Sy was drie maande swanger toe sy gesterf het.”

Sekondes lank het hy met sy hand op die deurknop bly staan. Hy het die knop gedraai, die deur oopgemaak en na buite gestap sonder om om te kyk.

Hy skrik as hy skielik agterkom dat hy nog steeds agter die stuurwiel sit. Die hek blink verlate in die reën. Hy maak die deur oop, die sterk wind ruk byna die handvatsel uit sy hand uit. Hy ruik die veldbrande in die berg. Hy hardloop deur die reën na die hek, vat-vat aan die ketting en frons as dit los val en die slot by sy voete in die modder val. Hy tel dit op. Hoe is dit moontlik? wonder hy. Hy draai om, hou die slot na die lig en sien dadelik die verroeste boog wat aan een kant deurgeknip en weggebuig is. Sou iemand die sleutel laat wegraak het? Daar is tog duplikaatsleutels. Hy skud sy kop, reënwater loop in sy nek af.

Hy stoot die hek oop. In die verte, skaars hoorbaar agter die geruis van die reën in die plantegroei, hoor hy ŉ jakkals huil. Hy ril as hy terugklim in die kar. Hy ry deur die hek, klim uit en sleep die hek agter hom toe. Nog een keer kyk hy na die ketting in die rooi gloed van die Honda se truligte.

ŉ Minuut later is hy op die tweespoorpaadjie wat deur die bosse vleg. Skielik is hy onrustig. “*Misdaad loop los rond,”* onthou hy die hoofopskrif op die voorblad van die *Beeld* wat langs hom op die sitplek lê. Hy trap die petrolpedaal dieper in. Ek moes gekyk het vir spore by die hek, dink hy.

Wanneer hy bo-op die bult kom sien hy die ligskynsel van Goedgevonden se plaasopstal, vaag agter die vlae reën. Nog drie kilometer, dan ŉ warm stort en slaap,

dink hy. Teen die afdraande trap hy harder op die petrolpedaal. ʼn Kiewiet skarrel op lang bene uit die pad van die voertuig. Modder spat in ʼn boog onder die wiele uit. Hy ry vinnig in die laagte af en besef te laat dat hy vergeet het van die skerp draai voor in die pad. Inderhaas verwissel hy ratte. Die nat sool van sy hardloopskoen gly van die rempedaal af.  Dit voel of die kar in stadige aksie onder hom uitgly. Hy ruk die stuurwiel na links, dan na regs. Die kar skuif uit die modderige spore uit. Sekelbosse skraap teen die bakwerk. Die linkerwiel stamp in ʼn sloot in, ‘n band bars, sy tande kners op mekaar. Die Honda ploeg deur die struikgewas en die heksleutel gly heen en weer oor die paneelbord. Die stuurwiel word uit sy hande geruk, modder en verrotte blare spat teen die ruite om hom. Dan kantel die voertuig, beland met ‘n harde stamp op sy kant. Daar is  ʼn verblindende flits wanneer sy kop met metaal kontak maak. Hy besef skielik dat hy nie nóú wil doodgaan nie. Nog nie naastenby gereed is nie.

***

# Hoofstuk 28

Versteen staan hulle in die donker. Fish sukkel gesmoord om ŉ hoesbui te onderdruk.

"Shit," pers Sam die woord tussen sy lippe deur en Hottie besef: nou daar is nie meer omdraaikans nie.

Sam reageer eerste: "Move!" Met twee spronge is hy by die telefoon en ruk die koord uit die muurprop uit. Die instrument kletter op die teëls. Met die ligkol van die flits beduie hy vir Hottie in die rigting van Lisa se kamerdeur, terwyl hy die afstand na die hoofslaapkamer met lang hale aflê.

Fish se voetstappe haas in die gang af na die kinders se slaapkamer. Weerlig flikker teen die glas van die foto's aan die muur. Hottie hoor weer Sam se stem langs die vuur: "Sluit die deur na die kinders se slaapkamer, Fish, dan weet ons hulle gaan nie in die pad wees nie. Hulle kan later handy raak."

Hy stamp die deur na Lisa se slaapkamer oop; ŉ gedempte kreet klink op uit die donker. Met sy plathand voel-voel hy senuweeagtig na die ligskakelaar. Hoog teen die plafon kry twee buislampe flikkerend lewe.

Verward vryf Lisa oor haar oë. Dit is of die telefoon se skril klank nog altyd in die atmosfeer hang. Sy sien die buitelyne van iemand wat in die deur staan. ŉ Doodse vrees gryp haar vas en al waaraan sy kan dink is: Daar is vreemdelinge in ons huis!

Swartes?

ŉ Plaasaanval?

Stadig fokus sy: ‘n Man kom reguit na haar toe gestap. Haar mond gaan oop om te gil, maar geen geluid kom oor haar stembande nie. Die lig weerkaats op die loop van die rewolwer in sy hand. Sy val verlam terug in die kussings.

“Uit!” Die wapen beduie na ŉ plek langs die bed. “Come on.”

Die kinders! Koue sweet slaan op haar voorkop uit.

“Wie is jy? Wat maak jy in ons huis?” Haar lippe is kurkdroog. Dan klap ŉ skoot oorverdowend verder in die gang af. Die angsbevange gil uit haar ma se keel laat koue rillings teen haar ruggraat afskiet.

“Uit!” Die stemtoon vertel haar dat sy nie ‘n keuse het nie. Sy swaai haar voete oor die rand van die bed, voelvoel na haar bril wat iewers op die bedkassie lê. Die wapen huiwer bokant haar in die lig en vir ŉ vlietende oomblik verbeel sy haar dat sy vinger om die sneller krul.

Die deur bars oop en Fish storm die vertrek binne, sy herken hom onmiddellik. Die stompsteelhamer swaai soos ŉ pendulum langs sy sy. Bloedspatsels kleef aan sy gesig en voorarms. Sy oë is dof. En sy hoor haar eie stem, ver weg, in ŉ ander tyd: “Pa, was dit nodig om daardie man werk te gee? Hy is dan ŉ verbode immigrant. Sy oë is elke dag op my.”

Dan staan hy oor haar, hy stamp die kort steel van die hamer in haar gesig. Dit is asof iemand die lig afskakel. Wanneer sy weer haar oë oopmaak, staan sy duiselig, hande-viervoet op die mat. Die bloed wat by haar mondhoek uitsyfer is warm en sout.

“Mamma, Mamma!” Charlene se stemmetjie is verlore agter die geweld van die storm. “Mamma!” Al dringender.

Die volgende hou tref haar teen die slaap en sy val met haar rug teen die bedkassie. Marco se foto skuif van die kassie af en val op die vloer. Die glas breek. Fish se bloedbesmeerde gesig wieg, uit fokus, in die lig bokant haar. Die Mosambieker het nou die steel van die hamer in sy hand, spiere speel onder die vel van sy voorarm. Hy lig die staalkop op, sy gesig vertrek.

"Stop dit, Fish. Nóú." Die bruinman se stem is beslis, maar dit is asof Fish dit nie hoor nie. Hy tel die hamer hoër op, die swaar kop is ŉ swart kol teen die lig. Dan hoor sy die klik as die haan teruggetrek word en sy sien dat die man die wapen in albei hande vasklem. Die punt van die loop horisontaal, sentimeters van Fish se voorkop af. "Nog één keer en ek skiet jou vrek." Die vinger span om die sneller. Lisa knyp haar oë toe.

Fish knip sy bloedbelope oë. ŉ Trek van verbasing en ongeloof skuif oor sy gelaat: "Shit Hottie, haal daai fokken ding uit my gesig uit." Hy struikel ŉ tree terug. Sy asem jaag.

Die loop van die rewolwer bewe; sy wag vir die knal. Sweet pêrel oor die bruinman se voorkop. Stadig ontspan die vinger op die sneller en hy laat sak die wapen. Hy kyk na haar en beduie met die loop dat sy moet opstaan.

"Woonkamer toe."

*

Andries Schutte skrik wakker met die eerste skril lui van die telefoon. Vlietend wonder hy wie dit kan wees. Dan hoor hy die gedempte opdrag in die gang. Dis asof hy jare lank al vir hiérdie oomblik wag. Die deur wat oopvlieg, die ligte ineens helder in sy oë en die groot swartman, met die litteken oor sy wang, aan die onderent van die bed. Sy oë blink koorsig, sy bene is wyd uitmekaar geplant, die AK47 stewig teen sy heup vasgedruk, vinger op die sneller: ‘n Egiptiese kobra wat bakkop wieg.

Rukkerige beeldmateriaal rol deur sy gedagtes: *Geharde polisiemanne vervul met afgryse,* en *When is this senseless violence going to end?* Voorlopers uit dagblaaie teen lamppale uit ŉ grou dag in sy verlede. In sy gedagtes sien hy die verroeste pyp met swart bloedvlekke in ŉ deursigtige plastieksak tussen die bewysstukke lê.

*Sam Serathi, die moontlikheid dat jy gerehabiliteer kan word is nul. Nie eens ŉ dier bring sy eie soort op so ŉ wyse om die lewe nie.*

Hy voel Annette se hande om sy regterarm klem, haar naels wat diep hale in sy voorarm krap. Haar gille weergalm in sy ore en terselfdertyd spuug ŉ heldergeel vlam deur die bek van die loop. Agter hulle ritsel die gordyne, die slaapkamervenster spat aan skerwe. Die slag is oorverdowend en die verstikkende stank van kruitdamp hang in die lug. Dit is asof haar gille nie wil stil word nie. Weer trek Sam die sneller en die bedlamp langs haar spat aan stukke. Die gil stol in haar keel, met haar hande vou sy haar gesig toe.

“Maak nog één keer jou fokken bek oop,” Sam kners op sy tande.

My beurt het gekom, dink hy. Hy wil die sneller trek, bloed teen die mure sien spat, die haat voed.

Skielik is net die gedruis van die reën en die wind wat die verskeurde gordyn in die vertrek inbondel, hoorbaar.

"Until we meet again, Judge. Van hoeveel jaar praat ons?" Sam se stem is oorlaai met ironie.

"Ek wag al lankal vir jou, Sam Serathi." Schutte se stem is ál wat rustig is. "Daardie dag in die hof het ek geweet dat ons mekaar weer sou sien. Waarom die haat?" Hy voel Annette se vingers om sy arm klem.

Dit lyk of Sam nie luister nie, 'n vreemde lig brand in sy oë. En dit is asof die damwal na al die jare plotseling padgee. Sy gesig vertrek en hy swaai die AK se loop in Annette se rigting. Sy vinger krul om die sneller. Die skoot donder tussen die mure van die vertrek. Die koeël tref haar hoog in die bors, stamp haar terug in die kussings. Sy sukkel orent, tas met haar hande in die leë ruimte rondom haar. Haar hartklop pomp donkerrooi bloed deur die gapende wond. Woorde vorm op haar lippe, maar geen klank kom oor haar stembande nie.

Andries werp sy liggaam in haar rigting, gryp haar arm vas, sy vingers is glibberig in haar bloed. Hy gooi sy volle lengte skuins oor haar, maar die vinger op die sneller is vinniger.

Die volgende koeël skeur deur die linkerkant van haar nek, ruk die slagaar oop en 'n rooi sproeireën sif neer oor die beddegoed, spat in donkerrooi patrone oor die muurpapier. Haar liggaam ruk, en soos 'n gebreekte pop val sy agteroor, haar oë oopgesper. Haar vingers kruip langsaam teen haar bors op tot by die wond, sprei oop, asof sy die lewe wat daaruit pomp, wil stuit. Bloed syfer deur haar lippe en loop teen

haar ken en nek af. ŉ Oomblik lank lyk dit asof sy gaan glimlag, haar liggaam stuiptrek, sy sug en lê stil.

Die kreet wat Schutte uit is dié uit die keel van ŉ dier. Hy gooi sy liggaam in Sam se rigting, maar is hopeloos te stadig. Die swartman ruk die wapen uit die pad van sy grypende hande, draai dit in dieselfde beweging dwars, en slaan die kolf deur die ouer man se gesig. Schutte val op sy knieë, bloed uit sy neus drup op die mat. Hy tel sy kop op: "Hoekom?" Sy oë is skrefies getrek. "Wat het sy aan jou gedoen?"

Buite sweepslag die donder deur die nag. Sam glimlag.

"Mamma!" Daar is huil in die kind se stem. "Wat gaan aan?" Amper te sag om te hoor. Sekondes lank is net die elemente hoorbaar en dan: "Mamma?" wat meer klink na die huil van ŉ jakkals as na die paniek van ŉ kind.

Andries kyk in ongeloof na Annette. ŉ Grys haarlok, wat oor haar voorkop geval het, roer in die wind. Hy buk om haar toe te trek, maar Sam druk die wapen dreigend teen sy agterkop: "Los haar, jou motherfucker. Jy kan niks meer vir haar doen nie. Hoe sê hulle in jou Bybel: 'Vannag nog sal jy saam met My in die Paradys wees,'" en Sam lag terwyl hy met die loop van die AK na die deur beduie.

Daar is bloed in Andries se keel, hy sukkel om asem te haal. Die loop van die wapen stamp ongenadiglik hard in sy rug. En hy weet: Goedgevonden gaan vannag niks minder as die hel wees nie.

***

# Hoofstuk 29

*Hy staan alleen op die verlate perron. Skuins voor hom is 'n roetbesmeerde bord: Heilbron Stasie – 4561 voet bo seespieël. Die stoomtrein se fluit sidder deur die aand. Stoom blaas in 'n spierwit wolk deur die stoomklep. Die passasierswaens ruk, beweeg vorentoe, tel stadig spoed op.*

*Hy hoor voetstappe knars in die gruis, herken die hinkende stappie. Dogballs, kort en blond, hys homself teen die reling by die deur van die passasierswa op, draai sy kop en spoeg in die vuil stasiegruis. Hy kyk in Marco se oë, sy pupille is manholes. Sy lippe vorm die woorde: "And you shall know the truth, and the truth shall set you free". Hy smile. Die deur gaan agter hom toe.*

*Klik, klak beweeg die lokomotief oor die wisselaar. Die vensters van die passasierswaens beweeg rukkerig by hom verby. In die eerste kompartement sien hy sy pa en ma sit. Hulle lyk stomgeslaan en geskok. Hartseer wel in hom op.*

*Klik, klak. Die een wa na die ander.*

*Die tweeling se gesigte is agter die volgende ruit. Lisa sit langs hulle. Hulle glimlag vir mekaar, waai vir iemand agter hom. Hy kyk om. Daar's niemand nie. As hy terugkyk, is dit net leë vensters wat verbyflits. Hy begin hardloop. Sy stem weerklink deur die stilte: "Jo-Marié!" maar daar is nie meer gesigte agter die glas nie. Uitasem gaan hy staan. Swart rook dwarrel deur die skoorsteen. Elke flitsende venster weerkaats die woorde: Heilbron Stasie, 4561 voet bo seespieël. Heilbron stasie ...*

*Die rooi lig agter aan die kondukteurswa brand helder in die skemer. Hy kyk dit agterna totdat dit om die eerste draai verdwyn. Hoog bokant hom in die ysblou lug is die vliegtuig ŉ silwer stippel in die laaste strale van die son. Die dampspoor wat agternasleep, is die kleure van 'n sonsondergang. ŉ Bloedspoor teen die gesigseinder.*

Sy eerste gewaarwording is die vuurrooi pyn in sy voorarm en dan die doodse gevoel aan die regterkant van sy voorkop. Bloed loop teen sy gesig af, dam op in die holte waar sy kop op die sitplek lê. Hy lê dwars oor die voorste sitplekke, die rathefboom beur pynlik hard in sy ribbes. Hy kom dronk-dronk orent, sy gesig vertrek van pyn as hy sy voorarm beweeg.

Die kar het wonderbaarlik weer op sy wiele te lande gekom. Die bestuurderskant lyk soos ŉ tent wat inmekaargesak het onder die gewig van reënwater. Die CD-speler speel nog een stryk deur:

*The lunatic is in my head*

*You raise the blade, you make the change*

*You re-arrange me 'till I'm sane*

Reën stuif deur die gebreekte ruite, koud teen die warm bloed wat oor sy gesig loop. Die hoofligte brand nog – een boor in die nat rooi aarde in en die ander een sink ŉ wit skag deur die takke van ŉ boekenhoutboom. Met sy linkerhand voel-voel hy na die dakliggie se skakelaar. Die lig gooi ŉ spookagtige skynsel teen die verwronge metaal in die kajuit.

"Wat het die man nóú weer aangevang?" hoor hy al die stemme.

Hy wil sy regterarm optel om die truspieël te verstel sodat hy na die skade aan sy kop en gesig kan kyk. Sweet breek op sy voorkop uit, die pyn in sy arm is onuithoudbaar. Met sy linkerhand verstel hy die inmekaargedrukte spieël, maar slegs bloedbevlekte skerwe weerkaats uit die raam.

Bloed vloei uit ‘n sny bokant sy linkeroog. Hy sien net ‘n skrefie lig deur die toegeswelde oog. Hy probeer die deur aan die passasierskant oopmaak, maar dit roer nie. Met die sykant van sy vuis tik hy die verbryselde stukke glas uit die raam van die ruit. Hy kners op sy tande wanneer hy deur die opening wurm.

Oomblikke later staan hy langs die wrak. Hy gaan sit op sy hurke voor die koplamp om na die skade aan sy arm te kyk. Hy skuif sy mou op. Sy voorarm is potblou, sy gewrig klaar abnormaal geswel. Hy sug verlig as hy nog sy vingers kan beweeg.

Dronkerig kom hy regop en stut met sy linkerhand op die verfrommelde enjinkap. Dit voel of sy kop enige oomblik uitmekaar gaan bars. Hy hoor weer die stem van hulle huisdokter: “Vergeet van rugby, ou maat. Nog so ‘n stamp kan jou jou lewe kos.”

Verwese staan hy langs die wrak, die wind woel deur sy hare. Die adrenalien, wat die eerste minute die pyn weggehou het, syfer langsaam weg. Hy het die behoefte om êrens in die reën en modder te gaan lê en nooit weer op te staan nie. Die reën ritsel in die plantegroei.

Here, ek moet net positief bly, dink hy, anders eindig alles vannag hiér.

Hy draai sy rug op die wrak en strompel deur die digte plantegroei in die rigting van die opstal. Dofweg hoor hy die lirieke op die wind:

*You lock the door*

*And throw away the key*

*There's someone in my head but it's not me*

Om hom word dit donker. Hy voel hoe die naarheid in sy keel opstoot. Hy sak neer op sy knieë. Skielik staan hy weer op sy knieë op die sypaadjie buite Loftus Versveld. Die pienk en wit pille het nie opgelos nie. Hy probeer om een op te tel, maar dit verdwyn onder sy vingers. Moeisaam staan hy op, strompel blindelings deur die struikgewas. Die regterkant van sy voorkop voel of dit nie daar is nie. Elke af en toe moet hy gaan staan om asem te skep, korste bloed kleef aan sy gesig. Hy struikel oor 'n klip. Hoekom het jy nie padlangs gestap nie asshole, verwens hy homself. Waar is die naaste wildspaadjies nou weer? wonder hy. Sy regterarm hang nutteloos langs sy sy. Klop-klop-klop met elke beweging wat hy maak. Elke tree word ŉ marteling, elke klein klippie ŉ grote, die laaste bult 'n Everest.

Die skoot wat in die verte klap, laat sy kop ruk. Hy gaan staan, draai sy kop skuins in die wind. Hy sien weer die hek se slot in die modder by sy voete val. Hy frons, kyk na die huis wat ver voor hom soos ŉ eiland in die mis dryf. Het ek my dit verbeel? wonder hy. Dan klap nog twee skote agtermekaar. En skielik weet hy dat dit nie sy verbeelding is nie, dat die laaste brug in sy lewe voor hom in ligte laaie staan. Hy begin hardloop, steier deur die struikgewas, takke krap in sy gesig. Hy haal nie vir 'n oomblik sy oë af van die huis af nie.

***

# Hoofstuk 30

Die ligte van die vangwa tonnel ʼn skag deur die vlae reën en die nag. André Vosser kyk op sy horlosie. Die syfers gloei dofgroen in die donker: Ná twaalf. Hy sug: Oor minder as ʼn uur kon ek by die huis gewees het. En nou het hy ʼn vae vermoede dat hy nie ʼn bed gaan sien voor dagbreek nie. Wat sou op Goedgevonden gebeur? wonder hy. Hemel tog, net nie weer ʼn Rietfontein nie! Hy trap harder op die petrolpedaal.

Die bordjie na die uitdraaipad van die hoewe waar die stasiebevelvoerder bly, doem skielik in die ligte op: ʼn Stowwerige Brahmaanbul met die woord "Rosmincol" onderaan en ʼn vuilwit pyl wys in ʼn tweespoorpaadjie af. Die ou huis se buitelyne is net-net sigbaar in die lig van die koplampe. Hy swaai die voertuig deur ʼn hek wat wyd ooplê en dink: so much for security. ʼn Horde boerboele hardloop skielik baldadig in die lig. Hier klim ek nie ʼn fok uit nie, dink hy en hou stil voor ʼn lendelam hekkie. Vervalle buitegeboue, geil plate kakiebos en olieboom staan in die lig. Op ʼn stellasie, wat skuins na links oorhel, staan ʼn geroeste watertenk. Die boerboele spring teen die deur op, hap na mekaar.

Vosser skakel die ligte af en druk die toeter. Ligte gaan aan agter swaar gordyne en stort in ʼn bleekwit vierkant in ʼn verdroogde tuin. ʼn Skaduwee beweeg agter die gordyn verby.

Hy leun agteroor, voel die koue leer van die kopstut in sy nek druk. Dit was ʼn nag net soos hierdie een, vyf maande gelede, toe hy ook uitgeroep is. Hy sien in sy gedagtes die seunsgesig van Barry Bodenstein, die glimlag wat so spontaan kon kom.

ʼn Jong polisieman pas uit die Polisiekollege. "Die mannetjie gaan dit nog ver bring," het die bevelvoerder opgemerk. "Net die soort man wat ons in hierdie tye in die mag nodig het."

Hy sal nooit Barry se stem vergeet wat daardie nag oor die radio gekom het nie.

Hy was alleen op diens in die aanklagkantoor. Barry is twee ure vroeër uitgeroep om ʼn veediefstalsaak te ondersoek. Die radio het in die stilte gekraak: "Rankin Delta, kom in asseblief. Rankin Delta ..."

"Is dit jy, Barry?" het hy gevra en gefrons.

"Here André, jy moet Rietfontein toe kom. Kom help. Ek kry nie die kinders nie."

"Barry?"

"Fok, hierdie scene kan ek nie handle nie."

"Wat is dit, Barry? Ek kan nie die stasie nie net so los nie."

Net daar het hy Barry verloor. Hy het na die dooie mikrofoon in sy hand gestaar, dit op die lessenaar laat val, opgespring en na die patrolliemotor toe gehardloop.

Rietfontein het aan ʼn jong paartjie behoort. By die ingangshek het hy ingeswaai. Flitsende rooi en blou ligte het deur die wildevy en kiepersol gewentel. Vlamtonge het wild op die gloeiende oorblyfsels van die huis gebrand.  ʼn Dakbalk het in die see van vlamme ineengestort. In die skemerlig het roetbesmeerde brandweermanne met stroewe gesigte aan dik rooi pype gebeur. Die straal skuimende water is gulsig deur die vlamme opgeslurp. Vier mans het soos skimme uit die rook te voorskyn gekom.

Die liggaam op die draagbaar was met ŉ kombers toegegooi. ŉ Arm het leweloos oor die rand gehang.

Hy het uitgeklim. Fyn as het uit die hemel neergesif. Hoe is dit moontlik dat dit so stil kan wees in hierdie verwoesting? het hy gewonder.

Barry Bodenstein het op sy hurke gesit, sy rug teen die ruwe stam van ŉ witstinkhoutboom gestut. Sy gelaat was doodsbleek. ŉ Bloedrooi speelgoedtrekker met ŉ sleepwa het in die sand onder die boom gestaan. Vandag nog as hy ŉ hoofopskrif in ŉ koerant sien met die woord "plaasaanval", is dit of hy weer in die vaal dekor van daardie oggend staan en Barry se woorde hoor: "Here André, hulle het nie ŉ kans gehad nie. Hulle was in een vertrek toegesluit, diefwering voor die vensters. Kan jy imagine die vlamme wat om jou knetter en kraak? Die helse vrees."

"Hoekom, André?"

Die aanvallers het in die digte bos verdwyn. Twee dae lank het ŉ helikopter se rotorlemme in die sonlig geflits. Polisiemanne met honde, kommandolede en spoorsnyers, reserviste en boere het die berghange gefynkam. Die Kommissaris van polisie het die toneel besoek en die pers verseker dat daar opgetree gaan word. Die aanvallers is nooit opgespoor nie, asof die skaduryke klowe en skeure hulle ingesluk het.

Daardie dag het in sy gedagtes vasgesteek. Halsstarrig aanhou terugkom. En hy het gedink aan sy vrou se woorde net na die eerste verkiesing in die nuwe Suid-Afrika: "Nou is die struggle vir altyd verby, André. Nou kan ons aangaan met ons lewens."

Barry Bodenstein was nooit weer dieselfde nie. Die bevelvoerder het weke later vir hom ŉ afspraak gemaak by ŉ sielkundige in Pretoria. Hy is in Denmar-kliniek opgeneem vir sielkundige behandeling. Vier weke later was hy terug op sy pos. Die volgende oggend het hy in die kloof agter die polisiestasie opgestap. André Vosser was besig om ŉ verklaring af te neem toe die enkele skoot uit die dienspistool deur die kloof weergalm. Hy het opgestaan en deur die venster gekyk: bosduiwe het uit die kloof opgefladder. In sy gedagtes het hy 'n speelgoedtrekker in die sand onder 'n boom sien staan.

Hy kyk op sy horlosie, skud sy kop. Hy staan al 'n kwartier lank op hierdie verwaarloosde werf en wag. Vyftien minute wat die verskil kan wees tussen lewe en dood, Goedgevonden en Rietfontein.

Die stoeplig gaan aan en die voordeur swaai oop. Die luitenant, geklee in ŉ dik jas, kom na buite. ŉ Vrou in ŉ kamerjapon loer om die deur in die rigting van die vangwa. Dan verdwyn sy. Die deur gaan toe en die lig gaan af. Die polisieman kom vooroorgebuk deur die reën in die voetpaadjie afgestap, die geel ligkol van ŉ flits spring voor hom rond. Hy ruk die deur aan die passasierskant oop, duidelik nie ingenome om na twaalf snags uit sy warm bed op te staan nie. Hy val in die sitplek neer en slaan die deur toe.

"Laat ons weg wees. Ek is bly jy het die voertuig aan die loop gekry," sê hy sonder om te groet. "Wonder wat de hel kan dit wees op Goedgevonden." Hy leun vooroor, skuif aan die knoppies op die paneelbord en die verwarmer begin lomerig suis.

"Ry!"

*Asshole* ...

Stadig trek die konstabel weg. Hy baan 'n pad oop tussendeur die boerboele, verby die mankolieke stellasie met sy verroeste watertenk. 'n Oomblik oorweeg hy dit om aan die luitenant te vra of hy dit waag om water daaruit te drink, maar besluit om stil te bly. By die hek draai hy regs in die rigting van Goedgevonden.

"Moenie dat ek jou vang dat jy te stadig ry nie," kom dit sarkasties van die luitenant. Hy gaap behaaglik. "Ek het nie tyd om te mors nie. Ons het gisteraand 'n moerse paartie gehad en ek is besig om 'n babbelas te ontwikkel wat skrik vir niks nie." Hy haal 'n videokasset uit sy sak en gooi dit op die paneelbord. "As jy môre dorp toe gaan moet jy  vir my hierdie video ingee. Jy kan eers daarna kyk as jy wil. Dis cool. Dit sê op die cover: *When there's no more room in hell, the dead will walk the earth.* Moerse." Hy gaap weer. "As jy daarna wil kyk moet jy die fine betaal,  die ding is vier dae laat." Hy lê terug in die sitplek.

"The wheel is spinning, but the hamster is gone," dink Vosser. Die asshole het nog nie eens 'n poging aangewend om uit te vind wat op Goedgevonden aangaan nie.

"Ek het die plaas geskakel, die telefoon het twee of drie keer gelui toe word die verbinding verbreek. Weird. Iets is verkeerd." Uit die hoek van sy oog loer hy na die figuur in die dik jas, wat lui uitgestrek op die sitplek lê.

"Dit beteken nog nie dat daar iets verkeerd is nie. Jy ken die boere in die omgewing: Een donderslaggie en die telefoon kom van die mikkie af, gordyne oor die spieëls, niemand mag aan 'n kraan vat nie. Shit, ons bly al so lank hier dat selfs my vrou daaraan glo."

Die reën sif in vlae deur die lig voor hulle. André Vosser het lankal opgehou om na die man langs hom te luister. Hy sien in sy gedagtes swart spikkels in die blou lug fladder. Die eggo van die pistoolskoot wat in die kloof afrol, wil net nie stil word nie.

Minute later is hulle by die uitdraaipad na Goedgevonden. Vosser rem en die voertuig gly in die modder. Hy hou voor die hek stil en kyk na sy bevelvoerder wat onversteurd bly sit. Hy ruk die deur oop en spring uit. Die ysige wind pers die asem uit sy longe uit.

"Laat staan sommer die hek oop," skreeu die luitenant deur die reën agter hom aan.

Oomblikke later is hulle op die paadjie wat deur die bos na die opstal kronkel.

"Hier moet jy stadiger, ou maat. As 'n bees of bok besluit om in hierdie reën oor die pad te loop, is ons moer toe."

*Backseatdriver*.

Stadig ry hulle teen die helling af. "Hier moet jy versigtig. 'n Paar maande terug het 'n trekker en 'n sleepwa met 'n vrag mielies van die pad af gebliksem op daai draai onder in die leegte."

Die atmosfeer in die kajuit het verander. Die luitenant het regop gaan sit. Albei tuur stip deur die voorruit. Byna gelyktydig sien hulle die ligte in die ruigte langs die pad.

"Sien jy wat ek sien? Dit is mos 'n voertuig wat daar in die veld lê, of is my babbelas besig om by my verby te gaan?" terwyl die konstabel hard rem. Die vangwa

gly in die modder. Hy trek skuins van die paadjie af sodat die hoofligte die ongelukstoneel verlig.

"Wel, ek dink ons het so pas op die oorsaak van die alarm afgekom. Hier was 'n bleddie ongeluk."

Asof die ongeluk die alarm sou laat afgaan het en die telefoon dáárom net drie keer gelui het voor die verbinding verbreek is. Die "ongeluk," en hulle maak hom 'n luitenant en 'n stasiebevelvoerder. Red 'n nasie, dink Vosser.

Gelyktydig ruk hulle die deure oop en die wind stuif die kajuit binne. Hulle spring uit, vleg haastig deur die ruie sekelbos en haak-en-steek na die voertuig wat in die bos staan.

"Dis sowaar as waaragtig Schutte se skoonseun se Honda." Die luitenant het sy flits te voorskyn gehaal. Die dakliggie gloei spookagtig in die verwronge metaal. Die lig van die flits speel oor die bloedvlekke op die voorste sitplekke en teen die voorruit, huiwer sekondes lank oor die bebloede skerwe glas in die raam van die kajuit se truspieël.

"Andries Schutte se skoonseun," sê die luitenant, meer aan homself as aan die man langs hom. "Ek het hiervoor gewag. Almal het. Hy was seker gerook. Die man het mos 'n moerse dwelmprobleem."

*"Ek is besig om 'n babbelas te ontwikkel wat skrik vir niks,"* en Vosser skud sy kop in die donker. Twintig minute vantevore.

"As jy na die damage kyk en die bloed in die kajuit, moes hy fókken seer gekry het. Wonder wat het van hom geword? Dalk is hy met die inpak uit die kar geslinger

en lê hier iewers in die donker. Ons sal moet soek. Nee wag, laat ek soek, dan kry jy die nooddienste op die radio. Sê hulle moet ŉ ambulans stuur. Gou!"

Die konstabel skud sy kop en skarrel terug na die vangwa. Hy plons neer op die nat sitplek en trek die deur agter hom toe. Haastig pons hy die hospitaal se nommer in op die radio en luister ongeduldig na die kraakgeluide wat oor die verbinding kom. Deur die opgewasemde ruit sien hy die ligkol op die ongelukstoneel rondbeweeg. Hy skrik wanneer die slaperige stem skielik in die kajuit weerklink: "Bela-Bela ongevalle."

"Rankinspas polisie hier. Konstabel André Vosser." Hy wag nie vir die vaak stem om te antwoord nie. "Ek wil ŉ ongeluk rapporteer." Haastig rammel hy die logistieke af.

Die ligkol kom tussen die gebreekte takke en omgedolfde rooigrond na die vangwa toe. Die luitenant spring aan die passasierskant in, slaan die deur toe.

"Fok, die sitplek is nat. Ek sien niemand nie, maar daar is spore in die rigting van die opstal. Ons moet ons gatte roer. Het jy die hospitaal gekry?"

André knik, stamp die voertuig in rat. Die bakkie gly in die modder, ŉ suil water spat onder die linkeragterwiel uit. Dan is hulle terug in die pad.

Nie een van hulle hoor die geweerskoot oor die geruis van die reën en die eentonige gekreun van die ruitveërs nie.

***

# Hoofstuk 31

Andries Schutte voel die loop van die AK47 wat ongenadig hard in sy rug por. Dan kry hy ‘n harde stamp. ‘n Steekpyn skiet in sy rug op, hy struikel oor ‘n los mat, voel sy bril oor sy neus skuif en hoor hoe dit op die mat val. Hy sak op sy knieë neer, voel-voel soek sy hande oor die sagte oppervlakte. Die koue staal van die geweerloop is skielik teen sy nek. Hy staan swaar op.

Die arend by die suipplek buite Shingwedzi flits deur sy gedagtes.

Hy onthou Sam in die beskuldigdebank en ‘n koue rilling gly teen sy rug af. Hy hoor weer die skoot klap, sien hoe Annette terugval in die kussings en na die gat in haar bors vat.

Ek mág nie aan haar dink nie. Nie nou nie.

Die donderslag wat tussen die mure weergalm, eggo onophoudelik deur sy brein, sy ore suis, bloed loop bokant die bed teen die muur af. Vandag en gister word een. Hy onthou volgepakte hofsale: Altyd dieselfde gesigte gevul met ongeloof en leed. En haat. Hy maak sy oë toe, kon nog nooit wegkom van die geweld nie: ‘n Ouma wat voor haar kleinkinders verkrag word en dan in ‘n bad met kokende water gedompel word. *Het jy ooit gedink dat so-iets eendag jóú pad kan kruis, Andries Schutte?* ‘n Dogter van 13 jaar wat voor die oë van haar pa keelaf gesny word. *Het jy ooit kon droom dat daar ‘n dag kan aanbreek dat dit Lisa of die tweeling kan wees?* ‘n Bejaarde boer en sy vrou wat só vermink word dat hulle skaars uitgeken kan word. En die woord JUSTICE wat in hulle bloed teen die kamermuur gesmeer word. *Kan jy jouself sien staan buite die regbank, Andries Schutte? Het jy ooit kon droom dat jy*

*ook eendag, op 'n stormagtige nag in Augustus, die slagoffer kon word van sulke volumes saamgeperste haat?*

Dalk was Sam Serathi haar genadig vannag.

In die spens kry die burgerband lewe, 'n stem kom krapperig oor die lug: *Kom in Delta Bravo, kom in ...* Wie sou hierdie tyd van die nag die radio gebruik? En dán onthou hy die alarm. As iemand dit tog net opgemerk het.

Hy word hardhandig in die woonkamer ingestamp, struikel oor een van die rottangstoele. Hy vat na sy bril, onthou skielik hoe dit onder sy kaal voet gebreek het. Nog 'n stamp laat hom oor die boomvaring val. Hy kyk op, die oë van die koedoekop is star in die skemerlig. Fish staan met sy knie in Lisa se rug, terwyl hy haar hande vaswoel met baaltou. Bloed stroom uit 'n sny onder haar linkeroog. "Moenie skreeu nie," vorm sy lippe die woorde. "Moet-nie-skreeu-nie ..." Die Mosambieker kyk op en Andries  sien die oë van die koedoekop.

Fish knoop die tou om haar polse, trek dit vas so hard as wat hy kan. Hy grinnik as 'n kreun ontsnap en Lisa byt op haar onderlip.

En Andries onthou die dag toe Fish voor sy agterdeur gestaan het. Skraal en uitgeteer soos 'n siek kalf. "Boss, ek is honger," was al wat hy kon sê.

"Lisa, bring vir my brood met konfyt en 'n beker koffie." Lisa het dit aangedra met 'n frons op haar voorkop. Fish het onder die druiweprieel op sy hurke gaan sit. Die brood het hy, soos ʼn jong hond, in heel stukke verorber. Die koffie vuurwarm afgesluk. Tien minute later het hy met ʼn tuinvurk in ʼn bedding gewerskaf.

En Lisa het hom eenkant toe geroep: "Hoe kan Pa die man werk gee? Hy is 'n onwettige immigrant. Kyk hoe maer is hy."

Fish herlei die baaltou na haar enkels, skuif haar nagjurk hoog op en knoop die tou. Dan rol hy Lisa op haar rug, sy oë vasgenael op die donker vlekke onder haar slaapklere. “Ek watch jou lankal,” sis Fish en druk die keps op sy kop vas. Daar is sweet op sy voorkop. “Jy dink jy’s beter as ons. Vannag kak jy.” Bloed het droog geword in sy mondhoeke.

“Fish, maak die ou man aan die klavier se poot vas as jy klaar is. Later vanaand kan jy met haar doen wat jy wil. Ek wil hê hy moet alles sien wat vannag gebeur. Jammer die asshole het sy bril stukkend getrap.”

“Mamma, Mamma! Kom sluit ons oop. Ouma ...!”

Andries voel die tou wat in sy polse sny, hoor hoe Fish agter hom swaar asemhaal.

“Asseblief?” Die kind begin paniekbevange gil.

“Shit,” is al wat Sam sê en hy kyk ongeduldig na die deur. Hy loop na die venster wat oor die grasperk uitkyk, trek die gordyn op ‘n skrefie oop en trek dit dadelik weer toe.

*“Moet aanvallers nie kwaad maak nie, moenie met hulle argumenteer nie. Maak soos hulle sê. Hulle is gewetenloos,”* onthou Andries die artikel in die *Huisgenoot* wat Lisa skaars twee weke terug op die ontbyttafel voor hom neergesit het.

“Mamma, Mamma, Mamma!” Die kind is histeries.

Andries voel die prikkels in sy vingerpunte, die tou wat te styf om sy polse vasgetrek word. Fish hoes oor sy skouer, die hande wat die tou styftrek laat skiet ‘n oomblik.

*"Kyk hoe maer en uitgeteer is die mannetjie, Pa. Hy het nie dalk Vigs nie?"*

Andries sien sy buurman wat oorkant hom in die Wimpy sit: "Wat gaan aan in hierdie mense se koppe, Andries? Ék weet nie. Die koerante sê: plaasaanvalle is iets wat sy brandstof kry uit een of ander verskuilde politieke agenda. 'n Donker ding wat aangedryf word deur haat. My vrou vra my nou die dag: 'Wat sal jý doen as jy by die huis kom, Thinus, en jou honger kinders wag op 'n misvloer in 'n stroois vir die man wat hulle pa noem, om uit die nag te voorskyn te kom? Wag vir die woorde: 'Staan op. Ek het vir julle iets gebring om te eet.' Shit Andries, jy's 'n regter. Wat sou jý haar geantwoord het?"

"Hottie, gaan maak daardie kind stil. Ek kan nie meer daarna luister nie. Skiet haar of sny haar keel af," sê Sam.

Hottie huiwer.

"Listen, Babba. Hoe oud was jou dogter toe hulle haar geskiet het?"

Lisa krimp ineen.

"As jy vir hierdie wit honde vertel daar is 'n kind geskiet, is die eerste vraag wat hulle vra: 'Was sy wit?' Jy het dit al gehoor. Daar het 'n kind verdrink. Was hy wit? Daar is 'n kind doodgery ... Hulle honde is vir hulle meer werd as ons kinders." Hy snork. "Jy kan enige-een van die twee doodmaak. Make your choice."

Lisa se gille sny skielik deur die lug. Haar oë is wyd oopgerek, sy spartel en ruk aan die baaltou. "Los hulle! Los hulle ...!" Dan is Sam bo-op haar. Die loop van die AK dwars oor haar keel. Die volgende gil verander in 'n gesmoorde snik.

Hy kyk na Hottie: “Hoe oud was Gretha, Babba?” Hy gee skiet op die geweerloop.

“Asseblief, los die kinders,” smeek sy. Hulle het niks aan jou gedoen nie. Asseblief ...”

‘n Sweetdruppel blink langs Sam se neus.

“Asseblief ...?”

Die druk is terug op die geweerloop. Lisa kyk met wydoopgerekte oë op na Sam. “Skiet die seun, Babba. Nee, maak dit die blonde dogtertjie.” Hy grynslag. “Maak wat jy fokken wil. Ek wil nie eens weet watter een jy doodgemaak het nie.” Onder hom spartel Lisa verwoed. Hy lig die loop ‘n oomblik, smoor dadelik die volgende gil. “Fish, bring iets wat ek in die bitch se fokken keel kan druk.”

Hottie se hand is op die deurknop. “Babba, moet my nie drop nie. Nie vannag nie.” Hy kyk af in Lisa se oë. “Trust my nog net hierdie een keer.” Hottie trek die deur agter hom toe.

Fish het langs Lisa op sy knieë neergesak. Hy ryg ‘n olierige lap uit sy sak. Hy forseer haar mond oop, druk die smerige lap so diep as wat hy kan in haar keel af. Dan haal hy ‘n bondel baaltou uit sy broeksak uit en druk dit agter die lap in. Hy kyk op, glimlag vir Sam wat skiet gee op die loop van die geweer en opstaan.

Dit is asof dit die teken was waarvoor Fish gewag het. Met een sprong is hy bo-op Lisa en gaan sit wydsbeen oor haar. Met sy knieë pen hy haar op die vloer vas en skeur die dun materiaal van haar nagklere van haar borste af.

"Nee! Nie nou nie jou klein kak! Daar is plenty tyd!" skreeu Sam wat rusteloos van een kant van die vertrek na die ander kant stap.

Stadig staan Fish op, kyk eers na Sam en dan minagtend af na Lisa, trek sy skouers op en gaan sit in 'n rottangstoel.

Andries Schutte kan die trane op sy kind se wange sien blink, hy knyp sy oë toe en sê saggies aan homself: "God, laat sy asseblief tog stilbly. Hierdie mense het nie genade nie." Alle gevoel in sy hande is weg. Hy wens 'n oomblik lank dat alles in hom wil doodgaan, gevoelloos word soos sy vingers, maar hy weet ook dat alles vir sy gesin verby is as hy nie kophou nie. Ek moet speel vir tyd, dink hy. Die polisie móés die alarm opgemerk het. Gelukkig ken Lisa nie die detail van Sam se verhoor nie. Gelukkig, vir wat dit mag werd wees.

In die spens kom 'n stem oor die burgerband - ver weg, onduidelik.

Diep agter in die huis hoor hulle die kinders gil. Die enkele skoot eggo deur die huis. Vir Lisa hou die wêreld op draai. Die growwe baaltou is soos skuurdraad in haar keel, die stinkende olielap in elke hortende asemteug.

*Arno hardloop oor die grasperk agter Brutus aan, Charlene staan op haar knieë langs die kartondoos waarin die klein kat slaap. Sy hoor hulle lag ... Ag Here, hoe kan Jy?*

Sam kyk na Andries Schutte: "Was daardie een wit?" Sy glimlag in die geel lig van die skemerlamp word deur die litteken op sy gesig verwring.

"Delta Bravo kom in asseblief. Delta Bravo kan jy my hoor ...?" Dan word die verbinding verbreek. En al wat oorbly is die geruis van die reën teen die woonkamer se ruit. En die stilte.

Hoofstuk 32

Voor hom dryf die huis in die mis. Die hoë Kaaps-Hollandse gewel aan die linkerkant gee daaraan die voorkoms van die nek van ‘n reuse wit swaan wat in swart water dryf. Sy lyf ruk, hy word naar, sy mond is vol speeksel. Hy weet nie of dit die koue of skok of vrees is nie. Hy sien weer vir Dogballs wat met sy arms oor sy bors gevou, teen ʼn vliegtuigloods leun: “Jy druk die acid onder jou tong, pêl. En dan wag jy vir die movie om te start. ‘n Massive paintbrush smeer gesigte oor die screen, kleure, mense, dinge. You hear the colours, see the sounds, taste the images. Entrance fee is die prys van ʼn acidsquare. Jare later slaan ‘n flashback soms nog toe. Dis of jy skielik alleen in hierdie leë bioscope staan en weer ʼn keer na gister se images op die screen kyk.” Dogballs glimlag, kyk reguit in sy oë. “Dis so fokken scary omdat dit so real is.”

Die krapmerke in die hekslot bly vassteek in sy agterkop.

Skielik is dit asof ʼn reuse hand uit die nag die swaan en die wildevy en die plantegroei met silwer poeier bestrooi. Hy kyk op: swart wolke skuif rusteloos voor die maan verby. Ver weg krys ‘n hadida.

*Dis fokken scary.*

Nog ʼn skoot klap agter die mure. Hy draai sy kop skuins – die storm laat die nag in die struikgewas rondom hom leef. Bokant hom hoor hy vlerke klap. Hy kyk op: die maan het agter die wolke verdwyn. Hy strompel na die hek, skud daaraan met sy linkerarm en sien die slot in die lig blink. Ek het my verbeel, dink hy. Dit was nie ʼn geweerskoot nie. Nes die wit swaan met die silwer highlights in die dons. Dan hoor

hy weer die MEDICROSS sleutelhouer oor die paneelbord skuif. Dit lê in die wrak. Nog ‘n skoot klap.

*Jy kyk weer ‘n keer na die images op die screen. Scary ... real.*

Dan is hy helder. Lisa en die tweeling staan skielik in sy gedagtes. Die gil vanuit die huis klink ver weg, maar die wanhoop en vrees daaragter laat hoendervel oor sy lyf uitslaan.

“Net nie nog ŉ Pa of ŉ tweede Jo-Marié in my lewe nie,” fluister hy. “Asseblief Here. Nie nóg ŉ Joker nie.”

Vrae maal deur sy kop: Hoe gaan ek oor die heining kom met hierdie vernielde arm? Hoe sou die aanvallers oor die heining en in die huis gekom het? As dit aanvallers was. Plaas jouself in hulle posisie. Wat sou jý doen? Knip die draad. Waar’s Brutus?

Vooroorgebuk stap hy met die heining langs. Die reën stuif om die koppe van die spreiligte; hoog teen die berghang gloei die brandlyne vaagweg deur die motreën. ŉ Doringtak skraap venynig deur sy gesig, bloed en reënwater syfer teen die kant van sy gesig af. Skielik staan hy by die oopgeknipte gat in die heining. Hy gaan sit op sy hurke, sien die spore en sleepmerke in die modder.

Hoeveel sou hulle wees? Twee, drie ... Gaan dit ŉ verskil maak as dit twintig is? Ek beteken fokkol met hierdie arm. Sy hart hamer in sy borskas.

Hy tuur oor die grasperk na die huis, sy oë sukkel om te fokus. Sy lyf ruk koorsig, sy klere kleef nat aan sy lyf. Hy trek sy oë op skrefies; die swart vlek op die gras onder een van die ligte kán hy nie miskyk nie. Brutus. Hy fluit saggies. Die hond roer nie. Hy fluit weer. Hy verbeel hom ŉ oomblik dat die dier beweeg. Maar hy besef

skielik die hond gaan sy kop nie optel nie. Hy sien hoe hy die bondeltjie hond op die vloer voor Lisa neersit. Ligjare weg.

Nog ŉ skoot klap agter die mure.

Skielik onthou hy: My geweer!

Hy wéét hy moet konsentreer. Hy sal die ribbok wat hy gekwes het, nooit vergeet nie. Die skoot van die een kant van die kloof na die anderkant, was ŉ skoot met ŉ trajek. Die bok wou nie stilstaan nie. Die skoot was 'n risiko. Veral wanneer jy *stoned* is.

Daar moet nog vier patrone in die magasyn wees! Die eerste doppie het uitgespring toe sy vinger skietgee op die sneller en hy inderhaas die geweerslot oopmaak en toestamp. Die ribbok het gestruikel, opgespring, weer gestruikel en in die digte struikgewas verdwyn. Na 'n helse soektog deur die bos, al op die effense bloedspoor langs, het hy die bok op 'n klipperige stuk grond tussen sekelbos gekry. Die tweede doppie het langs hom in die klippe geval toe die dier se kop uit die lens verdwyn.

Dan verbeel hy hom dat hy Charlene se stem deur die ruising van die reën hoor. Hy draai sy kop skuins; reëndruppels byt in die wonde. En dan, onmiskenbaar, hoor hy sy kind: "Mamma, Mamma!" Hy weet dis nie die wind nie. Ook nie sy verbeelding nie. Hy sak af op sy knieë en kruip deur die gat in die omheining. Lemmetjiesdraad haak aan sy klere. Hy druk op sy seer arm die pyn, skiet deur sy hele lyf. Dit maak nie meer saak nie.

*Ek drink rooibostee omdat Pappa rooibostee drink.*

*

“Gaan maak daardie radio stil, Fish. Fok alles op wat jy kan bykom. Big-time. Hierdie mense gaan fokkol nodig hê ná vannag.” Fish staan op, trek die deur agter hom toe. Die hamer swaai in sy hand.

Met die agterkant van die steel stamp hy die spensdeur oop. Die burgerband staan op ŉ tafeltjie langs die yskas. ŉ Rooi liggie flikker. Hy glimlag, trek die yskasdeur oop. Die yskaslig blink op die driekwart bottel rooiwyn wat in die deur staan. Hy haal die bottel uit, trek die kurkprop met sy tande uit en spoeg dit uit. Die bek van die bottel is voor sy mond. Lug borrel in die vloeistof op. Hy stik, maar hou aan sluk totdat daar niks meer oor is nie en smyt die bottel teen die muur aan skerwe.

Hy kyk af na die burgerband, mik met die hamer. Die instrument knars onder die slag en stukke harde plastiek, glas en elektriese onderdele spat deur die lug. Die liggie flikker flouerig en gaan af. Weer tel hy die hamer op. Die tafelpote gee pad onder die geweld.

Die rooiwyn styg warm na sy kop.

ŉ Hoesbui laat sy skraal lyf sidder. Hy leun teen ‘n rak, maak sy oë toe en sien Solly aan die anderkant van die houttoonbank staan, sy hand wat na die glasbottel met chappies vat.

“Fok die chappies, Solly. Ek soek die rooi bicycle. Ek het geld.”

Die stapel note wat hy op die blad neersit, is met ŉ paperclip bymekaargehou.

“Ek gee nie om of die een op die vloer dieselfde is nie, Solly. Ek soek die een in die venster.” Hy beduie met ’n duim oor sy skouer.

‘n Swart vrou hou vir hom die glasdeur oop. Sy is jonk. Hy glimlag vir haar. Dan is hy in die saal en hy buig oor die drophandles. Hy lui die klokkie, kyk om na die meisie wat nog altyd by die deur staan. Die eerste trap is swaar, die volgende een makliker. Die geoliede ketting kirrr oor die sprockets.

Skielik skuur iets teen sy bene. Hy word lam van die skrik, kyk af. Die kat wat teen sy been skuur is spierwit met een swart poot. Hy tel die hamer op. Die eerste hou tref die diertjie skuins oor die rug. Dit val, kerm en spartel op die spensvloer, probeer verwilderd wegkom. Die volgende hou tref die diertjie teen sy kop. Hy hou aan slaan totdat hy moeg is en skop dan die lewelose rooi en wit bondel in die gang in.

Hy kyk nog een keer na die chaos in die spens. Dan staan hy in die deur, voel-voel na die skakelaar van die ganglig. Twee stelle buislampe gaan aan.

Hy kyk na die verminkte kat, glimlag. Sy tande is die kleur van rooiwyn en bloed.

*

“Jy onthou my, Schutte.” Andries kyk weg. Sam se skaduwee val oor hom. Hy antwoord nie. Sam se volgende vraag is in ’n ander formaat - die koue bek van die AK se loop in sy nek wat die praatwerk doen.

Andries sien weer die arend by die suipplek buite Shingwedzi. Koue geel oë wat afkyk op die springhaas wat voor hom in die stof lê. Die haas se pels is rooi van die

stof, die gebreekte been is onder sy liggaam ingevou. ŉ Stukkende liggaam onder die blou lug. Die roofvoël wat nader stap, ‘n skerp snawel kap na sy prooi.

“Ek het gevra of jy my onthou, Schutte?” Die loop van die AK47 wat por.

“Sal ek jou ooit vergeet, Sam Serathi? Wie het die fout gemaak om jou vry te laat? Jy moes jare terug al gehang het.” Sy stem klink vreemd. “Maak my dood as jy wil, maar laat my gesin gaan. Hulle is tog nie deel van jou vendetta nie. Die druk op die wapen in sy nek word onhoudbaar. Hy wag vir die skoot, wag vir die donker.

“Jy weet wie het my vrygelaat, Schutte. Ek dink jy weet als, maar ek gaan my kant van die storie vir jou vertel. Ek wag al lankal vir hierdie dag.”

Iewers in die huis weerklink ŉ harde slag, glas breek.

Dan hoor hy Sam wegstap. ŉ Gordyn word oopgetrek, die materiaal ritsel. En hy weet dat hierdie nag nog lank nie verby is nie.

*

Marco bly hande-viervoet in die modder staan. Onder hom lê die sleepmerke en die spore van ander wat voor hom onderdeur is. Die wêreld om hom duisel, die wildevy steier in die bleek lig. Dronkerig staan op sy knieë in die modder. “Ek kan nie meer nie,” hoor hy sy eie stem. Hy staan skielik weer in die deur van Adjudant Krynauw se kantoor in Germiston: “Meneer Verkerk, ek wil dit nie vir jou vertel nie ...”

Hy tel sy kop op en sien die spreiligte dof deur die mistigheid. Die wêreld wieg om hom. Hy staan op, trek sy asem diep in en hardloop mank deur die skaduwees na die agterdeur van die woonstel. Uit die hoek van sy oog sien hy ‘n lig brand agter die gordyne van die woonkamer; wag vir die geel vlam wat uit ŉ geweerloop spring, wag vir die gesmelte lood om hom teen sy bors te stamp.

Uitasem leun hy teen die buitemuur van die woonstel aan. ŉ Donker wolk dryf voor die maan verby. Hy weet nie of die druppels wat langs sy neus afloop sweet of reënwater of bloed is nie. Die sleutel moet onder die mat voor die deur lê. Hy sak op sy hurke, die mat is grof onder sy vingers. Met sy plathand soek hy oor die nat sement. Paniekerig dink hy dat die sleutel waaragtig aan die sleutelrakkie in die gang hang. Dan voel hy die koue metaal onder sy vingers.

*

Die deur van die woonkamer gaan oop. Hottie stap die vertrek binne, sy gesig is uitdrukkingloos. Hy knik vir Sam, gaan sit in 'n rottangstoel en lê die .38 in sy skoot neer.

Sam glimlag: “Sharp, Babba.”

Wat soek ek hier? wonder Hottie vir die soveelste keer. Hierdie mense het tog nie deel gehad in Gretha se dood nie. Het hulle ŉ aandeel gehad in die koers van ŉ dwaalkoeël? Wat het van *Hottie* geword? Hy sien ŉ kind wat tussen veelkleurige draadkarre sit, ŉ bordjie wat aan ŉ staaldropper vasgemaak is: “Hottie's Motors.” En hy sien Gretha en Shirley, die vraag in hulle oë: “Het Hottie verander in ŉ marionet

wat in die poppekas van die wêreld hang en net dans wanneer iemand die regte toutjies trek?"

No way.

Sy oë is op Sam wat met die AK oor Andries Schutte staan. Die reuk van ŉ konkavuurtjie iewers op ŉ straathoek slaan in sy neus op. Hy glimlag en voel die koue staal van die .38 op sy skoot, gerusstellend onder sy hand.

***

# Hoofstuk 33

Fish knip sy oë in die skerp lig. Hy kyk in die gang af. Aan die onderpunt val lig deur ‘n oop deur. Die mat demp sy voetstappe. Sy oë val op die lugfoto van Goedgevonden aan die muur. Met sy vinger soek hy oor die glas na die shack waarin hy bly. Hy sien dit nie, trek die hamer terug en slaan na die foto. Dis asof ŉ spinnerak van glas skielik oor Goedgevonden se opstal lê.

Hy onthou die nag toe Sam aan die oorkant van sy vuurtjie kom sit het: “Die struggle sal vir altyd aangaan, Fish.” Hy het sy voorkop op plooie getrek, Sam dopgehou en ŉ sluk Thlokwe geneem. “Hierdie land is óns s’n. Die wit boere voel vir my en jou zat. Kyk hoe lyk daardie shack van jou,” en hy het met sy duim oor sy skouer na agter beduie. Fish het nie nodig gehad om te kyk nie. “Sink en doringdraad en sewe soorte ander kak wat jy iewers opgetel het waar ander dit weggebliksem het. Gebou met droppers en pale wat jy self gekap het in die black wattel daar agter jou. Elke nag gooi jy jou stuk karton oop oor die plastiekratte wat jy by Kralingen se kontantwinkel gesteel het. Jy het nie komberse nie en in die winter pis jy van die koue. Waar was jy jouself? Waar kak jy, Fish? Jy kak in die bos agter die shack, soos ŉ hond.”

Hy het sy kop geknik, vir Sam geglimlag.

Sam het met ŉ stok kole onder die pappot ingekrap. “Die ergste van alles is dat jy nie daaroor worry nie, omdat jy niks beters gewoond is nie.”

Fish staar na Andries en Annette se troufoto, sien die glimlagte. Vir ’n oomblik dink hy terug aan die eerste dag toe hy, uitgehonger, voor die agterdeur gestaan het. Die koffie het sy keel gebrand, sekondes later was die blikbeker leeg.

*Waar was jy jouself?*

Die hamer is in ’n wentelbaan van sy eie. Hy stap van foto na skildery na foto en spaar niks nie. Hy steek vas voor die foto van Arno met sy fiets onder die wildevy; Charlene sit op die dwarsstang. Sy glimlag.

Met een hou vergruis hy die gesigte op die fiets. Stukke pleister spat uit die muur, stof dryf voor die ligte verby. ’n Glimlag plooi om sy lippe terwyl hy na die staanhorlosie stap. Hy lig die hamer hoog op. Die staalkop is dof in die lig.

Vir die struggle,

Vir my ma.

Vir die bos waaragter ek moet kak.

Skielik staan hy voor die spieël aan die onderpunt van die gang. Hy kyk na die skraal beeld wat in die weerkaatsing voor hom staan: daar is bloed op sy klere en voorarms; droë bloed dop af in sy mondhoeke, die pet met die doodsbeendere is laag oor sy oë getrek. Hy glimlag vir homself, trek ‘n gesig. Hy slaan met al die krag wat hy oorhet na die beeld. Dit bly staan tussen die barste. Weer slaan hy, en wéér en weer, totdat hy besef dat nog net die raam skeef aan die muur hang en die swaar kop van die hamer afgeskuif het van die steel. Hy sien dit tussen die glasskerwe lê. Uitasem tel hy dit op, druk dit terug oor die steel, tik die agterkant teen die vloer en stap na die deur van die hoofslaapkamer.

Die wind bol die gordyne deur die stukkende ruit na binne, glasskerwe blink op die mat. Die staanlamp langs die bed lyk vir hom soos die geknakte voëlverskrikker in die groentetuin agter hulle hut. Hy skrik as hy die lyk op die bed sien lê. Bloed teen die muur, bloed op die gordyne, bloed op die beddegoed. Annette se oë staar hom aan, maar hy sien haar nie. Dit is sy ma wat, met haar bene oopgespalk, op die misvloer lê. Die kleur van haar oë is die troebel water van die see wanneer die Buzi sy bruin massas vloedwater in die Mosambiekkanaal gestort het. Hy wou huil daardie vroeë someroggend, maar kon nie. Nie vir dít wat oor was tussen die puin en dooies op die misvloer van die hut nie.

Die laai van die bedkassie aan Andries Schutte se kant van die bed hang half oop. Hy stap om, ruk die laai uit die raamwerk en laat val dit op die vloer. Hy gooi die hamer neer, keer die inhoud van die laai op die mat uit. Senuweeagtig krap hy deur die items. Hy weet lankal hoe die beursie lyk. Dan het hy dit. Sy hande bewe as hy die flap oopknip. Hy skud die inhoud op die bed langs Annette uit. Heel bo lê ŉ foto van die kinders. Teleurgesteld kyk hy na die tienrandnoot en die handjievol silwer en brons wat tussen Andries Schutte se kredietkaarte en bestuurderslisensie lê. Hy druk die kredietkaarte in sy sak. Paniekerig loop hy na die hangkas: Pakke klere, hemde, onderklere, toiletware, word oor die vloer gesmyt. Hy keer ŉ handsak op die mat uit en raap die twee oorbelle en ŉ stringetjie krale op en druk dit in sy sak. Reistasse word deur die vertrek geslinger, ŉ fotoalbum beland oopgevlerk in ŉ hoek van die vertrek.

Sy gesig vertrek.

Fokkol.

Hy voel die dooie oë op hom. Hy kyk om, weifel ŉ oomblik voor die spieël, sy oë dwaal oor die items wat oor die mat verstrooid lê. Die hamer steek onder ŉ baadjie uit, sy gesig vertrek van woede. Hy tel dit op, kyk na die liggaam op die bed. Met die agterkant van sy voorarm vee hy die sweet van sy gesig af. Sy vingers sluit krampagtig om die steel.

***

"Jy wil seker weet wie't my vrygelaat, Judge?" Sam wag nie vir 'n antwoord nie. "Laat ek jou vertel: Ek het nie escape nie. Dit was nie ŉ daring jailbreak soos jy sien in jou stories op die TV nie." Sam se stem is afgemete, asof hy dit deur die lang jare in die tronk geoefen het juis vir hierdie oomblik. "Ek wou jou wys dat ek dit ánders kon doen. Ek is nie die dier wat jy my daardie dag in die hof genoem het nie." Hy grinnik. " ŉ Dier staan nie op as hy eers geval het nie."

Hy stap weg. Die gordyn skuif oop. "As jy eers een keer doodgemaak het, bly dit in jou bloed," sê Sam, sy lippe teenaan die ruit.

In die gang breek glas.

Sam draai om: "Sal jy my glo dat ek in die tronk leer lees en skryf het, Judge? ŉ Man van vier-en-twintig wat leer lees en skryf wanneer hy toegesluit word vir life; alle opportunities van hom af weggeneem is en sy lewe aan die verlede behoort?"

Die dowwe slae in die gang het ŉ eentonige reëlmaat aangeneem. Sam kyk na die toe deur van die woonkamer. Sy stem is byna onhoorbaar oor die geruis van die

reën: “Agter die tralies het Hottie my die dinge geleer wat ek moes geleer het toe ek nog ŉ kind was. Ek het nie eens geweet hoe om ŉ pen of ŉ potlood vas te hou nie. Een van die eerste boek wat ek kon lees, was ŉ ou Gideonsbybel. ŉ Bybel wat aan die ouens behoort het wat voor my strepies deur die dae op die almanak getrek het.” Die litteken vertrek saam met sy glimlag. “Arme bliksems in C-MAX wat in hulle eensaamheid net die dele onderstreep het wat gaan oor revenge en die vure van die hel met doomsday.

“Weet jy, ek kon die woorde sien en dit verstaan. Ek kon dit hardop lees, na my eie stem luister. Ek was so opgewonde om die voodoo van ongeletterdheid, wat die witman in sy fucking selfishness oor my toegeslaan het, te breek.”

Maar Andries val hom in die rede: “Hoe ver het jy gelees in daai Bybel van jou, Sam? Ver genoeg om by die liefde uit te kom of het jy net dít geglo wat ander vir jou onderstreep het?”

Dis asof Sam hom nie gehoor het nie. “Ek het matriek gemaak in die tronk. Het jy my móói gehoor, Judge? Nie ŉ graad of grade soos jy nie, maar tog iéts. Die snotneus-klonkie uit die stroois, die tsotsi uit die squattercamps, die lafaard wat agter politici wegkruip. Die killer wat mense doodgemaak het, wat dit verdien het.

“Matriek . . .”

Hy bly stil en dit is asof selfs die wind asem ophou. “Dis hoe ek my freedom gekry het. Ek het aan die owerhede bewys dat ek gerehabiliteer kan word, dat dit nie nodig is om my deur die fokken gallows uit die community te verwyder nie of om my opgesluit te hou totdat die tronk my gechange het na ŉ grys ou man.” Hy lag skor.

“Ek is ŉ human being soos jý, Judge.”

"Geleerdheid het nog nooit iemand uniek gemaak nie, Sam. Bewys jy dit nie vannag nie? Jy sê dat jy in die tronk geleer lees en skryf het en matriek gemaak het. Ek bewonder jou daarvoor, maar hoekom karring jy aan in hierdie doodloopstraat? Ek weet nie wat maak jy vanaand hier nie."

Die gordyn gly op die ringe van die gordynkap en ritsel terug.

"Wie het aan jou die fokken reg gegee om te besluit oor my lewe?" Sam spoeg op die boomvaring wat agter hom lê.

Andries weet die gesprek draai in sirkels, maar hy kan nie stilbly nie. "Sam, daar was 'n rede hoekom jy daardie moorde gepleeg het. Jý weet dit en ék weet dit. Ek het geweet die moratorium op die doodstraf het jou lewe gered, ek weet jy het in die tronk studeer en dat jy uit is op parool. Ek het alles in my vermoë gedoen om dit stop te sit.

"Jy is vanaand hier om te spog. Jy's hier om wraak te neem en wanneer jy hier uitstap, sal jy begin om die volgende moord te beplan. Jy sal nooit ophou nie."

"Skerp Judge, skerp. Alles uitgefigure. Jy is als wat ek gedink het jy is."

Sam se stem is sag: "Ek wens jy was by daardie dag toe ek teruggegaan het na die stoor waar hulle my pa getorture het. Die trekker het nog altyd in die hoek gestaan met sy stowwerige headlights, soos die oë van 'n fokken false witness."

Sam glimlag, kyk die donker in.

"Dit was net ek en Fred. Dieselfde stoor, net nie Oukersaand nie. Buite was dit nag." Dit klink of hy met homself praat. "Vroeër die dag was hy op sy trekker in die lande. Hy was een van daai boere wat geglo dat hulle sonder swartes kan boer. By hom in die kombuis het 'n kleurlingvrou gewerk. Sy het elke middag vir hom koffie

lande toe gevat. Daardie dag ook. Dit was gelace met slaapmiddels. Die res was simple.

“Ek het ‘n stel boeie gehad wat ek by een van die konstabels wat my destyds in hegtenis geneem het, afgeneem het nadat ek sy keel afgesny het. Ek het Fred daarmee geboei, die tou om sy nek vasgemaak. Hy het onder die gantry wakkergeword. Stadig, soos iemand wat sy oë oopmaak in ŉ bad dream. Weet jy, Schutte, ek wou hom opkerf met ŉ sweep, hom hoor tjank soos ŉ hond.”

Lisa ruk skielik weer aan die tou om haar polse, haar gesig word bloedrooi van inspanning. Die trane op haar wange is weg, haar oë wild.

Sam kyk na haar en glimlag. “Ek het hom stadig aan die block en tackle opkatrol. Sy oë het uitgepeul. Hy het begin beg en ek het my moer gestrip en die katrol aangedraai. Hy het soos ‘n maer vark gesqueal, in sy broek gepis. Hy het net genoeg oxygen gekry om nie te vrek nie. Ek het op die voorwiel van die trekker gaan sit.”

Hy gaan sit in ŉ rottangstoel oorkant Hottie, sy oë steeds op Lisa. “Fred, het ek gesê: Toe ek klein was, was daar één man in my lewe. My pa. Hy het my geleer hoe om ŉ kettie te maak om bosduiwe skiet. Die eerste een wat ek geskiet het, het ek vir hom gebring. Sy oë het geshine. As hy terugkom van die winkeltjie op die plaas langsaan, het hy vir my lekkergoed saamgebring. Ek was sy favourite. Small things, Fred. Ek was lief vir hom.’

“Ek het lank met hom gesels; my tyd gevat. Ek wou hê die slaapmiddels moet uitwerk. Hy moes wéét wat met hom gebeur.”

Sam staan op, stap na die venster, trek die gordyne opsy. “Op ‘n punt het my geduld opgeraak. Ek wou nie meer praat nie. ‘Is daar nog iets wat jy wil sê, Fred?’ Hy het net gehuil. ‘Fok Fred, dis ’n kakkerige laaste boodskap’, het ek gesê en die katrol aangedraai. Ek het met my rug na hom toe gestaan en geluister hoe hy suffer. Twee minute, drie. Ek kan nie meer nie onthou nie. Who cares? Ek het omgedraai, net die boeie losgemaak, die scene gecamouflage sodat dit na suicide moes lyk. Daar was mense wat foul play vermoed het, totdat hulle die lyk van die kleurlingvrou wat saam met hom gebly het, op die dubbelbed in sy slaapkamer gekry het. ‘n Koeël deur die kop. Die moordwapen was in Fred se sak. Motive, weapon, ballistics, I rest my case. Hoe like jy die terme wat ek gebruik?

“Sommige diere is clever, Judge. Hulle moet survive. Baie swartes in hierdie land is soos diere. Ek stem. Hulle moet ‘n decision maak wanneer hulle oor die loop van die rewolwer na die oë van die drywer agter die stuurwiel kyk: ‘Jou oë, pêl, óf die oë van my honger kinders wanneer ek vanaand die deur van my squattershack oopstoot.’”

Andries voel die doodse prikkels in sy vingers. Die poot van die klavier druk, skerpkant, in sy rug. Hy kyk na Lisa. Haar oë is toe, maar hy weet sy hoor elke woord. Die trane is terug op haar wange. Hy wéét hy moet stilbly, maar kan nie.

“Sam, ek is jammer vir jou. Jy lééf hierdie nag al dekades lank. Wat gaan van jou word wanneer jy besef dit het nie afgeloop soos jy beplan het nie? Jy hoort nie tussen normale mense nie, Sam!”

Sam spring op, die loop van die AK47 flits in die lig. “Daardie dag in die hof het ek my swygreg gebruik omdat ek geweet dit sal nie help om jou of jou government te vertel hoe lief ek vir my pa was nie. Dit sou nie help om te sê dat my pa iemand was

waarna ek opgekyk het, totdat ek disgusted moes watch hoe hy aan daardie gantry hang en soos ʼn hond geslaan word, sonder om ʼn fokken woord sê. En ʼn paar dae later gaan lê hy, sonder om te fight. My fok, aan hoeveel mense in hierdie land het julle dít gedoen? Julle het tog nie gedroom dat daardie soort ding net sal weggaan nie; dat iemand nie êrens gaan opstaan en begin om wraak te neem nie?"

Sam knip sy oë, vee met sy voorarm oor sy gesig.

"Ek wens ek kon jou alles vertel oor daardie nag saam met Fred. Ek het ʻn lang chat met hom gehad, Schutte, maar ek weet nie of daar vannag genoeg tyd gaan wees om alles te vertel nie." Hy druk die loop van die AK in Andries se nek.

"Jy's van jou kop af, Sam." Hy weet hy moet nie sy humeur verloor nie, maar hy kan nie die woorde keer nie. "Mal." Dit is asof hy kan voel hoe die druk vanaf die loop verskuif na die vinger wat die sneller trek. Die skoot klap oorverdowend in sy ore. Gesmelte lood skeur deur sy skouer. Agter die suisgeluid in sy ore hoor hy die leë patroondoppie oor die vloer wegrol. Bloed loop warm teen sy arm af.

Hy sien die wit lig wat agter die gordyn flits, hoor die voertuig se toeter ver weg deur die wasigheid in sy kop.  ʼn Skoot klap wanneer Sam na die vertrek se ligte skiet. Die meubels word verskrompelende silhoeëtte teen die muur. Hy hoor hoe Fish in die gang afgehardloop kom en Sam wat vir hom skreeu om ʼn kers te bring. Dan is dit is asof die wind ophou waai, die wêreld ophou draai en almal wag dat dit weer moet begin – asof niks gebeur het nie. En voordat die donker op hom toesak, wonder hy hoekom Sam hom nie doodgeskiet het nie.

Hy weet nie dat Fish sukkel om ʼn kers op te steek nie, en dat Sam wild skiet deur die woonkamer se venster.

# Hoofstuk 34

Marco soek-soek met die punt van die sleutel na die sleutelgat. Sy hande bewe. Dan klik die metaal in die slot in en hy draai die sleutel. Hy druk die deurknip af en die deur swaai oop. Oomblikke later staan hy in die woonstel. Hy trek die deur agter hom toe. Dit word stikdonker.

Agter in die huis hoor hy harde slae, glas breek.

Versigtig tas hy deur die donker, al met die muur langs, na die ingeboude kas aan die oorkant van die vertrek. Waar staan die koffietafel nou weer? Daar is iets van ŉ ewigheid in die enkele treë tot by die kasdeur. Hy voel oor die hout na die koperknop, dit is glad en koud onder sy handpalm. Hy trek aan die deur. Dit beweeg nie. Hy voel-voel met sy linkerhand af totdat hy die sleutel tussen die duim en wysvinger van sy linkerhand het. Hy draai die sleutel, trek aan die knop. Die deur swaai oop.

Voetstappe kom in die gang af. Paniekerig kyk hy om hom rond. Dis oral ewe donker. Die voetstappe word stil.

Hy gaan staan op sy tone, steek sy hand uit na die boonste rak. Drie koffers is opmekaargestapel. Hy wonder of hy ŉ stoel moet kry om op te staan. In die gang weerklink vier, vyf harde slae agtermekaar. Hy wikkel die onderste koffer onder die ander uit, maar dit haak aan die ander en alles tuimel in die donker na onder. Tevergeefs probeer hy met sy gesonde arm keer. Hy breek die val van die eerste twee, druk hulle op pad na onder, met sy knie teen die kasdeur vas, maar die derde tref hom teen sy beseerde arm en plof op die vloer. Die verblindende pyn wat deur sy skouer

skiet is soos ŉ elektriese skok. Trane brand in sy oë. Hy kreun, terwyl hy die ander twee versigtig laat sak. Roerloos bly hy staan en luister. ŉ Deur kraak, maar verder is dit net die reën wat op die dak ruis. Hy gaan staan weer op sy tone, strek sy arm en skuif die stapel fotoalbums op die rak eenkant toe.

Sê nou net Annette het die geweer in die kluis gaan toesluit? Die gedagte maak hom duiselig. Hy laat gly sy vingerpunte oor die growwe hout-oppervlakte van die rak, skuif jare se opgehoopte gemors opsy. Dan voel hy die koue staal van die geweerloop onder sy vingers. Vir ŉ oomblik laat sak hy sy arm en haal verlig asem. Hoe gaan ek die wapen met een arm hanteer? pla dit skielik, maar hy skuif die gedagte dadelik weg. ŉ Laaste keer strek hy, sy vingers sluit stewig om die loop. Sekondes later staan hy met die 30-06 in sy hand. Sy asem jaag. Hy strompel deur die donker na die bed, sy knie maak hard kontak met die koffietafel. Hy kners op sy tande en sak op die bed neer. Moeisaam trek hy die geweer oor sy skoot. Sy vingers gly oor die hout, streel oor die metaal van die magasyn, die detail van die teleskoop is koud onder sy vingers.

Hy is skielik terug in daardie vroeë oggend toe hy die ribbok gekwes het.

Die donker sak in vlae op hom toe.

Hy het op sy hurke gaan sit om onder die takke van ‘n doringboom deur te korrel. Die kruislyne van die teleskoop het teen die nek van die ribbok afgeskuif, gaan staan op die dier se blad. Die skoot het deur die kloof gesweepslag. Die bok het gestruikel ... *Sien jy die dood, Marco Verkerk? Wag jy vir sy omhelsing, verlang jy na sý wêreld?* Die ribbok sukkel orent, daar is bloed in die teleskoop. Onder die skouerknoppe. Te laag. *Hy stoot donkerrooi op in die glas van ‘n spuit, spring saam met die vlam deur die bek van ‘n vuurwapen, skuil in die euforie van kodeïne.* Die

ribbok pomp met sy agterbene tussen die klip en sekelbos deur. *Nog één keer, Marco.* Hy lig sy kop: Niks. Net klip en sekelbos en berg. En ŉ bloedspoor.

Die voetstappe kom nader, hy wag vir die deur om oop te gaan. Hy probeer die geweer optel, die wêreld rondom hom is ‘n swart muur.

Skielik val daar ŉ streep lig deur die spleet in die gordyn. ŉ Flits? Hy knyp sy oë toe, skud sy kop. Hy maak sy oë oop. Die lig agter die gordyn is steeds daar; die kasdeur hang wawyd oop, die meubels gooi mismaakte skaduwees teen die mure. ‘n Toeter klink iewers ver weg.

Die skote diep in die huis skok deur sy moeë brein. Hy hoor die voetstappe van iemand wat in die gang afhardloop. Gedempte uitroepe. Nog ŉ skoot klap. Dit klink nader. Dis asof hy die kruitdamp ruik. Agter die gangdeur skreeu ŉ stem bevele uit. Hy maak sy oë toe en dan weer oop. Die lig brand nog altyd agter die gordyn.

*

Die vangwa ry stadig in die bloekomlaning op na die hek. “Fokken bloekombome. Hoort nie tuis in die bosveld nie. Aliens, soos black wattle,” mor die luitenant. Voor die hek hou hulle stil. Albei staar na die huis wat in die mis staan.

Dit voel vir André of ‘n yskoue wind deur sy gestel waai.

“Hier gebeur fokkol,” sê die luitenant. “Ek hoop nie Schutte se skoonseun lê iewers dood in die bos nie.” Hy haal ŉ pakkie Gunston uit sy bosak en skud ŉ sigaret uit. “Smoke Gunston and cough like a cowboy,” sê hy.

Ha, ha, ha, asshole, dink Vosser.

Die sigaretaansteker se vlam verlig die kajuit. "Maak die hek oop, ons moet die mense wakker maak en vertel van die ongeluk. Soms dink ek die mense waardeer nie al die kak werk wat die polisie dag en nag moet doen nie. Ons suffer, sodat hulle veilig hulle gatte kan lê en afslaap."

"Dit lyk of daar ŉ lig brand agter die venster aan die linkerkant van die huis, Luitenant."

"Fok konstabel, dink jy húlle gaan vir ons die hek oopmaak en sê: 'Hi! Kom binne, ons het pannekoek op die stoof. Koffie? Met of sonder melk?'"

Die slot aan die hek blink in die nattigheid. Die ruitveërs beweeg stram heen en weer oor die glas. André huiwer om die warmte in die kajuit te verruil vir die koue daar buite. En hy is onseker.

Barry Bodenstein praat met hom vannag.

Hy stamp die deur oop en die nat wind dwarrel deur die kajuit. Hy slaan die kraag van sy jas op en klim uit. Vooroor gebuk loop hy na die hek. Die eerste skoot sweepslag deur die nag die oomblik toe hy die slot onder sy vingers voel. Agter hom spat ŉ koplamp met ŉ plof aan skerwe. Hy wag nie vir die volgende skoot nie, tol om, hardloop om die vangwa en val agter die voertuig in die modder plat. Nog ŉ koeël fluit venynig deur die nag. Oomblikke later lê sy bevelvoerder langs hom.

"Wat de fok gebeur hier?" kom dit gesmoord van die luitenant. 'n Vlamtong lek deur 'n venster van die huis, die windskerm spat aan skerwe en fyn stukke glas sif om hulle in die modderwater neer. "Fok, dis net ŉ AK47 wat só klink." Skielik gaan die

ligte agter die gordyne af en word dit onnatuurlik stil. ʼn Enkele ruitveër kreun deur die leë ruimte waar sekondes vantevore glas was.

André Vosser sien in sy gedagtes weer manne met woede op hulle gesigte wat aan swaar, rooi pype beur, vlamme wat wild op die oorblyfsels van Rietfontein se opstal dans. Dáárdie oggend met sy grou lug, gedempte opdragte, rooi en blou ligte wat deur die kiepersol en boekenhout swaai. En sy onheilspellende stilte.

En ek lê en slaap wanneer ek die monitor moet dophou.

"Ons moet ʼn noodsein uitkry oor, oor, die ..." Daar is paniek in die luitenant se stem. "Roep die manne van die kommando en die boere wat op ons frekwensie gekoppel is."

"Oukei, Luitenant."

Nog twee skote fluit laag oor die bakwerk van die voertuig.

"En die megafoon lê agter die sitplek, bring dit saam." Benoud, of die man in die modder stik.

En môre is die asshole die hero. Red ʼn land met mense van dieselfde kaliber as ʼn windbuks, dink Vosser, terwyl hy deur die modder omkruip na die vangwa se deur, verste weg van die venster waardeur die AK sy vlamme spuug.

*

Verdwaas staan Hottie langs die venster. Sy ore sing van die donderslae uit die bek van die AK. Hy trek die gordyn opsy, loer deur die skrefie oor die verligte grasperk na die hek. Die polisie, skok dit deur sy gedagtes as hy die vangwa voor die hek sien staan. Die deure hang wyd oop en ŉ enkele koplamp skyn deur die hek.

"Maak toe daai fokken gordyn, Hottie," sis Sam.

*The number you have dialed ...*

Hottie gaan sit weer in die rottangstoel en hy is verlig dat die hand wat die wapen in sy skoot neerlê nie bewe nie. Hy sien weer die kinders in hulle kamer toe hy die deur oopstoot. Hulle arms was om mekaar geslaan, oë wyd oopgerek. Trane het strepe op hulle wange getrek. Op dáárdie oomblik het hy besluit: Tot hiertoe en nie verder nie, Hottie. Hy het homself lank genoeg bejammer. Oor die visier het hy na hulle gekyk, homself afgevra: Hoe kan ek my hartseer ŉ ander s'n maak? Dit is nooit te laat om voor te begin nie, en hy kon nie anders as om te glimlag nie. ŉ Oomblik lank het hy weer langs die konkavuur gesit, die maan het groot en helder in die naghemel gehang. Die stem het verlore geraak in die jare, maar die woorde sou hy nóóit vergeet nie: "Die lewe kom net één keer by jou verby."

Hy het in die deur van die vertrek gestaan, op sy hurke gaan sit, sy vinger voor sy lippe gehou en gefluister: "Bly net doodstil, álles gaan regkom." Die dogtertjie het hom met groot oë aangestaar, die seun met sy kop teen haar skouer. "Julle ma kom julle netnou haal," het hy probeer paai. Hy het gebid dat die kinders hom sou glo. Hy het die .38 oorgehaal, die loop van die wapen reguit na die plafon gehou. Albei kinders het doodsbenoud gegil toe hy die skoot aftrek. Hy wou dit nie sê nie, maar hy moes: "Julle ma gaan seerkry as julle nie stilbly nie." Grootoog het hulle na hom gestaar. Hy het opgestaan, die deur toegetrek en die sleutel in die slot gedraai. 'n

Minuut lank het hy met sy agterkop teen die houtdeur gestaan; doodsbevrees dat altwee dalk aan die skreeu sal gaan, maar geen geluid het uit die kamer gekom nie. Op pad terug na die woonkamer het hy die sleutel in ŉ leë vaas laat val.

En hy het besef dat dit die regte besluit was.

Die stem deur die megafoon klink of dit uit ŉ ander wêreld kom: "Kom uit met julle hande in die lug. Los julle wapens in die huis. Daar is versterkings …," en die res van die woorde gaan verlore in die wind.

Vir Andries klink alles ver weg. Dit voel asof hy op die dek van ŉ seilskip staan. die hout kraak onder hom, seile flap in die wind, iewers in die nag roep 'n mishoring ŉ hees waarskuwing. Hy wil "AHOY!"skreeu. "Help ons tog." Hy sien Annette in die deining dobber en hoe die swart golwe oor haar toevou. 'n Oomblik lank is haar arms na hom toe uitgestrek. Dan verdwyn sy in die dieptes.

"Kan jy die fokker glo, Schutte. Kom uit met julle hande in die lug!" Sam is histeries, hy het die litteken op sy wang stukkend gekrap. "Lê julle wapens neer. Kan jy glo dat hulle dink ek sal al die jare sommerso vergeet? My hande in ŉ fokken lofprysing in die lug steek en sê: 'Yes, hier is ek. Bring die voetboeie. Neem my terug!'"

Hy lag. Dit weergalm tussen die mure.

"Neem my terug, ek wil nog één keer die jailhouse shuffle doen."

Wild swaai hy die wapen deur die skemerlig, mik na die koedoekop teen die muur, trek die sneller. Die skoot ontplof, stof slaan op die statige kop uit. Weer trek hy die sneller en weer en tussendeur die vlamtonge en stukke pleister en kruitdamp

sak die kop skeef teen die muur. ʼn Oomblik lank is dit stil en dan weerklink Sam se waansinnige lag deur die stilte.

“Julle wil my terugneem na die hel waar jy vergeet hoe ʼn sonsopkoms lyk!” ʼn Vaas spat in skerwe. “Terug, omdat ek diegene wreek wat júlle doodgemaak het.” Hy vee die Delftsblou ornamente met die AK se kolf van die vertoonkas af. Die boomvaring word omgestamp, grond skuif oor die mat; ʼn skildery gee mee onder die kolf.

Skuim spat van Sam se lippe af. Hy skreeu: “Julle wil my terugneem, sodat ek nie julle wraak kan wreek nie.”

Buite kraak die stem deur die megafoon, die boodskap raak verlore agter ʼn donderslag. Sam ruk die gordyne opsy, vuur wild deur die glas na die enkele koplamp.

Andries Schutte voel hoe sy lewe druppel vir druppel op die vloer uitloop. Nog nooit vantevore in sy lewe was hy so moeg soos nou nie. Maar hy weet hy moet nog één keer iets sê, probeer om Sam te stuit voordat die bloedbad groter word: “Jy is nog dieselfde Sam van daardie dag in die hof. Jy sal nooit gerehabiliteer word nie.” Skielik is dit net die wind wat om die hoeke van die huis huil. “Nelson Mandela het sewe en twintig jaar van sy lewe agter tralies geslyt. Het hy deur die hekke van Victor Verster gestap, ʼn AK47 opgetel en skote van vergelding afgevuur in die rigting van die wat hom verontreg het, Sam? Nee. Hy het ʼn groter mens geword.”

Sam het voor die flarde gordyne gaan staan en tuur deur die stukkende ruit na buite.

Andries wéét hy luister. “Waaraan meet jy jouself, Sam? Aan die volume haat wat jy loslaat? Of aan die dooies wat agter jou lê? Haat sal altyd deel bly van jou. Eendag sal dit saam met jou graf toe gaan.”

Hy hoor Sam se voetstappe oor die mat na hom toe kom.

“Jou soort is besig om uit te sterf. ’n Spesie op die rand van uitwissing. Dis nodig, want eers dan sal die woord versoening betekenis kry. Ek kry jou só jammer ...”

Hy voel Sam oor hom staan, die koue loop van die aanvalsgeweer is in sy nek.

Hottie maak sy oë toe. Fish kyk weg. Almal wag.

“Ek gaan jou nie doodskiet nie, Schutte.” Sam se stem is venynig: “Ek wil hê jy moet wag soos ek in die dodesel moes wag vir die voetstappe van die laksman; luister soos ek soggens moes luister hoe die valluik oopval, die tou styfruk. Ek het ’n ander scheme. Jy gaan vannag nog vir jou God bid dat Hy jou moet wegneem.”

“Hottie!” En Hottie het geweet hierdie oomblik gaan aanbreek. Sam het klaar gepraat, klaar geluister.

“Yes, Sam?” Sy stem klink klein.

“Bring die kind wat nog leef.”

Lisa spartel desperaat, die baaltou sny die kepe in haar polse al hoe dieper. Sy maak gesmoorde geluide agter die smerige lap in haar keel. Speeksel loop uit die hoek van haar mond.

“No way, Sam, alles is verby.” Sy stem klink nie meer klein nie. “Ek gaan dit nie doen nie.” Ongemerk het sy hand om die kolf van die .38 in sy skoot gevou.

Dit is asof Sam ʼn klap deur sy gesig gekry het. Sy oë vlam. “Ek vrá jou nie, ek sê jou,” fluister hy.

Buite dreun ‘n voertuig, ligte skuif teen die muur van die vertrek langs, gaan af.

“Die kinders leef nog, Sam. Altwee. Ek en jy het by die einde van ons pad gekom.” En hy voel die euforie in hom wakker word.

“Jou kont,” en dis of Sam se stem wil breek. Met die rugkant van sy hand vee hy kwyl van sy ken af. “Hoe dink jy gaan ons vanaand hier wegkom as ons nie die kinders gebruik nie? My fok man, hulle is deel van my plan. Dink jy die polisie gaan vir ons elkeen ʼn paspoort en ʼn vliegtuigkaartjie gee en ʼn handshake op die fokken huis?” Kwyl drup op sy hemp. Hy doen nie moeite om dit af te vee nie. “Bring hulle.”

“Ek sal nie. Dis verby,” probeer Hottie vir tyd speel terwyl sy hand om die kolf van die .38 klem en hy die wapen uit sy skoot ruk. Sy wysvinger soek na die sneller. Hy sien die loop van die AK horisontaal op sy bors gerig. Instinktief val hy sywaarts uit die stoel, maar die vlam uit die bek van die geweer is te vinnig vir hom. Die gloeiende lood stamp die asem uit sy bors uit. Agter hom spat splinters uit die rugleuning van die stoel. Die rewolwer kletter op die teëls en skuif weg oor die vloer. Hy probeer regop kom, maar sy bene gee pad onder hom. Hy sak op die vloer inmekaar. Verdwaas kyk hy af na die donkerrooi vlek wat soos ink oor die voorkant van sy trui versprei. Voor hom wieg Sam in die kerslig. Hy is skielik doodmoeg en al waaraan hy dink, is dat hy wil slaap. Hy weet nie dat hy omkantel en sy kop hard met die teëls kontak maak nie.

***

# Hoofstuk 35

Môre bedank ek. Nie ŉ dág later nie, dink die jong polisieman. Vanaf daardie grys dag onder die witstinkhoutboom op Rietfontein, sukkel ek om snags te slaap. Laatnag skrik ek wakker onder ŉ grys kombers op ŉ draagbaar, my lyf ruk van die koue of vrees of albei. En ek kan Barry Bodenstein nie uit my gedagtes kry nie. Ek sien die trane in ŉ volwasse man se oë telkens wanneer die bosduiwe verwilderd uit die kloof fladder. Barry se ma se ineengetrekte oumenslyfie langs sy graf, hou aan terugkom. Die hartseer afgeëts in die lyne op haar gesig, ingeprent soos die prehistoriese merke in die klippe teen die hange van die kloof. Ek sien die mense in hierdie kontrei wat lewe soos die wildevye in die klip – hulle moet rots verskuif met hulle wortels om aan die lewe te bly.

Môre bedank ek.

Maar wáárheen dan in hierdie land?

Sy liggaam is deurtrek van modderwater. Hy kyk na die luitenant wat die battery van die megafoon uitgewikkel het. Die soveelste keer. "Vandag kak konstabel Moleka. Hoeveel keer het ek al gesê: Sorg-dat–die-fokken-battery-gelaai-is." Asof dit saak maak. Die mense agter die AK wil net kommunikeer met vuur. Hy wonder hoeveel skote al in die huis afgevuur is. Hy het lankal ophou tel.

Môre gons die plaaslyne weer. "Het jy gehoor? Dis verskriklik. Nou het dit tyd geword dat ons die reg in eie hande neem, voor die voet doodskiet." En dan gebeur daar niks nie. Fokkol.

En ek? Ek lê en slaap.

Agter hulle kom twee bakkies in die bloekomlaning opgejaag. Bonsende geel oë in die nag; hulle breë bande spuit suile modderwater in die ruigte in. Deure word oopgeruk. Klap toe. Harde stemme weerklink in die nag. "Wat de hel het ons hier, Luitenant? Hoeveel keer het ons al gewaarsku? Hierdie dinge gaan nie vanself ophou nie. Ons weet dit. Julle weet dit." ŉ Geweerslot gly oop. 'n Patroon klik in die vuurkamer. "Vannag spat die kak." Die slot klap toe.

*

*Potgieterstraat is 'n geroesmoes van kleur en klank. Hy kan die hoë tronkmure nie meer agter hom sien nie. In die skaduwee voor Pep Stores sit 'n blinde man op 'n omgekeerde vullisdrom en tokkel hartseerklanke uit sy verweerde kitaar:*

*Freedom's just another word for nothing left to lose*

*Nothing ain't worth nothing,*

*but it's free ...*

ŉ Oomblik lank is Hottie by sy volle bewussyn. Die brandpyn in sy bors is ŉ vuur, sy longe smag na suurstof. Hy maak sy oë oop en sien Sam voor die venster staan, sy gesig na hom toe gedraai, uitdrukkingloos tussen die flikkerende skaduwees wat die kerslig deur die vertrek gooi. Hy maak sy mond oop, maar hy het nie meer krag oor om te praat nie.

*Hy stap met Gretha in sy arms; terug deur gister se rook en vlamme. Terug na die sinkhuisie in Kliptown. Terug na gister.*

*"Kyk, Ek maak alles nuut."*

Dan is dit asof die wind die vlammetjie van die kers platdruk, sekondes lank sukkel dit weer orent in die trek wat deur die gebreekte ruit stroom. Dan gaan dit uit en hy dryf die donker in.

*

Buite hoor Marco nog ŉ voertuig naderdreun. ŉ Oomblik lank verhelder die ligte die donker rondom hom. Wat gebeur in die huis? Wie leef nog na al daardie skote en geweld – Lisa, Arno, Charlene?

Nog ŉ skoot klap, hy kan nie uitmaak of dit in die huis of buite was nie.

Die 30-06 lê swaar op sy skoot. Hy draai sy kop skuins. Al wat hy hoor is die sagte ruising van die wind, al wat hy voel is die pyn wat hom vol lê. Met sy beseerde arm druk hy die geweer op sy skoot vas. Met sy linkerhand forseer hy die slot oop. Die patroon klik uit die magasyn.

Winchester powerpoint.

Met sy vingers streel hy oor die patroondoppie en die koue loodpunt.

180 Grein.

Die reuk van geweerolie slaan in sy neus op.

Die ribbok is skielik agter die kruislyne van die teleskoop. Vlokke bloedskuim waai in dun slierte aan die onderkant van die dier se bek af. Die oë staar na die berge

in die verte. Die gekweste dier wéét. Sy vinger krul om die sneller. Die skoot sweepslag deur sy lewe.

Hy sukkel orent, sy maag stoot in sy keel op. Hy skuifel soos 'n dronkaard oor die vloer. Alles rondom hom word swart

*Iewers skeur 'n trein deur die nag. Die klop teen die toegewasemde ruit is ongeduldig. Hy vee 'n kol in die wasem teen die ruit, herken skaars sy eie stem:*

*"Ek het geweet jy gaan hier wees in my laaste oomblikke. Jou voetstappe weerklink uit die leë strate waardeur ek al jare lank dwaal. Dag en nag hoor ek jou stem. Maar ek is nie meer bang vir jou nie. Vannag herken ek jou vir wat jy werklik is. Mens en tog nie mens nie. Klop maar, wink maar. Ek gaan nooit weer terug nie.*

Skielik is hy bewus van die koue koperdeurknop in sy hand.

***

# Hoofstuk 36

Sy was vyf of ses jaar oud toe sy een winteroggend wakker word. Die rukke en stampe in die plafon kon sy nie verklaar nie, water het iewers diepweg geborrel. Sy het haar ore toegedruk; die klanke wou nie weggaan nie. Sy het begin huil, nie 'n benul gehad wat besig was om te gebeur nie. Skielik was haar pa daar. Hy het haar opgetel en styf teen hom aangedruk: "Alles is reg, meisiekind." Sy onthou die warmte van sy nabyheid, sy gerusstellende stem. Later het hy haar op sy skoot getel en vertel van die ergste ryp in menseheugenis wat daardie vroeë oggendure oor die laagtes in die Waterberg kom lê het. Swartryp. Selfs die woord het haar bang gemaak. Die water in die pype het gevries en die werksmense het die hoofkraan toegedraai. Toe hulle dit later weer oopgemaak het, het die stroom water aan die pype vol lug en stukke ys in die plafon bo haar geruk. Water het uit die gebarste pype geborrel en gespuit, iewers in ŉ geut afgeloop.

Vanoggend is daardie onaardse geluide terug. Sy kan haar oë nie van die sterwende man afhou nie.

Hottie lê op sy rug, hy roggel, stik in sy eie bloed. Sy borskas beweeg rukkerig op en af, bloedskuim blink om sy lippe. Sy wens sy kon haar ore toedruk, opstaan, die voordeur oopsmyt en die nag invlug. In haar gedagtes sien sy sy oë oor die loop van die .38 in die helder lig oor haar staan, en sy wonder: Wie is hy? Watter noodlot het hom hier op Goedgevonden gebring om dood te gaan aan die hand van ŉ maniak?

Hottie kreun, sy linkerbeen ruk krampagtig. Hy lig sy kop op, kom sukkelend orent, steun wankelrig op sy elmboog in sy eie bloed en staar na die flikkerende kers

op die vloer. Bloed loop teen sy ken af. Hy draai sy kop en kyk na Sam, soos iemand wat oor ŉ leesbril na iets ver weg staar. Dan is dit of sy gelaatstrekke ontspan, hy sug en sy elmboog gee mee onder die gewig van sy liggaam.

Lisa kyk weg: Ek sou nooit kon droom dat iets soos vannag met mý kan gebeur nie. Sy kyk na haar pa wat vooroor aan die poot van die klavier hang, sy kop op sy bors. ŉ Oomblik lank verbeel sy haar dat hy nie meer asemhaal nie; paniek stoot in haar op. Maar dan sien sy hoe hy sy kop optel en agteroor teen die klavier se poot leun.

Hottie mompel iets onverstaanbaars. Hy hoes. Lisa sien die fyn sproeireën bloed in die lig van die kers. Sy wens sy kon vir die swartman, wat sy wapen teen die muur geleun het en deur die venster staar, skreeu: "Hoekom help jy nie die arme man nie? Kan jy nie sien hoe swaar kry hy nie? Hy gaan dood en jy verroer nie ŉ vinger om te help nie. Ek het nie geweet dat mense soos jy werklik bestaan nie." Maar sy weet dit sal nie help nie. En sy vrees vir die oomblik as die man gaan omdraai en sy volgende bevel deur die vertrek skreeu.

Dit is asof Sam haar gedagtes gelees het.

"Fish!" Sam spoeg die woord uit.

Lisa krimp ineen.

Fish staar gefassineerd na die skaduwees wat oor die gewonde man se bleek gelaat val. Sy gedagtes is ver weg van Solly se fietswinkel.

"Hóór jy my? Fish?"

Hierdie keer kan hy nie anders as om te antwoord nie.

"Yes, Sam?"

"Sleep hom hier uit." Sam se oë is vasgenael op Hottie. "Vat hom na ŉ ander kamer toe. Ek wil nie verder na daardie kermgeluide luister nie." Hy kyk weg. "Ek kan nie. Maak hom gemaklik. ŉ Kombers ..." Sam haal die mondfluitjie uit sy bosak, draai dit na die lig, staar sekondes lank stip na die instrument en druk dit terug in sy sak. Hy draai sy rug op hulle en kyk deur die flardes gordyne na buite.

Traag druk Fish homself teen die muur op. Hy hoor Schutte se kleingeld in sy sak klingel. Dan tref die gedagte hom: Dís my kans om weg te kom. Deur die woonstel se agterdeur na buite. Weg, voordat Sam my doodmaak of die polisie my vannag toesluit.

"Hy's swaar, Sam."

Sam swaai om waar hy by die venster staan. In die selfde beweging tel hy die AK47 op, die loop is skielik horisontaal op Fish se midderif gerig. "Dan sléép jy hom hier uit, asshole!" Skuimvlokke blink in Sam se mondhoeke.

Fish buk af, sy vingers sluit om Hottie se polse. Hy tel die swaar bolyf op. Nog een keer kyk hy na Lisa. Dan na die koedoekop wat skeef teen die muur hang. Sy voete knars deur die glasstukke. Met sy hak skop hy die deur van die woonkamer agter hom oop en sleep Hottie in die gang in. Uit die hoek van sy oog sien hy dat Sam in die deur staan en hom agternakyk. Hy is halfpad na die woonstel toe, wanneer Sam die deur toeklap. Hy laat sak die swaar liggaam. Kyk in die gang af na die verwoesting waarvoor hy verantwoordelik is en die bloedsleepsel oor die mat agter hulle. Hy kyk om. Die woonstel se deur is enkele treë verder. ŉ Oomblik lank

oorweeg hy dit om Hottie net daar te laat lê, maar verbeel hom hy hoor die deur van die woonkamer kraak. Haastig buk hy af, sy vingers sluit om Hottie se gewrigte.

Amper daar. Hy glimlag na die leë spieëlraam teen die muur.

*

Marco trek sy asem diep in. Net wanneer hy die knop wil draai, hoor hy ‘n deur verder af in die gang oopgaan. Stemme weerklink, maar hy kan nie uitmaak wat gesê word nie. Meteens tref dit hom dat hy nie eens weet hoeveel aanvallers in die huis is nie. In die gang hoor hy ŉ sleepgeluid en stadige, swaar voetstappe wat nader skuifel. Verbeel ek my wéér? wonder hy. ŉ Deur klap toe. Glas rinkel en iets val met ŉ dowwe stamp om. Besluitloos kyk hy om hom rond in die donker. Van buite skyn ŉ skerp lig skielik deur die spleet tussen die gordyne. Hy sien die dubbelbed wat in die hoek van die vertrek staan.

Die voetstappe buite die deur word stil.

Styf en lomp skuifel hy weg van die deur af. Die lig agter die gordyn gaan af. Blind struikel hy deur die donker. Sy knie maak hard kontak met die soliede koffietafel. Hy onderdruk ŉ kreun en sak vinnig op sy hurke neer langs die bed. Hy stut op sy beseerde arm, hierdie keer ontsnap die kreun. Met sy linkerhand stoot hy eers die geweer onder die bed in. Blaas verlig sy asem uit as hy besef daar is genoeg ruimte onder die bed om te skuil. Hy gaan lê op sy rug en skuifel onder die bed in. Met sy linkerhand tel hy die 30-06 op en trek dit oor sy bors. Twee, drie bewegings is

al wat dit was, maar hy kán nie meer nie. Sy vingers gly oor die koue metaal en hout, totdat hy die dun staal van die sneller voel.

Die deur gaan oop en die ganglig val in ŉ breë strook oor die mat.

Uitasem staan Fish voor die deur. Hy laat val Hottie se arms en stoot die deur na die woonstel agter hom oop. Hy kyk oor sy skouer na binne en in die bleek lig sien hy die ingeboude kas se deure wawyd oophang. Op die vloer lê ŉ fotoalbum oopkant op die vloer. Hy skud sy kop en fluister: "Arno." Dan sleep hy Hottie in die kamer in. Hy loop agteruit, stamp teen die tafel, skrik en laat glip sy greep.

"Shit."

Hy stap haastig terug na die binnedeur, kyk in die gang af na die woonkamer en trek die deur vinnig toe. Voelvoel beweeg hy terug na Hottie toe, lê sy hand op die man se bors. Hy skrik as Hottie onder hom roggel.

"Hottie, kan jy my hoor?" Hy bly stil, weet hy gaan nie ŉ antwoord kry nie. "Hottie, ek gaan ŉ lyn sny. Sam is mal in sy kop. Hy gaan almal in hierdie huis vrekskiet." Hy wag, maar al reaksie wat hy kry is ŉ kreungeluid. "Moenie die polisie sê ek was hier nie. Ek is gone."

Hy spring op en stap deur die donker na die buitedeur. Sy hand rus op die deurknop, hy voel na die sleutel. Versigtig draai hy die deurknop en sug verlig as die deur oopswaai. Nog een keer kyk hy in die donker vertrek rond en dan trek hy die deur agter hom toe. Gebukkend hardloop hy oor die smal strook gras na die hoek van die heining.

Hy klim teen ‘n jong wildevy met swaar oorhangtakke uit, rats met ŉ dik tak langs tot by die heining. Die lemmetjiesdraad glim in die halfdonker. Wanneer hy spring, voel hy die vlymskerp lemmetjies hom vasgryp. Hy hoor sy klere skeur en land met ŉ plof aan die anderkant van die heining. Oomblikke lank staan hy doodstil en stap dan gebukkend deur die donker na die naaste voetpaadjie. Die koue laat hom ril. Hy sien die ligte van ŉ voertuig in die bloekomlaning opkom. Dan begin hy hardloop, al vinniger totdat sy asem deur sy longe skeur - vinniger en dieper die donker in. Vir ŉ oomblik wonder hy hoekom die agterdeur van die woonstel nie gesluit was nie, en besluit dan dat hy nie meer ŉ hel omgee nie.

Met sy kop skuins gedraai lê Marco onder die bed. Hy hoor hoe Fish die deur agter hom toetrek. Stadig laat hy sy asem ontsnap. Een minuut. Sy hande bewe op die geweer. Twee minute. Dit het tyd geword dat ek besluit. Die geweer lê swaar op sy bors. Hy haal sy vinger van die sneller af. Roerloos lê hy in die donker. Nog ‘n minuut. As die man op die vloer dan nog nie beweeg het nie, het ek nie ŉ ander keuse as om ŉ kans te vat nie.

“*Hottie, Kan jy my hoor? Moenie die polisie vertel nie …*” Het ek nie daardie stem al iewers gehoor nie? wonder Marco. Of is dit weer ŉ fokken hadida in die naghemel? Hy draai sy kop, luister of hy asemhaling kan hoor, maar alles het doodstil geword.

Versigtig stoot hy die geweer van hom af en skuifel onder die bed uit. Hy staan op, en sit die geweer teen die bed neer. Hy skuifel na die bedkassie, voel haastig na die laai se knop, trek dit oop. Dan het hy die kers in die kersstaander met die vuurhoutjies daarnaas.

Hy skud die dosie, vuurhoutjies ratel. Versigtig vroetel hy met sy vingers ŉ vuurhoutjie uit, sit die dosie op sy sykant op die teëls, hou dit met die punt van die wysvinger van sy beseerde hand vas. Hy stamp die dosie om met die eerste probeerslag. Met die derde poging ontplof die swael heldergeel in die donker. Sy hand bewe soos die vlam. Die kers vlam traag, helder skielik op en hy laat val die brandende vuurhoutjie op die vloer. Hy gryp na die geweer en kyk na die man op die vloer. Die eerste wat hy opmerk, is die gat in die middel van sy bors en dan die helder bloedskuim om sy mond wat in die lig glinster.

Die ribbok struikel, sukkel orent. Daar is bloed in die teleskoop.

God . . .

Hy gaan staan op sy knieë langs die man. Die borskas beweeg onreëlmatig op en af, ligrooi bloed loop by die wond uit. ŉ Skoot deur die longe, som hy op. Met ‘n swaar kaliber wapen. Hy word koud.

Liggies klap hy Hottie deur sy gesig. Sekondes lank knip die ooglede en bly dan toe. Weer klap hy die man op sy wang. Harder die keer. Die oë flikker verwilderd oop. Hy wonder wat die man bokant hom in die lig sien: Korste bloed, ŉ toegeswelde oog, modder. Met sy voorarm vee hy die bloed, wat weer vrylik uit die wond aan sy kop vloei, van sy voorkop af.

Hottie se gesig vertrek van inspanning, hy sukkel om te praat: “Hy wou hê ek moes . . . die kinders gaan haal.” Hortend kom die woorde uit: “Maar Gretha het nee gesê,” en Marco verbeel hom dat die man glimlag.

Buite dreun nog voertuie nader en deur ŉ skrefie in die gordyn vee die wentelende blou ligte van ŉ polisiemotor, vlekke ligblou ink teen die muur agter hom.

Ek moet antwoorde kry by hierdie man voordat hy doodgaan, dink Marco paniekerig. Hy buig weer oor die bleek gelaatstrekke.

"Wat gaan in die huis aan, leef die kinders nog? Lisa?" stort die vrae oor sy lippe.

"Hoeveel is julle? Wapens?"

Hottie lig sy kop 'n duim of twee op, sy mond gaan oop en ligrooi bloed breek oor sy lippe.

In vadersnaam, ek moet hom net nie nou verloor nie.

Stadig herhaal hy sy vrae. Hottie leun op sy elmboog en staar na die kersvlam. "Oppas vir Sam . . . gevaarlik. En Fish . . . in die woonkamer." Dan val hy terug, sy kop maak hard kontak met die vloer. Marco buk oor hom. Skielik sluit die man se vingers om sy beseerde gewrig en hy kners op sy tande. Hy hou sy oor byna teen Hottie se mond. Hortend kom die laaste woorde oor die sterwende man se lippe en Marco moet hom inspan om te hoor: "Die lewe kom net een keer by jou verby. Een . . . keer . . . " Dan verslap die greep om Marco se gewrig, en Hottie se oë staar leweloos na die plafon.

Styf-styf kom Marco orent. Hy staan ʼn oomblik lank vooroorgebuk met sy hande op sy knieë. Hy tel die geweer op en stap na die deur, druk die knip af. Iewers in die nag loei ʼn sirene. Deur die skrefie tussen die gordyne vee die wentelende lig van ʼn patrollievoertuig steeds sy ligblou vlekke deur die vertrek. Versigtig stoot hy die deur oop.

***

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Hoofstuk 37

André Vosser staan eenkant in die skadu van die wildevy. Hy klem die haelgeweer in sy natgeswete hande vas. Om hom weerklink woedende stemme. ‘n Ambulans hou agter die vangwa stil. Die sirene loei in die wind en die noodlig spuug bloedrooi vlekke deur die takke van die wildevy en oor bitter gesigte. Die ambulansdrywer skakel die sirene af en dit is net die flitsende rooi lig en woede wat oorbly in die wind.

“Fok jou, Luitenant, ons het genoeg gehad. Onthou jy Rietfontein? Het jy Sondag se hoofopskrif in die *Rapport* gesien oor die plaasaanval buite Colenso? Ou mense, man. Vier en tagtig, vyf en tagtig. Weerloos. Kookwater en ʼn panga. En jy sê: ‘Wag. Onderhandel, daar is ander maniere.’ Die Here weet, luitenant, ons is lank genoeg gerape en beroof en vermoor. Ons moes lankal begin skiet het, dan was daar nou rus en vrede op ons plase.”

*Konstabel, weet jy hoe laat is dit? Ek en my vrou kan nie slaap nie, en die enigste antwoord wat jy kan uitdink is: Môre.*

“Dit gaan oor *justice,* Luitenant. Noem dit *jungle-justice* as jy wil. Dit het ons meer as driehonderd jaar geneem om ʼn beskawing hier te vestig en nou moet ons snags agter geëlektrifiseerde heinings, lemmetjiesdraad, alarms, diefwering, veiligheidshekke, wapens en God-weet-wat-nog wegkruip.

“En julle noem hierdie ʼn beskaafde land? Verskoon my taal, maar fók jou.”

Rooi en blou vlekke gly met eentonige reëlmaat oor die staalgrys loop van die Mossberg in Vosser se hande. Hy haal diep asem. Die meganisme van die pompaksie klikklak in die donker.

Vosser sien twee boere agter op ‘n bakkie staan. Een van hulle is besig om ‘n skietlamp in posisie te kry. Die tweede een neem dooierus oor die dak van die voertuig. Die geweer se loop glim in die lig.

Die stem uit die huis, wat deur die mis oor die grasperk dra, slaan hoendervleis oor sy lyf uit.

*

Sam kan sy oë nie afhou van die bloedkol op die vloer waar Hottie gelê het nie. ʼn Spier trek onder sy oog; hy krap die litteken op sy gesig verder oop. Dan tel hy die AK op, gaan staan voor die venster. Oor die visier korrel hy na die enkele lig van die vangwa, stadig swaai hy die loop: Hy het nie ’n probleem om die gesigte onder die spreiligte te sien nie. Die visier gaan staan ʼn oomblik lank op elke gesig. Die eerste lid van Sam se wysvinger krom in die buig van die sneller. Hy gil deur die gebreekte ruit: “Julle kan my buitelyne sien, maar ek is faceless! Ek’s die fokken framework van apartheid!”

Hy lag.

Wolke mis dryf toiingrig oor die grasperk. “Dose, na vannag sal julle Sam Serathi se naam nóóit weer vergeet nie.” Hy trek ‘n skoot af deur die venster.

Die soeklig ontplof in sy gesig. Sekondes lank is hy soos ‘n jakkals, blind in die lig van die skietlamp. Die koeël tref hom skrams in sy linkerwang. Die momentum agter die gesmelte lood laat hom in die rondte tol. Hy struikel vooroor, val op sy knieë in die glasstukke, klou die geweer vas. Die mondfluitjie spat uit sy bosak uit. Sekondes lank wieg hy vorentoe en agtertoe. Hy trek homself met een hand aan die koffietafel op. Terselfdertyd druk hy die AK se vuurmeganisme op outomaties, trek die sneller en swaai die loop in ‘n boog al met die oorkantste muur van die woonkamer langs, na die venster. Pleister, glasstukke, houtsplinters spat deur die vertrek. Stof dryf deur die kerslig. Dit lyk  of die gordyne in ‘n rukwind skud. Leë patroondoppies spoeg by die magasyn uit. Daar is ‘n klikgeluid en skielik is dit onheilspellend stil. Hy laat sak die geweer, wieg onvas op sy voete. Die linkerkant van sy gesig is ‘n bloederige massa. Hy slinger tot voor die venster, sy stem is hees: “Try again, motherfuckers!” Hy draai om, stap na waar die mondfluitjie lê, wieg oor die instrument, buk en tel dit op. Stop dit terug in sy bosak.

Dit is dit of hy ewe skielik belangstelling verloor in wat op die werf gebeur. Hy haal die magasyn uit, laat dit val. “Ons tyd is besig om uit te loop, Judge. Ons was laas by Fred gewees, nie waar nie? Ek sal daardie nag nooit vergeet nie, wens jy was daar.”

“Sien jy die trekker op sy blokke staan, Fred?” Sy tong sleep. “Soos ՚n stowwerige, prehistoric monster. Sien jy die empty eyes? Daar is nie meer lig in daardie oë nie. Het jy hulle uitgehaal, Fred? Bang hulle gaan sien en onthou?”

Sy lag eggo tussen die mure.

“Sien jy die kaffertjie wat jy aan die wiel vasgemaak het?  Die trekker se oë kan nie sien nie, maar ék het gesien, Fred. Ek gaan vir jou ՚n song speel op my bekfluitjie.

Een waarna ek baie nagte geluister het, wanneer my pa voor die huisie in die donker gesit en speel het. Later sou my oë toeval en die klanke sou my drome word. Die tyre was die enigste speelding wat ek ooit gehad het, maar dit was goed genoeg. Ek het elke dag met die tyre teen daardie randjie uitgesukkel."

Sy stem sleur.

"Bo gekom sou ek dit balance, 'n stamp gee en kyk hoe daai ring teen die skuinste afrace, twee of drie keer grondvat in die donga, voordat dit halfpad teen die oorkantste wal uitrol, terugloop en in die sloot gaan lê. Ek het gedroom van die dag wat daardie tyre teen die oorkantste wal uitrol, en agter die sloot in die veld gaan lê.

"Small things, Fred."

"Dit was 'n challenge. Al wat ek gehad het. Na vannag wil ek 'n laaste keer teruggaan. Nog één keer try.

"Wéét jy hierdie dinge, Fred, of het jy dit nooit genotice nie? Júlle het ons lag weggevat, dis hoekom daai tyre oor die jare 'n necklace geword het. 'n Symbol van 'n lost generation. Sou smart lyk om jou nek.

"Sweet dreams, Fred.

"Ek wil één keer in my lewe net kind wees, agter daardie tyre aan deur die veld hardloop en lag soos nooit vantevore nie. Teen die skuinste af, oor, anderkant uit.

"Sweet fucking dreams ..."

Sy oë rol in hulle kaste. Kwyl vlek nat strepe op sy hemp.

"Hoekom, Hottie? Hoekom drop jy my? Jy is die naaste wat ek in my lewe aan 'n pêl gekom het. Nóú drop jy ons: Vir my en Gretha."

Hy draai om, volg die bloedspoor met sy oë.

"Shit Babba, weet jy hoe moeilik is dit om lief te wees vir 'n swakkeling?"

Sy oë gly oor die verwoesting: Lisa wat doodsbleek, met haar oë toe, op haar sy lê. Andries Schutte, sy liggaam wat vooroor teen die toue aan die poot van die klavier hang, die grys kop geknak.

Sam se stem is skor: "Jy is 'n coward, Babba. Soos my pa."

Hy steek vas voor die muurhorlosie, staar na sy beeld wat in die glas weerkaats. Hy haal 'n vol magasyn uit sy sak uit. Hy wieg voor die muurhorlosie, die magasyn in een hand en die AK in die ander. Gefassineerd staar hy na die pendulum wat ritmies, soos 'n hartklop, in sy glasborskas swaai. Sy oë rol in hulle kaste. Hy stamp die magasyn in die slot in. "Maar moenie worry nie, Babba, revenge is op my. Twice. Een keer vir myself, een keer vir jou." Met die kolf van die AK slaan hy na die horlosie. Die glas kraak. Met die volgende hou breek die glas en groot stukke plof op die mat. Die pendulum swaai al stadiger heen en weer. Gaan staan. Hy draai om en stap reguit op Andries Schutte af.

"Jou horlosie het gaan staan, Judge. Twenty past fucking four."

Hy skop die leë magasyn weg oor die vloer.

"Julle gaan vrek, Schutte. Skuins voor dagbreek." Hy giggel. "Luister, hoor jy die voetstappe van die laksman? Hoe voel dit om te wag vir die nag wat saam met die dagbreek kom? Een van die manne wat voor my in die dodesel was, Judge, het 'n horlosie teen die selmuur uitgekerf. 'n Horlosie sonder wysers. Tyd is nie meer 'n issue wanneer die dood saam met jou in die sel woon nie. Die glimlag verdwyn, sy mond val oop. "Ek het dag in, dag uit na daardie horlosie gekyk.

"Een skoot vir jou, een vir die blonde bitch wat jy ŉ dogter noem. Maar vannag is dit nie waar revenge ophou nie. Ek maak die floodgates oop. Die res is vir die boere daarbuite. They earned it," sis hy. Sy stewels knars in die glas.

Hy gaan staan oor Andries Schutte, lig die wapen op. "Die eerste een is op jou, Babba."

Hy kyk oor die visier en begin saggies lag.

*

Marco kyk in die gang af. Die buisligte suis saggies teen die plafon. Hy kyk oor die verwoesting voor hom: Die muurpapier in die raam van die spieël, glas, stukke pleister, hout. ŉ Stukkende bril.

Hy voel gehawend, struikel soos die enigste oorlewende deur die puin van ŉ vliegramp. En skielik besef hy dat hierdie die tweede keer in sy lewe is dat hy só alleen voel.

Die duiseligheid kom nou in vlae, soos een harde stamp teen sy kop na die ander. Duisende wit vonke wat in die gitdonker uitmekaarspat. Die 30-06 is loodswaar in sy linkerhand. Sy hand wat die geweer vashou is natgesweet. Sy regterarm hang soos ŉ dooie ledemaat uit sy skouer. Onvas op sy voete skuifel hy in die gang af. Die buisligte skyn fel in sy oë. Dit lyk asof ŉ orkaan deur die smal ruimte gesuig is. Versigtig trap hy deur die glas. Teen die gangmuur lê 'n bloedbevlekte

bondeltjie. Hy word yskoud as hy die dooie kat sien. Hy trap per ongeluk op ŉ versplinterde fotoraam. Vries, luister. Verby die spens. Die yskas se deur hang oop.

Die chaos in die gang maak hom mislik.

Gesigte gly deur sy gedagtes. Charlene se oë. Nog ŉ tree nader aan die deur van die woonkamer. Arno se glimlag. Met sy oë volg hy die bloedspoor op die mat. Hy hoor ŉ stem, steek vas, kyk op.

Niemand nie. Net die stem wat harder word. Onredelik, onsamehangend.

*Oppas vir Sam ...*

Die kop van ŉ hamer lê in die deur na die hoofslaapkamer, die steel ŉ meter verder. Die bloedvlekke op die staal het droog geword. Deur die half oop deur sien hy die gordyne voor die venster wat in die wind riffel.

Here, hierdie gang was nog nooit so lank nie.

Wat gaan ek sien as ek daardie deur oopgooi? Die stem agter die deur klink hard op, maar hy kan nie hoor wat gesê word nie. Die geweer is teen sy heup vasgedruk. Hy gaan staan, soek met sy wysvinger na die sneller.

Die ribbok is weer agter die kruislyne. Sam. Daar is bloed in die teleskoop. Hy sukkel om helder te dink.

Dan staan hy voor die deur. Hy tel sy hand op, die pyn is vuurrooi, lê dit op die deurknip. Met al sy mag skop hy die deur oop. Hout kraak, ŉ brandpyn skiet in sy been op. Dit neem hom net sekondes om die toneel voor hom op te som. Lisa, oë wyd oop, sy skoonpa teen die klavier. Bloed. Chaos in die flikkerende kerslig. Die koperpendulum hang roerloos agter die gebreekte glas. ‘n Man buk oor sy skoonpa.

Sam. Die kop ruk op, bloedbelope oë rek van verbasing. Asof in stadige aksie, sien Marco die loop van die AK in sy rigting swaai.

Hy wéét daar is nie meer tyd nie.

Hy ruk die loop van die 30-06 op en voel die dun metaal van die sneller onder sy vinger meegee. Stukke pleister en stof spat agter die swartman uit die muur, vóórdat die slag in sy ore donder. Hy sien Sam agteroorval en terselfdertyd die geel vlam wat uit die bek van die AK lek. Instinktief duik hy na regs. Die harde stamp, iewers teen sy borskas, pers alle suurstof uit sy longe uit. Verdwaas, handeviervoet, staan hy op die mat. Die jaggeweer lê onder hom. Hy kyk op: Sam sak stadig teen die muur af, ՚n bloedspoor loop saam met hom teen die muurpapier af. Hy slaan neer op die vloer, die mondfluitjie spat uit sy sak uit. Hy kom op sy knieë, kruip oor die mat. Sy hand vat-vat na die mondfluitjie. Sy vingers vou om die instrument. Hy kyk op na Marco. Sy mond beweeg, maar al wat Marco hoor is die oorverdowende eggo van die skote in die beknopte ruimte.

Hy sukkel orent. Dit voel of sy bolyf te swaar geword het vir hom. Hy probeer die geweer optel, dit kos elke greintjie krag wat hy oorhet. Skielik wéét hy: Dis verby. Ek het nie die krag om weer ‘n keer oor te haal, die sneller te trek nie.

Sam lê op sy maag op die vloer, sy gesig in die los grond waar die boomvaring omgeval het, sy hand gaan oop, die mondfluitjie val op die mat.

Marco slinger deur die voorportaal. Sy bors is nat en warm, die wêreld rondom hom is uit fokus uit. Hy stut homself teen die voordeur, kry nie asem nie. Sy hande sukkel met die slot. Dan gooi hy die deur oop.

Voor hom ontplof die nag in ŉ kakofonie van klank en kleur. ŉ Sirene loei. Blou en rooi ligte flits deur die takke van die wildevy. In die verte sien hy ŉ polisieman deur die mis in sy rigting storm, sy geweer voor hom uitgestrek. Hy sien ŉ uitroep op die man se lippe vorm. Die wêreld om hom duisel en tol. Dit word nag voordat hy die grond tref.

***

# Hoofstuk 38

*Ek het gewéét ek gaan eendag wakker word en jou gesig in die dagbreek sien. Het jy 'n idee hoe lank my reis was, Jo-Marié? 'n Ewigheid. Maar op 'n dag, wanneer jy dit die minste verwag, maak jy jou oë oop en skielik breek die dag.*

Hy kyk hy na die sterre wat een na die ander uitdoof in die hemelruim. Laag oor die berg hang die môrester. Die reuk wat uit die aarde opslaan is klam en vars en loom. Iewers in die ruigte kwetter 'n swerm spreeus. Teen die gesigseinder stippel die hadidas in ‘n v-formasie. In die verte dryf die Waterberg se pieke in die mis. Die brande teen die hange onder die kruin is uitgedoof.

Bo hom sien hy 'n ambulansman wat twee plastiekbuise vloeistof bokant hom in plek hou. Hy hoor die sirene van 'n ambulans wat deur die bloekomboomlaning wegry. Dit voel of daar 'n swaar gewig op sy bors druk, hy sukkel om asem te haal. Sy oë val toe. Stemme en gesigte en gebeure rol voor hom verby:

Sy sit op die vloer van die badkamer, die spuit hang tussen haar wys- en middelvinger. Sy kyk op: “Here Marco, jy moet my help. Asseblief?”

“Shit Jo-Marié, kyk hoe lyk jy. Vier nagte gelede het jy gesê jy het my lief? As dit is hoe liefde lyk stel ek nie belang nie!”

“Marco, jy verstaan nie. Mense glo dit nie. Heroïne is die sterkste love afair wat daar is.”

“Sterker as ons liefde?” het hy haar gekap.

"Sterker as God se liefde. Fireworks in die hel. Dit vernietig álles in sy pad. En Marco, daar is nog iets …"

"Fok dit. Ek wil dit nie hoor nie!" het hy geskreeu en na buite gestorm. Die spuit het teen die deur, agter hom, gebreek. Hy het op die rotse gaan sit, sy gedagtes onrustig soos die see.

*"Het jy haar geken?"*

*"Ek het."*

*"Wie was sy gewees?"*

*"Ek wens ek het geweet …"*

Wanneer hy weer sy oë oopmaak, sien hy die polisieman wat langs die draagbaar loop, die jong gesig wat huiwerig glimlag.

"Jy is nie Inspekteur Krynauw nie."

"Ek was nog nooit nie. Jy moet stil lê, jy het baie seergekry."

"My kinders?"

"Jou kinders is oukei. Lisa ook. Jou skoonpa het baie bloed verloor, maar hy sal leef."

En dan hoor hy die melodie van die mondfluitjie. Dit dryf melancholies deur die oggendlug. Hy probeer regop kom, maar dit is asof 'n swaar hand hom op die draagbaar vasdruk. Hy draai sy kop na die polisieman bo hom: "Hoor jy die mondfluitjie?"

Die jongman glimlag, skud sy kop. “Jy moet stil lê. Jy is netnou by die hospitaal.”

“Maar jy móét dit hoor. Dit is oral, suiwer soos die lug. Bob Dylan kan nie beter nie.”

*How many roads must a man walk down*

*Before ou San sal hm a man?*

Om hom weerklink gedempte stemme. Die sirene van die ambulans word al hoe sagter in die verte. Die stemme om hom raak verder en verder weg, totdat net die stilte oorbly. Hy kyk op in die ysblou lug: die hadidas het oor die berg verdwyn, maar dit is asof hulle krete nog in die skeure en die klowe hang. Die melodie van die mondfluitjie het stil geword, die mis teen die hange het flentervingers geword wat tussendeur die bome vleg.

En dan weet hy: Ek was nog nooit só na aan Christus nie. Hy hou sy asem op en staar die verte in. Gister is verby.

***

# Epiloog

Soms stoot ek die deur na my verlede weer op 'n skrefie oop. Kyk deur die gleuf, wag dat my oë gewoond raak aan die donker. Niemand sal ooit besef hoe lank my reis was nie. En ja, wanneer die nagte lank raak, die ure voortgesleep na dagbreek toe, hoor ek nog: *Wo steaks voor a dollar. Sweet tremas. T's a clan, buite wa out.* En soms kan ek nie anders nie as om te wonder: Het dit alles werklik gebeur?

Maar eendag gaan ek soos Legio, oor die deining van die see in die aandskemer kyk. Verwonderd. Steeds nie begryp nie, vir altyd verlos.

"I wil walk abroad; old grief's shall be forgotten today; for the air is cool and still, and the hills are high and stretch away to Heaven; and the forest-glades are as quiet as the churchyard; and, with the dew, I can wash the fever from my forehead and then I shall be unhappy no longer."

Thomas De Quincey,

Uit: *Confessions of an English Opium Eater*.

Hierdie is vir jou, Tami. Jy het nie tevergeefs gesterf nie.

**Mini-verhandeling**

# Dwelms in/en Letterkunde: ’n Terreinverkenning en toepassing op die Suid-Afrikaanse literêre konteks

**deur**

**J.W. Bogaards**

**Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad**

**Magister Artium in Kreatiewe Skryfkuns**

**Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns**

**Departement Afrikaans**

**Fakulteit Geesteswetenskappe**

**Universiteit van Pretoria**

Studieleier: Professor H.J. Pieterse

Augustus 2010

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Inhoudsopgawe

## 1) Hoofstuk 1: Probleemstelling, motivering vir en ontplooing van die studie


1.1 Inleiding 5

1.2 Probleemstelling 5

1.3 Motivering 7

1.4 ‘n Definisie van dwelms 9

1.5 Invalshoeke 11

1.5.1 Subkulture 11

1.5.2 Taalgebruik en terminologie 11

1.5.3 Weerstand 13

1.5.4 Teikenmark 13

1.5.5 Boodskap propaganda of fiksie 14

1.6 Dwelmprosa – ‘n Definisie 16

1.6.1 Inleiding 16

1.6.2 Dwelmliteratuur 17

1.6.3 Dwelmprosa 18

1.6.3.1 Eienskappe 19

1.6.3.2 Opsomming 24

**2) Hoofstuk 2: Die geskiedenis van dwelms en die ontwikkeling van dwelmtematiek**

2.1 Inleiding 26

2.2 Geskiedenis van dwelms 26

2.3 Geskiedenis van dwelmliteratuur 28

2.4 Dwelmtematiek 29

2.4.1 Thomas De Quincey 29

2.4.2 Samuel Taylor Coleridge 30

2.4.3 Charles Baudelaire 31

2.4.4 Robert Louis Stevenson 32

2.4.5 Aldous Huxley 32

2.4.6 Jack Kerouac 32

2.4.7 William Buroughs 33

2.4.8 Phillip K Dick 34

2.4.9 Hunter S Thompson 34

2.4.10 Stephen King 35

2.4.11 James Frey 35

2.4.12 Ander skrywers 37

2.5 Samevatting 38

**3) Hoofstuk 3: ‘n Verkenning van dwelmprosa in die Suid-Afrikaanse konteks**

3.1 Inleiding 39

3.2 Suid-Afrikaanse skrywers oor dwelms 39

3.3 Eugéne Marais 40

3.4 Anoux Venter 43

3.5 Etienne van Heerden 45

3.6 Johann de Lange 45

3.7 Japie Bogaards 46

3.8 Ander 47

3.9 Samevatting 49

**4) Hoofstuk 4**: ***Tussen Middernag en dagbreek*. ‘n Evaluasie van die genoemde teks aan die voorafgaande riglyne en persepsies.**

4.1 Inleiding 50

4.2 Tema en werkswyse 50

4.3 Tussen middernag en dagbreek:

‘n morele les 53

4.4 Terminologie en die dwelmervaring 59

4.5 Die leser wat geteiken word 60

4.6 Opsomming 61

**5) Hoofstuk 5**: **Slot, samevatting en bevindings** 62

**6) Bibliografie** 66

**7) Bylaag 1 – Onthou?** 73

**8) Bylaag 2 – Verklarende Woordelys** 90

# Hoofstuk 1

## Probleemstelling, motivering vir en ontplooiing van studie

### 1.1 Inleiding

Marcus Boon vra in *The Road of Excess*. *A History of Writers on Drugs* (2002): "What is drug literature?" en antwoord dan: "When looking through recent collections of drug literature, I was struck by the coexistence of texts from radically different fields of human endeavour, such as a retelling of legends of the Fang tribe of northwest Africa, a medical paper by Sigmund Freud, pulp fiction from Arthur Conan Doyle and the high modernist antics of Stanislaw Ignacy Witkiewicz. All these are forms of drug literature" (2002: 9).

In hierdie mini-verhandeling sal daar gekyk word na die geskiedenis van dwelmliteratuur, hoe dit in die verlede en tans bedryf word in wêreldletterkunde en ook in die Suid-Afrikaanse konteks. Daar sal voorts gekyk word na ‘n moontlike definisie van *dwelmprosa* en hoe dit manifesteer in die teks *Tussen middernag en dagbreek.*

### 1.2 Probleemstelling

Boon skryf in die inleiding van *The Road of Excess*: "The aim of this book is to describe, for the first time, the history of the connection between writers and drugs. My first concern has been to establish a corpus of primary materials and present them within a historical context. In an area where amnesia is the rule and the newspapers are forever rediscovering the new menace of drugs that is invading their supposedly drug-free territory, it is important to document the fact that there is a long and varied history of drug use by writers. My goal has been to present this history in a clear, readable way so that it is impossible to ignore any longer" (2002: 6).

Dwelms in hul vele vorme het ŉ prominente plek ingeneem in die moderne lewe. Dit het elke moontlike vlak van ons hedendaagse bestaan geïnfiltreer en dit is geen

wonder dat *dwelmprosa*, as 'n genre van letterkunde, erkenning kry as literatuurtipe nie. In moderne prosa het die tematiek van dwelmmisbruik en die impak daarvan op die sosiale omgewing 'n onafskeidbare deel geword van 'n literêre weergawe van die realiteit.

En dan bly daar altyd die vraag: Kan dwelms opsigself kreatief inspireer? In hoe 'n mate is skrywers deur die jare in hulle prosa beïnvloed deur die dwelms wat hulle gebruik het en/of waaraan hulle verslaaf was? In *Twenty Prose Poems* (1988), wat deur Michael Hamburger vertaal is, skryf Baudelaire: "One should always be drunk. That's all that matters; that's our one imperative need. So as not to feel time's horrible burden that breaks your shoulders and bows you down. You must get drunk without ceasing. But with what? With wine, with poetry, or with virtue, as you choose. But get drunk"   (Baudelaire, 1988).

Stephen King, een van die moderne "drug prose-skrywers", skryf in *On Writing* (2000: 105) oor sy dwelmmisbruik en die invloed wat dit op sy skryfwerk gehad het: "I hid the drugs I was taking as well as I could, both out of terror – what would happen to me without dope? I had forgotten the trick of being straight – and out of shame. Yet the part of me that writes stories, the deep part that knew I was an alcoholic, wouldn't accept that. Silence isn't what that part is all about. It began to scream for help in the only way it knew how, *through my fiction and through my monsters*" [my kursivering – J.W.B.].

Die stelling dat dwelms skrywers inspireer om te skryf is, wat hierdie mini-verhandeling  betref, nie relevant nie. Dit is wel 'n vraag waaroor resensente en skrywers dekades lank al spekuleer (Boone, 2002) en die debat sal jare in die toekoms steeds voortduur. In *On Writing* skryf King: "And what finally decided me to quite using drugs was Annie Wilkes, the psycho nurse in *Misery*. Annie was coke, Annie was booze, and I decided I was tired of being Annie's pet writer. I was afraid that I wouldn't be able to work anymore if I quit drinking and drugging, but I decided (again, so far as I was able to decide anything in my distraught and depressed state of mind) that I would trade writing for staying married and watching the kids grow up. If it came to that. It didn't of course" (2000: 109).

‘n Skrywer soos Jack Kerouac was bekend daarvoor dat hy gesukkel het om te skryf sonder stimulante soos Benzedrine. Ann Charters het groot dele van Kerouac se briefwisseling saamgevat in ‘n bundel (1991). In ‘n brief (gedateer - Desember 1959) aan Don Allen, sy uitgewer, sê Kerouac: “With good white benny tablets I can rattle off amazing narritive chapters and be *interested* (oorspronklike kursivering) in them as I go along” (Charters, 1991: 239).

Artaud sê in *Appeal to Youth, Intoxication-Disintoxication* (1934): “Opium is the most formidable invention of nothingness that has ever fertilized human sensibilities. But I can do nothing unless I take into myself at moments this culture of nothingness. It is not opium which makes me work but its absence, and in order for me to feel its absence it must from time to time be present” (Artaud, In Boon, 2002: 18).

**1.3) Motivering**

Die fenomeneen van dwelmprosa is lankal nie meer vreemd nie. Skrywers soos Michael Ondaatje, in *The English Patient* (1992), gebruik gepaste prosa om sy karakters wat verslaaf is aan morfien en hulle ervaring van die dwelm te beskryf: “He holds out his arm, the bruised veins horizontal, facing up, for the raft of morphine. As it floods him he hears Caravaggio drop the needle into the kidney-shaped enamel tin. He sees the grizzled form turn its back to him and then reappear, also caught, a citizen of morphia with him.” En in die volgende paragraaf: “In the room there is the thin squawking from the crystal set, the radio still speaking in its underwater voice” (1992: 235).

Die hedendaagse jeug word, veral vanaf die sestigerjare van die vorige eeu, met die ontwikkeling van die hippie-era, geteiken met leesstof wat kwalifiseer as dwelmliteratuur. Bonnie Knight (1984) skryf in ‘n artikel op die internet: “Teen drug literature may have been one of the first categories of ‘problem novels’, a subgenre of youth adult realism. Youth adult realism continues to grow in popularity among teens who perceive it as a way to experiment with scary things without having to experience them directly. Drug literature is literature with a message, books with purpose. The message is that drugs are bad, and the purpose is to stop teens from trying drugs in the

first place. Ideas on how to achieve these goals are evolved in the more than thirty years since the genre developed" (Knight, 1984).

Een van die eerste dwelmprosatekste in hierdie era was *Go Ask Alice* (1971), 'n verhaal wat handel oor 'n tienerdogter wat per abuis LSD inkry en die insident lei uiteindelik tot verslawing, prostitusie en wanhoop. Knight (1984) beweer dat die sukses van *Go Ask Alice* gelei het tot 'n standaard-formule wat elemente soos gebroke huise, seksuele en fisiese mishandeling, druk van ouers, ensovoorts as agtergrondsmateriaal inkorporeer om die realiteit van dwelmverslawing te beklemtoon. Sy sluit af: "Many of the books are written using radical formats, such as layered narration techniques in which the story is told from the perspective of several characters in turn" (Knight, 1984: 1). Ook Carolyn Meads (*Rapport*: 2010-07-03) lewer kommentaar oor die baanbrekerswerk van hierdie boek: "*Go Ask Alice* se les is blatant, teenoor ander boeke wat die waarskuwing meer subtiel oordra en die maatskaplike probleme wat tot dwelmmisbruik lei, belig."

In die Afrikaanse letterkunde word die skryfwerk van/oor die hippie-era en dwelms gekenmerk deur die verskyning van tekste soos P.G. Du Plessis se *Siener in die suburbs* (1970). Die taalgebruik is "los" en informeel: "Jakes (terwyl hy die sigaret natlek). 'Ons maak net 'n lekker stukkie dwelm vir jou reg.' (Hy steek die sigaret aan) 'Tyd vir nog 'n skuifie van die tang se pot. Hier's hy, my ou. Dwelm is goed vir die waarheid'" (1970: 36).

In haar artikel in *Rapport* (2010-07-03) kyk Meads na twee boeke deur Suid-Afrikaanse vroueskrywers wat onlangs die lig gesien het: *Hooked* deur Melinda Ferguson en EKM Dido se *Emma en Nella*. Sy skryf: "Dwelms en dwelmmisbruik in die literatuur is niks nuut nie, maar in 'n Suid-Afrika waar dwelmmisbruik families en gemeenskappe vernietig, is dit 'n verskynsel (dwelms en die literatuur) wat nogal aandag trek. Soms kom dit in die vorm van nie-fiksie, soos *Die einde van verslawing*, as outobiografiese kreatiewe nie-fiksie soos by Ferguson of ingebed in 'n roman soos dié van Dido" (Meads, 2010).

Dwelmprosa in die moderne Afrikaanse konteks word deur skrywers soos Johann de Lange en Etienne van Heerden beoefen. In resensies oor sy boek, *In stede van die liefde* (2005), erken laasgenoemde dat hy omvattend moes gaan navorsing doen oor

die gebruik van dwelms en die effek daarvan op die psige. Plek-plek word sy prosa dwelmprosa: “Die soetgoed is nie goed vir die kardiovaskulêre sisteem nie. Dis ’n understatement. En sou ek begin rocks rook, sal daardie rush die bloeddruk in die buitenste ruim gaan blaas. Daarna is daar nie weer omkyk nie. Dis fantasieë van ontvlugting. Selfvernietigende hoëvlugte. Jy weet hoedat een deel van my om die baan beur en die ander deel swik” (2005: 105).

### 1.4) ’n Definisie van *dwelms*

Voordat daar begin kan word om die tematiek rakende dwelms in/en letterkunde en dan spesifiek *dwelmprosa* sinvol te ontplooi, moet die term *dwelms,* wat betref hierdie mini-verhandeling, omskryf en kortliks gedefinieer word.

Marcus Boon vra in *The Road of Excess. A History of Writers on Drugs* (2002): “What is a drug?” en definieer dit dan: “I define the word in a twofold manner: first, as the current group of proscribed substances; second, as any agent of allegedly material origin, whether mythical or not, capable of exerting psychoactive effects. The first definition is a legal one. What makes marijuana a drug and coffee a beverage has little to do with the pharmacological effects of each substance. The second definition is more complicated. I was tempted to use the word ‘intoxicated’ rather then ‘psychoactive,’ but a whole range of substances, from tea and coffee to Prozac, which are entirely relevant to any discussion of drugs, can hardly be considered intoxicants. Nor, for that matter, is the word ‘intoxicating’ adequate to describe the radical alterity induced by smoking DMT (dimethyltryptamine). Louis Levine used the word ‘phantastica,’ which he defined as ‘the agents capable of effecting a modification of the cerebral functions, and used to obtain at will agreeable sensations of excitement or peace of mind. Contemporary psychedelic theorists prefer the term ‘psychedelic,’ meaning ‘mind-manifesting,’ or ‘entheogenic,’ meaning ‘realizing the divine within’” (Boon, 2002: 7).

Die term *dwelms* dek ’n wye veld wat onder andere stimulante soos koffie en nikotien, alkohol, pynstillers, hallusinogene (gemoedsveranderende) middels en vele ander insluit. In die afgelope dekades het dwelms ’n al hoe meer prominente rol begin speel op die terrein van die sielkunde en psigiatrie. Behandeling van probleme soos

depressie en die daarmee gepaardgaande ontwikkeling van middels soos Prozac en Ritalin, wat inderwaarheid dwelms is wat mense *normaal* moet laat voel en optree, speel ŉ al hoe groter rol in die hedendaagse lewe. Vir die doel van hierdie mini-verhandeling sal klem gelê word op die wyse waarop die kategorie narkotiese middels (opiate) - waarvan die dwelm opium en die byprodukte wat daaruit vervaardig word, morfien en kodeïne verteenwoordigend is - in literêre tematiek vergestalting vind. Uit hierdie groepering is semi-sintetiese opiate soos heroïne (1874) ontwikkel en nog later sintetiese opiate wat geheel en al in laboratoriums vervaardig word, soos Petidien en Wellconal (Wikipedia, the free encyclopedia – *Opium*).

Geen verkenning van die onderwerp - die rol van dwelms in letterkunde - sal volledig wees as daar nie ook na die rol van dagga (ook bekend as *marijuana, cannabis, hemp, hasjisj,* ensovoorts wat almal variasies van dieselfde dwelm is) gekyk word nie. "Die dwelm is so oud as die beskawing self en die gebruik daarvan word dikwels gesien as die vertrekpunt van verslawing" (Van Niekerk, 1998: 98).

Harry Anslinger, die kommissaris van die Federal Narcotics Bureau in Amerika en vurige teenstander van die misbruik van alle onwettige dwelmmiddels, sê in ŉ toespraak aan die Amerikaanse Kongres: "In Persia, a thousand years before Christ, there was a religious and military order founded which was called the Assassins, and they derived their name from the drug called hashish which is now known in this country as marihuana. They were noted for their acts of cruelty and the word 'assassins' very aptly describes the drug" (Anslinger, 1937).

Vandat Thomas De Quincey in 1821 met sy baanbrekerswerk *The Confessions of an English Opium-Eater* die wêreld van dwelms, en spesifiek opium, die lig laat sien het, is daar toenemend gefokus op die gebruik en/of misbruik van dwelms as ŉ tema binne die letterkunde. Of De Quincey die *vader* van hierdie tipe prosa was, is natuurlik debatteerbaar. Geskrifte oor die onderwerp het sy oorsprong al so ver terug as die Ou Testament (Kyk Hoofstuk 2). Wat hierdie verhandeling betref, sal *Confessions* geneem word as die vertrekpunt ten opsigte van dwelms se rol in die ontwikkeling van die onderwerp "dwelms in/en letterkunde" en dan spesifiek *dwelmprosa*.

**1.5) Invalshoeke**

Verskeie faktore moet in ag geneem word met betrekking tot die strukturering van hierdie verhandeling: Dwelmprosa kan benader word vanuit ʼn wye verskeidenheid literêr-teoretiese en/of tematiese invalshoeke. Wie is die rolspelers, waar en hoe is hulle geposisioneer en in watter ruimte bevind hulle hulself?

1.5.1) Kulture en subkulture in dwelms: *The Art and Popular Culture Encyclopedia* definieer hierdie dwelmkulture as volg: "Drug subcultures are examples of countercultures, primarily defined by recreational drug abuse. Drug subcultures are groups of people loosely united by a common understanding of the meaning and value (good or otherwise) of the incorporation into life of the drug in question. Such unity can take many forms, from friends who take the drug together, to full-scale political movements for the reform of drug laws.

"There are multiple drug subcultures based on the use of certain drugs – the subculture surrounding cannabis, for example, is very different from that of heroin, due to the different sort of experiences, sentiment amongst the crowd who is attracted to the drug in question, as well as the problems the users encounter" (The Art and Popular Culture Encyclopedia – *Drug subculture*).

Volgens Boon (2002) skep verskillende dwelms verskillende kulture. Hy verdeel dan ook sy verkenning van die onderwerp in vyf duidelik gedefinieerde groepe, naamlik narkotiese middels, anestetiese middels, marijuana, stimulante en die psigedeliese middels. Daar is ook subkulture soos die gay-kultuur, prostitusie, die jazz-kultuur, reggaemusiek, die hippiebeweging, ensovoorts, wat almal in ʼn mindere of meerdere mate gekoppel word aan ʼn spesifieke *dwelm*. In sy boek, *Tweede natuur* (2000), verken Johann de Lange, in detail, die gebruik/misbruik van dwelms, veral ecstasy, in die gay-milieu. Irvine Welsh is 'n skrywer wat die misbruik van ecstasy binne die rave-kultuur eksploiteer in 'n roman soos *Ecstasy* (1997).

1.5.2) Taalgebruik en terminologie van dwelmgebruikers en dwelmprosaskrywers kan sosiolinguisties ondersoek word. ʼn Skrywer soos Irvine

Welsh het met romans soos *Trainspotting* (1996), *Ecstasy* (1997), en *Glue* (2001) getoon dat, met dwelmmisbruik as tema, 'n wêreld met 'n taalgebruik van sy eie geskep kan word. Ook Piri Thomas wat in die Spaanse Haarlem-buurt in Manhattan gebore en opgegroei het, gebruik 'n spesifieke sosiolek om sy boodskap aan mense oor te dra. Hy raak deurmekaar met dwelms en dwelmhandelaars en word vir sewe jaar tronk toe gestuur. Nadat hy vrygelaat is besluit hy om die kennis, van onder andere dwelmverwante taalgebruik, wat hy opgedoen het in die tronk en agterbuurte, te gebruik om "hard-core youths" te help om weg te breek uit 'n wêreld van misdaad. In 1975 word *7 Long Time*s gepubliseer: ". . . . Say, did you ever mess with the hard stuff – that cocaine, heroin? Have you ever filled your nose with the wild kick coke brought or pushed a needle full of the other poison and felt the sharp-dull burning as it ate away your brain? Did you ever feel the down-gone-high as the drug took effect? And feel all your yearnings become sleepy memories and reality become illusion – and you are what you wanted to be?" (1975: Proloog).

Sekere terme is uniek aan die wêreld van dwelms. *Grass, boom, zol, coke, snow, uppers, downers, LSD* en vele ander is lankal nie meer onbekend aan lesers nie. Maar weet lesers werklik wat al hierdie name en terme beteken en wat die effek van al die verskillende dwelms op die mens se psige is? Verstaan hulle wat De Quincey bedoel met die "joys" en "pains" wat uitvloeisels is van dwelmmisbruik?

Johann de Lange gebruik hierdie *vreemde* taal en terme in *Tweede natuur* (2002): "Die grotagtige dak van die chillroom & die donker, swetende mure word my buitelyne. Ek strek so ver ek my kan indink, behaaglik om my uit & omvat alles & almal in my. Meng DNA met wie ook al by my verbyskuur. Intiem soos seks. Oers.

I want to dance all night

& fuck all day

I want cocaine on a breakfast tray

Is there a dealer in the house?

I want to get high

I don't want to come down" (De Lange, 2002: 61).

In die kortverhaal "Schmangled" kom die unieke name van dwelms en die verskillende soorte ecstasy wat jy kry in lang sinne na vore: "Maar dit was veral die somer van drugs, ecstasy, speed, acid, nexus, kokaïen, ketamien & meskalien. Dit was die somer van catch words soos serotonien & rush, pre-load, 5-HTP, Aurorix, van MDMA, die anagram van 'n god. Adam & Eve. Van Rolex, Diamonds, Mitsubishis, RN's, Pink Panthers, Pajeros, Pink Champagnes, Riddlers, Clowns, Tom & Jerrys, White Elephants, Tulips, Doves, Pounds, Wheelchairs, Millenniums, Ferraris, Stars. Ons is deur almal, & en elkeen het sy gunsteling gehad. Party van die pille was meer chattey, ander meer dancey. Hoe suiwerder die E, hoe meer empaties was jou trip. Baie smiles, hugs, bonding, chatting. Nie altyd so 'n sterk rush nie. E-tard heaven" (2000: 83).

Die term *drug prose* is al 'n geruime tyd deel van Engelse letterkunde. John Mullan byvoorbeeld, het in die *Guardian* (2004) 'n reeks artikels geskryf oor *drug prose*. In die uitgawe van Saterdag 20 November 2004 resenseer hy die boek *The Spell* van Alan Hollinghurst. Hy skryf: "When Alex, the central character in *The Spell*, takes ecstasy, the narrative takes it with him. In a shallow sleep we follow his 'racing dreams of ceaselessly mutating forms, bright and artificial as toy jewellery', we listen with him to the calls and voices that he cannot get out of his head. There ought to be a special term for this: narcopoeia, or some such. For the imitation by writers of the effects of drugs has a long literary tradition" (Mullan, 2004).

1.5.3) Resepsie-esteties gesproke kan lesers se weerstand teen wat jare lank gesien is as 'n taboe-onderwerp en sosiaal onaanvaarbaar, nie ontken word nie. Knight (1986) skryf: "Other books incorporating the techniques of first person narration and lurid stories of self-destruction followed until the 'diaries' became something of a cliché" (1986: 2). Kinders wil eksperimenteer met iets wat 'n mistieke kleur gekry het; ouers wil nie glo dat hulle kinders dit waag om te eksperimenteer met dwelms nie, omdat hulle gló dat hulle kinders goed en godvresend opgevoed is.

1.5.4) Wie is die leser wat geteiken word? Is dit die jeug of diegene wat die jeug moet opvoed? Of die volgende generasie? Die gevare wat dwelms en veral die

misbruik daarvan inhou, kan nie meer ontken word nie. Rehabilitasieklinieke (een van die eerstes is passend genoem die *De Quincey Home)* het wêreldwyd ontstaan en onlosmaaklik deel geword van die psige van moderne bestaan. Die jeug wil wéét waaroor dit gaan. Hulle eksperimenteer dikwels met middels wat lewensgevaarlik is en waarvan hulle geen kennis het nie. Tot watter mate het dit wat hulle lees van skrywers soos De Quincey, 'n invloed op die besluite wat hulle neem? Inligtingsprogramme word wêreldwyd geloods om mense bewus te maak van die gevare van dwelms en dwelmmisbruik. Verslawing onder die jeug neem toe en daar is vandag nog ouers wat glo dat hulle kinders reg grootgemaak is en dat dít goed genoeg is om die "gety" teen te hou.

Dit is dus, wat die gevare van dwelms betref, nie net die jeug wat geteiken word nie, maar ook die ouer generasie wat hulle geïsoleer het van iets wat vir hulle onaanvaarbaar is. Letterkunde is een van die mees effektiewe maniere om hierdie probleem aan te spreek.

1.5.5) Boodskap, propaganda of fiksie? Daar is verskillende maniere waarop *dwelmprosa* aangebied kan word. As dit in die vorm van ŉ boodskap is, moet dit só aangebied word dat dit lesers boei, nie afstoot of onbehoorlik aantrek nie. Daar is skrywers soos Charles Terry en Mildred Pellens (1928) wat beweer dat De Quincey se *Confessions* die plesier/genot wat uit die gebruik van opium geput word, sterker en meer oortuigend skets as die katastrofale gevolge wat verslawing aan hierdie dwelm tot gevolg het.

Terry en Pellens het in 1928 navorsing gedoen oor die effek wat die gebruik van narkotiese middels op die samelewing in daardie era gehad het en het hulle bevindinge bekend gemaak in ŉ oorsig van meer as ŉ duisend bladsye (*The Opium Problem:* 1928). Hulle doen ŉ breedvoerige studie oor die mate waarin die literatuur van De Quincey lesers gestimuleer het om te eksperimenteer met dwelms soos opium. Hulle beweer: "It is probable that even today of most of those who have come in contact with a considerable number of individuals suffering from chronic opium intoxication, there are few who have not known one or more who owed their first introduction to the drug to a perusal of De Quincey's sorry masterpiece. [ . . . ] It was

the forerunner of a host of other morbid and ill-conceived creations on the part of misleading writers who have chosen to apply what mediocre or other gifts they have had to the stimulating of exploitable desires and weaknesses" (In Boon, 2002: 60).

De Quincey se meesterstuk gaan in die jare wat voorlê steeds wêreldwyd gelees word. Negatiewe kritiek van hierdie aard gaan eerder lesers stimuleer om méér oor die onderwerp te lees. Talle ander bekende skrywers het intussen daaroor begin skryf en "gebalanseerde prosa", wat die onderwerp op die regte manier aanbied, is die enigste wyse om die negatiewe elemente wat in dwelmprosa uitgelig word, teen te werk.

Dwelmletterkunde kan op verskeie maniere aangebied word. Dit kan in die vorm van fiksie weergegee word, in outobiografiese of eerstepersoonsvertellings van eie ondervindings, in dagboekformaat, ensovoorts. As dit 'n *boodskap* moet wees, moet die leser hom/haar kan vereenselwig met die gebeure. Dit moet dus so geloofwaardig moontlik aangebied word. Daar het in die laaste tyd verskeie boeke in Afrikaans verskyn wat die onderwerp aanspreek. In haar artikel in *Rapport* (2010/07/03) het Carolyn Meads kommentaar gelewer oor die onlangse verskyning van literatuur wat die probleem van dwelmverslawing aanpak: "'n Ruk gelede het minstens twee boeke, een 'n outobiografie (*Hooked* deur Melinda Ferguson) en 'n roman (EKM Dido se *Emma en Nella*) waarin dwelmmisbruik aan die orde kom, ook die lig gesien." Sy sê verder: "Die Suid-Afrikaanse boeke wat hier bespreek word, val êrens tussen handleiding, moralisering of waarskuwing teen dwelms" (Meads, 2010)

Verskeie skrywers het al die gebruik van dwelms beskryf as misdaad. Die teenwoordigheid van misdaad gee die gebruik van dwelms 'n ander kleur en verander terselfdertyd die invalshoek. Dwelms en misdaad gaan gewoonlik hand-aan-hand met mekaar. Wetgewing word toenemend ontwikkel en aangepas rondom die misbruik van lewensgevaarlike dwelms. Aan die ander kant het drukgroepe wat hulle beywer vir die afskaffing van wetgewing wat dwelms soos dagga verbied, nuuswaardig momentum begin kry.

Die invalshoek waarvan hierdie mini-verhandeling gebruik sal maak, is om 'n definisie te skep van *dwelmprosa* en om die geskiedenis en ontwikkeling van die tematiek van dwelms in letterkunde te ondersoek.

## 1.6) Dwelmprosa – 'n Definisie

'n Voorlopige of werksdefinisie van *dwelmprosa*: *Dwelmprosa* is literatuur met 'n boodskap – dit is literêre tekste wat handel oor die tematiek van dwelms en dwelmmisbruik. Die basiese boodskap is dat dit gevaarlik is om met dwelms te eksperimenteer. Dit gee voorts die belewenis wat 'n individu, onder die invloed van verskillende dwelms, ervaar in kleurvolle en beskrywende taal weer. Aanvanklik sal De Quincey se "joys" die belewenis voorafgaan. Maar geleidelik sal dit omgesit word in "the pains" wat later die individu se lewe oorheers en uiteindelik oorskakel na 'n stryd van oorlewing en die lang pad na herstel. Dwelmprosa beskryf hierdie ketting van gebeure en verskillende vlakke van belewenis, vanaf die begin tot einde. Die proses van dwelmgebruik wat aanvanklik eufories is, maar mettertyd in dwelmmisbruik en verslawing verander en die lang proses en stryd na die oorkoming van die probleem en laastens onthouding of dood, kan as 'n reis van kontraste gesien word - soos De Quincey se "joys" en "pains" en Huxley se "heaven" en "hell" asook Cocteau se "ice and fiery lava".

### 1.6.1) Inleiding

Erik Davis (2002) lewer kommentaar oor Boon se boek, *The Road of Excess* (2002): "Literature has long played a powerful role in our basic understanding and experience of drugs. The 'inside' of the high is irreducibly subjective. Boon's book reveals some of our most imaginative literature to be embedded in botanical and chemical encounters that exist, in some sense, beyond the flickering firelights of signs. As Boon insists, drugs remain allegorical: devices of meaning as well as chemical change. These meanings demand to be read, not the way one reads an incriminating sample of urine, but the way one reads tea leaves" (Davis, 2002).

Die terrein van dwelmprosa is reeds ondersoek deur vele skrywers soos onder andere Marcus Boon in *The Road of Excess* (2002), Sadie Plant in *Writing on Drugs* (2001), *The Doors of Perception* en *Heaven and Hell* (1954) van Aldous Huxley, *Artificial Paradises*: *A Drugs Reader* (1999) van Mike Jay, asook John Mullen (2004) wat 'n reeks artikels oor die onderwerp in die *The Guardian* geskryf het. Hierdie mini-

verhandeling wil 'n oorsig gee van die manifestasies van dwelmprosa in wêreldletterkundes en dan, spesifiek, in die Suid-Afrikaanse literêre landskap.

### 1.6.2) Dwelmliteratuur

Erik Davis (2002) skryf: **"**Drug books occupy a curious niche in the world of letters. My local bookshop calls their section 'Altered States', and its volumes range between history, mysticism, natural science, user manuals, social policy and poetry. Drugs may be the ultimate object of interdisciplinary studies. What other field can encompass Alan Watts and Irvine Welsh, Walter Benjamin Essays and Advanced Techniques of Clandestine Psychedelic & Amphetamine Manufacture?" (Davis, 2002).

Dwelmliteratuur kom lankal nie meer net voor as romans (fiksie), outobiografieë, poësie, ensovoorts nie. Dit het ook deel geword van mediese joernale, die sielkunde asook navorsing oor die mediese wetenskap en verslawing. Robert E. Silverman skryf in sy boek *Psychology* (1974) in detail oor dwelmverslawing en die sielkunde daarom. Hy skryf oor dwelmnavorsing: "An important breakthrough in narcotics addiction control may be promised by recent research at Johns Hopkins conducted by Pert and Snyder, who discovered brain receptor cells to which opiates binds themselves. The opiates are not the only substances that become bound to the drug receptors. Some narcotic antagonists that block the narcotic effect also bind themselves to the drug receptors. When the antagonists become bound, they prevent the drug from affecting the individual. Scientists hope to use this information to find substances that will block addiction at its source in the human nervous system. The binding of such drugs as heroin and codeine to receptor cells has been called a 'lock and key system' because the drugs have been observed to fit into the cells like keys in their locks" (1974: 623).

Dwelms het in toenemende mate deur die jare deel geword van die alledaagse bestaan, hetsy in die mediese veld of weens die "recreational" (vir genot/ontspanning) gebruik daarvan. Dit is die taal van terapie en herstel, onthouding en terugvalle, die leuen van verdedigings-meganismes. Dwelmmisbruik, as tema, word in talle genres soos drama, poësie, outobiografieë en dagboeke, bykans onbewustelik, by die narratief ingewerk. Alle vorms van media word ingespan om boodskappe en inligting oor dwelms oor te

dra: tydskrifte, koerante, die radio en televisie en die afgelope dekades in toenemende mate op die internet in die vorm van blogs, joernale, inligtingstukke, ensovoorts. Op die internet kry ons vandag 'n POT-TV Network, webtuistes soos cannabisculture.com en tydskrifte soos *Marijuana Magazine*.

**1.6.3) Dwelmprosa**

Hoe isoleer jy *dwelmprosa* uit die omvattende begrip *dwelmliteratuur*? Davis (2002) sê: "The numinous ferocity of psychedelic experience demands visionary language, and yet most attempts are as compelling as bad Sci-Fi or a stranger's dream journal. At the same time, the sober approach, which uses the reasoned tones of psychology and comparative religion to carve out a fragile zone of legitimacy around the topic, often falls flat"(Davis, 2002).

Literêre en semi-literê tekste wat dwelms as tema het, hetsy dit die tema verheerlik, nugter beskryf en/of op die gevare van dwelmmisbruik fokus, is nie alles noodwendig dwelmprosa nie. Dwelmprosa is prosa wat nie pedanties of voorskriftelik is nie, dit kom nie voor in die vorm van traktaatjies en pamflette wat waarsku teen die gevare van dwelmmisbruik nie en is ook nie 'n handleiding wat inligting gee oor die feite rondom dwelms as sulks nie. Soms is dwelmprosa die weergawe van die fisiese ervaringe met 'n sekere tipe dwelm, dit vergestalt die "high" (Soos De Quincey se "joys") of die swaarkry ("the pains") wat gepaard gaan met die onoordeelkundige gebruik van dwelms.

Dwelmliteratuur kan breedweg gedefinieer word as "enige teks wat te make het met die tematiek van dwelms". 'n Goeie voorbeeld van dwelmliteratuur kom voor in Etienne van Heerden se *In stede van die liefde* (2005): "Die plant waarvan coke kom, Christine, is die Suid-Amerikaanse *Erythroxylon coca*, en die blare is in die ou tyd eksklusief gereserveer vir Inka-adelikes. Selfs ou Shakespeare, sê hulle, was daarop. Freud, die vader van die proses wat jy deurgaan, was natuurlik ook 'n man wat 'n lyn of twee gesnuif het. Sigmund skryf in die lente van 1884 aan Martha Bernayes, sy geliefde, dat hy in die haas onbekende middel *coca* belangstel" (2005: 96). Wie is hier aan die woord? Die skrywer wat geen ondervinding het van dwelmgebruik nie, of die verslaafde wat poog om sy eie gewete te sus deur vergelykings te tref? (My eie

siening - JWB) Die feit bly staan dat dit nie dwelmprosa is nie, maar eerder letterkunde oor dwelms (of anders ‘n saaklike beskouing oor dwelms).

In ‘n volgende paragraaf (2005: 95) het van Heerden die *verslaafde* aan die woord: “Kokaïne verskerp die fisieke en emosionele wêreld. Dit verskuif die grense en versnel nie net jou hart nie, maar ook jou gees. Jy word so bésig. Alles is skielik so helder. Jou logika vlym. Uit my stroom hierdie briewe. Ek sien dinge opnuut.

“Ek is ‘n ribbok op volspoed.

“Ek is ‘n woedende atleet, en ek hardloop soos ‘n veldbrand met ‘n wil.” Dit is kort, staccato sinne wat trefkrag het, net soos James Frey se *a million little pieces* (2004) wat in Hoofstuk 2 ter sprake kom.

Die vraag is of daar ‘n model saamgestel kan word, met riglyne en eienskappe wat ‘n raamwerk kan vorm waarbinne die begrip *dwelmprosa* nagevors kan word: Met ander woorde, aan watter eienskappe kan *dwelmprosa* geïdentifiseer, gemeet en beoordeel word?

**1.6.3.1) Eienskappe:**

Om die begrip *dwelmprosa* af te kamp en te definieer, is nie eenvoudig nie. In De Quincey se *Confessions* (1821) is dit nie ’n probleem nie. Dit is bloot “The joys of opium”, en “The pains”. Eugène Marais skryf in *Die siel van die aap* (Rousseau, 1984): “De Quincey, in bewoording wat vir poëtiese skoonheid selde in enige letterkunde geëwenaar is, beskrywe die oneindige verdriet en lyding van die siel. Deur al ons bepeinsinge klink ’n ewige vaarwel; oor alles hang die skadu van die dood, die oneer van die graf. Maar daar verskyn ’n gebenedyde Wese met die sleutels van die Paradys, wat vir ’n kort tydjie alles regmaak; wat in een moment tempels en paleise vir die ongelukkige op die doek van die duisternis bou. Die salige Wese in hierdie instansie is Opium!” (Rousseau, 1984).

Maar dit is slegs die begin. Aan die einde van sy *Confessions* skryf De Quincey oor die effek wat opium op sy lewe gehad het en steeds het: "One memorial of my former condition nevertheless remains: my dreams are not calm; the dread swell and agitation of the storm have not wholly subsided; the legions that encamped in them are drawing off, but not all departed; my sleep is still tumultuous, and, like the gates of Paradise to our first parents when looking back from afar, it is still (in the tremendous line of Milton)

'With dreadful faces throng'd and fiery arms'" (De Quincey, 1821: 327)

'n Verwysing na dwelmprosa kom alreeds na vore in unieke titels soos *Die groot verlange* (Rousseau, 2005), *Confessions of an English Opium-Eater* (De Quincey, 1821), *The Flowers of Evil* (Baudelaire, 1857), *a million little pieces* (Frey, 2003), *The Doors of Perception* en *Heaven and Hell* (Huxley, 1952 en 1954), *Seks en drugs en boeremusiek* (Koos A. Kombuis, 2000), *Donker liefde. My verhouding met heroïne* (Venter, 2007) en vele meer.

Wat sou die eienskappe van dwelmprosa wees wat dit onderskei van ander tipes prosa? Watter tegnieke gebruik en verfyn skrywers wat onder die invloed van verdowingsmiddels is of vasgevang voel in die web waarin hulle besig is om hulle self toe te spin? Daar is beslis tegnieke wat dwelmliteratuur-skrywers aanwend om hulle belewenis met dwelms weer te gee, anders as op konvensionele wyses. Volgens skrywer is die belangrikste, onder andere, die volgende:

Die eerste is **Beeldspraak.** In *Literêre terme en teorieë* (1992) word *beeldspraak* as 'n woordskildery beskryf. "Beeldspraak (imagery) is 'n versamelnaam en verwys na al beelde wat in 'n teks of teksgedeelte voorkom gesamentlik." en "Dit is haas vanselfsprekend dat daar 'n noue verband bestaan tussen beeld en 'verbeelding', die vermoë om beelde te skep of voorstellings voor die geestesoog te maak" (Cloete, 1992: 22).

In dwelmprosa neem hierdie beelde dikwels 'n onwerklike/mistieke vorm aan. Dwelms soos LSD en in 'n mindere mate dagga veroorsaak hallusinasies of drogbeelde. Dit is beelde wat in 'n kunsmatig geskepte ruimte voorkom. Sulke beelde word deur skrywers gebruik om atmosfeer te skep en 'n gevoel van euforie weer te

gee. In *Literêre terme en teorieë* (1992) word geskryf: "Beelde wat nie van 'n bepaalde konteks afhanklik is vir hulle betekenis nie, maar wat gebaseer is op of teruggryp na die heel basiese menslike ervarings (soos primordiale instinkte, diepgewortelde magte, vrese en begeertes in wat Jung die 'kollektiewe onbewuste' noem) staan bekend as argetipiese beelde. Argetipiese beelde sluit in die basiese en universele opposisies soos duisternis en lig, die wisseling van seisoene en al die mitiese toevoegings wat deur die eeue tot hierdie soort *beeldspraak* gemaak is, maar ook sekere algemeen-menslike situasies, karakters en sielkundige toestande soos die antagonisme tussen ouer en kind, die verworpe vrou, die mens se 'soeke' na identiteit, sy 'wortels' of geestelike verlossing word as argetipiese beelde beskou" (Cloete, 1992: 24).

Hierdie eienskap word nog verder geneem: "Indien 'n bepaalde beeld herhaaldelik voorkom, kan dit simboliese waarde verkry sodat die beeld – wat dan 'n simbool genoem word – telkens 'n hele reeks betekenisse en emosies oproep" (Soos die beeld van die trein met sy ysterwiele wat vertrap en vergruis in *Tussen middernag en dagbreek* – sien Hoofstuk 4).

In die Afrikaanse letterkunde maak Johann de Lange in *Tweede natuur* telkens van fantasmagoriese beeldspraak gebruik om die dwelmervaring op E en ander hallusinogene dwelms te beskryf: "My gedagtes soos blare ontvou om 'n groot poets te onthul: die chill room, die klub, Cristof & Almeru se gesigte, die hele ervaring het 'n nat, druppende kwaliteit, soos 'n foto wat uit die chemikalieë gelig word. Alles superskerp in fokus, net om die volgende oomblik weer uitmekaar te spat soos 'n superrealistiese foto in 'n menger" (2000: 73), of: "Hy word in die ryk goue brokaat van die musiek ingeweef" (2000: 46). Geen ander Suid-Afrikaanse skrywer het dit al beter gedoen nie.

Tweedens is daar die **bewussynstroomtegniek**. In *Literêre terme en teorieë* word die volgende geskryf oor die *bewussynstroomverhaal* (Cloete, 1992: 41): "Onder invloed van ontdekkings soos die outonome bewussyn, die sentrale rol van die onderbewuste in die dieptepsigologie (W. James, S. Freud en C.G. Jung) en die fenomenologiese en eksistensialistiese stromings in die filosofie, word daar in die moderne *bewussynstroomverhaal* gestreef na 'n outentieker weergawe van die innerlike van die individu as vroeër. Met behulp van tegnieke soos die vrye indirekte rede en die

innerlike monoloog word gepoog om die illusie te skep van die direkte weergawe van die 'verbystromende' gebeure in die bewussyn van die karakter(s) soos dit van oomblik tot oomblik geregistreer word." En verder: "Seker een van die belangrikste grondmotiewe in die bewussynstroomverhaal is die totale en dikwels onversoenbare vervreemding tussen mens en werklikheid. Vandaar dan ook die besondere klem in hierdie verhaalsoort op die binnelewe van die mens, die gebeurtenisse in die bewussyn van die karakter(s), terwyl, dinge in die hier-en-nou ervaar word. Die buitewêreld kom derhalwe hoofsaaklik of uitsluitlik ter sprake as simbolies geïnterpreteer as gesubjektiveer deur die belewende bewussyn" (1992: 42).

In *Tweede natuur* (2000) beskryf Johann de Lange in narratief wat na beide beeldspraak en bewussynstroomtegniek neig, die potpourri van belewenis en verbeelding van 'n "trip" op LSD, ecstasy en "poppers": "Johann voel hoe die headrush hom beetpak, & binne sekondes die patina van al sy sintuie wegbrand. Kleur & klank stroom in deur sy oë & ore, sy vel. Sy gedagtes ontplof in alle rigtings soos die mooiste vuurwerke wat hy nog gesien het & hy gaan doodstil staan.  Al sy boundaries dissolve. Sy sence of self desintegreer. Sy bewussyn bars oop van die inhoude & wêrelde wat Suzuki op sy donker draaitafels uitspeel, & uit al die nate & skeure peul nog meer wêrelde, klanke, beelde, cartoon characters & storielyne. Hy het geen konsep meer van sy lyf nie. Hy het self iets van 'n techno cyborg geword, 'n potpourri van klank & lig & fractal thoughts. 'n Rubick's cube wat met elke beat verder & verder van sy oorspronklike eenvoud verdraaid raak" (2000: 52).

Ook Etienne van Heerden maak gebruik van hierdie tegniek in *In stede van die liefde* (2005). In die briewe wat Christiaan aan Christine skryf, beskryf hy sy dwelmmisbruik en die dubbele lewe wat hy lei in detail (Van Heerden, 2005).

In *Writing Fiction* (2009), skryf Linda Anderson and Derek Neale: "Stream of consciousness was the phrase first used by the psychologist William James to describe the ceaseless, random flow of thoughts, ideas, memories, and fantasies in people's minds. [ . . . ] These writers tried to mimic psychological reality, capturing the crazy paving of the human mind." In die laaste paragraaf van die spesifieke hoofstuk sê hulle: "Untrammelled stream of consciousness can slow narrative pace since it is inevitably rambling and unfocused. But it can be an effective technique to use in short

bursts, particularly for rants, *intoxicated states of mind* (my kursivering – JWB), or traumatised moments" (2009: 121, 122).

ʼn Verskeidenheid ander begrippe word instrumenteel in dwelmprosa gebruik, soos onder meer mistiese terminologie. Mistiek word in *Literêre terme en teorieë* as volg gedefinieer: "Die begrip het uiteenlopende definisies, maar kan wesenlik omskryf word as die herkenning van en die ontmoeting en vereniging met die goddelike. [ . . . ] Mistiek is ʼn begrip in die godsdiens en literatuur wat egter ook algemeen gebruik word in die onnoukeurige sin van die 'geheimsinnige' of 'vreemde'" (Cloete, 1992: 311).

Dwelmprosaskrywers soos William Burroughs en die digter Dylan Thomas is skrywers wat surrealistiese tegnieke aanwend om hul boodskappe van dwelmgebruik oor te dra. "Met die psigoanalise en okkultisme as wegwysers het die *Surrealisme* geestestoestande soos die droom en hallusinasie verken" (Cloete, 1992: 513).

Jean Cocteau skryf in *Opium: The Diary of a Cure* (1930) min oor die genot wat hy uit die gebruik van opium geput het. Dit gaan hier oor die uitbeelding van swaarkry en tog sê hy: "Do not expect me to be a traitor. Of course opium is unique and the euphoria it induces superior to that of health. I owe it my perfect hours. It is a pity that instead of perfecting curative techniques medicine does not try to render opium harmless." Hy sê minder as De Quincey oor die *joys* van opium, maar vra tog die vrae wat so dikwels in dwelmprosa voorkom: "Is suffering a regulation or a lyrical interlude? It seems to me that on earth so old, so wrinkled, so painted, where so many compromises and laughable conventions are rife, opium (if its harmful effects could be eliminated) would soften people's manners and would cause more good than the fever of activity causes harm" (Cocteau, 1957: 24).

Die vertalers van Cocteau se *Opium. The Diary of a Cure* (Crossland en Road, 1957: 1) merk in die inleiding tot die vertaalde werk op: "Living in the twentieth century is so intolerably dull or exasperating for so many people that a great number of them, in the hope of creating escape, excitement or rest, force their body and soul into a monstrous union by taking drugs. Even greater numbers of people who lack the courage to take them enjoy reading books about those who do. Cocteau's contributions to this curious branch of literature are unique. It evokes the night and

day of the opium world in a style of its own, through drawings that are tranquil or agonized, and though writing them is 'sensational' only in the original meaning of the word, by which unnatural states are transmuted into an ashen poetry, until even the smoke that rises from the cabins of the Saïgon boat turns into the grey clouds of distant olive trees" (1957: 11).

Dwelmprosa word dikwels geïntegreer met ander prosastyle, soos realisme en magiese realisme, en staan selde as 'n teks op sy eie. Davis (2002) skryf: "The diversity of perceptives makes sense, and not just because drugs themselves are such shifty characters. Drugs are mercurial because of your own desire – specifically, the perennial human hunger for euphoria, intensity, transcendence. This leads to what you could call spiritual hedonism – a paradoxical desire, at the very least, explains the links drug lit shares with both erotica and the occult. In all three genres, heroic experimentalists wager madness and obsession in the quest for insight and pleasure, while languages both technical and seductive detail psychophysical techniques that promise transformation, or at least flights of fancy. And behind it all, driving the delicious frisson, is the absurd but suggestive gap between experience and the written word" *(Bookforum*: 2002).

Aan die einde van die inleiding deur die vertalers van Cocteau's se *Opium* (1957) merk hulle op: "But Cocteau's description of the actual cure, the stages in being 'weaned' as he says, from the milk of Paradise, has an undeniable value. This aspect of the journal contributes something that cannot be found in any medical treatise or in any of those flat, dull books whose authors try to communicate their experiences with drugs" (1957: 12).

### 1.6.3.2 Opsomming

Dit is duidelik dat die begrip *dwelmprosa* nie in een of twee paragrawe opgesom kan word nie. Dwelmprosa ontwikkel saam met die dwelmmiddels en verander soos die mens en die situasies waarin hy hom bevind, verander. Soms is woorde nie genoeg om die belewenis en die lyding uit te beeld nie. In *Opium* maak Cocteau ook gebruik van sketse om die skrikwekkende impak wat die onttrekking van opium op die verslaafde het, so realisties as moontlik weer te gee: "I am describing a cure: a wound

in slow motion. The drawings which follow are cries of pain in slow motion, and the notes are the stages in passing from a state considered as abnormal to a state considered as normal." Hy som op: "I am writing these lines after twelve days and twelve nights without sleep. I leave to the drawings the task of expressing the tortures inflicted by medical impotence on those who drive out a remedy which is in process of becoming a despot" (1957: 21).

*Dwelmprosa* poog dan om die vreemde en kleurvolle droomwêreld van die dwelmervaring realisties weer te gee; daardie wêreld van hallusinasies en drogbeelde en kunsmatige rustigheid en vrede. Dit is die taal van verslawing en genesing, rehabilitasiesentrums en misdaad, ŉ taal van stryd en hoop en wanhoop. Dit is kommunikasie van oorwinning en nederlaag waarna almal een of ander tyd sal moet luister, omdat dit onlosmaaklik deel geword het van die hedendaagse samelewing. Terselfdertyd is dit ook ŉ tema wat met groot omsigtigheid en verantwoordelikheid hanteer moet word.

Die studie word in die volgende drie hoofstukke ontplooi en in Hoofstuk 5 kortliks opgesom:

Hoofstuk 2: Die geskiedenis en ontwikkeling van die tematiek van dwelms in/en letterkunde.

Hoofstuk 3: ŉ Verkenning van dwelmprosa in die Suid-Afrikaanse literêre konteks.

Hoofstuk 4: *Tussen middernag en dagbreek*: ŉ Evaluasie van die genoemde teks aan die voorafgaande riglyne en persepsies met betrekking tot dwelmprosa.

Hoofstuk 5: Slot, samevatting en bevindinge.

Om die onderwerp sinvol te maak sal, in 'n bylaag, ŉ opsomming gemaak word van die verskillende tipes dwelms wat in die verlede en tans ŉ rol gespeel het, en steeds speel, in die uiteindelike totstandkoming van dwelmletterkunde (Bylaag 2).

*

# Hoofstuk 2

## Die geskiedenis van dwelms en die ontwikkeling van dwelmtematiek

### 2.1) Inleiding

In hierdie hoofstuk sal daar gekyk word na die geskiedenis van dwelms oor die jare en dan ook, kortliks, na die ontwikkeling van die tematiek van dwelms in letterkunde. Daar sal gekyk word na van die skrywers wat deur die jare 'n belangrike rol gespeel het in die ontwikkeling van dwelmletterkunde.

### 2.2) Geskiedenis van dwelms

Dwelms, in hul vele uiteenlopende vorms, het al ontstaan sedert die vroegste tye. Alkohol kom oor die hele spektrum van die Ou Testament ter sprake. Die oudste historiese inligting oor die gebruik van alkohol strek so ver terug as 3500 v.C. met die beskrywing, op Egiptiese papirus, van ŉ brouery. In die jaar 450 v.C. word daar in die Babiloniese Talmud geskryf: "Wine is at the head of all medicines; where wine is lacking, drugs are necessary." In die Bybel word daar telkens verwys na alkohol. Psalm104:14 - 15: "U laat die gras uitspruit vir die diere, en groen plante vir die mens sodat hy sy kos uit die aarde kan kry: wyn om mense se harte bly te maak." In Spreuke 31:6 - 7 staan daar: "Gee drank aan dié wat besig is om onder te gaan, laat die wat swaar ly, drink; as so 'n mens drink, vergeet hy van sy armoede en dink hy nie meer aan sy moeilikheid nie." Selfs die Bybel is as ŉ vorm van verdowing gesien. In 1229 reik die geestelike leiers in Toulouse die volgende verklaring uit: "We also forbid the laity to possess any of the books of the Old or New Testament ... that any should have these books translated into the vulgar tongue we strictly forbid". Die vroegste verwysing na tee dateer terug na 350 n.C. in ŉ Chinese woordeboek. In 1493 keer Columbus terug van sy ontdekkingstog na Amerika en bring tabak saam (Internet – *Trivia on History of legal and Illegal Drugs*).

ŉ Verskeidenheid plantaardige middels en kruie word al van die vroegste tye gebruik as pynstillers, slaapmiddels, ensovoorts. Die gebruik van opium strek so ver terug as menseheugenis. Die Siriese, Egiptiese, Griekse en Romeinse ryke, onder andere, het

almal gebruik gemaak van opium vir verdowing in verskillende vorms. Groot hoeveelhede papawersaad-kapsules wat terugdateer na 4200 v.C. is in die "Vlermuisgrot" in Spanje ontdek. Inligting oor die verbouing van die opiumpapawer strek so ver terug as 3400 v.C. in Mesopotamië. Die oudste rekord oor die gebruik van papawersaad dateer terug na 2500 v.C. Die Griekse geneesheer, Galenus, het opium voorgeskryf vir kwale soos hoofpyn, doofheid, epilepsie, neerslagtigheid, asma, griep, ensovoorts. Opium is algemeen gebruik in godsdienstige rituele. Dit word beskou as die sterkste pynstiller bekend, en as sulks beskryf in *The Canon of Medicine.* Hierdie klassieke teks, wat in 1175 in Latyn en later in verskeie ander tale vertaal is, is tot en met die einde van die sewentiende eeu wyd gebruik as erkende mediese handleiding. Opium word ook genoem in eeue-oue mediese tekste, insluitende die *Ebers Papirus* en die geskrifte van Dioscorides en Galenus (Wikipedia, the free encyclopedia: *Opium*).

Die beroemde Britse handelaar, William Jardine, het van die handel in opium die volgende te sê gehad: "The safest and most gentlemanlike speculation I am aware of." Hy en sy vennoot het agtien goed toegeruste skepe gehad vir die vervoer van en handel in opium. Daar was selfs al oorloë gevoer oor opium: In die Opiumoorlog (1839 tot 1842) het Engeland China verslaan om sodoende Engeland se handel in opium aan China se bevolking te waarborg (Internet – *Drugs. A Long and Varied History.Types of Narcotics*).

Laudanum, 'n mengsel van alkohol, kruie en opium, is deur Paracelsus, 'n 16-eeuse Switsers-Duitse alchemis, ontwikkel. Hy het ontdek dat die alkaloïdes in opium baie meer oplosbaar is in alkohol as in water. Hy het geëksperimenteer met verskillende vermengings van opium en tinkture daavan ontwikkel wat besonder effektief was om pyn te verlig (Wikipedia, the free encyclopedia: *Laudanum).*

In 1803 isoleer die Duitse wetenskaplike Friederich Wilhelm Sertürner die alkaloïede morfien, die primêr aktiewe bestanddeel in opium. Die benaming, morfien, word afgelei van Morpheus, die Griekse God van slaap. In 1832 isoleer Piere-Jean Robiquet, 'n Franse wetenskaplike, nog 'n alkaloïed, kodeïne, 'n verdowingsmiddel wat nie so sterk is soos morfien nie. Heroïne, die gevaarlikste bestanddeel van papawersaad, word in 1874 deur C.R. Alder Wright gesintetiseer (Internet - *Drugs. A Long and Varied History. Types of Narcotics*).

Kafeïen en nikotien uitgesluit, is marijuana, behalwe vir alkohol, die gewildste verdowingsmiddel wat daar is. Marijuana word teen 1000 v.C. reeds in Indië gebruik vir ontspanning/plesier ("recreational use"). Marijuana word wêreldwyd bekend vanaf die tydperk 500 n.C. Die historiese agtergrond daarvan is egter nie so deeglik gedokumenteer soos die geval is met opium nie (Internet - *History Of Marijuana. Intoxicant Use*).

**2.3 Die geskiedenis van dwelmliteratuur**

Min navorsers kan seker fout vind met die aanname dat Thomas de Quincey se boek *Confessions of an English Opium-Eater* (1881) vir die eerste keer 'n bewuswording van die wêreld van dwelms na die man op straat gebring het. De Quincey se teks was egter net die begin van wat vandag bekend is as *dwelmliteratuur.* Edgar Allan Poe skryf in 1838 die verhaal "Ligeia" waarin die hoofkarakter verslaaf raak aan opium. Aan die einde van die negentiende eeu neem die verwysing na opium en opiumverslawing in die konteks van misdaad groter afmetings aan. Skrywers soos Charles Dickens (1870 – *The Mystery of Edwin Drood*), Arthur Conan Doyle (1891 – In die Sherlock Holmesverhaal *The Man with the Twisted Lip* waarin een van die karakters met opium eksperimenteer nadat hy *Confessions* gelees het) en Oscar Wilde (*The Picture of Dorian Grey* - 1890) is maar enkele van die bekende skrywers wat hierdie onderwerp as tema in hulle werk gebruik het (Wikipedia, the free encyclopedia: *Opium*).

Skrywers wat deur Boon bestempel word as "the usual Drug Lit Suspects" sluit onder andere in: De Quincey, Charles Baudelaire, Samuel Taylor Coleridge, William Burroughs, Tom Wolfe, Phillip K Dick en Jack Kerouac. Stephen King noem skrywers soos Hemingway, Fitzgerald, Sherwood Anderson en die digter Dylan Thomas as skrywers wat gedurende die twintigste eeu 'n beduidende rol gespeel het in die skepping van *Drug Literature* (King, 2000). In Amerika was *No Bed of Roses* (1930) deur die anonieme O.W. 'n treffer. Anna Kavan (1901 – 1968) die dogter van 'n mediese dokter, het op 'n jeugdige ouderdom verslaaf geraak aan heroïne. Uit haar pen kom die dwelmprosameesterstuk *Julia and the Bazooka* (1970).

Marcus Boon stem saam dat dwelms al jare voor De Quincey hul invloed op die samelewing laat geld het. Hy merk egter tereg op dat niemand, voor *Confessions*, werklik literêr oor die onderwerp geskryf het nie. Ná De Quincey het al hoe meer skrywers begin om die tematiek van dwelms letterkundig te beklemtoon.

ʼn Aantal skrywers figureer prominent in dwelmletterkunde. Dit is opvallend dat heelwat van hierdie skrywers ʼn "dwelmvoorkeur" gehad het, alhoewel dwelmmisbruik/-gebruik, gekoppel aan ʼn spesifieke dwelm, nie veralgemeen kan word nie.

## 2.4) Dwelmtematiek

### 2.4.1) **Thomas De Quincey** – Laudanum/opium

De Quincey word algemeen aanvaar as die eerste persoon wat sy gebruik van opium en die effek wat dit op hom gehad het, letterkundig beskryf het. Dit is opvallend dat hy sy *Confessions* begin met twyfel oor wanneer presies hy dit begin gebruik het. Hy weet dat dit in 1804 in Londen was, maar is onseker of dit in die lente of herfs van daardie jaar was. Die beskrywing van sy eerste dwelmervaring is miskien die eerste stap wat dwelmletterkunde in die geskiedenis van letterkunde gegee het: "But I took it; and in an hour, O heavens! What a revulsion! What a resurrection from its lower depths, of the inner spirits! what an apocalypse of the world within me! That my pains had vanished was now a trifle in my eyes; this negative effect was swallowed up in the immensity of those positive effects which had opened before me, in the divine enjoyment thus suddenly revealed. Here was a panacea for all human woes, here was the secret of happiness, about which philosophers had disputed for so many ages, at once discovered; happiness might now be bought for a penny, and carried in the waistcoat-pocket; and peace of mind could be sent down by the mail" (*The Revised Confessions*, 262).

Maar jare later besef hy dat hy verslaaf is, en dat "joy" wat die dwelm hom gegee het verander in het "pain": "But now farewell, a long farewell, to happiness, winter or summer! farewell to smiles and laughter! farewell to peace of mind, to tranquil

dreams, and to the blessed consolations of sleep. For more than three years and a half I am summoned away from these. Here opens upon me an Iliad of woes: for I now enter upon:

*The Pains of Opium*

*'As when some great painter dips*

*His pencil in the gloom of earthquake and eclipse'*

*(Shelley's Revolt of Islam)."*

(*The Revised Confessions*, 1956: 292)

De Quincey se *Confessions of an English Opium-Eater (1821)* was deur die jare blootgestel aan die uiterstes van negatiewe en positiewe kritiek. Sy *Confessions* is in twee dele verdeel: "The pleasures/joys of opium" en "The pains of opium." Sy kritici het al beweer dat sy weergawe van die genot wat sy ervaring hom gegee het, die negatiewe effek ver oorskry. Daar is voorts al dikwels geskryf dat De Quincey daarvoor verantwoordelik was dat baie mense sy beskrywings só indrukwekkend gevind het, dat hulle aan opium verslaaf geraak het (Boon, 2002: 60).

Aan die ander kant kan die letterkundige waarde van sy *Confessions* gesien word as 'n hoogtepunt in die geskiedenis van dwelmprosa.

**2.4.2) Samuel Taylor Coleridge** – Opium

Beide De Quincey en Coleridge het mediese redes voorgehou as die oorsaak dat hulle opium begin gebruik het. Coleridge skryf in 'n brief aan Joseph Cottle: I was seduced into the ACCURSED habit ignorantly – I had been almost bed ridden for many months with swelling in my knees – in a medical journal I happily met with an account of a cure performed in a similar case ... By rubbing in of Laudanum, at the same time taking a given dose internally – it acted like a charm, like a miracle!" Hy skryf dat die probleem na 'n wyle teruggekom het en soos De Quincey begin die "pains of opium" hom folter: "The supposed remedy was recurred to – but I cannot go thro' the dreary history – Suffice to say, that effects were produced, which acted on

me by Terror & Cowardice of PAIN and sudden death" (Wikipedia, the free encyclopedia: *Coleridge and opium*).

Coleridge het die grootste deel van sy lewe 'n stryd gehad om sy gebruik van laudanum onder beheer te hou. In die tweede deel van 1790's was hy besonder entoesiasties oor opium. In 'n brief, geskryf in 1798, sê hy: "Laudanum gave me repose, not sleep: but YOU, I believe, know how divine that repose is – what a spot of enchantment, a green spot of fountains, & flowers & trees, in the very heart of a waste of sands!" En in 'n volgende brief: "I should much wish, like the Indian Vishnu, to float along an infinite ocean cradled in the flower of the Lotus, and wake once in a million years for a few minutes – just to know that I was going to sleep a million years more" (Boone, 2002: 33).

Die skrywer se bekendste werk, "Kubla Khan", is in 1789 onder die invloed van opium geskryf. Nadat hy uit sy bedwelming wakker word, skryf hy 'n gedig oor 'n Chinese Keiser. Die gedig word om onverklaarbare redes nooit voltooi nie. Coleridge se verslawing is uiteindelik die oorsaak van sy dood.

"Weave a circle round him thrice,
And close your eyes with holy dread,
For he on honey-dew hath fed,
And drunk the milk of Paradise."
(Uit "Kubla Kahn" – 1789).

Daar is min twyfel dat hy met hierdie aanhaling opium in gedagte gehad het.

### 2.4.3) **Charles Baudelaire** – Hasjisj en opium

Baudelaire was 'n stigterslid van die Club de Hachichens tussen 1844 en 1849, 'n beweging wat onder andere ook lede soos Alexandre Dumas en Eugene Delacroix as lede gehad het. Baudelaire het omvangryk geskryf oor die gebruik van hasjisj, opium en het onder meer gesê: "Among the drugs most efficient in creating what I call the

artificial ideal ... the most convenient and the most handy are hashish and opium" (Internet – *Drugs uncovered: A brief history of drugs in literature*).

**2.3.4) Robert Louis Stevenson** – Kokaïne.

*The strange case of Dr Jekyll and Mr. Hyde* (1886) is geskryf oor 'n tydperk van ses dae waartydens Stevenson konstant onder die invloed van kokaïne was. Sy vrou, Fanny, het later gesê: "That an invalid in my husband's condition of health should be able to perform the manual labor of putting 60 000 words on paper in six days, seems almost incredible" (Internet – *Drugs uncovered: A brief history of drugs in literature*).

**2.4.5) Aldous Huxley** – Meskalien

Huxley het in 1954 *The Doors of Perception* geskryf. Die boek handel in detail oor sy eksperimente met meskalien wat 'n hallusinogene middel is, afkomstig van die Peyotekaktus. Een toneel uit die boek lui soos volg: Huxley het vroeër die dag na 'n vaas met drie verskillende soorte blomme in sit en kyk. Nadat hy die pil gedrink het, verander alles en hy skryf: "At breakfast that morning I had been struck by the lively dissonance of its colors. But that was no longer the point. I was not looking now at an unusual flower arangement. I was seeing what Adam had seen on the morning of his creation - the miracle, moment by moment, of naked existence" (1954: 17).

**2.4.6) Jack Kerouac** – Benzedrine

Dit het Jack Kerouac minder as drie weke geneem om *On the Road* te skryf, maar uiteindelik nog vyf jaar om die werk te redigeer. Kerouac was alombekend as een van die Beat skrywers. In John Mullan se kommentaar in die *Guardian* oor *On the Road* (1957) skryf hy: "The novel was written rapidly on large quantities of Benzidrene and reproduces the effects of amphetamines. Sentences that talk of 'the rhythm and the IT of our final excited joy in talking and living to the blank tranced end of all innumerable riotous angelic particulars that had been lurking in our souls all our lives are pretty 'tranced'" (Mullan, 2004).

In *The Road of Excess* (2002) skryf Boon: "According to legend, Kerouac wrote a draft of *On the Road* in 1951, in a period of two to three weeks, by feeding a roll of shelf paper into a typewriter. Clellon Holmes remembers that 'when I visited him a few days after that I heard his typewriter (as I came up the stairs) clattering away without pause, and watched, with some incredulity, as he unrolled the manuscript thirty feet beyond the machine in search of a choice passage. Two and a half weeks later, I read the finished book, which had become a scroll three inches thick made up of one single-spaced, unbroken paragraph 120 feet long'" (Boon, 2002: 197).

**2.3.7) William Burroughs** – Heroïne/Eukodol

Burroughs was bevriend met Kerouac en aan 'n verskeidenheid dwelms verslaaf waarvan heroïne die mees prominente was. Hy het sy ondervinding van dwelms gebruik om boeke soos *Junkie* (1953) en *Naked Lunch* (1959) te skryf. Laasgenoemde boek is oorspronklik deur Olympia gepubliseer as *The Naked Lunch*, sonder goedkeuring van die skrywer. Die Amerikaanse weergawe was *Naked Lunch* wat heelwat verskil het van en gebaseer was op 'n uitgawe in die besit van Allen Ginsberg. *Naked Lunch* is in Tangier, Marokko, geskryf, terwyl Burroughs onder die invloed van marijuana en 'n opiaat, Eukodol, was.

"In Tangier, my typewriter in hock to buy Eukodol, a chemical derivative of codeine, finally outlawed, owing to side effect of euphoria, hits like a speedball, Kid.

There is an end of the world feeling in Tangiers with Swiss watches, Scotch and sex and opiates sold across the counter. When the druggist sells me my daily box of Eukodol ampoules he smirks like I had picked up the bait to a trap. The whole town is a trap and someday it will close. Not a snap shut but close slowly. We will see it closing, but there will be no escape, no place to go" (Internet – *Eukodol*).

**2.4.8) Phillip K Dick** – Speed

Dick het veral bekendheid verwerf met sy wetenskapsfiksieverhale en ook weens die gebruik van stimulante soos speed en hallusinogene middels wat die inspirasie vir die meerderheid van sy werk was. Semoxydrine, 'n dwelm soortgelyk aan speed, het hom in staat gestel om oor 'n tydperk van twaalf maande, tussen 1963 en 1964, elf wetenskapsfiksieromans en verskeie essays en kortverhale te skryf (Internet – *Drugs uncovered: A brief history of drugs in literature* | Society | The Observer).

**2.4.9) Hunter S Thompson** – Meskalien en 'n verskeidenheid ander

Thompson het sy "berugte" werk, *Fear and Loathing in Las Vegas* in 1972 geskryf. Die roman is outobiografies en is 'n weergawe van twee besoeke wat Thompson en 'n prokureur, Oscar Zeta Acosta, aan Las Vegas gebring het om onder andere 'n artikel te skryf vir *Sports Illustrated* (wat nooit die artikel aanvaar het nie). Die teks word uiteindelik in twee dele in *Rolling Stone Magazine* gepubliseer. Die roman het nie 'n duidelike tema nie en verval tekens in surrealistiese tonele. Dit handel oor 'n joernalis wat saam met sy prokureur vroeg in die 70's in Las Vegas aankom om verslag te lewer oor die Mint 400-motorfietswedren. Hulle los die werk en begin eksperimenteer met 'n verskeidenheid dwelms, onder andere LSD, kokaine en meskalien. Dit lei tot bisarre hallusinasies waartydens hulle hotelkamers en voertuie verniel. Uit *Fear and Loathing in Las Vegas* kom die bekende uitdrukking, "Too weird to live, too rare to die" (Wikipedia, the free encyclopedia. *Fear and Loathing in Las Vegas*).

Op die ouderdom van 67 pleeg hy selfmoord: "His apparent suicide note, left four days before he died, was a telling insight into the bald-headed writer's unforgiving search for truth, warts and all, in everything he wrote: Entitled 'Football Season is Over', it read: "No More Games. No more Bombs. No More Walking. No More Fun. No More Swimming. 67. That is 17 years past 50. 17 more than I needed or wanted. Boring. I am always bitchy. No Fun – for anybody. 67. You are getting Greedy. Act your old age. Relax – this won't hurt." Op 20 Augustus 2005 word sy as deur die loop van 'n kanon gevuur wat monteer was op 'n honderd drie en vyftig voet hoë toring in die vorm van 'n vuis wat 'n *peyote button* vasklem (*Books & Leisure* – Third issue June – August 2007: 90).

**2.4.10) Stephen King** – Kokaïne

King is een van die bekendste skrywers van rillers wat die afgelope dekades op die voorgrond getree het. In *On Writing* (2000) skryf hy in detail oor sy probleem met alkohol- en dwelmverslawing. “By 1985 I had added drug addiction to my alcohol problem, yet I continued to function, as good many substance abusers do, on a marginally competent level. I was terrified not to; by then I had no idea of how to live any other life. [ ...]  At the end of my adventures I was drinking a case of sixteen-ounce tallboys a night, and there’s one novel, *Cujo*, that I barely remember writing at all. I don’t say that with pride or shame, only with a vague sense of sorrow and loss. I like that book. I wish I could remember enjoying the good parts as I put them down on the page” (2000: 106, 110).

In *Misery* (1987) skryf hy*:* “Although he knew it was too soon to be feeling any relief, he did feel it – having the pills it seemed, was even more important than taking the pills. It was as if he had been given control of the moon and tides – or had just reached up and taken it. It was a huge thought, awesome ... and yet frightening ...” (1987: 94).

**2.4.11) James Frey** – Crack

In Frey se blitsverkoper *a million little pieces* (2003) beskryf hy onbeskroomd en in grafiese detail die hel van die crackverslaafde.

‘n Resensie oor Frey se *a million little pieces* wat in die *Observer* verskyn het, noem: “Powerful and searingly self-critical ... easily the most remarkable non-fiction book about drugs and drug taking since Hunter S. Thompson’s *Fear and Loathing in Las Vegas* ... perversely uplifting, as a memoir, it is almost mythic” (Agterblad van *a million little pieces*).

Frey steur hom aan geen spel- of taalreëls nie, maar tog kom sy boodskap hard en duidelik oor. Selfs die titel het geen hoofletters nie, asof hy van punt a af aan die leser wil sê: “Hier is iets anders ...” Die leser word so diep in hierdie donker ruimte ingetrek dat die afwesigheid van leestekens, soos kommas en aanhalingstekens, nie opgemerk word nie.

Die volgende aanhaling uit sy boek illustreer dwelmprosa op sy ontstellendste: "I sit up and hear someone moan. I see a bug in the corner, but I know it's not there. The walls close in and expand they close in and expand they close in and expand and I can hear them. I cover my ears but it is not enough.

I stand. I look around me. I don't know anything. Where I am, why, what happened, how to escape. My name, my life.

I curl up on the floor and I am crushed by images and sounds. Things I have never seen or heard or even know existed. They come from the ceiling, the door, the window, the desk, the chair, the bed, the closet. They're coming from the fucking closet. Dark shadows and bright lights and flashes of blue and yellow and red as deep as the red of my blood. They move toward me and they scream at me and I don't know what they are but I know they're helping the bugs. They're screaming at me."

Op die oog af 'n onsamehangende relaas wat, wanneer binne konteks gelees word, skokkend verstaanbaar word. Dan slaan dit oor na herhaling: "I start shaking. Shaking shaking shaking. My entire body is shaking and my heart is racing and I can see it pounding through my chest and I'm sweating and it stings. The bugs crawl onto my skin and they start biting me and I try to kill them. I claw at my skin, tear at my hair, start biting myself. I'm biting myself and there are shadows and bright lights and flashes and screams and bugs bugs bugs. I am lost. I am completely fucking lost.

I scream.

I piss on myself.

I shit my pants

I try to kill the bugs but I can't move so they live. In me. On me. I feel the stethoscope and the gauge and they stick a needle in my arm and they hold me down.

I am blinded by blackness.

I am gone" (2003: 13).

'n Resensie oor James Frey se blitsverkoper *a million little pieces* (2003) wat in die *Irish Sunday Independent* verskyn het, het die volgende kommentaar op die teks gehad: "Frey's brutally candid memoir has a youthful vigour and poetic tone that sets it above all previous addiction stories ... an extraordinary and deeply moving book that will make you think about family, friendship. Love, religion, death and perhaps most of all the human spirit" (Agterblad van *a million little pieces*). Frey se boek is in wese dieselfde as duisende ander boeke oor verslawing, maar die meesleurende wyse waarop hy sy verhaal vertel, laat die leser regop sit.

### 2.4.12) Ander skrywers

In die moderne letterkunde het dit onmoontlik geword om dwelms en die gepaardgaande verslawing uit fiksie te hou. Soos reeds vermeld, het dit deel geword van ons sosiale omgewing.

Irvine Welsh, 'n Skotse skrywer, is iemand wat die afgelope tyd sukses gehad met onder andere romans soos *Trainspotting* (1993*)*, *Ecstasy* (1997) en *Glue* (2001). Hy maak gebruik van 'n besondere skryfstyl om hedendaagse taalgebruik van jongmense in 'n dwelmmilieu oor te dra. Uit *Ecstasy* (1997) kom die volgende aanhaling wat hierdie stelling illustreer: "Ah am fuckin well fed up because there's nothing happening and ah've probably done a paracetamol but fuck it you need to have positive vibes and wee Amber, she's rubbing away at the back ay ma neck saying it'll happen when this operatic slab of syth seems to be 3 D and ah realise that I'm coming up in a big way as that invisible hand grabs me and sticks me onto the roof because the music is in me around me and everywhere, it's just leaking from my body, this is the game this is the game and ah look around and we're all going phoah and our eyes are just big black pools of love and energy and my guts are doing a big turn as the quease zooms through my body and we're up to the floor one by one and ah think I'm going tae need tae shit but ah hold on and it passes and I'm riding this rocket to Russia . . ." (1997: 155).

John Mullan skryf in 'n resensie van *The Spell*, 'n boek van Allan Holinghurst: "The newest literary drug is ecstasy, its effects already traced in Irvine Welsh's 1997 novel of the same name. Allan Holinghurst knows that the drugged seem boring or idiotic to

the undrugged, and in the first drug experience narrated in *The Spell* makes the banality of what is thought part of the narration. Civil servant Alex takes ecstasy for the first time at a club and the narrative, told from his point of view, takes us from scepticism to wide-eyed amazement at nothing much. Speaking with 'an exaggerated desire not to exaggerate', he monitors the lack of effect of the chemical in a way that is already chemically slanted. And then the perception tilts into rapture. No longer is he an awkward 1980s disco dancer. 'He danced like everyone else now, but better, more remarkably.' The last adjective preserves his absurd headiness. 'It seemed that happening and happiness were the same, he must remember that, to tell everyone.' But no such thought can outlast the spell of the moment.

"The novel tries to distinguish the effects of different drugs. Ecstasy prose is entranced, but when Danny snorts cocaine it is an 'amusing surge of energy', a self-pleased sense of power: 'he was olympian, but alight.' These are Danny's ridiculous words for himself. When Robin smokes cannabis with Lars, conversation becomes comically bogged down and we see things in a way that is both observant and befuddled. The spell of drugs in this novel is as ecstatic as the spell of sex. It is too good to be true" (Mullan, 2004).

## 2.5) Samevatting:

In hierdie hoofstuk is 'n kursoriese oorsig gegee van die ontwikkeling van dwelmtematiek in wêreldletterkunde. Dit is duidelik dat dwelmprosa reeds vanaf De Quincey se *Confessions* 'n plek as letterkundige genre ingeneem het. Die ontwikkeling van dwelms, die sosiale gebruik daarvan en die gepaardgaande sosiale probleme soos verslawing het daaraan 'n permanente plek besorg in hedendaagse letterkunde.

# Hoofstuk 3

## ’n Verkenning van *dwelmprosa* in die Suid-Afrikaanse literêre konteks

### 3.1) Inleiding

Figureer *dwelmprosa* in die Suid-Afrikaanse letterkunde? Ongetwyfeld. Een van Suid-Afrika se bekendste skrywers, Eugène Marais, was verslaaf aan morfien. Die navorser kan slegs spekuleer oor die wyses waarop die verslawing sy skryfwerk beïnvloed het.

In hierdie hoofstuk sal gekyk word na Suid-Afrikaanse skrywers wat deur die jare ‘n bydrae gelewer het tot dwelmletterkunde en dwelmprosa. Daar sal gekyk word na die verlede waar iemand soos Eugène Marais in die eerste deel van die vorige eeu al geskryf het oor die beginsels wat De Quincey in sy prosa ingewerk het en ook na enkele hedendaagse skrywers wat hierdie onderwerp verken.

### 3.2) Suid-Afrikaanse skrywers oor die dwelm-onderwerp.

Verskeie Suid-Afrikaanse jeugverhaalskrywers gee aandag aan die tematiek van dwelmmisbruik onder jeugdiges in Suid-Afrika. Voorbeelde is Fanie Viljoen met *Breinbliksem* (2005) en Francois Bloemhof se *Nie vir kinders nie* (2005). Die romans, waarin by beide dwelmmisbruik sterk as subtemas figureer, was die gesamentlike wenners van die Sanlam-prys vir jeuglektuur (2005). Albei fokus sterk op die toenemende dwelmmisbruik onder die Suid-Afrikaanse jeug. In *Nie vir kinders nie* merk die hoofkarakter op: “Ek is my ma se pusher, sy is verslaaf aan my prestasies” (2005: 5). En ’n bladsy verder dink die hoofkarakter: “Ander mense dink baie keer slegte goed en voel nie skuldig nie. Om te veel te dink, is nie ’n goeie idee as jy gelukkig of selfs net tevrede wil wees nie. Dalk is ons skool se doffies en druggies reg – jy behoort eintlik net te dryf van een naweek na die volgende, met g’n worries anders as wat jy volgende keer klub toe gaan dra en waar jy gaan score nie, of dit nou

met meisies of met drugs is." Die hoofkarakter in die verhaal loop dan ook weg van die huis af en raak betrokke by die gay-subkultuur en sy eiesoortige dwelmmisbruik.

Verskeie Suid-Afrikaanse skrywers het, veral in die laaste jare, begin om aandag te gee aan die tema van dwelmmisbruik. Johann de Lange het met *Tweede natuur* (2000) die eerste teks in Afrikaans geskryf wat "*met dringende energie die wêreld van dwelms, veral binne die gay-milieu, roekeloos verken en ontbloot*" (aanhaling op agterblad). Meer onlangs het Anoux Venter sukses behaal met *Donker Liefde: My Verhouding met Heroïne* (2007). Ook Etienne van Heerden het, met *In stede van die liefde* (2005), die dwelm-onderwerp verken.

Maar is of was daar al ŉ Thomas de Quincey van Suid-Afrikaanse letterkunde? ŉ Skrywer wat hierdie *wêreld* waarin die dwelmverslaafde homself bevind, beleef en ervaar het en ook die pyn wat daarmee gepaard gaan, beskryf het? Uiteindelik kom relase oor dwelmmisbruik neer op boodskappe of morele lesse – in ŉ sekere sin is dit *handboeke* wat nooit gelees word nie, omdat lesers al te veel oor die onderwerp gehoor het of dit afstootlik of vervelig vind.

Tog het daar in die laaste jare 'n verandering gekom. In 'n artikel in *Rapport* (2010-07-03) skryf Carolyn Meads: "Dwelms en dwelmmisbruik in die literatuur is seker niks nuuts nie, maar in 'n Suid-Afrika waar dwelmmisbruik families en gemeenskappe vernietig, is dit 'n verskynsel (dwelms en die literatuur) wat nogal aandag trek" (Meads, 2010).

As daar gekyk word na dwelmprosa in die Suid-Afrikaanse letterkunde, sal daar veral gefokus word op enkele skrywers, elk met ŉ eie styl, wat die probleem direk aanspreek, deur eie ondervinding, dit openlik en realisties in sy/haar prosa blootlê of ander, soos Marais, wat nooit die probleem direk aanspreek nie, maar dit subtiel in sy tekste laat figureer.

**3.3) Eugène Nielen Marais** word in 1872 in die dorpie Pretoria gebore. Marais word uiteindelik een van die grootste en merkwaardigste skrywers wat Afrikaans oplewer. Maar in vele opsigte word sy lewe en uiteindelik ook sy skryfwerk gekenmerk deur sy verslawing aan morfien (morfinisme).

Leon Rousseau se vertolking van Marais se lewe, *Die groot verlange*, verskyn in 1974. Die boek maak opslae in letterkundige kringe. André P. Brink skryf in *Rapport*: “Op die terrein van lewensbeskrywing het ons taal nog nie ŉ werk van hierdie omvang, tegelyk in breedte en in diepte, opgelewer nie ... Dit is ŉ mylpaal in ons literatuur.”

Elize Botha skryf in *Prosakroniek* (1987): “In 1972, toe Eugène Marais se honderdste geboortedag landwyd herdenk is (‘n jaar te laat, soos dit later geblyk het deur die navorsing van Leon Rousseau vir sy boek oor Marais, *Die groot verlange*), is dié woorde wat Robert Ardrey in 1962 in *African Genesis* oor Marais geskryf het, meermale aangehaal: ‘As no gallery of modern art can fail to be haunted by the burning eyes of Vincent van Gogh, so the pages of no future science can fail to be haunted by the brooding, solitary, less definable presence of Eugène Marais.’ En nog steeds sedert die huldigingsjaar, is dit asof die Suid-Afrikaanse gemeenskap dié enigma, die ‘less definable presence’, op allerhande maniere probeer deurgrond” (1987: 222).

Rousseau skroom nie om Marais se dwelmprobleem in detail te bespreek nie. Daardeur het hy homself ook blootgestel aan fel kritiek uit verskeie oorde. Elize Botha lewer kommentaar oor *Die groot verlange*: “Hoewel die boek ŉ diepgaande en uitgebreide verslag oor die morfinisme as sodanig en die patroon daarvan in Marais se lewensloop gee, blyk dit algaande dat die preokkupasie van die verteller met dié aspek van Marais se lewe tot eensydigheid lei in die vertolking van gegewens. Daarby kom nog dat die leser, vir wie Marais as Afrikaanse volksfiguur ten slotte geen onbekende is nie, en van wie die enigmatiese lewensfeite per oorlewering ŉ verwikkelde beeld geskep het, die reduksie van gegewens tot morfinisme as ŉ vereenvoudiging ervaar. Eensydigheid, vereenvoudiging – albei vorm bedreigings vir die boek se oortuigingskrag” (1987: 103).

“ŉ ‘Bedreiging’ is ook,” volgens Botha, “die onheilspellende toon wat van tyd tot tyd aangeslaan word, wat ook deur die veelvuldige ‘sal’-sinne onder meer bewerk word, en wat as manipulasie van die stof kan geld. Dit maak deel uit van ŉ volgehoue neiging tot versiering en vergroting van gegewens – ŉ soort opsetlike verliteratuurdheid wat uiting vind in allerlei literêre parallelle (De Quincey se *Confessions of an English Opium-Eater* begelei feitlik die hele teks). Versiering is

ook die melodramatiese beeldspraak ('En bo-oor alles, soos ŉ swart engel van wraak, verrys nou met nuwe woede die bakkop van die slang,' en die slang is die beeld vir die spuit, die inspuiting is 'die pik van die naald')" (1987: 104).

Die verskil in menings oor Marais se verslawing sal seker nooit bygelê word nie. Oor hoe presies hy aan morfien verslaaf geraak het, is daar tot vandag toe nog nie klarigheid nie. Rousseau spekuleer oor verskeie moontlikhede. Die feit dat Marais vanaf sy vroeë twintigerjare verslaaf was aan een van die gevaarlikste verdowingsmiddels wat daar vandag bestaan, kan nie geïgnoreer of wegredeneer word nie. Regdeur sy lewe stry hy met hierdie probleem en dit kan nouliks anders dat dit sy skryfwerk móés infiltreer. Geen menslike lewe wat gefolter word deur morfinisme, gaan ongeskonde daardeur kom nie. Die einde van sy lewe is ŉ weerspieëling van ŉ mens wat nie meer verder kon onder die juk en die swaarkry van só ŉ lewe nie. Deur slegs na die feite rondom morfienverslawing te gaan kyk, besef ŉ mens: Die probleem moes elke dag deel van sy lewe gewees het. Hy dobber sy hele lewe rond, bly nooit lank op een plek nie. Sy verhoudingslewe wys duidelik uit dat daar geen stabiliteit was nie. Iewers moes hy ŉ uitlaatklep gehad het vir sy probleem om meer as veertig jaar daarmee saam te kon leef. En wat anders was daar as sy ongelooflike kreatiewe talent? Dit is bejammerenswaardig datván die glans van sy werk afgehaal word deur uit die verkeerde hoek na sy prosa, poësie en natuurwetenskaplike navorsing te kyk.

Rousseau skryf in *Die groot verlange* (1974): "Dit is waar dat ontroerende gedigte geskryf kan word oor temas wat die digter self nie so diep tref nie. Maar by Marais kan ŉ aanhef soos 'daar sal ek vrede weer besef ...' alleen na sy eie emosies verwys, en dit spreek van meer as gewone heimwee." En: "Want hoewel die opiomaan of morfinis dikwels temas, insigte en frases uit sy mymeringe of drome put, vind sy geordende literêre werk in tye van geheelonthouding, matige gebruik of ten minste nugter ure plaas. Dwelmstowwe kan dus die vonk verskaf, maar alleen as die potensiaal reeds in die digter aanwesig is." Rousseau sê dat skrywers wat aan een of meer van die opiate verslaaf is, groot filosofiese tekste beplan, maar in die meeste van die gevalle bly die werke onvoltooid. Samuel Taylor Coleridge se "Kubla Khan" is hiervan ŉ sprekende voorbeeld (Rousseau, 1974: 312).

Marais se *Die siel van die aap*, (die manuskrip is 1918 geskryf, maar het eers 50 jaar later, met ŉ voorwoord geskryf deur Robert Ardrey, as boek verskyn) is die naaste

wat hy dit waag om reguit en eerlik te skryf oor verslawing. En hier maak hy gebruik van ŉ wetenskaplike formaat. Hy noem verslawing "euforiese vergiftiging" en definieer dit as volg: "Euforiese vergiftiging is die neiging wat by die mens en hoër aapsoorte bestaan tot die aanwending van sekere gifsoorte (meestal van plantaardige oorsprong) om ŉ psigologiese toestand van vreugde of geluksaligheid (euforie) teweeg te bring wat in die normale toestand afwesig is" (1986: 124). Marais skryf verder: "Die vernaamste en mees uitgebreide gifsoorte deur die mens in alle stadiums van beskawing en barbaarsheid gebesig, is alkohol, opium en tabak" (1986: 124).

Eugène Nielen Marais sal altyd ŉ omstrede figuur in die Suid-Afrikaanse letterkunde bly. Ten spyte van sy verslawing, sal hy onthou word vir sy ongelooflike letterkundige prestasies. Sy poësie, romans, kortverhale en sy wetenskaplike navorsing is die resultaat van talent wat ongeëwenaard is in die ontwikkeling van die Afrikaanse taal. Dat sy verslawing aan morfien ŉ invloed moes gehad het op sy werk is onvermydelik, maar wat beteken daardie *invloed* uiteindelik? Heel waarskynlik het dit daartoe gelei dat sy swaarkry, hartseer en eensaamheid slegs sy werk verdiep het en gelei het tot demensies wat ander, wat nie met die probleem van verslawing worstel nie, nooit werklik heeltemal verstaan nie. Die grootste verlies wat sy probleem Suid-Afrikaanse letterkunde aangedoen het, was dat dit ŉ invloed gehad het op die hoeveelheid werk wat hy kon verrig. Dit is dikwels die tragedie van verslawing: wanneer iemand met sy talente en vermoëns daarin verstrik raak, word dit uiteindelik ook ons verlies.

**3.4) Anoux Venter** – *Donker liefde. My verhouding met heroïen* (2007)

"Anoux spreek ŉ belangrike sosiale kwessie oop en eerlik aan, sonder om te probeer preek of mense wat nog met verslawing sukkel te verkleineer. Haar verhaal is beide ŉ waarskuwing en ŉ boodskap van hoop en oorlewing" (Aanhaling op agterblad). Die teks is ŉ outobiografie en handel veral dan oor Venter se stryd met heroïen. Dit is ŉ skokkende weergawe van die gevolge wat die misbruik van ŉ lewensgevaarlike dwelm aan haar en die lewens van diegene rondom haar gehad het. Hierdie is ŉ lewe waarvan die hoogtepunt, teoreties gesproke, ŉ laagtepunt is. Daar is, behalwe haar verslawing, niks anders in die boek wat vertel van geluk en die gewone lewe van ŉ

meisie wat ŉ vrou word nie. Selfs die man waarvoor sy lief is, is ŉ volslae dwelmslaaf.

Die eerstepersoonsvertelling is strak en styf, die styl amper genadeloos. Daar is bitter min plek vir die alledaagse dinge wat deel uitmaak van die lewe. Hierdie teks is van begin tot einde 'n beskrywing van: "The pains", wat gewoonlik die eindresultaat is van dwelmmisbruik. Sy beskryf die belewenis van die drange na heroïne in detail, die narratief van onttrekking is skokkend: "Ek sit en wag. Skaars tien minute later is Jake terug. Dit voel asof ek vyf jaar ouer geword het. Die oomblik toe hy instap, weet ek hy het nie heroïne gekry nie." En dan die rit per motor op soek na die dwelm: "Dis donker en nat buite. Die reën slaan hard teen die voorruit en dit voel asof die duiwel sy arms om my vou en my styf teen sy bors vasdruk. Die onttrekking kom al vinniger, hard en genadeloos. My bors trek toe en ek weet dat ek nie meer lank het nie" (Venter, 2007: 138).

Maar dit is nog lank nie die einde nie: "Die vlug was erger as die strand. Honderdduisend maal erger. Daar was geen son of sand nie, maar die duiwel het my bloots gery. Die mense het my aangestaar, maar ek het nie omgegee nie. Hulle kon nie weet hoe dit voel nie. Ek het die hele vlug deur in die badkamer gesit en rocks rook. Die verligting het elke keer net ŉ paar sekondes gehou. Dit was nie wat my lyf nodig gehad het nie. Maar ek het aanhou rook, want ŉ paar sekondes het soos ure gevoel" (Venter, 2007: 141).  En: "Teen dag 5 is ek seker ek gaan dood. Ek is leeg. Ek is 'n geraamte op geleende tyd. Daar is niks meer oor in my nie; ek is seker ek het al my siel ook uitgekots. Ek is skaam om in die spieël te kyk, ek wil myself nie sien nie" (2007: 172).

As ŉ waarskuwing slaag die teks in sekere opsigte. Dit is 'n grafiese beskrywing van De Quincey se "pains". "Sy laai my in haar kar. Ek gee nie om wat sy van my dink nie, my lyf is al dubbel gevou van die krampe. Ek stink van die swart gal wat uit my vel sweet" 2007: 140). En: "Ek besef dis drie verdiepings na sy woonstel. Ek kan dit nie oploop nie, ek kruip letterlik hande-viervoet boontoe. Mense staar na my. Die vloer is vuil, die trappe stink, die kinders hardloop op en af, op en af al om my. Ek wil huil en doodgaan, ek wil nie meer so voel nie" (2007: 142). Die leser kom aan die anderkant uit met die wete dat sy oorleef het, maar tog laat die verhaal 'n mens vreemd leeg. Daar kan verskeie redes voor wees. Die beskrywings van swaarkry en

ellende word mettertyd eentonig. Min dialoog kom in die boek voor en dit plaas afstand tussen die karakters en die leser.

**3.5) Etienne van Heerden**. In die moderne Afrikaanse konteks word dwelmprosa effektief deur skrywers soos Etienne van Heerden beoefen (kyk ook Hoofstuk 1). In resensies oor sy boek, *In stede van die liefde* (2005), erken hy dat hy omvattend moes gaan navorsing doen oor die gebruik van dwelms en die effek daarvan op die psige. Plek plek word sy prosa dwelmprosa: "Die soetgoed is nie goed vir die kardiovaskulêre sisteem nie. Dis ŉ understatement. En sou ek begin rocks rook, sal daardie rush die bloeddruk in die buitenste ruim gaan blaas. Daarna is daar nie weer omkyk nie. Dis fantasieë van ontvlugting. Selfvernietigende hoëvlugte. Jy weet hoedat een deel van my om die baan beur en die ander deel swik" (2005: 105). Hy beskryf die samesyn van Christian Lemmer, vooraanstaande sakeman, en ŉ prostituut, Okapi, in ŉ woonstel in Seepunt: "Ons sit gesellig saam. Soms is daar stiltes, maar dis nie ongemaklik nie. Ons is twee siele wat op die derde verdieping van die leuen woon. Die grond onder ons voete wieg asof op water. Ons het geen gordyne voor die vensters nie en ons deure staan altyd oop vir boewery. Ons woonstelblok eggo met leë beloftes en kanse, liegstories en buie. Ons is in ŉ hel van ons eie. Die Republiek van Soetgoed. Die Colombia van die gees." En enkele paragrawe verder: "Terwyl daardie ander gety onrustig wieg tot aan die einder, veeg Okapi teer hande deur my hare" (2005: 106).

**3.6) Johann de Lange**

Min Suid-Afrikaanse skrywers het tot dusver daarin geslaag om dwelmprosa so effektief en sterk beeldend aan te bied as Johann de Lange (Kyk ook Hoofstuk 1). Hy verken die onderwerp in *Tweede natuur* (2000). "In die sewetal verhale word ecstasy en ander psigoaktiewe middels die deurgange wat die sentrale figuur lei van ekstase oor wreedheid en ontnugtering tot weerloosheid. Hierdie hellevaart strek van die groeiende intoksikasie van seks tot die bewuswording van alternatiewe" (Aanhaling op die agterblad).

Op die eerste bladsy haal De Lange Jean Cocteau aan: “I am describing a cure: a wound in slow motion” (Cocteau, 1957: 18). Die kortverhale se titels gee al ’n aanduiding waaroor dit gaan: “E vir ekstase”, “The doors of perception”, “Schmangled”, en “3.4-methylenedioxymethamphetamine”.

Sy prosa laat niks aan die verbeelding oor nie. Dit is die taal van die dwelmwêreld: “Saam werk hulle twee die Roche-katalogus stil-stil deur: Aurorix, Valium, Librium, Rohyponol, Ativan, you name it ...” (2000: 47). Die beeldspraak is onverbeterlik: “Die reëlmatige hartklop van die tromme kom op die stowwerige lug na hulle toe aan. Soekligte & lasers tas soos bleek vingers in die naghemel, soos iets uit *Close encounters* – asof ’n reuseruimteskip in die middel van nêrens geland het” (2000: 49).

Hy neem die leser op ’n reis deur die wêreld van rave en E, seks en dwelms. Tog laat die laaste paragrawe jou wonder . . . “Vroeër vanmiddag by die Sand Bar in Kampsbaai het ek oor ’n glas bier na jou sit & kyk, woordeloos, & later op die bed kaal met jou gelepel-lê & geluister na jou egalige asemhaling, met my wysvinger gestreel al met die kontoer van jou lyf langs, van die tepel met die barbell deur tot by die silwer toonringetjie, van die Tigger & Pooh tatoeëring op jou regterskouer tot waar jou boude pragtig opwel uit jou kruis, & ek was gelukkig. Ek wou jou wakker maak & dit vir jou sê, maar ek was bang dit was net ’n droom & dat ek saam met jou daaruit sou ontwaak.

“Vir die eerste keer in maande was ek high sonder dat ek E gevat het” (2000: 90).

**3.7) Japie Bogaards** – Onthou? (Aangeheg met kommentaar).

Skrywer self het ’n kortverhaal geskryf wat uitsluitlik ten doel gehad het om die konsep van dwelmprosa te ondersoek binne die raamwerk van die kortverhaal met dwelms/verslawing as tema. Deel van die projek was gemik daarop om lesers se kommentaar en terugvoering te gebruik om die term *dwelmprosa* te verfyn, te elimineer wat nie in die doel slaag nie en uiteindelik te beweeg in die rigting van ’n letterkundige model van dwelmprosa binne die struktuur en riglyne wat neergelê is as die minimum vereistes vir die kortverhaal.

Die projek was uiteindelik ŉ sukses. Die verhaal "Onthou?" is gepubliseer in ŉ bundel kortverhale, *Sussie Veer is dood en ander verhale,* wat saamgestel is deur Riana Scheepers en Rachelle Greeff en word uitgegee deur Maskew Miller Longman. Die bundel word aangebied as ŉ voorgeskrewe werk vir Grade10, 11 en 12. ŉ Opsomming, bespreking en ŉ ondersoek na die literêre aspekte rondom die vertelling, soos vertolk deur die samestellers en die uitgewer, spreek vanself.

In die bespreking sê die samestellers: "Die eerstepersoonsverteller lei die leser die bestaan van ŉ arm, jong dwelmverslaafde binne – iemand vir wie die dobbelsteen verkeerd geval het." En: "Die tema is die hopeloosheid van ŉ dwelmverslaafde wat in ŉ uitsiglose wêreld voortploeter, want hy kan nie daaruit ontsnap nie. Sy vrese en hartseer word aangrypend uitgebeeld deur middel van beeldspraak (byvoorbeeld; 'Die vlae wind laat die geel glimlag van die sekelmaan in die dam dobber') en deur die verwoording van sy hallusinasies wanneer hy onder die invloed van drank en dwelms is ('Ek sien die weerlig op ŉ lem weerkaats'). As leser voel ŉ mens ŉ diepe meegevoel met Ouboet. Jy bewonder hom selfs ŉ bietjie, want 'hy probeer' en hy voel hy het ook nog sy 'reg' om te onthou" (Bylae 1).

In die volgende hoofstuk word die teks van *Tussen middernag en dagbreek* as dwelmprosa bespreek.

**3.8) Ander**

Verskeie ander Suid-Afrikaans skrywers het in die afgelope jare die tematiek van dwelmprosa by hulle skryfwerk geïntegreer. Koos Kombuis skryf in *Seks en drugs en boerewors* (2000) oor sy stryd teen dwelms: "Dit was bittersoet tye, as ek so cliché van 'n woord mag gebruik, want, waar ek aan die een kant skielik vry was van die demands van die publieke spotlight, en waar ek gevoel het ek konnekteer met mense op 'n normale vlak vir die eerste keer in baie jare, was ek aan die ander kant nog steeds verslaaf, in 'n baie werklike sin, aan:

Tranquillisers

mind-altering substances

drome

ontvlugtings

comic strips

acid trips

aanhoudende pype, verlore aande

Mandrax

meskalien

whatever was available

"Waarom? Ek besef nou eers hoe snaaks dit moet klink vir 'n buitestander, iemand wat drugs glad nie ken nie, om hierdie vertelling te lees. Dis dieselfde vraag, 'n moers logiese een, wat Org Potgieter my onlangs gevra het tydens 'n interview vir *Tydskrif-Rapport.*

□*Waarom, as alles dan so goed gegaan het, nog steeds drugs vat*?'

"Die antwoord hierop is kompleks, maar ek sal probeer om dit so eenvoudig moontlik te beantwoord.

"'n Mate van introspeksie is ongelukkig nodig. Noem dit maar 'n geestelike sonar" (2000: 242,243).

Al Lovejoy se *Acid Alex* word in 2005 gepubliseer. Dit is 'n outobiografie waarin sy wedervaringe as dwelmslaaf  en –smokkelaar/handelaar in detail vertel word. "It is a story of child abuse, brutal institutions and wild rebellion, veering between religious hysteria and narcotic intoxication, taking us deep into the violent underworld of Cape Town gangs and international organised crime, behind the cold bars of prison – and out on the other side" (2005: aanhaling op die agterblad).

Ander bekende Suid-Afrikaanse skrywers wat die onderwerp van verslawing en dwelmmisbruik in onlangse skryfwerk laat figureer, is Christoffel Coetzee in sy roman *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* (1998) en Harry Kalmer met *En die lekkerste deel van dood wees* (2006).

Dwelmprosa in nie net beperk tot romans en kortverhale nie. Hunter Kennedy, liriekskrywer van Fokofpolisiekar skryf in *Insig* – Augustus 2006: “Gelukkig het die samelewing alkohol voor dagga ontdek anders was ons nou in groot moeilikheid. Alkohol het so baie pluspunte. Jy kan goed skoonmaak daarmee. Twee eenhede per dag kan help vir stres. In ’n sosiale opset kan dit jou help om van jou inhibisies ontslae te raak. Dagga – so weet ons almal – laat jou by huise inbreek en in tuine werk en is vir niks goed nie behalwe ’n witpyp nie. Die kombinasie van die twee is natuurlik dodelik.

“Ek was verslaaf aan skrywers en musikante wat verslaaf was aan dwelms voordat ek eens geweet het wat dwelmverslawing was. Hulle het my gerusgestel deur my te laat glo ek kan my drome uitleef as ek regtig wil. Die meeste van hulle het selfmoord gepleeg. Die ander het hulself oorgegee aan Boeddhisme of charismatiese Christenskap” (*Insig*, 2006: 96)

### 3.9) Samevatting

In die voorafgaande hoofstuk is die voorkoms van dwelmprosa in die Suid-Afrika van gister en vandag kursories bekyk. Dit is duidelik dat dwelmprosa al sterker figureer in die Afrikaanse letterkunde.

*

# Hoofstuk 4

## *Tussen middernag en dagbreek*: ’n Evaluasie van die genoemde teks aan die voorafgaande riglyne en persepsies

### 4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal gekyk word in watter mate die manuskrip *Tussen middernag en dagbreek* voldoen aan die definisie van *dwelmprosa*. Die invalshoeke wat gebruik word, is die volgende:

1) Die tema van die teks.
2) Hierdie manuskrip bied ’n morele les.
3) Terminologie eie aan die dwelmwêreld word gebruik en verklaar.
4) Die dwelmervaring word geskets.
5) Die tipe leser wat geteiken word.

### 4.2 Tema en werkswyse

Soos reeds genoem, is die tema van die manuskrip, *Tussen middernag en dagbreek,* verslawing. Die hoofkarakter is ’n jong man met ‘n Christelike agtergrond wat uit ’n gelukkige huis kom. Hy is intelligent, gelukkig getroud en beoefen ’n goeie beroep. Tog stry hy ’n hopelose stryd teen dwelm- en alkoholverslawing. Die een rehabilitasiesentrum volg op die ander en daar breek ’n tyd aan dat daar niks meer van sy gesin, beroep en uiteindelik sy lewe oorbly nie. Parallel hieraan ontwikkel die verhaal van ’n kleurlingman wat as seun in die plakkerskampe en die strate in en om Johannesburg grootgeword het. Vir ’n wyle vind hy geluk, maar die noodlot kom tussenbeide. Die lewensloop van die twee karakters vloei geleidelik ineen.

Die manuskrip poog om fiksie en realiteit as bestanddele te meng en die leser as’t ware subtiel in die verhaal van ’n dwelmverslaafde in te trek op ’n geloofwaardige en leesbare wyse. Dit gaan dus hierom: om deur fiksie die werklikheid aan die leser te *verkoop* as *moontlike werklikheid*, sodat dit enduit gelees word en nie afgemaak kan

word as net nóg ŉ boek oor die gevare en gevolge van dwelmmisbruik nie. Soos reeds genoem, is die hoofkarakter in die verhaal verslaaf aan dwelms. Hy kan sy verslawing nie aanvaar nie, maar poog om dit te rekonsilieer met realiteit. Hy probeer dus om twee lewenswyses op so ‘n wyse te versoen dat die fasade van normaliteit gehandhaaf word, al is dit alles behalwe die geval. Deur fiksie en realiteit te integreer, word die leser betrek by die eensame wêreld van die verslaafde, die ewigdurende stryd en die onafwendbare tragiese gevolge daarvan. Die manuskrip kyk terselfdertyd indringend na die effek wat hierdie stryd het op die mense wat die verslaafde liefhet en onwillekeurig in hierdie ruimte ingetrek word.

Die samestelling en vloei van so ‘n teks moet gegrond word op aanvaarde tegnieke. Bo en behalwe eienskappe soos beeldspraak, bewussynstroomtegniek en ruimte (soos bespreek in Hoofstuk 1), is daar verdere tegnieke wat gebruik kan word om die teks te verdig. André P. Brink beskryf in *Vertelkunde. ŉ Inleiding tot die lees van verhalende tekste* (1987) verskillende vertelstrategieë soos verteltyd, vertelde tyd, vertellertyd, ensovoorts, en laat val onder andere klem op die volgorde van ‘n vertelling (1987: 96).

By die verslaafde is daar altyd elemente uit sy verlede wat ‘n aandeel gehad het in die proses wat tot verslawing gelei het. Daar word gedurig gesoek na oorsake en antwoorde op sy probleem. Daarom is die navorsing wat Brink gedoen het relevant om hierdie proses in ‘n narratief sinvol te ontleed.

Brink beskryf soos volg: “As die storie-insidente op ŉ tydsas gerangskik kan word van punt A tot, sê, punt G, dan kan daardie punte in die vertelteks in enige denkbare ander volgorde aangebied word: F – A – C – G – D – B – E, of  B – A – F – E – D – C – G, ens. Enige afwyking van die storie-chronologie noem Genette ŉ anachronie. Die vraag sou elke keer wees (hoe anders?): *Waarom?* ( Selfs as die chronologiese volgorde gehandhaaf word, moet ons nog áltyd vasstel: Waarom?) Een moontlikheid word in die *Alexandria Quartet* deur Lawrence Durrell só geformuleer: ‘What I most need to do is to record experiences, not in the order in which they take place – For that is history – but in the order in which they became significant for me’ (Durrell 1960: 115). Dit is die sleutelwoord: *significant.* (Maar dit kan ook ‘betekenisvol’ van ŉ hele rits kontekste wees: t.o.v. psigologiese ontwikkeling, t.o.v. insig, t.o.v. die

verhouding tussen karakters, t.o.v. die spanning, ter wille van ŉ verrassing, ensovoorts)" (Brink, 1987: 96).

In *Tussen middernag en dagbreek* word die terugflitstegniek aangewend waar Marco Verkerk telkens, in die verloop van die verhaal, terugdink aan sy verlede. Hierdie terugflitse word nie chronologies aangebied nie. Soos die verhaal ontvou, wissel sy herinneringe tussen Jo-Marié en sy jeug, veral sy lewe in die bakkery, sy ouers en dan soms aan die nag toe hy die eerste keer dwelms gebruik het. Dit kom neer op wat Brink die ***verkapte volgorde*** noem. Die terugflitse vind nie plaas in 'n spesifieke volgorde nie, maar hang af van die situasie en die gemoedstoestand waarin die hoofkarakter hom bevind.

ŉ Ander model wat Brink beskryf, heet ***Terugwysing.*** "Genette bied ŉ fyn uitgewerkte model van retrospeksie wat nes ander aspekte van volgorde betrekking kan hê op die vertelteks as geheel (die rangskikking van insidente op ŉ tydskaal, of op klein onderdele van insidente, sodat selfs net ŉ sin of ŉ sinsgedeelte ter sake is)." Daar is volgens Brink allerlei variasies binne die grense van die model:

> "terugwysings wat binne die raamwerk van die storie geskied;
>
> "terugwysings wat verder teruggaan as die beginpunt van die storie as sodanig;
>
> "terugverwysings wat opsetlik gapings in die storie later 'invul' of 'aanvul';
>
> "terugwysings wat ŉ reeds vertelde insident in die teks herhaal, bv. om dit as ŉ soort 'refrein' sterker te beklemtoon. Wat in sulke retrospeksie ter sprake is, is eerstens die *omvang* van die terugverwysing (is dit ŉ hele uitgebreide insident uit die lewe of net ŉ geheueflits?), en die *tydsafstand* waaroor daar teruggegryp word" (1987: 97).

In *Tussen Middernag en dagbreek* dwaal Marco Verkerk se gedagtes telkens terug na Jo-Marié. Reeds in Hoofstuk 1 is dit duidelik dat daar insidente in sy verlede plaasgevind het, wat regstreeks 'n rol gespeel het in die feit dat hy sukkel om te herstel en in sy soveelste rehab is. Die woorde: "Terug na daardie dae vóór die monster. Die sonskyndae voor Jo-Marié" (p. 10), dui daarop sy lewe, op 'n punt, 'n ander koers ingeslaan het.

In Hoofstuk 2 begin ŉ totaal ander storielyn ontwikkel wat, op die oog af, hoegenaamd geen verband toon met die verhaal van Marco Verkerk nie. Hier begin die verhaal van Hottie - ŉ bruin kind wat grootword in die strate van Eldoradopark en Johannesburg. Hierdie verhaal is doelbewus deur die skrywer ineengevleg met die lewensverhaal van Marco Verkerk. Dit is bloot fiksie en is 'n tegniek wat die skrywer gebruik om die leesbaarheid van die roman te verbeter.

Die verhaal begin met ŉ proloog om die leser te voorsien van sekere riglyne van wat hy of sy te wagte kan wees. Dit is as't ware ŉ rekonstruksie van wat alreeds gebeur het. Dit is daarop gemik om die leser se belangstelling in so ŉ mate vas te vang dat die verhaal enduit gelees word. In die proloog word van ŉ ek-verteller gebruik gemaak om lesers die gevoel te gee dat hulle die verhaal sien ontvou uit die oë van die hoofkarakter.

Bonnie Knight (1984) skryf in haar artikel dat verhale en vertellings in prosavorm oor lewens wat vernietig word deur dwelms, as't ware eentonig voorspelbaar geword het en die vorm van clichés aangeneem het. Dit kom, volgens haar, daarop neer dat indien skrywers wat hierdie tema aanpak dit nie op ŉ oorspronklike wyse benader nie, hulle doodgewoon nie gelees gaan word nie (Knight, 1984: 1). In *Tussen middernag en dagbreek* word feite, agtergrondsmateriaal en gebeure op só 'n wyse aangebied dat die vertellings nie voorspelbaar en stereotiep word nie.

### 4.3 Tussen middernag en dagbreek – 'n morele les

*Tussen middernag en dagbreek* is enersyds ŉ storie/fiksie, maar andersyds ŉ boodskap van hoop aan diegene wat glo dat daar nie werklik ŉ realistiese kans is op volkome herstel van verslawing nie. Dwelmliteratuur is literatuur met 'n boodskap en 'n spesifieke doelwit. In *Tussen middernag en dagbreek* verwoord die skrywer die stryd teen dwelms en die swaarkry wat daarmee gepaard gaan. Dit plaas dus verslawing in perspektief.

Twee raamvertellings, die van Jo-Marié en Johnny (Hoofstuk 22) trek die lyn van "morele les" as't ware regdeur die narratief. Die brief wat Marco aan Lisa skryf waarin hy die storie van Johnny vertel (p. 205 tot 208), beklemtoon die feit dat dwelms "bad" is, en verslawing tot katastrofale gevolge kan lei. Die twee vertellings

weerspieël uiteindelik die stryd wat die hoofkarakter self teen dwelms voer. Dit ontwikkel in ‘n verhaal van kontraste soos De Quincey se “joys” en “pains” en Huxley se “heaven” en “hell”.

Die titel van die verhaal, *Tussen middernag en dagbreek,* is sprekend van die kontraste waarvan De Quincey en Huxley praat. Dit vertel dat die leser op ŉ reis geneem gaan word; ŉ reis wat begin om middernag en eindig by dagbreek. Die titel het te doen met die realiteit van die donker ure tussen middernag en dagbreek. In Engels word daar gepraat van *the graveyard shift* - woorde wat die onheilspellende van daardie fase van die nag beklemtoon. In *Tussen middernag en dagbreek* begin die vertelling oor Marco Verkerk by die nag wat hy vir die eerste keer dwelms gebruik het tot by die punt waar daar niks meer van sy lewe oor is nie. Maar daar word ook gepraat van dagbreek. In vele opsigte is die titel simbolies van die dwelmverslaafde se lewe wat in siklusse van dag en nag beleef word. Elke mens se lewe beweeg deur hierdie fases; tye van voorspoed en tye van swaarkry. In hierdie teks vergestalt dagbreek hoop, hoop vir dwelmverslaafdes dat daar aan die einde van die donker weer lig kan wees.

In die Proloog (p. 3) word Bybelse beeldspraak gebruik om die teenwoordigheid van dwelms en verslawing oor te dra. Die vertelling waarna verwys word, kom uit Markus 5 en handel oor Legio, ŉ man wat van duiwels besete was en tussen die grafte gebly het. Christus dryf die duiwels uit hom uit in ŉ trop varke in. Die duiwels sinspeel op dwelms en die bose houvas (voet- en handboeie) wat dit op die mens kry en die onafwendbare van die dood (hy leef tussen die grafte), wat dikwels die uiteinde van verslawing is.

Die Proloog skep die ruimte waarin die verhaal homself gaan afspeel. Die hoofkarakter gebruik vir die eerste keer in sy lewe dwelms. Die karakter Dogballs, opsetlik ‘n opvallende naam omdat dit deurgaans in die teks die verbinding met dwelms suggereer, se woorde is as’t ware die vertrekpunt van sy probleem: “Durban Poison: Two sticks for a dollar. Cool dreams. Like looking down the wrong end of a telescope. It isn’t toxic, the way alcohol is toxic. Nobody staggers or goes crazy or commits a crime because of marijuana. It’s a clean, quiet way out” en: “Ek onthou dat ek dit geglo het” (p. 3,4).

In Hoofstuk 1 bevind die leser hom onmiddellik in die problematiese milieu van die hoofkarakter, Marco Verkerk. Hy bevind homself in die soveelste rehabilitasiekliniek. Wat gaan deur die gedagtes van die verslaafde wanneer hy homself by hierdie kruispad bevind? Die mense om hom kom uit alle vlakke van die samelewing. Hy kyk om hom rond, tref vergelykings en besef dat hy een van hulle is: ‘n dwelmverslaafde. “Ja Marco Verkerk, jy soek verskonings in vergelykings” (p. 9). So volg die narratief deurlopend die unieke denkpatroon van ŉ verslaafde.

Groot dele van dwelmprosa gaan om herinneringe: die buitelug, drome en uitdagings van vroeër. Alles was goed, totdat dwelms ‘n voet in die deur gekry het. Én dan die kontraste: Die bakkery en die apartheidstelsel waarmee hy nie vrede kan maak nie. Hy kom in opstand: “Alles wat reg was, het verkeerd geword, alles wat verkeerd was, reg” (p. 13). En uiteindelik vra hy homself af of hierdie elemente almal saam nie gelei het tot sy probleem nie. Die soeke na oorsake en redes in die verlede, asook die antwoord op die vraag “hoekom”, speel ‘n belangrike rol in dwelmprosa.

Die hoofkarakter se verslawing beïnvloed nie alleen sy eie lewe nie, maar ook die van ander. In Hoofstuk 3 word daar vanuit daardie invalshoek na die gevolge van verslawing gekyk. Watter effek het sy probleem op ander mense wat dieselfde ruimte deel? Lisa hoor gerugte van Marco se dwelmmisbruik lank voordat hulle trou. En soos dikwels gebeur, weet sy niks van verslawing af nie en glo naïef: “Marco het dan vir my. Hy het niks anders nodig nie” (p. 33). Telkens word die gevoelens en herinneringe geskets van mense wie se lewens deurmekaar gekrap is deur die verslawing van ‘n eggenoot, kind, ouer of ‘n vriend. In daardie opsig is die roman meer as bloot ‘n fiktiewe spanningsverhaal. Deur ‘n hele familie te betrek, poog die skrywer om ‘n subtiele boodskap te laat: Leer wat verslawing is, wat dit behels en waartoe die resultate daarvan kan lei. Wees paraat, suggereer die vertelling. Dit kan jou ook oorkom. Alles deel van die alomvattende morele les wat die skrywer wil oordra.

Nadat Marco die egskeidingsbevel gekry het, storm hy die veld in. Hy wil vlug uit die ruimte met sy verslaafdes en terapeute, wegkom van die geëlektrifiseerde heinings wat hom vaskeer. Die beeld van die trein word die vervoermiddel waarop hy sy lewe vermors. Dit laat hom *afklim* by een rehab na die ander waar hy as’t ware oor die spore heen die verte inkyk, wag vir die fluit in die verte, vir die *monster* om weer om

die draai te verskyn. "Deur hoeveel donker strate gaan hierdie lokomotief my nog sleep voordat my reis verby is? wonder hy. Op hoeveel onbekende perronne moet ek nóg afklim voordat ek kan sê: Dit is verby. Ek het genoeg hiervan beleef, te veel gesien" (p. 54).

In sy gesprek met Lisa, terwyl sy hom huis toe neem, besef hy met 'n skok dat die gevolge van sy dwelmmisbruik hom finaal ingehaal het. Hy sit sonder werk, sonder 'n gesin, sonder selfrespek. Hy het by die punt gekom waar daar niks meer van sy lewe oor is nie – die onafwendbare uiteinde van verslawing.

En dan is daar die een dag wat soos 'n baken in sy verlede staan. Loftus Versveld het deur die loop van die jare 'n "afstootlike baken" in sy verlede geword. Pleks daarvan dat die beeld van die "betonmonster" vervaag, word dit elke dag helderder. Dit word 'n simbool van 'n nederlaag wat hy nie kan aanvaar nie. Pleks daarvan om dit te verwerk en te aanvaar en daaruit te leer, bly die afstootlike, grafiese beelde hom by. Die enigste manier waarop hy hierdie vernedering kan verwerk of vergeet, is deur bedwelming.  Dit is die stadium waarop De Quincey se "pains" die hoofkarakter se lewe begin oorheers. Saam met faktore soos egskeiding, donker herinneringe, vernederings en verlies, word dit die waarskuwing wat die morele les bied.

Nog 'n belangrike aspek van die morele les is dat daar nie 'n kortpad na herstel toe is nie. Die belangrikste boodskap wat literatuur oor verslawing moet oordra, is die feit dat die verslaafde se herstelkurwe eers begin wanneer hy erken dat hy 'n probleem het wat te groot geword het om self op te los. Marco Verkerk gaan staan voor die spieël. Dit is asof hy na die gesig van 'n vreemdeling kyk. Hy gaan sit voor sy woordverwerker, sleutel die aanvang in: "Aan my ander ek." Hy begin 'n gesprek: "Niemand sal ooit weet hoe na aan mekaar ons geleef het nie. Jare lank het ons 'n bed gedeel. Saam het ons gelag, saam gehuil, saam gefaal" (p. 164). Verslawing is vir Marco elke keer iets in die oortreffende trap, die monster, die siedende deining, ysterwiele, ysterspore - metafore in bewusynstrominge. Die verslaafde se eerste tree op die pad na soberheid en herstel is om homself in die oë te kyk.

Terwyl Marco op pad is plaas toe, is daar twee gedagtes wat sy denke oorheers: Die dwelms in die paneelkissie en Jo-Marié. Weereens die hede en die verlede deurmekaar. Soos met alle dwelmverslaafdes, moet daar altyd iewers dwelms wees as

rugsteun om met die lewe voort te gaan. Dwelms bring vals sekerheid en gewaande selfvertroue. Dit word vir hom ‘n agterdeur wat altyd oopstaan: Enersyds besef hy dat dit niks anders is as nog ‘n doodloopstraat nie, andersyds is dit gerusstellend om te weet: Daar is ‘n uitweg. Die stryd in sy gemoed, dit wat hy alles in die proses verloor het, die realiteit van die dood, ensovoorts, is alles elemente wat onlosmaaklik deel vorm van dwelmprosa.

Die narratief om Jo-Marié as karakter ontwikkel geleidelik deur die verhaal. Beide sy en Marco is jonk, albei gebruik dwelms. Deur die loop van die verhaal word dit al duideliker dat ‘n liefdesverhouding nie kan slaag met die abnormale teenwoordigheid van dwelms nie. *Tussen middernag en dagbreek* lei die leser deur die belewenisse en geleidelike verbrokkeling van ‘n verhouding tussen jongmense wat mekaar oor die afgrond sleep. Soos Anoux Venter se verhaal *Donker liefde. My verhouding met heroïne*, word die *verhouding* met dwelms uiteindelik oorheersend. Dwelmprosa kom duidelik na vore in die brief wat Jo-Marié aan Marco gee toe hulle terugkom vanaf hulle vakansie. Dit is die woorde van ‘n verslaafde wat moed opgegee het: “Die vorige keer toe ek uit rehab ontslaan is, is ek reguit na my pusher toe” (p. 233) - ‘n opmerking wat alles sê oor die “gerehabiliteerde” verslaafde wat pas uit ‘n kliniek ontslaan is en by die eerste moontlike geleentheid terugval in die gewoonte. “Ek het op die bed in my woonstel gaan sit, gesukkel om die aar in my arm te kry.” Dit is ‘n patetiese prentjie, ontstellend werklik. “Sukkel is nie die woord nie, omdat die are platgeval het van al die vlymskerp punte wat die volgende paar ure se liquid happiness in my bloedstroom dump. Die hoop wat ek in die weke se terapie opgebou het, het voor die plunger verdwyn.” Sy beskryf haar eie woorde as die “Curriculum Vitae” van ‘n verslaafde (p. 234). Die oomblik wat verslawing beheer oorneem, is dit die enigste getuigskrif wat oorbly van ‘n lewe.

Marco tref haar dood aan in ŉ armoedige woonstel, die spuit wat in haar arm hang soos ŉ laaste vingerwysing na die gevaar wat dwelms inhou. Ten spyte van hierdie ondervinding herstel hy nie. “Dood is nie meer ŉ afskrikmiddel nie, dit het ŉ antwoord geword” (p. 141). Sy probleem word groter en meer omvangryk soos duidelik blyk uit die woorde: “Die maande na daardie nag was ‘n waas. Hy kon nie sonder haar nie, en die enigste manier waarop hy die droom aan die lewe kon hou, was met drugs” (p. 240).

Hy woon haar begrafnis by, ŉ seremonie wat weereens die eensaamheid van die dwelmverslaafde beklemtoon. Dit is net hy en haar ouers langs die graf. En dan was daar die polisieman wat Marco na afloop van die seremonie vra om hom na die polisiekantoor te vergesel. Die polisieman vertel hom dat Jo-Marié se ouers gevra het dat die oorsaak van haar dood stil gehou word en skielik besef Marco dat dit moreel verkeerd is om selfs so-iets te oorweeg. Hy besef hy het ŉ verantwoordelikheid wat hy nie durf ontduik nie. “Hy het die familiefoto omgedraai sodat Krynauw na die gesigkant kon kyk. ‘Kyk na daardie gesinsfoto van jou. ŉ Pragtige meisiekind. Sý kan die volgende een wees. Dood in ŉ vreemde bed in ŉ agterlike woonbuurt’” (p. 249).

In die teks word telkens opgemerk dat die hoofkarakter beplan om te skryf oor sy verslawing – dit word vir hom ‘n medium waarmee hy die boodskap en die waarskuwings rondom dwelms en verslawing kan deurgee aan ander.

Die verhaal eindig op so wyse dat dit aan die leser self oorgelaat word om te besluit of Marco Verkerk oorleef of nie. In ware dwelmprosa is ŉ gelukkige einde ŉ uitsondering. Om te herstel van verslawing is, soos tereg opgemerk word vroeër in die manuskrip, ‘n proses. Die leser moet self besluit, met gegewes soos die vertellings van Jo-Marié en Johnny, wat die uiteinde van Marco Verkerk se lewe kan wees.

Verslawing laat onherstelbare skade en die einde van *Tussen middernag en dagbreek* verskaf nie werklik die antwoord wat die leser wil hê nie. Verslawing (dwelmmisbruik/-gebruik) is ‘n komplekse probleem en die doel van dwelmprosa is om in konteks daarna te kyk. Iedere een wat dit waag om hierdie mistieke wêreld te verken, moet besef dat die uiteinde daarvan afstuur op swaarkry en uiteindelik, sonder om melodramaties te wees, vereensaming en die dood. Die lewe van ŉ begaafde skrywer soos Eugène Nielen Marais is ŉ tekenende voorbeeld van hierdie proses.

Opsomming: Tussen middernag en dagbreek bied ‘n morele les. Die vertellings oor die lewe van die hoofkarakter en ook die karakters van Jo-Marie en Johnny wys duidelik dat dwelms ‘n doodloopstraat is wat tot vernietigende resultate lei. Die belangrikste is dat dit die boodskap op so ‘n wyse oordra dat lesers weet waarvoor hulle hulself inlaat wanneer hulle met dwelms eksperimenteer en die realiteit asook die gevolge van dwelmverslawing besef.

## 4.4) Terminologie en die dwelmervaring

Terminologie en die dwelmervaring loop hand aan hand en sal vir die doel van hierdie mini-verhandeling gesamentlik behandel word. In die Proloog maak die leser onmiddellik kennis met terminologie wat tiperend is van dwelmprosa. Onder die spreiligte van die Lugmagbasis by Snake-Valley maak die hoofkarakter die eerste keer met dwelms kennis. Vanaf die swartgebrande bottelnek wat na hom toe uitgehou word tot by Pink Floyd se onheilspellende lirieke wat vertel van "dark forebodings", die voorstedelike trein wat deur die nag "skeur" en die beeld van sy selfvernietiging word, word dit 'n nag in "technicolour" (p. 4). Dit word die eerste, onvergeetlike tree op pad na verslawing wat die hoofkarakter neem.

Daar is hoofstukke waarin elemente van dwelmprosa, soos die dwelmervaring en terminologie, prominent figureer. In Hoofstuk 3 dink Lisa na oor wat die lewe met 'n dwelmslaaf haar geleer het: "'n Donker wêreld van Nigeriërs met goue kettings. 'n Skemerwêreld met sy eie taal wat gekenmerk word deur vreemde begrippe, soos LSD, Mandrax, crack, tik, uppers, downers en 'n duisend ander." Die ruimte waarin sy 'n bestaan moet voer, het verander: "Terugvalle, rehabilitasieklinieke, herstel, verdedigingsmeganismes, hoop, in 'n nimmereindigende sirkel word dit die standaard. "'Hoeveel hoesmedisyne op 'n dag, mevrou? Seshonderd milliliter? Op 'n dag? Fok. Verskoon my taal, mevrou. Dagga en LSD? Soveel valiums op een slag is lewensgevaarlik. Slaapterapie. Nog nooit daarvan gehoor nie?' Weg van die klop aan die voordeur in die middel van die nag en die polisieman wat met sy pet in sy hand staan: 'Jou man het lê en slaap in sy kar langs die dam. Ons het hom teruggebring. Kyk asseblief na hom.' Weg van die telefoon wat ná middernag lui en 'n stem aan die ander kant wat sê: 'Mevrou Verkerk, jou man is opgeneem in die hospitaal. Dit lyk nie goed nie. OD. Intensief.'"

"OD, LSD, ECSTASY, die Morsekode van verslawing" (p. 39).

Die hele Hoofstuk 15 is tipiese dwelmprosa. Die taalgebruik en terminologie skets in duidelike taal wat in die lewe van 'n dwelmverslaafde gebeur. Dit is ook die hoek waaruit die verslaafde self na die wêreld om hom kyk. Sonder om dit reguit te sê, kan die leser al die afleidings maak van die dilemma waarin die verslaafde hom bevind. In

Hoofstuk 15 maak die skrywer uitsluitlik van die bewussynstroomtegniek gebruik om die narratief te laat vloei. Die droom/hallusinasie waardeur Marco beweeg, sê alles oor wat in die gedagtes van ‘n verslaafde aangaan: Beskuldigings, boetedoening, verwardheid, selfbejammering, wanhoop, beheptheid met die dood, hallusinasies. Hy stuur ‘n epos aan Lisa. Hy wil haar skok, die laaste sê hê. Vir oulaas wil hy in ‘n wenposisie wees: “Ek is jammer, maar dit is te laat om my te antwoord”. Dit slaan oor na selfbejammering: “Hoekom ek?” (p. 143).

En dan begin die hallusinasies. *‘n Bad trip*: “Dan hoor hy die klop van benerige kneukels teen die ruit.” ‘n Beskrywing van wat beleef word wanneer iemand onder die invloed is van gemoedsveranderende middels soos LSD is. Hy kén die bonkige silhoeët: “Lisa, ek wou die wêreld vertel van swaarkry en seerkry, maar dit is asof niemand wil luister nie. Ek wou hulle vertel van *hom*” (p. 143). Die *hom* versinnebeeld uiteindelik die monster van verslawing.

Ander passasies skets ook die beelde van die dwelmervaring: “Hy het die acid vroegaand onder sy tong gesit. Wat hy met die leë vodkabottel gemaak het, weet hy nie. Miskien êrens in ‘n bedding onder los grond begrawe. Die hele erf het een groot begraafplaas geword. Hy het laatnag nog voor die TV gesit, maar kan die laaste programme waarna hy gekyk het, nie meer onthou nie, net die kleure wat soos nat ink oor die skerm gevloei het en daardie verlange na meer en meer en nog. Totdat alles weggeraak het en sy gedagtes een geword het met die nag daarbuite en die skerm van die TV vloeiende ink teen al wat glasoppervlakte was in die vertrek laat afdruip het” (p. 112).

Om op te som: *Tussen middernag en dagbreek* vertel die leser wat sekere terme, eie aan die dwelmwêreld, werklik beteken. Dit skets breedvoerig die dwelmervaring wanneer verskillende soorte dwelms gebruik word.

### 4.5 Die leser wat geteiken word

Die teks van *Tussen middernag en dagbreek* is gerig op die mens van vandag. Om jong mense weg te hou van dwelms, is prakties nie meer haalbaar nie. Bitter min van die ouer garde is nie op hoogte van die effek wat dwelms vanaf die sestigerjare op die sosiale orde gehad het nie. Skrywers het ‘n verantwoordelikheid om versigtig om te

gaan met tekste waarin hulle dwelms verheerlik. Die boodskap wat *Tussen middernag en dagbreek* oordra, is op so ‘n wyse hanteer dat die leser hopelik sal besef dat dwelms lewensgevaarlik is.

**4.6 Samevatting.**

Die doel van die manuskrip was in die eerste plek om as’t ware ’n verkenningstog te loods deur ’n lewe wat skeefgetrek is, en uiteindelik in ’n groot mate vernietig is, deur die abnormale teenwoordigheid van dwelms. In die tweede plek is daar gepoog om, deur fiksie en werklikheid in ’n min of meer gelyke verhouding te vermeng, ’n leesbare en aanvaarbare wêreld te skep waarmee lesers kan identifiseer en wat hulle twee keer sal laat dink voordat hulle begin om te eksperimenteer met dwelms. Laastens moet lesers besef dat hierdie groeiende sosiale probleem nooit geïgnoreer mag word nie.

Dwelmprosa is prosa wat met behulp van tegnieke soos beeldspraak en die bewussynstroom die gebruik en misbruik van dwelms en die realiteit van verslawing geloofwaardig uitbeeld.

Uiteindelik is *Tussen middernag en dagbreek* nie in sy geheel dwelmprosa nie. Net sekere hoofstukke en passasies voldoen aan die vereistes van dié genre soos op p. 20/21 omskryf. Dwelmtematiek kom nie in al die epiese lyne van die roman voor nie.

*

# Hoofstuk 5

## Slot, samevatting en bevindings

Die doel van hierdie mini-verhandeling was om ‘n definisie te skep van *dwelmprosa.* Dit is duidelik dat alle aspekte van die werksdefinisie, soos uiteengesit in Hoofstuk 1, funksioneel inpas by groot gedeeltes van *Tussen middernag en dagbreek*. Sonder om te preek is dit ‘n morele les wat die erns van dwelmverslawing beklemtoon. Die dwelmervaring word geskets, en terme wat eie is aan hierdie genre verklaar. Uiteindelik is die leser wat geteiken word die mens van vandag wat met die realiteit van dwelmmisbruik en verslawing moet saamleef in ‘n omgewing waarin dwelms ‘n gegewe is. Dit poog om holrug-geryde cliche’s te vermy sonder om dwelms te verheerlik.

Die werksdefinisie van *dwelmprosa* wat in Hoofstuk 1 bewoord is, kan dus as volg opgesom word: Dwelmprosa is literêre prosatekste wat handel oor die tematiek van dwelms en dwelmmisbruik. Die boodskap wat oorgedra word, is ‘n morele les. Dwelmprosa gee die belewenis onder die invloed van verskillende dwelms weer op so ‘n wyse dat dwelms nie verheerlik word nie. Dit waarsku subtiel dat dwelmmisbruik ‘n doodloopstraat is en dat die aanvanklike euforie mettertyd in dwelmmisbruik en verslawing verander. Laastens beskryf dit die lang en moeilike proses van herstel.

Gesien vanuit die invalshoek van dwelms wat ŉ sosiale/maatskaplike probleem is, kan navorsing in die veld van dwelmliteratuur van onskatbare waarde wees in die identifikasie van probleemsituasies en die manier waarop die stryd teen hierdie groeiende euwel aangepak kan word.

Dwelmprosa het gekom om te bly en sal in die toekoms ontwikkel en meer omvangryk word. Gemoedsveranderende middels ontwikkel deurentyd, elkeen met sy eie eksklusiewe effek, newe-effekte en eiesoortige slagoffers. Moderne skrywers sal geen ander keuse hê as om aan te pas en dwelmprosa in hulle werk te inkorporeer nie. Skrywers wat nie self dwelms gebruik nie, sal navorsing moet gaan doen daaroor, anders verloor hulle tred met die realiteit.

In Suid-Afrika het die genre die afgelope dekade vinnig ontwikkel. In haar artikel in *Rapport* (2010) haal Meads Melinda Ferguson aan: "Ek was depressief oor wat ek aan my lewe gedoen het. Die geleentheid om 'n boek te skryf was die eerste goeie ding wat met my gebeur het ná alles." Sy wil nie vir mense preek nie. "Ek doen dit nooit. Dit het nie vir my gewerk nie. Ek glo daarin om dinge te vertel soos dit is. Die leser kan self gevolgtrekkings maak [ . . . ]. Tog is ek bang dat wanneer mense deesdae sien hoe goed my lewe is, hulle sal dink dis maklik om jou lewe op te mors, 'n boek te skryf en weer op koers te kom. Niks is verder van die werklikheid nie" (Meads: 2010).

Ferguson en Dido (kyk Hoofstuk 1) glo albei aan die genesende krag van stories. "Deur haar storie te vertel kon Ferguson haarself vergewe en aanvaar. Toe sy klein was het Dido se mense in die Oos-Kaap om die vuur beurte gekry om stories te vertel. 'Wanneer jy begin is jy skrikkerig, maar as jy in daardie wonderstorie is, besef jy hoe lekker dit is om jou verbeelding te gebruik.' 'n Storie, glo sy, kan die koue werklikheid verdryf" (Meads: 2010).

Terapeuties beskou, verskaf dwelmprosa 'n uitlaatklep sonder weerga. Maar skrywers het ook 'n groot verantwoordelikheid teenoor lesers. Hierdie leesstof moet só aangebied word dat dit realiteit weergee, maar nie die onderwerp verheerlik of dit so aanbied dat die leser mislei word nie.

Marcus Boon sluit sy hoofstuk oor narkotiese middels af met die volgende: "But the goal of gnosis, which has been so solidly connected to opiates, by writers, legal authorities, and other experts, will not go away either. We must acknowledge this goal, as Burroughs does repeatedly in his "post"- narcotic period, by a call of proliferation of alternative methods of attaining gnosis: 'This is the space age. Time to look beyond this run-down radioactive cop-rotten planet. Time to look beyond this animal body. Remember anything that can be done chemically can be done in other ways'" (2002: 86).

Dwelmprosa het nie net 'n instrument geword wat skrywers kan gebruik om te kommunikeer met enkele lesers nie. Dit het as't ware ook die taal geword van die gewone man op straat wat vasgevang is in die kruisvuur tussen die gereg en misdaad en 'n samelewing wat verslaafdes nie aanvaar en verstaan nie: "Well hell, y'all know

I'm Waylon and I'm an addict. And the fact is that I want to be clean today more than I want to be high. I been clean a few 24 hours now and I'm dead certain that my disease still wants me dead. I'm in here with y'all talking shit about how strong I feel but my disease is out there in that parking lot doin' pushups on steroids, waiting for a chance to kick my ass up and down the street. Scars on my hands, on my feet, 2 bouts of endocardites, hep c and whatnot knockin' out walls and kickin out windows in my liver. I lost a good wife, a bad girlfriend, and the respect of anyone who ever tried to loan me money or do me a favour. Pawned my pickup, my bike, my National Steel Guitar, and a stamp collection that my Granddad left me. And when it was almost over for me, and I was out there on them corners, not a pot to piss in, and anyone who ever loved me cussin' my name, you know what I told myself? 'Waylon, your doin' good.' I surely did. I thought I was God's own drug addict, and if God didn't mean for me to get high, he wouldn't have made bein high so much like perfect. Now I know I've got one more high left in me, but I doubt very seriously if I've got one more recovery. So if there's anybody out there who sees that bottom comin' up at em, I'm here to talk sense. I don't care who you are, what you done, or who you done it to . . . if you're here, so am I" (2009: *Fancy Prose Style: What about the drug addicts?*).

Daar is nie 'n beter manier om die boodskap oor dwelm- en alkoholverslawing oor te dra as via die geskrewe woord nie [my eie opinie. JWB]. In *Misery* (1987) merk Stephen King tereg op: "A little talent is a nice thing to have if you want to be a writer, but the only real requirement is that ability to remember the story of every scar" (1987: 258).

*

“But as long as we consider ourselves, in the words of Maria Sabina, beings of water and tortilla, there will be psychoactive drugs in some form or the other, to indicate the mutability of the mind, our vulnerability to and interdependence on nature at every stage of our development, our need for material manifestations and potentiators of transcendental knowledge, and there will be texts too, to mark our desire to trace, in language, the fiery shapes the imaginal casts in us” (Boon, 2002: 277).

# 6. Bibliografie

**Bronne wat gebruik is in die verkenning van die onderwerp:**


*A history of drugs.* Aanlyn by http://www.jahsonic.com/Drugs.html. Soos op 14 Februarie 2009.

Anderson, Linda & Neale, Derek. 2009. *Writing Fiction.* Londen and New York: Routledge.

Barnard, Chris. 1971. *Mahala*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Baudelaire, C. 1946. *Twenty Prose Poems.* Revised ed. San Francisco: City Light Books (1988).

BBC. *Samuel Taylor Coleridge 'Kubla Khan'.* Aanlyn by: http://www.bbc.co.uk/dna/h2g2/A493959. Soos op 28 Augustus 2009.

Bloemhof, Francois. 2005. *Nie vir kinders nie*. Kaapstad: Tafelberg.

Boon, Marcus. 2002. *The Road of Excess: A History of Writers on Drugs*. Cambridge, Massachusetts, London: Harvard University Press.

Brink, André, P. 1987. *Vertelkunde: 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste.* Pretoria: Academia.

Burnam, Cristopher. C. 1989. *Writing from the Inside Out*. San Diego, New York, Chicago, Austin, Washington, D.C. London, Sydney, Tokio, Toronto: Harcourt Brace Jovanovich, Publishers.

Burroughs, William.1964. *Naked Lunch. The restored text 2005*. London, New York, Toronto and Sydney : Harper Perennial.

Cannabis Culture Magazine. *Maine: New England's Marijuana-Friendly State.* Aanlyn by: http://www.cannabisculture.com/v2/content/maine-new-england-s-marijuana-friendly-state-html. Soos op 20 Augustus 2009.

Cloete, T.T. (red.). 1992. *Literêre terme en teorieë.* Pretoria: HAUM Literêr.

Charters, Ann. (red.). 1999. *Jack Kerouac*. *Selected Letters*. Londen, New York: Viking.

Cocteau, Jean. 1957. *Opium. The Diary of a Cure.* London: Peter Owen Limited.

Coetzee, Christoffel. 1998. *Op soek na generaal Mannetjies Mentz.* Kaapstad: Queillerie.

Coleridge Samuel Taylor – "Kubla Khan". Aanlyn by: http://www.bbc.co.uk/dna/h2g2/A493959. Soos op 24 Augustus 2009.

Davis, Eric. *Shamanic Verses: Drugs and Literature*. Artikel uit die winter 2002 uitgawe van *Bookforum*. Aanlyn by: http://www.technosis.com/druglit.html. Soos op 14 Junie 2008.

De Lange, Johann. 1997. *Soort soek soort.* Saamgestel deur Johann de Lange. Kaapstad: Human en Rousseau en Tafelberg.

De Lange, Johann. 2000. *Tweede natuur.* Kaapstad: Homeros.

De Quincey, Thomas. 1821. *Confessions of an English Opium-Eater. With an Introduction and a Life of De Quincey by Malcolm Elwin 1956.* London: Macdonald.

Dickens, Charles. 1996. *Hunted Down.* London and Chester Springs: Peter Owen Publishers.

Directopedia. *Peer Pressure.* Aanlyn by: http://www.directopedia.org/directory/Kids_Teens-Health/Emotional_Health_Wellbein/hmtl. Soos op 22 Augustus 2009.

Do It Now Foundation. 2007. *Ritalin: Fast Facts.* Aanlyn by: http://help.doitnow.org/526.html. Soos op 21 Augustus 2009.

*Drugs in literature.* Aanlyn by: http://www.jahsonic.com/DrugLit.html. Soos op 17 Januarie 2009.

*Drugs- A Long and Varied History – Types of Narcotics.* Aanlyn by: http://www.libraryindex.com/pages/2326/Drugs-Long-varied-History-TYPES-NARCOTICS/HTML. Soos op: 19 Augustus 2009.

Du Plessis, P.G. 1979. *Siener in die suburbs.* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Eco, Umberto. 1980. *The Name of the Rose*. London: Published by Vintage. 2004.

Encyclopedia of Drugs. *Literature & Drugs.* Aanlyn by: http://www.drogen-wissen.de/DRUGS/DW_EN/literature.shtml. Soos op 17 Januarie 2009.

Eukodol [Archive] – Opiophile.org. *Eukodol.* Aanlyn by: http://forum.opiophile.org/archive/index.php/t-1020.html. Soos op 9 Augustus 2009.

Fancy Prose Style: *What about the drug addicts?* Published on the Internet, 22 April 2009. Aanlyn by: http://bannedbooksfancyprosestyle.blogspot.com/2009/04/what-about-drug-addicts.html. Soos op 8 Augustus 2010.

Frey, James. 2004. *a million little pieces*. London: John Murray.

Grange, Helen. *Hunter S. Thompson* – Feature Article in the June – August 2007 issue of *Books and Leisure.* Johannesburg: Zulu Planet Publishers.

Harbourside Health Centre. He's not High: Inside Barney Frank's Plan to Legalize Marijuana. Aanlyn by: http://www.cannabisculture.com/v2/content/hes-not-high-inside-barney-franks-plan-legalize-marijuana/html. Soos op 25 Augustus 2009.

Hoffmann, Albert. 1983. *LSD: My Problem Child*. Boston: Houghton Mifflin.

Huxley, Aldous. 1990 [1954, 1956] *The Doors of Perception and Heaven and Hell.* New York: Harper/Perennial.

Infofacts. *Hallucinogens: LSD, Peyote, Psilocybin and PCP. Aanlyn by:* http://www.nida.nih.gov/Infofacts/hallucinogens.html. Soos op 17 Januarie 2009.

Jean. 2007. *Behind the Curtain. A Journey to Sobriety.* Kaapstad, Pretoria: Human en Rousseau.

Jordan, John, E. 1952. *Thomas De Quincey Literary Critic*. Berkely and Los Angeles: University of California Press.

Jones, Stephen and Carson, Dave.1994. *The Worlds Greatest Horror Stories*. With an essay: *Supernatural Horror in Literature* by H.P. Lovecraft and: *The Fall of the House of Usher* by Edgar Allen Poe. London: Magpie.

Kalmer, Harry. 2006. *En die lekkerste deel van dood wees.* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Kaplan, Sadock. 1972. *Modern Synopsis of Comprehensive Textbook of Psychiatry*. Baltimore/London: Williams and Wilkens.

Knight, Bonny. Aanlyn by: L262-Mini-expert-DrugLit-Knight. Soos op 20 Augustus 2009.

Kennedy, Hunter. 2006. Die kinders en ouers van vandag. *Insig*, Augustus, pp. 96.

Kesey, Ken. 1962. *One Flew Over the Cuckoos Nest*. London: Picadoor.

Kombuis, Koos. 2000. *Seks & drugs & boeremusiek*. Kaapstad Pretoria Johannesburg: Human & Rousseau.

Kombuis, Koos: Internet – *Wat sou Aldous Huxley van die tikgenerasie gedink het?* 2007/03/21 Filed under: abraxas@3:58pm.

King, Stephen. 2000. *On Writing*. London: New English Library – Hodder and Stoughton.

King, Stephen. 1987. *Misery*. London: New English Library – Hodder and Stoughton.

Lovejoy, Al. 2005. *Acid Allex.* Kaapstad: Zebra Press.

Masson, Dawid. 1896. *The Colected writings of Thomas De Quincey* – London: A & C Black, Soho Square.

Meads, Carolyn. 2010. Krag van stories. *Rapport* 17 Augustus 2010, p. 2.

Miles, Barry 1999. *Jack Kerouac – King of the Beats – A Portrait*. London: Virgin Publishing Ltd.

Miles, Barry 1993. *William Burroughs – El Hombre Invisible.* London: Virgin Publishing Ltd.

Mullan, John. 2004. *The Spell: drug prose*. *Lord of the Trance.* Aanlyn by: http://www.guardian.co.uk/books/2004/nov/20/fictiun.alanhollonhurst. Soos op 28 Augustus 2009.

Nadell, Judith. Mc Meniman, Linda. Langan, John. 1997. *The Macmillan Writer – Rhetoric, Reader, Handbook.* Boston. London. Toronto. Sydney. Tokyo. Singapore: Allyn and Bacon.

Nida National Institude on Drug Abuse. 1999. *Nida Infofacts.* Aanlyn by: http://www.nida.nih.gov/Infofacts/hallucinogens.html. Soos op 17 Januarie 2010.

Ondaatje, Michael. 1992. *The English Patient*. London: Bloomsbury.

POT-TV Network. Charles Bowden on Mexico's Dirty War Against Drugs. Aanlyn by: http://www.pot.tv/. Soos op 20 September 2009.

Rousseau, Leon. 1974. *Die groot verlange: Die verhaal van Eugène N Marais*. Kaapstad: Human en Rousseau.

Rousseau, Leon. (red.).1984. *Eugene Marais: Versamelde werke Deel 2*. Pretoria: JL van Schaik (Edms) Bpk.

Scheepers, Riana & Greeff, Rachelle – Saamgestel - 2009. *Sussie Veer is dood en ander verhale.* Met spesifieke verwysing na die kortverhaal: "Onthou?" - Bogaards, Japie – Kaapstad: Maskew Miller Longman.

South Africa Travel Forum and Bulletin Board. *Thread: Tik (crystal meth).* Aanlyn by: http://forum.southafrica-direct.com/tik-crystal-meth-t283-1html. Soos op 8 Augustus 2010.

Silverman, E. Robert. 1974. *Psychology*. New York: Appleton/Century/Crafts.

Stone, Irving. 1971. *The Passions of the Mind – A Novel of the Life and Work of Sigmund Freud.* London: Cassell.

The Art and Popular Culture Encyclopedia. *Drug subculture.* Aanlyn by: http://www.artandpopularculture.com/Drug_subculture. Soos op 28 September 2009.

The Observer. 2008. *Drugs in Literature: a brief history.* Aanlyn by: http://www.guardian.co.uk/society/2008/nov/16/drugs-history-literature. Soos op 8 Januarie 2009.

The National Commission on Marijuana And Drug Abuse. *History of Marijuana, intoxicant use*. Aanlyn by: http://www.a1b2c3.com/drugs/mj003.htm. Soos op 25 Augustus 2009.

Trivia-Library.com. *History of Legal and Illegal Drugs from 5000B.C. TO 1500A.D.* Aanlyn by: http://www.trivia-library.com/a/history-of-legal-and-illegal-drugs-from-5000-bc-to-1500-ac.html. Soos op 19 Augustus 2009.

Turco, Lewis. 1989. *Dialogue.* Cincinnati, Ohio: Writers Digest Books.

Van Niekerk, Andrij S.L. 1998. *Dwelms – Wat jy en jou kind moet weet.* Mmabatho: Peoples Press.

Van Heerden, Etienne. 2005. *In stede van die liefde*. Kaapstad: Tafelberg.

Venter, Anoux. 2007. *Donker Liefde – My verhouding met Heroïne*. Kaapstad en Pretoria: Human en Rousseau.

Viljoen, Fanie. 2005. *Breinbliksem*. Kaapstad: Tafelberg.

Welsh, Irvine. 1997. *Ecstasy*. Londen: Jonathan Cape.

Welsh, Irvine. 2001. *Glue.* London: Jonathan Cape.

Welsh, Irvine. 1994. *Trainspotting*. Londen: Minerva.

Wikibooks. *Rhetoric and Composition/Revising*. Aanlyn by: http://en.wikibooks.org?wiki/Rhetoric_and_Composition/Revising. Soos op 14 Junie 2008.

Wikipedia, the free encyclopedia. *Coleridge and opium*. Aanlyn by: http://en.wikipedia.org/wiki/Coleridge_and_opium. Soos op 21 September 2009.

Wikipedia, the free encyclopedia. *Eugène Marais.* Aanlyn by: http://en.wikipedia.org/w/index.php?title=Eugene-Marais&printable=yes. Soos op 14 Februarie 2009.

Wikipedia, the free encyclopedia. *Fear and Loathing in Las Vegas.* Aanlyn by: http://en.wikipedia.org/wiki/Fear_and_Loathing_in _Las _Vegas. Soos op: 21 September 2009.

Wikipedia, the free encyclopedia. *Jack Kerouac*. Aanlyn beskikbaar by: http://simple.wikipedia.org/wiki/Jack_Kerouac. Soos op 28 Augustus 2009.

Wikipedia, the free encyclopedia. *Laudanum.* Aanlyn by: http://en.wikipedia.org/wiki/Laudanum. Soos op 17 Augustus 2009.

Wikipedia, the free encyclopedia. *Naked Lunch.* Aanlyn by: http://en.wikipedia.org/wiki/Naked_Lunch. Soos op 21 September 2009.

Wikipedia, the free encyclopedia. *Opium.* Aanlyn by: http://en.wikipedia.org/wiki/Opium. Soos op 30 Augustus 2008.

Wikipedia, the free encyclopedia. *Piri Thomas. Aanlyn by:* http://en.wikipedia.org/Wiki/Piri_Thomas#22Down_These_Mean _Streets.22. Soos op 26 Augustus 2010.

***

**Bylaag 1**

*Onthou?*

Agter my rinkel die ketting en trek styf. Die New Holland-trekker met die dubbelwiele kreun en beur teen die tonne dooie yster. Ek hoor stemme wat al verder wegraak: "Die klein poephol! Hoe kry ek hierdie stuk lood uit hierdie asgat1? Moes hom nooit die job gegee het nie."

"Ag Hendrik, jy is te hard op die arme man. Dit was 'n ongeluk."

"Ongeluk my gat."

"Sy pa is nou die dag dood, en sy seuntjie …"

Ek hoor die ketting snap. Ek stap vinniger.

"Sy pa, ou Gomgat, was doringdraad."

"Hendrik, hy probeer."

"Gmff."

Nou hoor ek nie meer die trekker of die ketting of die stemme nie.

My fun hou net so lank soos my laaste daggazol2. En dis nie lank nie.

Hoe vertel jy vir iemand hoe dit voel as die wolkie Doom3 om jou jou stadig, maar seker versmoor? Dat jy dit regkry om op die derde dag van

Sussie Veer Deel 1.indd 89 17/4/09 14:30:11

90 Onthou?

'n nuwe job 'n front-end loader4 van drie meter breed en ses meter lank te laat beland in 'n asgat van drie meter breed en ses meter lank, vier voet diep in smeulende karkasse, weggooiplastiek, die baas van die plaas se leë

secrets en sewe ander soorte kak.

But shit happens.

Hier agter in jou kop sien jy al jouself staan langs die grootpad, duim in die wind, honger en benoud in die petroldampe. Maar solank jy pay kry, is daai vrese vir eers vergete. Al is dit dan net ’n paar sent omdat jy tien ton hoendermis geskuif het, die ammoniak-aanslag oorleef het, die fondament vir die skaapstoor klaar gegrawe het en die res well en truly opgedonder het. Anyway, dis ’n storie vir ’n ander dag. Nou’t ek net een ding in my kop – pay!

Geen ompaaie nie, reguit sjebien toe. Jy hoor Moses se musiek al van ver af. Jungle music.

Wanneer ek sy deur oopstoot, slaan die verspotte klanke my ’n hamerhou tussen die oë en saam met die suur reuk van bieruitloop wonder ek of ek nog op dieselfde planeet is as ’n uur gelede. Pay! Dit boomerang deur my kop, dit bring my weer aarde toe – al is dit net genoeg vir ’n sakkie mieliemeel, twee Black Label-quarts en vier daggavingers toegedraai in bruinpapier.

Moses hang oor sy counter. En sy counter is ’n massiewe wit yskas, kant en wal ge-stock met Black Label-quarts. Hy mág agter die counter staan, want die mense hier rond noem hom die Sjebeen Queen. Sy hare is in toiings gevleg – lyk soos ’n uitgewaste mop wat in warm teer gedoop is. In ’n hoekie staan sy swart-en-wit-TV op ’n Castle-bierkrat. Daar’s altyd sokker op die skerm. Sy geel Kaizer Chiefs-hooter staan bekkant na

onder bo-op die TV. Saterdagaande en Sondagmiddae sit sy customers gepak voor die skerm. Elke keer wanneer Kaizer Chiefs score, gryp Moses sy hooter, storm by die deur uit en die berghang op soos ’n mak bobbejaan. Iewers op ’n rotsblok gaan blaas hy op sy hooter.

“Daar het jy dit, Ouboet,” sou Gomgat sê. “Die bulk van die bison.”

Moses het sy donkerbril op – ek het al baie keer gedink hy’s met daai bril gebore, die oumensraampie met net een donker lens. Die mense vertel hy’t eens op ’n tyd ’n glasoog gehad, maar dit in ’n poker game verloor. Nou steek hy die leë holte agter die swart lens weg. Deur die leë raam staar hy jou aan met ’n bloedbelope oog. Hy laat my dink aan ’n toordokter. Soms dink ek hy is ’n kak verskoning vir ’n mens.

Maar al hierdie dinge sal ek nie sê sodat Moses dit kan hoor nie, want hy is ook die supplier … Nie die goedkoopste nie, maar die enigste hier rond.

Sussie Veer Deel 1.indd 90 17/4/09 14:30:11

Onthou? 91

Iewers agter die vuil gordyn wat sy shack in twee deel, brou hy sy skokiaan. Hulle sê hy toets sy skokiaan self. Elke halfuur. As dit reg is, is Moses om en dom en die batch half. Wanneer jy in die sjebien kom en Moses staan nog, weet jy die brousel sal jou nie doodmaak nie. Soort van ’n life policy wat jou net ’n paar rand kos … én jou dronk maak. Waarde vir geld.

“Yes, Ouboet,” reken hy. “Ek het iéts vir jou.”

Hy gee my nie kans om te sê ek het nie geld vir stront nie. "'n Special wat ek in Jo'burg gekoop het." Hy het daai far-away look in die oog soos iemand wat hout soek in die Kalahari.

"Special?" wil ek weet. "Jou specials maak my bang, Moses. Wat's dit hierdie keer? Gemaalde renosterhoring, dalk?"

"Nee, babba, vingers, pencils. Durban Poison. Maak jou nie dood nie, maar high. Rocky Mountain high." Hy giggel soos 'n jagse hiëna. "Die beste boom[5] wat jy kry. Export quality."

Ek't al daarvan gehoor. Potent stuff. "Oukei, gee my twee. En vier quarts. O ja, en wildemakou. Ek weet mos julle vang die goed daar onder by die dam. Illegal nogal. Ek sit en spy uit my huis op julle. Mieliepitte wat vir 'n week in jou giftige doepa ge-soak het, wat die klonkies op die wal strooi. Die wildemakoue loop en pik aan die goed en as een begin steier van 'n overdose storm hulle van alle kante nader. Vang hom sodra hy probeer opstyg soos 'n Flossie[6] met 'n dronk pilot agter die controls, sny hom keelaf en haal die pens uit.

"Jy wil mos nie jou customers vergiftig nie, Moses? Of wat praat ek als?"

Ek smile, want ek is op 'n roll, die note brand in my gatsak. "Nee, Moses, ek ken die scene en ek weet van al jou schemes. Net tussen ons twee, ek dink jy skuld my 'n discount."

Hy loer vir my deur die raam van sy donkerbril aan die kant sonder lens en maak of hy my nie gehoor het nie. "Ek het nie wildemakou nie,

maar ek kan jou een gee wat mak is en dan moer jy hom tot hy wild is." En hy lag daardie lag van hom.

Wanneer die Sjebeen Queen se deur agter my toeskraap en ek ver genoeg weg is dat die musiek wat deur sy hi-fi se amplifier blêr nie meer my oortromme laat tril nie, is ek skielik happy. Wat meer wil jy hê as 'n sakkie mieliemeel, drie pencils (een nogal as 'n discount) en 'n krat quarts, as jy minder gewoond is?

Na honderd meter sit ek die krat neer en klap 'n bier; leë bottels is ligter. Wanneer ek my huisie tussen die bloekombome sien staan, is ek

Sussie Veer Deel 1.indd 91 17/4/09 14:30:12

92 Onthou?

én die krat ligter. Ek maak my tuis op die oranje Clover-melkkrat teen 'n muur, skiet die prop van die soveelste quart af, skil 'n vinger, crush die dagga, rol 'n zol, steek dit aan, trek diep … en wil skielik nêrens anders wees nie as net hier. Hier tussen die hompe berg waar dit aand se kant toe lyk of die son in 'n helse bosbrand wegsak, die vlamme dit verteer totdat net die bloedrooi gloed agterbly en daar uiteindelik niks van die son oor is nie, behalwe nag. Hier waar die aandtrein na Magaliesburg dit rondom middernag met die hange uitbaklei. Hier waar elke hadida vir sy eie gat lag op pad na 'n slaapplek en al wat laatskemer oorbly 'n depressing stilte is.

En saam met die donker kom die alleenheid en saam met die alleenheid kom Jamie en … hý.

Maar vir eers maak dit nie saak nie. Niks maak saak nie. Dis nou dat jy

begin onthou, en wens, en wonder. En elke trek maak die onthou meer, die wens ’n shooting star wat sparks teen die naglug sproei, maar môreoggend nie meer daar is nie, en die wonder wat daarvan sou geword het, net ’n pyn in die gat is. Al is ek arm, mag ek nog altyd onthou. Ek het ook my rights. Niemand kan vir my sê: “Jy is Gomgat se seun, jy is ’n boomroker sonder ’n job, arm, jy het niks in die lewe nie, jy kan nie onthou bekostig nie.”

Die tweede pencil is besig om in rook en heimwee op te gaan en ek sukkel om gister se seer uit die aand te hou. My seer vir Gomgat. En vir Jamie.

Die eerste zol help my vlug. Die tweede een keer my aan.

Jamie.

Die sekelmaan kruip teen die horison uit met daardie geel glimlag van hom en as ek ondertoe kyk, sien ek dieselfde geel glimlag in die gronddam onder in die kloof tussen die riete uitsukkel. Ek sien Gomgat agter sy tuisgemaakte visstok sit. Hoor hom weer of dit net gister is: “Ouboet, hierdie visse het so lank laas ’n erdwurm gesien hulle weet nie van watter kant af om aan die ding te begin vreet nie.”

Ek gaan na hierdie berge met sy skaduwees verlang, maar môreoggend eerste ding staan ek op die highway. Dit het tyd geword vir ’n move. Ek kom nie terug nie.

Teen die hange van die berg begin die wind opstaan en ek ril, want ek weet hý kom. Hy kom altyd op saam met die wind in die black wattle. In die esse onder Magaliesburg hoor ek die beestrokke briek in die nag.

Dit is asof ek daardie briekligte sien gloei in die donker nes die oë van 'n alien. Ek hoor die beeste steun en teen mekaar stamp, die vastrap van hulle hoewe op die koue staal. Dis 'n diep, onseker bulk, van 'n ding wat nie weet waarheen hy op pad is nie.

Sussie Veer Deel 1.indd 92 17/4/09 14:30:12

Onthou? 93

Ek klap nog 'n prop en met elke sluk en elke trek word alles om my mooier, al maak die donker die wêreld soveel kleiner. Die Magaliesburg Express fluit hees in die nag. Of was dit 'n uil? Of dalk die Sjebeen Queen wat iewers in 'n bloekombos teen die hange op sy geel hooter blaas omdat Kaizer Chiefs vir Pirates in 'n penalty shoot-out7 gewen het? Ek weet nie meer nie, maar dit maak ook nie saak nie. Dit is groot.

Wát is groot?

Wildemakou, makmakou … hie, hie, hie.

En wanneer die donker swart word, kom hy. Dit begin met takke wat teen die hang agter my huisie breek en los klippe wat oor die steil rand van die kloof stort. Hy maak my bang, want ek is nou alleen.

Gomgat het altyd vertel dat die ou man op sy eie in 'n huisie onder die Aasvoëlkrans gewoon het. Hy was krom en benerig en ineengetrek soos 'n ou perskeboom in 'n winterveld. Skuins oor sy keel het 'n litteken soos rooi doringdraad gelê. Nie 'n mens het geweet waar hy vandaan gekom het nie. Saans kon jy hom gehurk oor sy vuur voor die kliphuisie sien sit, sy skaduwee wat two-step teen die vlammelig op die sandsteenmuur. Snags

dwaal hy rusteloos rond asof hy na iemand soek.

Hy het die gewoonte gehad om elke Sondagoggend te gaan visvang, en daardie jaar was Kersdag op ’n Sondag. ’n Mooi oggend. Gesinne het langs die dam gaan piekniek hou. Sy visstokke was nog in die water. ’n Stomende koppie koffie het langs sy kampstoeltjie gestaan, maar hy was nêrens te sien nie. Niemand het oor hom geworry nie. Die volgende oggend was die koppie koffie koud langs die kampstoeltjie. Die skede van sy jagmes het in die stof agter die stoel gelê. Van hom was daar geen teken nie.

Eers drie dae later het hulle na hom begin soek. Nedcare se duikers het die dam gesleep. Niks. Polisiemanne het deur die klowe en bosse gesoek, navrae gedoen. Hy het spoorloos verdwyn. Hy en sy jagmes.

Maar hy’s nog altyd hier. Ek weet. Ek hoor hom wanneer die nagte lank en alleen raak. Wie weet, miskien soek hy geselskap. Dalk wil hy hom wreek omdat niemand ooit sy eensaamheid opgemerk het nie.

Nou trek die dagga my gedagtes krom.

Ek hoor die beestrok se brieke in die esse duskant Lovers’ Rock fluit. Sien die briekligte gloei deur die mistigheid. Hoor hoe die trok kontak maak, sien Jamie se tingerige lyfie soos ’n gebreekte pop op die skouer van die pad lê. Iemand gil hartverskeurend. Ek hardloop na hom toe, draai hom op sy rug, sien die briekligte in sy oë gloei en dan, asof ’n voet skiet gee op die pedaal, word die rooi flouer en gaan uiteindelik uit soos die laaste kole in die koue as. Beeste stamp teen mekaar en steun.

Sussie Veer Deel 1.indd 93 17/4/09 14:30:12

94 Onthou?

Die bulk agter uit die vragruim klink soos ’n ding wat wil terug na waar hy vandaan kom.

Hel, ek wens ek kon hierdie onthou nie bekostig nie.

Die weerlig breek oor die kruin van die berg soos ’n moerse electrical short iewers in die hemel. Die vlae wind laat die geel glimlag van die sekelmaan in die dam dobber. Laat dink my aan die glimlag van die Shebeen Queen op New Year’s Eve.

Ek wens ek het nie die pencils gekoop nie, ook nie die Black Label nie. Net die mieliemeel. Maar wat sou ek anders met die geld gemaak het?

Die dagga jaag my op ’n knop. Oor die berg flikker die weerlig agter die wolke, of is dit ’n neonlig wat sukkel om aan die gang te kom? Takke breek agter die shack en klippe kletter bergaf. Ek sien die weerlig op ’n lem weerkaats. Ek moet ingaan, maar in die shack is dit te donker. Ek is bang hy wag my in daar binne. Gomgat het gesê jy moet hom op ’n afstand hou. Daar’s nie afstand in die shack nie.

Die reën begin val voor die donderwolke die maan se smile van die dam afvee. Duisende druppels stort in die blink water. Die sekelmaan is nie shatterproof nie.

Die wind omsingel my, takke breek oral in die stikdonker bos teen die hang agter die huis en ek weet nie meer watter tak is hy nie. Die donderslag is die voorslag van ’n seekoeisambok en toe ek opspring, struikel ek oor die pappot en die mieliemeel brand stink in die warm as. Ek storm

binnetoe waar jy die donker met ’n byl aan stukke kan kap. Voel-voel na die vuurhoutjiedosie wat langs die kers onder die katel lê. Die swael van die vuurhoutjiekop ontplof goudgeel in die donker. Sukkel om die kers te maak brand en toe ek opkyk, sit hy daar, ineengetrek op die geroeste vere van die lendelam katel. Sonder sy bril. Sy een oog is die vlam wat onrustig in die wind flikker. Die ander een die oog van ’n .3038 wat na sy teiken korrel. Die vuil, gevlegte hare hang ’n slordige raam om sy swart gesig. Hy knyp iets tussen sy bene vas.

Vrees verlam my. Ek kan net staar. Sy skaduwee spring in die vlammelig teen die sinkmuur. Buite knars en kraak die takke in die woede van die wind. Hoeveel is hulle dan vannag?

“Ouboet,” hoor ek die stem by die deur. Skielik voel dit of ek in ’n wintersoggend buite staan.

“Gomgat?” Ek draai versigtig om, my mond kurkdroog. Maar dis net die houtdeur wat skeef aan ’n geroeste skarnier knars wat in die donker prentjie van die sterrelose nag hang.

Dis niemand nie.

Sussie Veer Deel 1.indd 94 17/4/09 14:30:12

Onthou? 95

Verwilderd draai ek terug. Die Sjebeen Queen sit nie meer op die rand van die bed nie. Die verligting skop soos die derde trek, of die soveelste sluk – maar net tot ek die geel hooter bekkant na onder op die vloer langs die bed sien staan.

Die volgende oggend word ek buite langs die vuur wakker. Om my lyk dit na ’n slagveld. Leë quarts, proppe en bruinpapier oral. Die pappot staan skuins in die as, die meel aan die bokant is bruin verbrand. Ek wonder hoekom ek nie water in die pot gegooi het nie. Die Sjebeen Queen se hooter staan bekkant na onder, langs die buitedeur. ’n Verroeste jagmes is tot by die hef in die as van die vuur gesteek.

Twee uur later staan ek met die bierkrat, met al my besittings, langs die highway. Mis vou die berg in ’n nat kombers. Ek is bang en hartseer en onseker.

Die beestrok se kajuit is louwarm. Ek volg die ligte deur die esse anderkant Lovers’ Rock. Die ruitveërs kreun eentonig, skuif die mis heen en weer oor die glas.

In die laaste draai staan die houtkruis windskeef in die westewind.

Ek wens jy kon saam met my gaan, Jamie. Daar is soveel wat ek en jy nog nie gesien het nie, fluister ek vir myself. Die vragmotorbestuurder kyk na my in die skemerlig van die liggies op die paneelbord, vraagtekens in die blink van sy oë. Hy leun vooroor, draai die volume van die radio op, neurie saam:

*Wens ek kon ’n stukkie saam met my vat,*

*Van hierdie wêreld sonder ’n afdraaipad …*

Anderkant die esse gee hy skiet op die rempedaal en trap die petrol diep in om spoed op te bou vir die opdraande buite Magalies.

Sussie Veer Deel 1.indd 95 17/4/09 14:30:12

96 Onthou?

Aantekeninge en aktiwiteite

Woordverklarings

1 asgat – afvalstortgat vir allerhande soorte vullis

2 daggazol – daggasigaret

3 Doom – gif

4 front-end loader – ’n laaigraaf wat bv. vir padwerk gebruik word

5 boom – dagga

6 Flossie – weermagvliegtuig

7 penalty shoot-out – ’n strafskop in sokker/kans om ’n strafdoel aan te teken

8 .303 – ’n geweer

Opsomming

Ouboet, ’n jong man wat los werk doen, hoofsaaklik om drank, dwelms en mieliemeel vir pap te koop, het per ongeluk met ’n laaigraaf in ’n asgat ingery. Die werkgewer het hom dadelik in die pad gesteek. Ons ontmoet hom terwyl hy wegstap op pad na Moses (die Sjebeen Queen) se sjebien, want al wat Ouboet aan die gang hou, is die drank en die dagga wat hy daar kry. Moses is ’n sokkerliefhebber met swart toutjieshare en ’n donker bril met net een glas wat sy een blinde oog bedek.

Ouboet kry by Moses wat hy soek. Op pad na sy huisie drink hy ’n paar biere en daar gekom, rol hy dadelik ’n daggazol. Nou kom die eensaamheid en begin hy onthou! Ouboet se seuntjie, Jamie, is kort tevore

in ’n padongeluk dood en Ouboet se pa, Gomgat, is ook onlangs oorlede. Ouboet is nou stokalleen in die wêreld en hy dink baie aan hierdie twee mense. Voor sy geestesoog sien hy sy pa wat sit en visvang. Ouboet is van plan om die plek waar hy nou bly die volgende oggend te verlaat.

Dan begin die bang wees en die hallusinasies: hy beleef weer die ongeluk met die vragmotor vol beeste wat Jamie omgery het, hy hoor takke breek en klippe rol, en dink aan die ou man met die mes wat in daardie omgewing weggeraak het. Ouboet sien en hoor sulke dinge wanneer dagga sy gedagtes “kromtrek”. Ouboet wens hy het liewer nie geld gehad om die dwelms en die bier te koop wat hom laat onthou nie. In die bedwelmde toestand storm hy sy huisie vreesbevange binne. Daarbinne sit Moses sonder sy bril, sy blinde oog is ’n vlam, en Gomgat praat by die deur, maar daar is niemand nie, en Moses verdwyn eensklaps.

Ouboet word die volgende oggend buite langs die vuur wakker. ’n Paar uur later laai ’n beestrok hom op waar hy bang en treurig langs die snelweg staan. Hulle ry verby die houtkruis op die plek waar Jamie gesterf het. Die vragmotorbestuurder voel sy hartseer aan en die woorde van ’n liedjie

Sussie Veer Deel 1.indd 96 17/4/09 14:30:12

Onthou? 97

oor die radio eggo sy droefheid. Daar is vir Ouboet geen afdraaipad uit sy ellendige bestaan nie, maar nogtans “probeer” hy, soek hy nog “onthou”.

Bespreking

Die eerstepersoonsverteller lei die leser die bestaan van ’n arm, jong

dwelmverslaafde binne – iemand vir wie die dobbelsteen verkeerd geval het in die lewe. Die stemming is deurgaans droewig en die agtergrond is hoofsaaklik Moses se sjebien, Ouboet se armoedige huisie, die landskap onder die Magaliesberg, die grootpad en vragmotors met vragte beeste.

Die tema is die hopeloosheid van ’n dwelmverslaafde wat in ’n vooruitsiglose lewe voortploeter, want hy kan nie daaruit ontsnap nie.

Sy vrese en hartseer word aangrypend uitgebeeld deur middel van beeldspraak (bv. “Die vlae wind laat die geel glimlag van die sekelmaan in die dam dobber”) en deur die verwoording van sy hallusinasies wanneer hy onder die invloed van drank en dwelms is (“Ek sien die weerlig op ’n lem weerkaats”).

Die hoofkarakter, Ouboet, word oortuigend geskets en ons leer Moses ken uit Ouboet se beskrywing van hom en die gesprek tussen hulle in die sjebien.

As leser voel ’n mens diepe meegevoel met Ouboet. Jy bewonder hom selfs ’n bietjie, want “hy probeer” (vergelyk die gesprek met Hendrik aan die begin) en hy voel hy het ook nog sy “reg” om te onthou. In die afloop vat die liedjie oor die radio die ellende van sy bestaan treffend saam sodat die slot jou bybly.

Die intrige is funksioneel, want die volgorde van die gebeure dra by om die verhaal te laat slaag. Daar is enkele terugflitse na die verlede.

Verstaan die verhaal

1. Waarom het Ouboet sy werk verloor?

2. Wat doen Ouboet wanneer hy ’n werk verloor en ander werk moet probeer kry?

3. a) Waarom, reken die persoon wat aan die begin van die verhaal met Hendrik praat, verdien Ouboet ’n bietjie meegevoel?

b) Haal twee opeenvolgende woorde uit die gesprek aan wat aandui dat Ouboet nie heeltemal moed opgegee het in die lewe nie.

4. Waaroor voel Ouboet bly as hy van die trekker en die asgat af wegstap?

5. Wat doen Ouboet met sy geld?

6. Beskryf Moses se voorkoms.

7. Wat, behalwe drank en dwelms, verkoop Moses?

8. Hoe laat die dagga en drank Ouboet voel?

9. Wat onthou Ouboet van sy pa (Gomgat)?

Sussie Veer Deel 1.indd 97 17/4/09 14:30:12

98 Onthou?

10. a) Wie was Jamie?

b) Hoe is hy dood?

11. Naby watter plek in Suid-Afrika speel hierdie gebeure af?

12. Waarvoor is Ouboet so bang tydens sy daggahallusinasies?

13. a) Wat herinner Ouboet weer aan Jamie wanneer hy in die vragmotor van die plek af wegry?

b) Watter gedagte kom dan by hom op?

Ondersoek literêre aspekte

1. Watter funksie dien die gesprek aan die begin van die verhaal?

2. a) Waarmee vergelyk Ouboet homself met die woorde "Hoe vertel jy vir iemand hoe dit voel as die wolkie Doom om jou jou stadig maar seker versmoor"?

b) Hoekom voel hy so?

3. Watter skynbare teenstelling (paradoks) vind ons in die volgende sin: "Ek wens ek kon hierdie onthou nie bekostig nie"?

4. Identifiseer die soort beeldspraak in:

a) "Die wind omsingel my …"

b) "Die donderslag is die voorslag van 'n seekoeisambok …"

c) "Sy hare … lyk soos 'n uitgewaste mop …"

5. Watter innerlike konflik ervaar Ouboet wanneer hy begin "onthou"?

6. Skryf 'n karakterskets van Ouboet.

7. Dink jy dit is reg dat daar so baie Engelse woorde en kru woorde in die verhaal gebruik word? Hoekom dink jy so?

8. a) Verduidelik waar die tydspronge in hierdie verhaal voorkom.

b) Wat is die funksie daarvan?

9. Dink jy die karakters en die situasies word geloofwaardig en oortuigend uitgebeeld? Verduidelik.

10. Bespreek die funksie van die verwysings na die vragmotor wat beeste vervoer.

11. a) Hoe sluit die liedjie oor die radio by Ouboet se lewe aan?

b) Bespreek wat die beeld in die slotreël oor Ouboet sê.

12. Bespreek waarom die gebruik van 'n ek-verteller en die

bewussynstroomtegniek so doeltreffend in hierdie verhaal is.

13. Verduidelik die funksie van die vraagteken in die titel.

Sussie Veer Deel 1.indd 98 17/4/09 14:30:12

**Bylaag 2**

## Verklarende woordelys.

Om die mini-verhandeling sinvol te maak word hier ʼn lys aangeheg om kortliks sekere terme/name wat deel vorm van die "dwelmwêreld" te verduidelik.

**1) Sentrale senuweestelsel-onderdrukkers: Downers**

**Narkotiese middels** (Sluit opium en sy derivate in asook semi-sintetiese plaasvervangers).

**1.1) Opium** word vervaardig van die melksap van die papawerplant. In die omgangstaal word o.a. verwys na O's, Oups, Oupa. Opium word gerook of mondeliks ingeneem. In die Victoriaanse era is laudanum, ʼn kruieoplossing, vermeng met alkohol waarin al die opium-alkaloïdes insluitende morfien en kodeïne teenwoordig is, wyd gebruik. Dit is voorgeskryf vir letterlik alle kwale: van hoofpyn tot tuberkulose en slaaploosheid. Sterker vorme van hierdie middel het ook voorgekom soos bv. Black Drops wat in die 1850's in die Lake Districts, Engeland, deur De Quincey en Coleridge gebruik is. **Laudanum** staan ook bekend as **opium tinkture** en is ʼn vermengsel van opium, alkohol en kruie. Laudanum bevat so te sê al die opium alkaloïdes insluitend morfien en kodeïne. Dit is aangewend vir die verligting van ʼn wye verskeidenheid kwale. Tot vroeg in die twintigste eeu is laudanum oor die toonbank verkoop sonder ʼn voorskrif. Vandag word die verkoop daarvan streng gereguleer. Laudanum is steeds bekombaar in o.a. die VSA en word aangewend om die onttrekkingsimptome van babas waarvan die moeders voor geboorte van die kind verslaaf was aan heroïne en/of ander opiate.

**1.2) Morfien**

Dit is ŉ direkte derivaat van opium en ŉ narkotiese middel wat gebruik word as ŉ pynstiller. Dit kom gewoonlik voor in poeiervorm, ampulle of tablette wat in water opgelos word en binneaars toegedien word. Dit het ŉ uiters hoë afhanklikheidspotensiaal, het ŉ vinnige toleransie wat beteken dat al groter dosisse gebruik moet word om dieselfde effek te kry.

**1.3) Kodeïne**

Dit is ŉ direkte derivaat van die opiumpapawer en dus ŉ natuurlike narkotiese middel. Dit word gebruik in ŉ verskeidenheid pynstillers – in tablet, poeier, hoesstrope en kapsules - vervaardig. Die middel is maklik oor die toonbank bekombaar. Kodeïne het ŉ ernstige en veral hoë fisiese en psigiese afhanklikheidspotensiaal. Die gevaar, die misbruik- en afhanklikheidspotensiaal van hierdie middel word hopeloos onderskat.

**1.4) Heroïne:** (H, Hermina, Magic Dragon)

ŉ Sintetiese dwelm wat in laboratoriums vervaardig word. Dit kan gerook, gesnuif en binneaars (mainlining) toegedien word. Die simptome van die gebruik daarvan is dieselfde soos veroorsaak deur die sentrale senuwee-depressante. Verder veroorsaak die inname van heroïne ŉ intense euforie.

**1.5) Mandrax** (MX, Buttons).

Die aktiewe bestanddeel hiervan is Metakwaloon en is oorspronklik gebruik as ŉ nie-barbiturate slaapmiddel. In kleiner dosisse veroorsaak dit egter ŉ gevoel van ontspanning tot euforie. Dit het ŉ reputasie dat dit, soos ecstasy, interpersoonlike verhoudings verbeter en seksuele inhibisies laat verkrummel. Hierdie reputasie het van Mandrax in die 1980's ŉ gewilde dwelm onder die jeug van Suid-Afrika gemaak. Dit is veel goedkoper as die nou gewilde ecstasy.

*

**2) Sentrale senuweestelsel - hallusinogene middels**

ʼn Verskeidenheid van natuurlike (plante van regoor die wêreld) en sinteties produkte vorm hierdie dwelmgroep. Die inname van dwelmmiddels van hierdie groep veroorsaak ʼn versteuring van waarneming , wat óf illusies óf hallusinasies asook verhoogde energievlakke tot gevolg het. Hallusinasies kan visueel, ouditief en selfs tassintuiglik wees. Die belangrikste dwelms in hierdie kategorie is:

**2.1) Dagga/Marijuana**

Dagga is dikwels die eerste onwettige dwelmmiddel waarmee geëksperimenteer word. Die effek van die inname van dagga hang af van die hoeveelheid, frekwensie en die periode van gebruik en verskil in effek van persoon tot persoon. Zol, Spliff, Joint, Pyp, Grass, Dope, Poison en Skyf is maar enkele van die terme waarin hierdie dwelm in die omgangstaal bekend staan.

**Hasjisj** is soortgelyk aan dagga en word verkry uit die klewerige gom en saamgeperste blomme van die daggaplant. Die aktiewe stof in dagga is 9-deltatetrahidrokannabinol (THK). Laasgenoemde is by Hasjisj heelwat hoër.

**2.2) LSD** of dan lisergiensuurdiëtelamiet-25 is in die algemene omgangstaal bekend as o.a. Acid, Papers, Squares, Dots, en Trips. Dit is per toeval deur Dr Albert Hoffman ontdek en gedurende 1950 en 60 algemeen deur psigiaters gebruik, maar in die 60's deur veral die hippiekultuur misbruik. Simptome van die gebruik van hierdie middel sluit in distorsies in persepsie van veral klank en visie en ʼn vertraging in die gebruiker se gevoel van tydsverloop.

**2.3) Meskalien:** ʼn Middel wat vervaardig word deur die kroon van die peyote kaktusplant af te sny en te droog. Dit word aangetref in Mexiko en Sentraal-Amerika.

Dit is ‘n sentrale senuweestelsel-hallusionêre middel soos LSD, maar nie naastenby so sterk nie.

**2.4) Magic Mushrooms** (Psilosibien):

Is paddastoele wat veral voorkom in Sentraal-Amerika wat gedroog of vars geëet word. Dit is ‘n senuweestelsel-hallusionêre middel wat dieselfde effek het as LSD.

**2.5) PCP**:

ŉ Anestetiese middel wat van die mark onttrek is as gevolg van die negatiewe newe-effekte soos aggressie wat by pasiënte voorgekom het.

**2.6) Special “K”** (Ketamien)

Is ‘n kragtige verdowingsmiddel wat medies gebruik word onder andere vir die toediening van algemene narkose gebruik asook in die veeartseny-bedryf vir die verdowing van grootwild. Dit kom voor in die vorm van wit poeier wat in kapsules gesit word en veral deur jongmense by “raves” en in nagklubs misbruik.

*

**3) Sentrale senuweestelsel-stimulante:**

**3.1) Kokaïne** (Coke, snow, candy, sugar) is ŉ kragtige sentrale senuweestelsel-stimulant afkomstig van die kolaboom. Die inname van hierdie middel werk afmatting tee, bring ŉ opgeruimdheid en laat ŉ gevoel van emosionele welstand.

**3.2) Crack:** Kokaïenhidrochloried word tans algemeen deur ŉ betreklik maklike metode gesuiwer tot die toenemend gewilder kokaïenbasis, crack. Dit word gerook

deur ’n glas- of metaalbuis en die crack, wat baie hard is, word met ’n blaasvlam warm gemaak.

**3.3) Efedrien (Speed):** Kom natuurlik voor in die plant Ephedia equisetine, maar kan ook sinteties in die laboratorium vervaardig word. Hoewel dit medies gebruik word in asma en dekongestiewe medikasie, word dit ook in ’n verskeidenheid van oor-die-toonbank eetlusdempers gebruik. Groot doserings van hierdie dwelmmiddel gee aanleiding tot verhoogde energie en slaaploosheid.

**3.4) Amfetamien.** (Ecstasy, E, Rounds, Rave of disco biscuits) Word op groot skaal onwettig vervaardig en deur kinders en volwassenes gebruik. Dit word gemeng met heroïen, kokaïen en efedrien. Die inname van hierdie middel bring verhoogde bewussynvlakke en die gesogte energievlakke.

**3.5) Ritalin:** ( Straatname: Vitamin R, Rit) Metielfenidaat, word sinteties onder laboratorium omstandighede vervaardig en die sintetiese samestelling daarvan stem grotendeels ooreen met die van amfetamien. Hierdie dwelm is hoog geskeduleer en kan net op mediese voorskrif bekom word. Dit word medies gebruik vir die behandeling van hiperaktiwiteit in kinders. Dit word dikwels saam met ecstasy of as ’n plaasvervanger daarvoor misbruik.

Daar is tans nie genoegsaam bewyse dat Ritalin gewoontevormend is nie. Wanneer gebruik onder toesig en volgens mediese voorskrifte is daar nog nie genoegsame bewyse dat Ritalin gewoontevormend is nie.

**4) Ander**

Nuwe soorte dwelms ontwikkel steeds. Een so dwelm wat tans onberekenbare skade onder die Suid-Afrikaanse jeug aanrig is **Tik** (crystal meth). Dit is ‘n goedkoop middel wat vrylik beskikbaar is. Die dwelm kan op byna enige wyse gebruik word. Dit kan binneaars toegedien word, gesnuif en mondelings ingeneem word. Dit word

dikwels deur ‘n glasstafie uit ‘n gloeilamp gerook (lolly). Die gloeilamp word warm gemaak en die dampe ingeasem. Misbruikers bly soms vir dae aaneen wakker sonder om te eet. Die rush, wat slegs enkele sekondes duur sowel as die “high’ wat daarop volg is die gevolg van hoë vlakke dopamiene wat deur die brein vrygestel word. Wanneer die effek uitgewerk is kan dit die liggaam dae lank neem om te herstel. Ander newe-effekte sluit in depressie, angs en aggressie.

Baie dwelmmiddels is produkte wat doodgewoon oor die toonbank aangekoop kan word. Pynstillers met bekende handelsname soos Syndol, Pynstop, Grandpa, ensovoorts, is vrylik beskikbaar en is saam met dagga dikwels die eerste stap op die pad na verslawing. Die inaseming van vlugtige koolwaterstowwe en vlugtige floorkoolwaterstowwe soos gom-, petrol-, naellakverwyderaar-, verf- en verfverdunnerdampe, sigaretaanstekersgas asook vele huishoudelike aërosol waarvan die dryfgas ingeasem word, vir die gevoel van bedwelming wat dit veroorsaak, kom algemeen voor onder jongmense en selfs laerskoolkinders.

*